b161 28473
C.1

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300004658666
Universiteit Vrystaat

# HISTORIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA EN APARTHEID, 1980-1990

deur

**BAREND JACOBUS VAN DER MERWE**

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**
(DEPARTEMENT GESKIEDENIS)

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**BLOEMFONTEIN**

**STUDIELEIER: DR. M.M. OELOFSE**
**BLOEMFONTEIN: NOVEMBER 2010**

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit/Fakulteit ingedien is nie. Verder word afstand gedoen van outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

...........................................

B.J. van der Merwe

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN

17 OCT 2011

UV SASOL BIBLIOTEEK

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**


## VOORWOORD ........................................................................ i-viii

## HOOFSTUK 1

HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE CHRISTELIKE GELOOF SE BETROKKENHEID IN DIE POLITIEK VAN ANTIEKE TYE TOT DIE TWINTIGSTE EEU

1. INLEIDING ........................................................................ 1
2. HISTORIESE MOMENTE VAN CHRISTENE SE ROL IN DIE POLITIEK SEDERT DIE ONTSTAAN VAN DIE CHRISTENDOM ................. 2

2.1 Die ontstaan van die Christelike geloof en die eerste Christene ................ 2

2.2 Die sosiale impak van die Christendom op antieke samelewings en die vervolging van Christene in die Romeinse Ryk ................ 6

2.3 Die verspreiding van die Christelike geloof in Europa ................ 7

2.4 Die ontstaan van Islam en die konflik tussen Islamiete en Christene ................ 9

2.5 Die skeuring van die Katolieke Kerk, die Kruistogte en die heksejag ................ 10

2.6 Die Protestantse Reformasie ................ 13

2.7 Kolonialisme, sendelinge en die Christelike geloof ................ 15

2.8 Die Christelike geloof in die 20ste eeu ................ 17

2.8.1 Die Tweede Wêreldoorlog en die stryd om die Christelike kerke in Duitsland .... 18

2.8.2 Die Christelike geloof in die konteks van anti-kapitalistiese politieke ideologie en Koue Oorlog-aktiwiteite ................ 20

2.8.3 Politieke en godsdienstige onluste in Noord-Ierland ................ 23

2.8.4 Die 'Christian right' in die VSA ................ 24

3. DIE POLARISERENDE AARD VAN RELIGIE EN WEDYWERING OM OPENBARE MENING ................ 27

3.1 Die genuanseerde aard van religie se impak op samelewings en die beperkinge van georganiseerde ateïsme ................ 27

3.2 Die politieke impak van geloofsgemeenskappe op kieserspatrone en openbare mening ....... 32
4. DIE DINAMIESE VERHOUDING TUSSEN STAAT EN KERK, GODSDIENS EN POLITIEK, ASOOK SPIRITUALITEIT EN REALITEIT ....... 34
5. EVALUERING ....... 40

## HOOFSTUK 2

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID, 1652-1979

1. INLEIDING ....... 42
2. DIE ROL VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE BELEID VAN RASSESKEIDING IN SUID-AFRIKA ....... 43
3. DIE CHRISTELIKE GODSDIENS SE VERSPREIDING IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE KOLONIALE TYDPERK TOT EN MET DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1652-1899 ....... 45
3.1 Die ontstaan van die NGK van Suid-Afrika ....... 45
3.2 Die status van nie-blankes in verhouding tot die Christelike geloof in die Kaapkolonie ....... 47
3.3 Die verhouding tussen die kerk en regering gedurende die koloniale tydperk onder die VOC ....... 49
3.4 Een kerk: gesamentlike eredienste gedurende die koloniale era en die uiteindelike vervreemding tussen blank en nie-blank ....... 50
3.5 Britse bewind aan die Kaapkolonie en die Groot Trek van blanke setlaars na die binneland van Suid-Afrika ....... 52
3.6 Die beleid van anglisering en ekspansionisme van die Britse owerhede en die transformasie van Suid-Afrika se ekonomiese en sosiale karakter na afloop van die ontwikkeling van die mynbousektor ....... 56
4. DIE ONTWIKKELING VAN APARTHEIDSDENKE EN DIE ROL VAN DIE NGK IN DIE PROSES VAN RASSESKEIDING IN SUID-AFRIKA ....... 58
5. AFRIKANERNASIONALISME GEDURENDE DIE 1930's EN 1940's ....... 64
5.1 Die rol van nasionaal-sosialisme in die ontstaan van Afrikanernasionalisme ....... 64

5.2 Die ontstaan van die Gesuiwerde Nasionale Party, die Volkskongres van 1934 en die herdenking van die Groot Trek van 1838 ......66
5.3 Die Afrikaner-Broederbond en Afrikanernasionalisme gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu ......68
6. DIE NGK EN DIE TEOLOGIESE REGVERDIGING VAN APARTHEID ......70
7. BINNELANDSE REAKSIE OP DIE APARTHEIDSBELEID: DIE SHARPEVILLE-SKIETERY EN DIE COTTESLOE-BERAAD ......75
8. DIE NGK GEDURENDE DIE POST-COTTESLOE-ERA ......80
9. EVALUERING ......84

## HOOFSTUK 3

INTERNASIONALE EN NASIONALE VERSET TEEN DIE APARTHEIDSBELEID GEDURENDE DIE 1980's: POGINGS TOT KERKEENHEID EN DIE ISOLERING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

1. INLEIDING ......86
2. DIE SOEKE NA KERKEENHEID EN EENSGESINDHEID IN DIE CHRISTELIKE GEMEENSKAP ......87
3. DIE TOTSTANDKOMING VAN VERSKILLENDE ONAFHANKLIKE KERKE VIR VERSKILLENDE RASSE AS DEEL VAN DIE NG-KERK-FAMILIE ......89
4. POLITIEKE AKTIVISME TEEN DIE APARTHEIDSBELEID EN DIE ISOLASIE VAN DIE NGK ......93
5. DIE 1982-VERGADERING VAN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE ......97
6. DIE BELHAR-BELYDENIS EN DIE ROL VAN DIE NGSK ......98
7. DIE ROL VAN DIE SARK ......102
8. DIE KAIROS-DOKUMENT ......105
9. DIE NGK IN DIE SFEER VAN ISOLASIE ......107
10. DIE NOODSAAKLIKHEID, AL DAN NIE, VAN KERKEENHEID BINNE DIE NG-KERKFAMILIE ......109
11. EVALUERING ......114

## HOOFSTUK 4

ONTWIKKELINGE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA IN AANLOOP TOT DIE EINDE VAN DIE APARTHEIDSBELEID, 1980-1990


1. INLEIDING ........ 116
2. 'AANPAS OF STERF': DIE NASIONALE PARTY ONDER LEIDING VAN P.W. BOTHA EN DIE STRYD OM POLITIEKE OORLEWING ........ 117
3. GROOT- EN KLEIN-APARTHEID: DIE VERREIKENDE IMPLIKASIES VAN LANDSBESTUUR VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID ........ 120
4. DIE MISLUKKING VAN DIE BELEID VAN 'AANPAS OF STERF' ........ 124
5. OPPONERENDE GROEPERINGE IN DIE NGK ........ 127
6. DIE NGK WORSTEL MET DIE APARTHEIDSBELEID ........ 129
7. 'OMDAT ONS MEDEAANDADIG IS': DIE 'OPE BRIEF' VAN 1982 ........ 132
8. DIE ALGEMENE SINODE VAN 1982 EN DIE WES-KAAPSE SINODE VAN 1983 ........ 133
9. LEIERS EN LIDMATE VAN DIE NGK WORSTEL MET DIE LANDSBELEID OP INFORMELE GRONDSLAG ........ 135
10. DIE AFRIKANER-BROEDERBOND EN DIE NGK ........ 141
11. DIE ALGEMENE SINODE VAN 1986: DIE NGK NEEM AFSKEID VAN DIE APARTHEIDSBELEID ........ 145
12. 'N BITTER STRYD WOED VOORT: VERDELINGS IN DIE NGK EN DIE STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (APK) ........ 149
13. DIE WES-KAAPSE SINODE VAN 1987 ........ 154
14. DIE AS VAN 1990 EN DIE INTER-KERKLIKE RUSTENBURG-KONFERENSIE: SKULD-BELYDENIS WORD BEPLEIT EN AANGEBIED ........ 155
15. PROGRESSIEWE EN REAKSIONÊRE FIGURE IN DIE NGK ........ 160

15.1 Die rol en invloed van prof. Johan Heyns ........ 161

15.2 Die werk en invloed van prof. Nico Smith ........ 163

15.3 Die rol van prof. Willie Jonker ........ 167

15.4 Die invloed van dr. Andries Treurnicht en prof. Carel Boshoff ........ 168

16. DIE NGK IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990 ... 171
17. EVALUERING ... 172

**HOOFSTUK 5**

EVALUERING ... 174

**BYLAE A** ... 191
DIE BELHAR-BELYDENIS

**BYLAE B** ... 196
THE KAIROS DOCUMENT

**BYLAE C** ... 199
DANKBETUIGINGSBRIEF VAN N.J. SMITH NA AANLEIDING VAN DIE 'OPE BRIEF'

**BYLAE D** ... 201
F. WESSELS: 'N EVALUERING VAN 'KERK EN SAMELEWING', 28 NOVEMBER 1986

**BYLAE E** ... 211
GELOOF EN PROTES

**BRONNELYS** ... 215

**OPSOMMING** ... 243
**SUMMARY** ... 245

# VOORWOORD

Die uitdaging vir navorsers wat die geskiedenis as studieterrein betree, lê daarin dat die verlede, hoewel die gebeure afgehandel is, nie staties is nie. Ten spyte daarvan dat die verlede verby is, verander die wyse dikwels hoe dit beoordeel word en gevolglik ook die mens se reaksie daarop. In hierdie verband is die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGK) se rol in die totstandkoming van die apartheidsbeleid en die latere hervorming daarvan, wat tot die ontstaan van demokrasie in Suid-Afrika gelei het, geen uitsondering nie.

In hierdie studie word die wedersydse invloed ondersoek wat die NGK en die voormalige apartheidsregering onder beheer van die Nasionale Party (NP) op mekaar uitgeoefen het. Die sosiale en politieke onstabiliteit van die 1980's het ingrypende veranderinge van Suid-Afrika geëis wat beide hierdie instellings sou affekteer. 'n Histories–kerklike interpretasie van 'n veranderende Suid-Afrika, met besondere fokus op die 1980's, is noodsaaklik om die verhouding tussen die NGK en die apartheids-regering beter te verstaan. Ten einde 'n beter begrip van die gebeure te ontwikkel, is dit in hierdie konteks noodsaaklik om die prosesse te ondersoek wat die veranderinge van beide die Kerk en die regering genoodsaak het.

Die NGK was veral sedert die 1960's in die volksmond bekend as die 'NP in gebed', weens die verskynsel dat dié kerk skynbaar die beleidsrigtings van die NP voorsien het van 'n Bybelse interpretasie aangaande die noodsaaklikheid van spesifiek die apart-heidsbeleid. Kenmerkend van die apartheidsbeleid is dat dit deurlopend aangepas is na gelang van omstandighede ten einde die regering en blanke politieke heerskappy te verseker. Dit het daartoe meegewerk dat die NGK in sy politieke uitkyk gestagneer het, terwyl die regering ten opsigte van apartheid toenemend meer hervormend geword het. Die intieme verhouding tussen die NGK en die NP het veral teen die 1980's vervaag met die toenemende politieke hervormings waaraan die NP die land onderwerp het, gekoppel aan die geweld waaraan dié tydperk gekenmerk was.

Die rol van godsdienstige leiers in die politieke, maatskaplike, kulturele en sosiale organisasie van 'n streek/land is 'n fassinerende studieterrein. Suid-Afrika het 'n baie

lang tradisie van godsdienstige leiers wat in die ontplooiing van die land se verlede leiding verskaf het aan die gemeenskappe waarbinne hulle aktief was. In aanloop tot die einde van die apartheidsbeleid was Christelik-teologiese denkstrome in Suid-Afrika gekenmerk aan diepe verdelings oor die aard van die pad vorentoe vir die land. Dit het meegebring dat interkerklike wrywing ontstaan het wat nie bloot die land gepolariseer het nie, maar ook teenstrydige indrukke laat ontstaan het aangaande die boodskap van Christene oor die wil van God vir alle mense. In die proses het die NGK nie net plaaslik en internasionaal onder skoot gekom nie, maar ook intern geworstel met die oproepe tot die behoud en/of die beëindiging van die apartheidsbeleid. Daar word dus in hierdie studie klem gelê op uiteenlopende leiersfigure, ten einde 'n breër indruk van hulle rol in die ontwikkeling van spesifiek die NGK, maar ook Suid-Afrika in die algemeen, te verkry.

Om die gebeure wat gedurende die 1980's aanleiding gegee het tot die ingrypende veranderinge in Suid-Afrika beter te verstaan, is 'n begrip van die verhouding tussen die NGK en die regering in dié tyd noodsaaklik. Die unieke aard van die NGK se verhouding tot die apartheidsregering in die tydperk onder bespreking, is in dié opsig nog nie vantevore in diepte ondersoek nie. Kennis aangaande die onderwerp sal die leser bemagtig met 'n groter begrip van die komplekse wisselwerking, asook samewerking, tussen die NGK en die regering. Die studie bied dus 'n historiese blik op en perspektief ten opsigte van die rol van die kerk, spesifiek die NGK, in die arena van landsbestuur.

Die tema word tematies-chronologies op 'n historiese narratiewe wyse ooreenkomstig die beginsels van die historiese kritiek en sintese benader. Die navorsing het volgens die tradisionele metodes van historiese navorsing geskied. Dit behels terselfdertyd 'n kwalitatief-georiënteerde benadering van onder meer bronnevalidasie, asook interne verifikasie van gegewens/uitsprake/oordele en sintese skepping, en wel deur van historiese seleksie- en konseptualiseringsbeginsels gebruik te maak.

Dit is noodsaaklik om bepaalde fasette van die navorsing toe te lig ten einde die strukturering van die verhandeling te begryp. Alhoewel die studie spesifiek op die NGK fokus, kan die tema nie na behore bestudeer word nie alvorens die leser onder die indruk gebring word van die rol van veral die Christelike godsdiens in die ontwikkeling van

samelewings. Daar word dus gewys dat die mensdom se geloof in God 'n bepalende invloed uitoefen op die wyse waarvolgens selforganisasie in streke en gemeenskappe plaasvind. Dit is egter ook duidelik dat die mens se indruk van die stoflike wêreld die wyse beïnvloed waarop daar oor God gedink word. In hoofstuk een, as 'n inleidende hoofstuk, word dié onderwerp ondersoek deur op sommige ontwikkelinge in die Christendom te fokus.

Ten einde die tydperk 1980-1990 behoorlik te kan begryp, is dit nodig om kortliks ook te let op die veranderinge wat voorheen in beide die NGK en die regering plaasgevind het en op die historiese invloed van die veranderinge op die samelewing. Hoofstuk twee bied hierdie agtergrond. In dié hoofstuk val die klem op die NGK se ontstaan, die ontwikkeling van die proses van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika, asook die NGK se rol in die ontstaan van die apartheidsbeleid en die Bybelse regverdiging daarvan. Die studie maak dit duidelik dat die teologiese regverdiging van apartheid reeds by die aanvang daarvan tot meningsverskille en verset in die NGK gelei het en dat dit versnel het namate die implementering van apartheid toenemend onder druk verkeer het. Apartheid word beskou vanuit die ekonomiese en politieke klimaat waaruit dit ontwikkel het en hoe die beleid neerslag in die godsdienstige lewensbeskouing van blanke Afrikaners gevind het. 'n Historiese agtergrond rondom die vroeë unieke verhouding tussen die NGK en blanke Afrikaners is dus noodsaaklik om die hantering en belangrikheid van latere prosesse in die regte perspektief te kan plaas.

Gedurende die apartheidsjare het die NGK se beleid ten opsigte van landsbestuur in 'n groot mate dié van die regering ondersteun, en dit is hierdie situasie wat sowel die Kerk as die regering, maar ook die blanke Afrikaners van Suid-Afrika, toenemend geïsoleer en mettertyd verdeel het. In hoofstuk drie val die klem op die isolasie van die NGK deur die kerklike gemeenskap binne sowel as buite die grense van Suid-Afrika. Dit toon aan hoe die NGK onder druk geplaas is om oor die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid te besin en dit te laat vaar.

In hoofstuk vier word die ontplooiing van die proses in die tydperk onder bespreking ondersoek waarvolgens die NGK die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid laat vaar en gevolglik geskeur het. Dit is gekenmerk aan die desentralisasie van mag

onder blanke Afrikaners en die totstandkoming van opponerende denkstrome. Die politieke koersverandering van die regering gedurende die 1980's het die NGK in 'n identiteitskrisis gedompel, spesifiek vanweë die teologiese regverdiging van apartheid. Die klem word deurlopend geplaas op die worsteling van die NGK met die apartheids-vraagstuk en in welke mate die lidmate van die NGK ontnugtering beleef het met die regering, die apartheidsbeleid en die Kerk, asook die vermoë van hierdie instellings om die politieke vraagstukke van die dag op te los. Daar word terselfdertyd gefokus op die leiersfigure en rolspelers in die NGK en hulle aandeel in die ontwerp van die apartheids-beleid en sosiale regverdigheid, maar veral die Kerk se reaksie op die staatkundige ontwikkelinge in Suid-Afrika. Verskeie teoloë se teologiese aktivisme word belig waarvolgens hulle gedurende die 1980's die leidende rol gespeel het in die Kerk se debat rondom die noodsaaklikheid vir transformasie in die Suid-Afrikaanse politieke en sosiale landskap, al dan nie.

Die NGK is die hooffokus van hierdie studie. As die oudste Gereformeerde kerk in Suid-Afrika was die NGK die spirituele tuiste van die oorgrote meerderheid blanke Afrikaners gedurende die tydperk onder bespreking. Die meeste leiers van die apartheidsregering was lidmate van die NGK en dié kerk het oor verreikende invloed beskik.

Dit is met 'n spesifieke doel voor oë dat daar in hierdie studie op die tydperk 1980-1990 gefokus is. Alhoewel die NP reeds onder die leierskap van BJ Vorster aanpassings aan die apartheidsbeleid gemaak het, was dit eers onder die leierskap van PW Botha wat die land werklik dramatiese politieke herorganisasie ondergaan het. Gedurende die 1980's het die eerste dramatiese koersveranderinge in terme van die NP se apartheidsbeleid plaasgevind. Die implementering van die Driekamer Parlement het die sogenaamde versplintering van die NP-kieserskorps tussen veral 'verligtes' en 'verkramptes' op die spits gedryf. Die totstandkoming van die Konserwatiewe Party (KP) het die situasie verder verpolitiseer. Die Afrikaner-Broederbond (AB), wat 'n besondere invloed op beide die NGK en die NP uitgeoefen het, openbaar ook gedurende dié tyd 'n koers-verandering. Die apartheidsbeleid wat deur die NGK gedurende die 1960's ondersteun is, was skielik nie meer presies dieselfde beleid nie. Die Kerk worstel met die apartheidsvraagstuk en dít lei uiteindelik tot hervorming in die Kerk met al die dramatiese gebeure wat deur die loop van die 1980's daarmee gepaardgegaan het en wat

uiteindelik tot skeuring in die Kerk sou lei. Die historiese band tussen die regering en die NGK vervaag toenemend. Teen dié agtergrond moet die uiteenlopende politieke oproepe tot die behoud en/of die beëindiging van die apartheidsbeleid, soos ook in die prosesse van die NGK weerspieël sou word, belig word. Die apartheidsbeleid was grootliks iets van die verlede toe die ANC en verwante organisasie op 2 Februarie 1990 ontban is, wat 'n verdere invloed by die afbakening van dié spesifieke tydperk is.

Die navorsingsmetodologie is hoofsaaklik gebaseer op primêre asook sekondêre bronne wat oor die onderwerp beskikbaar is en wat met mondelinge onderhoude aangevul word. Bronne sluit onder meer in argivale versamelings, koerante, die internet, tydskrifte en joernale, boeke, audiovisuele materiaal, asook persoonlike onderhoude. Sekondêre bronne het 'n deurslaggewende rol gespeel, asook bydraend tot die primêre versamelings. Koerante en tydskrifte het as waardevolle bron tot die interne verdeeldheid in die NGK gedien. Die primêre bronne wat in die studie aangewend is, het veral tot insigte aangaande leiers en lidmate van die NGK se selfondersoek gedurende die 1980's bygedra. Inligting is verkry van persone wat betrokke was by prosesse wat in die tyd in die NGK aan die gang was, asook akademici wat kenners op die terrein van die NGK se verlede is. Dit is aangevul deur die perspektiewe van enkele buitestaanders wat gedurende die apartheidsera intiem by prosesse van kerklike verset in Suid-Afrika betrokke was.

Met die verhandeling word 'n eietydse tema aangespreek en moet die tekortkominge by die skryf van kontemporêre geskiedenis deurgaans in ag geneem word. Daar is egter gepoog om vir historiese doeleindes uit die beskikbare bronne 'n wetenskaplike relaas van die gebeure te lewer. Dit is veral in verband met die kwessie van die kerkhereniging van die NG-kerkfamilie, wat tot op hede steeds 'n polsende kwessie in die NGK is, wat daar met sensitiwiteit omgegaan moes word met die materiaal wat beskikbaar is. Die studie ondersoek prosesse wat wentel rondom kontemporêre teologiese vraagstukke deur middel van 'n historiese ondersoek wat die navorser grootliks gedwing het om hom te weerhou van etiese uitsprake en dit is belangrik om hierdie feit in gedagte te hou by die lees van die werk. Die voordeel van 'n studie van dié aard is dat bronne nie verlore gegaan het nie. Persone wat sommige van die gebeure meegemaak het, was in staat om inligting te verskaf wat potensieel moeilik bekombaar sou wees indien die studie in 'n

latere stadium sou geskied. Die gevaar om nie die nodige afstand en groter perspektief ten opsigte van die gebeure te verkry nie, moes uiteindelik opgeweeg word teen die positiewe faktore soos aktuele onderhoude en relevante dokumentasie.

Hierdie insiggewende studieterrein het tydens die navorsingsproses teenstrydighede opgelewer, veral aangaande die rol en invloed van die Afrikaner-Broederbond (AB) op die NGK gedurende die apartheidsera. Uiteenlopende menings in dié verband bestaan en dit het pogings bemoeilik om dié onderwerp te benader. Die argumente wat in hierdie studie aangevoer word, het egter voortgespruit uit die getuienis van die oorgrote meerderheid van bronne, wat daarop dui dat die AB gedurende die 1980's, in teenstelling met die dekades wat dit voorafgegaan het, grootliks 'n nie-reaksionêre invloed op die NGK uitgeoefen het. Daar is van sowel primêre as sekondêre bronne in dié verband gebruik gemaak.

Die kwessie van die klassifikasie van rasse bly 'n voortdurende uitdagende kwessie vir historici wat Suid-Afrika se verlede ondersoek. Daar moet met sensitiwiteit te werk gegaan word wanneer daar na 'n bepaalde persoon of groep mense se ras en oorsprong verwys word, omdat die maniér hoe daar met taal omgegaan word dikwels 'n weersinswekkende effek het. Die navorser is bewus van hierdie feit en wil daarom die volgende benadruk. In hierdie studie word daar slégs gebruik gemaak van die term 'nie-blanke(s)' omdat die gebruik van die term 'n historiese werklikheid is van die tydperk onder bespreking. Deur die gebruik van die term 'nie-blanke(s)' word egter geen negatiewe konnotasie geïmpliseer teenoor die mense wat aan dié term gekoppel word nie.

Hierdie studie word nie voorgehou as 'n eindpunt aangaande die geskiedenis van die NGK gedurende die 1980's nie. Vir die doeleindes van die studie is daar slegs op bepaalde gebeure en leiersfigure gefokus. Die seleksie is beïnvloed deur die voorneme om spesifieke politieke leiers se invloed op die NGK se rassedebat te ondersoek, wat die NGK en die regering se wedersydse invloed op mekaar benadruk het. Die doelwit is dus om eerder 'n perspektief te verskaf op bepaalde gebeure in die verlede wat steeds uitgebreid en kompleks is om sodoende verdere debat te stimuleer en historiese ondersoek

mee te bring wat deur navorsers herinterpreteer kan word in die rekonstruksie van gebeure.

Met hierdie studie word spesifiek binne die Suid-Afrikaanse konteks dieper insigte in die verhouding tussen godsdiens en politiek, asook kerk en regering verkry. 'n Beter kennis van die ingewikkelde verhouding tussen die NGK en die regering sal die leser bemagtig met 'n groter begrip van die komplekse wisselwerking, asook samewerking, tussen die NGK en die regering gedurende die 1980's. Die waarde lê verder daarin dat dit die leser tot die besef sal bring dat die verhouding tussen die kerk en die regering prosesse behels wat mekaar wedersyds kan beïnvloed. Die waarde van 'n deurlopende herbesinning van die twee instellings se unieke rol en verantwoordelikheid teenoor landsburgers word sodoende benadruk.

* * *

Graag wil ek my dankbaarheid teenoor my Skepper uitspreek vir al my gawes en geleenthede.

Geldelike bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) word hiermee met dank erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die NNS nie.

My dank ook aan prof. Lucius Botes (die Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe) vir die toekenning van 'n Fakulteitsbeurs vir my M.A.-studie.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om vir dr. Marietjie Oelofse wat as studieleier ingestaan het, te bedank vir al haar opofferings tydens die navorsing en skryfproses. Haar insigte in die politieke verlede van Suid-Afrika, asook die proses van navorsing, was van onskatbare waarde in die voltooiing van dié studie.

Aan alle persone wat dikwels te midde van 'n druk skedule onderhoude aan my toegestaan het en dokumente aan my beskikbaar gestel het, baie dankie. 'n Besondere woord

van dank in dié verband aan dr. Francois Wessels vir die beskikbaarstelling van sy privaatversameling.

Dank is ook verskuldig aan die volgende instansies se personeel wat my gedurende my navorsing behulpsaam was: Die Argief vir Eietydse Aangeleenthede op die Bloemfontein-kampus van die Universiteit van die Vrystaat; die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NGK in Stellenbosch en Bloemfontein; die Teologie-biblioteek van die Stellenbosch Universiteit se Biblioteekdiens; asook die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die UV.

Baie dankie aan al die vriendelike personeel van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat vir die diens wat deur hulle gelewer is. Die geduld, toewyding en entoesiasme wat deur dié personeel openbaar word, maak dit vir studente maklik om insigte in Suid-Afrika se komplekse verlede te verkry wat ons bemagtig met kennis aangaande die unieke uitdagings wat ons land in die gesig staar.

Baie dankie aan dr. Hannes Haasbroek vir die proefleeswerk en taalversorging aan die oorspronklike dokument en aan mev. Mitzi Cloete vir die vaardige wyse waarop sy die finale uiteensetting van die teks gedoen het.

Aan familie, vriende en kennisse wat my van praktiese raad, hulp en/of emosionele ondersteuning voorsien het, 'n hartlike woord van dank. Die lys is waarlik te lank om almal individueel te bedank, maar besondere melding moet gemaak word van Carl en Carina du Toit wat my van verblyf en vervoer tydens my besoeke aan Kaapstad en Stellenbosch voorsien het.

Ten slotte wil ek baie dankie sê vir my ouers, Bernard en Trienkie van der Merwe, sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie. In nederige dankbaarheid dra ek hierdie werk aan hulle op.

Barend van der Merwe
Bloemfontein
November 2010

## HOOFSTUK 1

# HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE CHRISTELIKE GELOOF SE BETROKKENHEID IN DIE POLITIEK VAN ANTIEKE TYE TOT DIE TWINTIGSTE EEU

## 1. INLEIDING

Die doel van hoofstuk een is om die unieke impak van die Christelike godsdiens in verhouding tot politieke ontwikkeling te ondersoek. Dit word gedoen aan die hand van historiese voorbeelde. Die ontstaan, asook verspreiding van die Christelike godsdiens, word ondersoek. Die keuse van onderwerpe is nié gemaak met die oog daarop om 'n volledige geheel van die Christelike geloof[1] se impak op die wêreld aan te bied nie. Dit poog eerder om oorsigtelik aan te dui in hoe 'n mate Christene[2] sedert antieke tye oor hulle eie rol in die openbare lewe en ook in die politiek dink, en hoe godsdienstige oortuigings die gedrag en besluite van mense kan beïnvloed.

Christene is sedert antieke tye verdeeld oor die manier waarop hulle geloof in God praktiese neerslag, al dan nie, moet vind in die wêreld waarin hulle leef. Die verbintenis van persone aan enige vorm van godsdiens is sinoniem met 'n verandering in lewens-

---

1 Die Christelike geloof is 'n bekende godsdiens wat wêreldwyd aangetref word. Die geloof word beoefen deur verskillende godsdienstige groeperinge met uiteenlopende interpretasies van wat dit behels om 'n 'Christen' te wees. Die twee grootste denominasies, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse Kerke, deel grootliks dieselfde definisie van wat dit behels om 'n Christen te wees en waarby hier volstaan word. Dit sluit in, maar is vanweë uiteenlopende teologiese interpretasies nie altyd beperk tot die volgende nie: die geloof in 'n Drie-enige God, die geloof dat God aan die mensdom in die vorm van Jesus verskyn het en dat Jesus self God is, die geloof aan die maagdelike geboorte van Jesus, 'n geloof in die korrektheid van die Bybel, die geloof dat die Bybel deur God geïnspireer is, die geloof dat God deur middel van Jesus se kruisdood verlossing bewerkstellig vir gelowiges, die geloof dat Jesus uit die dood opgestaan het en die geloof dat Jesus weer eendag na die aarde sal terugkeer. Sien byvoorbeeld B.A. Robinson, "The cardinal doctrines of Protestant Christianity", <http://www.religioustollerance.org/chrcarddoc.htm>, 11.11.2008. Sien ook D.A. Rausch en C.H. Voss, *World religions. Our quest for meaning*, pp. 145-173; W.O. Cole, "Christianity" in W.O. Cole (red.), *Six worldfaiths*, pp. 187-235.

2 Die kernboodskap van die Christelike godsdiens is die geloof dat die spirituele breuk tussen God en mens, wat deur menslike toedoen bewerkstellig is, deur die kruisdood van Jesus herstel is en dat gelowiges se saligheid daardeur bewerkstellig is. In hierdie studie word onder die term 'Christen' verstaan dat dit 'n persoon behels wat dié leerstelling aanhang. Onder 2.1 en 2.2 word meer oor die aard en ontstaan van die Christelike geloof uitgebrei.

wyse. In die Christelike geloofstradisie word daarna as 'n 'wedergeboorte' verwys. Maar hoe beïnvloed die godsdienstige oortuigings van Christene hulle dag-tot-dag besluite oor politieke, maatkaplike en ekonomiese vraagstukke? Dié vraagstuk, wat in wese 'n teologiese debat behels, sal nie in die studie beantwoord word nie. Daar word eerder onderneem om die vraagstuk in perspektief te plaas deur te verwys na historiese aspekte en filosofiese denke rondom die Christelike geloof. Op die wyse word die kragtige invloed van geloof in ontwikkelinge van politieke aard geïllustreer. Die klem word deurlopend op die argument gelê dat godsdiens 'n hoogs onderskatte politieke faktor in die bestudering van politieke vraagstukke is. Teen dié agtergrond word die fokus op die Christelike godsdiens geplaas.

Die rol van godsdiens in politieke prosesse is 'n verskynsel wat nie ontken kan word nie. In hoe 'n mate dit wenslik is, hang gewoonlik eerder af van die persoonlike oortuiging van individue as vasgelegde wetenskaplik nagevorste teorieë. 'n Kennis van hoe godsdiens in die verlede politieke ontwikkeling beïnvloed het, gee 'n goeie aanduiding van die kompleksiteit van die saak. In die hieropvolgende afdelings gaan gepoog word om spesifiek die Christelike geloof se impak en invloed op wêreldwye politieke ontwikkeling te posisioneer.

## 2. HISTORIESE MOMENTE VAN CHRISTENE SE ROL IN DIE POLITIEK SEDERT DIE ONTSTAAN VAN DIE CHRISTENDOM

### 2.1 Die ontstaan van die Christelike geloof en die eerste Christene

Die Christelike godsdiens se ontstaan word teruggevoer na die lewe en werk van Jesus,[3] die belangrikste figuur in die Christelike tradisie, wat ongeveer tweeduisend jaar gelede geleef het. Na afloop van Jesus se lewe, het Jesus se invloed in so 'n mate gegroei dat hy

[3] Die historiese korrektheid van Jesus se lewensverhaal soos vervat in die vier evangelies van die Christelike Bybel, Jesus se maagdelike geboorte, bediening, wonderwerke, kruisdood, opstanding uit die dood, hemelvaart en die debat oor die goddelike aard van Jesus vorm nie deel van hierdie bespreking nie. Van veel groter belang is die feit dat miljoene Christene wêreldwyd die verhaal in breë trekke aanvaar, te midde van noemenswaardige onderlinge verskille oor sowel die historiese korrektheid van die gegewens as die relevansie daarvan vir moderne Christene. Vir meer inligting aangaande die aard van Christelike geloofsoortuiging, sien Rausch en Voss, pp. 145-173; Cole, pp. 187-235.

dikwels beskou word as waarskynlik die invloedrykste mens wat ooit geleef het, met biljoene volgelinge wat oor die grense van tyd, geografiese ligging en kultuur span. Teen die einde van die 20ste eeu is die Christelike geloof dominant in vier van die wêreld se ses bewoonbare kontinente, naamlik Europa, Noord- en Suid-Amerika en Australasië. Selfs in Asië en Afrika suid van die Sahara is daar miljoene volgelinge van die Christelike godsdiens.[4]

Vanweë die ongeletterde aard van antieke samelewings, is kruisverwysings na Jesus se lewe grootliks afwesig en maak Christene hoofsaaklik staat op die verhale soos opgeteken in die vier evangelies van die Christelike Bybel. Christene glo dat Jesus arm grootgeword het en as volwassene begin het om mense te onderrig in 'n bediening wat ongeveer drie tot vier jaar geduur het. Die dinamiese aard van Jesus se boodskap, gekoppel met die wonderdade van genesing, het tot gevolg gehad dat Jesus se volgelinge vinnig gegroei het en dat die owerhede wantrouig begin word het.[5] Jesus is uiteindelik deur die owerhede van die Romeinse Ryk in hegtenis geneem, verhoor en tot 'n kruisdood veroordeel. Kruisiging is gereeld deur die owerhede gedurende dié tyd gebruik en die metode is berug vir die pynlike aard daarvan. As deel van die straf, wat in die openbaar uitgevoer is, is 'n kennisgewing opgerig wat die veroordeelde se naam en misdaad beskryf. In die geval van Jesus sou die kennisgewing lui - *Iesus Nazarenus Rex Iudaeorum,*[6] oftewel, Jesus van Nasaret Koning van die Jode.[7]

Uit die bostaande is dit duidelik dat die persona van Jesus selfs by die ontstaan van die Christelike godsdiens verpolitiseer is. Hoewel die koms van Jesus dus spirituele implikasies vir sy volgelinge gehad het, behels Jesus se nalatenskap van die vroegste tye af ook politieke implikasies vir sowel Christene as nie-Christene. Christene debatteer reeds vanaf die vroegste tye die rol wat hulle geloof in hul dag-tot-dag lewenswandel

---

4 A. Hastings, "Introduction" in A. Hastings (red.), *A world history of Christianity*, pp. 1-3.

5 History World, "History of Jesus Christ", <http://historyworld.net/wrldhis/PlainTextHistories.asp?historyid=ac34>, *s.a.*

6 Hierdie kennisgewing word as 'n akroniem, INRI, aangetref op verskeie kunswerke wat die kruisdood van Jesus uitbeeld. Vir voorbeelde van kunswerke van hierdie aard, sien J.L. Koerner, *The reformation of the image*, pp. 257-264; J.H. Marrow, *Passion iconography in Northern European art of the late Middle Ages and early Renaissance. A study of the transformation of sacred metaphor into descriptive narrative*, p. 59; J.J.M. Timmers, *Christelijke symboliek en iconografie* (2de hersiene druk), p. 27.

7 B. Gascoigne, *The Christians*, pp. 16-17.

behels, en die pendulum verskuif dikwels tussen die geestelike ervaringe van geloof en die praktiese implikasies daarvan. Christene worstel dikwels met die vraag oor hoe Jesus se lewe hulle eie besluite moet beïnvloed.

Na afloop van Jesus se bediening, kruisiging en opstanding uit die dood is sy nagedagtenis en leerstellings deur sy volgelinge lewend gehou. Die eerste tekste wat Jesus se lewe en leerstellings bevat, begin enkele dekades na afloop van sy kruisdood die rondte doen en die voorlopers van die eerste kerk begin verskyn. Die toewyding waarmee Jesus se eerste volgelinge sy boodskap van hoop aan die mensdom versprei, is bewonderenswaardig, hoewel die interpretasie van Jesus se lewe selfs in hierdie vroeë stadium nie homogeen is nie.[8] 'n Gebeurtenis wat veral gesien word as die belangrikste ontwikkeling in die hele geskiedenis van die Christelike godsdiens is die bekering en werk van Sint Paulus. Hy was 'n volgeling van ortodokse Judaïsme met noemenswaardige akademiese opleiding wat die verspreiding van die Christelike godsdiens eers probeer verhoed het, voordat hy self 'n Christen geword het. As sendeling en skrywer beïnvloed Paulus duisende mense met sy beleid dat volgelinge van Jesus nie beperk moet wees tot Jode en besnyde mense nie. Hierdie ontwikkeling sou die weg baan vir die Christelike godsdiens om deur die kulturele gebondenheid te breek waaraan die Judaïsme van die tyd gekenmerk is.[9]

Gedurende die vormingsjare van die Christelike godsdiens is daar veral geput uit die Judaïsme wat 'n belangrike invloed op die samelewing uitgeoefen het in die omgewing waar Jesus aktief was. Die monoteïstiese aard van die Christelike godsdiens, asook die ooreenkomste in die heilige geskrifte van die twee godsdienste, getuig daarvan. In die Romeinse Ryk is verskillende godsdienste geakkommodeer en gevolglik ook uiteenlopende interpretasies van bepaalde godsdienste.[10] Judaïsme geniet in die Romeinse Ryk die status van 'n algemene erkende godsdiens, hoewel dit nie die amptelike godsdiens van die owerhede is nie. Vir die Romeinse owerhede was die opkoms van die Christendom egter 'n ontwikkeling wat hulle met agterdog bejeën het. Christene het

---

8 'n Goeie bron wat die uiteenlopende interpretasies van Jesus se lewe gedurende die eerste dekades van die Christelike geloof uitlig, is S. Spangenberg, *Jesus van Nasaret*, Kaapstad, 2009.

9 D. Chidester, *Christianity. A global history*, pp. 29-32.

10 J.L. González, *Church history. An essential guide*, pp. 23-25.

geweier om die gekompliseerde netwerk van gode van die Romeine te dien en offers aan hulle te bring. Die Christelike gebruik van die nagmaal,[11] 'n gebruik wat volgens oorlewing deur Jesus self ingestel is, wek ook groot agterdog en die owerhede vermoed dikwels dat Christene hulself aan kannibalisme skuldig maak.[12] Hierdie wantroue sou lank voortduur en uiteindelik tot vervolging lei.

Sedert die ontstaan van die Christelike godsdiens het die Judaïsme deur al die eeue voortgegaan om 'n sterk invloed op die ontwikkeling van Christene se geloof in God uit te oefen. Vir Christene is die Joodse erfenis ook deel van hulle eie spirituele en historiese erfenis. Groot gedeeltes van die moderne Christelike Bybel stem dan ook ooreen met die Joodse Tenak. Die eerste vyf boeke van die Bybel, wat onder Christene as die Pentateug en onder Jode as die 'Tora'[13] bekend staan, het veral deur die loop van die 20ste eeu tot baie spekulasie oor die historiese aard daarvan gelei. Dit het uiteindelik tot 'n nuwe akademiese studieveld ontwikkel, naamlik Bybelse argeologie. Dit is interessant om daarop te let dat verskeie wetenskaplikes vermoed dat die Bybel histories 'n belangrike politieke funksie vervul het deurdat dit 'n vorm van nasionalisme onder die eerste Jode aangewakker het.[14] Die verhale van antieke Jode wat deur hulle geloof aan God en die leiding van die profeet Moses uit die onderdrukking in Egipte bevry word, weerspieël ook die boodskap van moderne Christene sowel as die nalatenskap van Jesus. Die Christelike godsdiens het as 'n sentrale tema die bevryding van onderdrukte mense en die historiese leiersfigure in die Christelike tradisie word dikwels geskets as helde wat onreg en onderdrukking beveg het.[15]

---

[11] Die gebruik van die nagmaal is vir Christene tot vandag toe nog 'n simboliese herinnering aan die offer wat Jesus vir hulle vryheid gemaak het deur te sterf vir hulle sondes. Die liggaam van Jesus word voorgestel deur brood wat geëet word en die bloed van Jesus word versimboliseer deur wyn wat gedrink word. Dit is dan ook algemene gebruik onder Christene om mekaar by hulle samekomste aan die simboliek van hierdie gebruik te herinner. Dit is dus nie vreemd dat die gebruik agterdog by buitestaanders kon gewek het nie. Vir meer aangaande die nagmaal en kannibalisme, sien G.N. van den Bergh, *Die Middeleeue*, p. 17.

[12] Chidester, p. 47.

[13] K. Armstrong, *A history of God. From Abraham to the present: the 4000-year quest for God*, p. 477. In die Judaïsme word die Tora beskou as die wet van God soos dit aan die profeet Moses geopenbaar is. Daaruit kan afgelei word dat die Bybel 'n belangrike juridiese en gevolglik staatkundige dokument in die verlede was.

[14] *Ibid.*, pp. 76-77; M. D. Lemonick, *et al.*, "Are the Bible stories true?", <http://time.com/time/printout/0,8816,983854,00.html>, *s.a.*

[15] E. Mitchell en D. van Biema, "In search of Moses", <http://time.com/time/printout/0,8816,989815,00.html>, *s.a.*

## 2.2 Die sosiale impak van die Christendom op antieke samelewings en die vervolging van Christene in die Romeinse Ryk

Die eerste Christene se lewensbeskouing verskil dramaties van hulle tydgenote wat nie volgelinge van die Christelike geloof was nie. Hulle sien hulself as deel van God se koninkryk wat nie 'n aardse koninkryk is nie, maar 'n spirituele koninkryk. Gevolglik is hulle dan ook a-polities en weier om oorlog te maak of om by die administrasie van enige land betrokke te wees. Tipiese kultuurpraktyke is nie vir hulle van veel belang vir die doeleindes van hul oortuiging nie. As burgers van 'n bepaalde staat staan hulle nie uit aan die manier waarop hulle aantrek of hulle dag-tot-dag eetgewoontes nie, soos byvoorbeeld moderne Islamiete of Jode. Hulle beskou hulself as bywoners sonder enige aardse tuisland en poog om sovêr moontlik die gesag van owerhede te eerbiedig.[16] Ten spyte van die eerbied vir gesag wat deur Christene in die Romeinse Ryk geopenbaar word, bots Christene gereeld met die owerhede, veral vanweë hulle onwilligheid om die bestaande gode van die Romeinse kultuur te erken. Christene was egter nie die enigste geloofsgemeenskap wat nie die verskeidenheid van gode van hulle heersers erken het nie. Volgelinge van die Judaïsme aanbid, soos Christene, ook net een God. Die Judaïsme was egter by die ontstaan van die Christelike godsdiens al lank 'n gevestigde godsdiens in die Ryk. Die Romeinse owerhede het egter met groeiende skeptisisme teenoor Christene gereageer. Toenemend was natuur- en humanitêre rampe beskou as die resultaat van Christene se onwilligheid om die populêre gode van die Romeinse kultuur te aanbid en baie Christene was gruwelik vervolg en vermoor.[17]

Die vervolging van Christene onder die Romeinse Ryk word veral geassosieer met die heerskappy van die Romeinse keiser Nero. Aanvanklik openbaar die owerhede 'n verdraagsaamheid teenoor Christene en geniet Christene selfs die beskerming van die owerhede. In die jaar 63 n.C.[18] verander die algemene politieke beleid in die Ryk ten koste van groter algemene godsdiensvryheid, moontlik omdat die owerhede 'n meer

---

[16] A. van de Beek, "Church and politics – a Reformed approach" in *Dutch Reformed Theological Journal / Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 49(3 & 4), September-Desember 2008, pp. 317-325.

[17] M. Goodman, "The emergence of Christianity" in A. Hastings (red.), pp. 20-22.

[18] In hierdie studie verwys alle datums na die tydperk ná Jesus se lewe.

tradisionele godsdienstige teokratiese politieke sisteem probeer bevorder het. Die ontwikkeling het gevolge ingehou vir alle mense onder die Ryk wat nie godsdienstig buigbaar was nie en Christene, sowel as nie-Christene, was in hierdie tyd gruwelik vervolg.[19]

Vir nagenoeg drie eeue sedert Jesus se lewe, het Christene in die Romeinse Ryk voortgegaan om te midde van vervolging en wantroue te leef, maar uiteindelik breek 'n keerpunt aan. In die jaar 312 behaal keiser Konstantyn militêre sukses en skryf dit toe aan die Christelike godsdiens se invloed. Alhoewel die politeïstiese aard van die Ryk nie dadelik verdwyn nie, is daar skielik groter verdraagsaamheid teenoor Christene, wat daartoe lei dat vervolging tot 'n einde kom. Die verdraagsaamheid van die owerhede teenoor Christene het daartoe gelei dat namate die aantal bekeerlinge groei die kultuur van die Romeinse Ryk verander. Nietemin bly godsdiensvryheid 'n belangrike kenmerk van die Ryk en gevolglik word 'n ryk verskeidenheid van godsdienstige praktyke steeds in daardie stadium geakkommodeer.[20]

## 2.3 Die verspeiding van die Christelike geloof in Europa

Die verspreiding van die Christelike geloof is, net soos in die geval van Jesus se lewe, nie goed gedokumenteer nie. Daar bestaan wel verskeie teorieë wat die verspreiding van die geloof probeer verduidelik. Die Romeinse Ryk was besonder goed ontwikkel, met ingewikkelde vervoer- en kommunikasiestelsels. Die ligging van die Ryk het beteken dat dit 'n besonderse invloed op sowel Europa as die Midde-Ooste uitgeoefen het. Daar word ook vermoed dat die toeganklikheid van die Christelike geloof 'n belangrike rol in die verspreiding daarvan gespeel het. Die Christelike geloof was minder klas- en volksgebonde as ander gelowe in die Ryk, soos byvoorbeeld die Judaïsme. Gedurende die vyfde eeu, toe Germane aanvalle op die Romeinse Ryk begin loods het, was die Christelike geloof reeds wyd gevestig, hoewel ander godsdienste steeds algemeen

---

19 M. Sordi, *The Christians and the Roman Empire* (vertaal deur A. Bedini uit Italiaans), pp. 26-30.
20 R. MacMullen, *Christianizing the Roman Empire, (A.D. 100-400)*, pp. 43-51.

voorgekom het. Die fondamente van die Ryk is gevolglik geskud, maar die Christelike geloof was reeds goed gevestig en oorleef die politieke onstabiliteit.[21]

Verskeie godsdienste kom egter steeds voor in die groter Europa. 'n Goeie voorbeeld van die diversiteit van godsdienste in Europa gedurende die tyd, is die Britse Eilande waar Paganisme steeds wydverspreid gedurende die sesde eeu voorgekom het. Alhoewel sendingwerk gedurende die tyd nie as die belangrikste faktor beskou word vir die verspreiding van die Christelike geloof nie, is in 596 'n georganiseerde poging aangewend om die Christelike geloof ook onder die burgers van die Britse Eilande te vestig. Dit het uiteindelik deur 'n proses van verspreiding en verinheemsing gedeeltelik geslaag. Verskeie tradisionele godsdienstige simbole[22] en praktyke is nie geheel en al laat vaar nie, maar was met die Christelike leer, soos tradisionele Paganistiese feeste wat 'n Christelike karakter begin aanneem het, versoen. Gedurende die heerskappy van koning Charlemange (742-814) van die Franke was die Christelike geloof egter op groot skaal in die Britse Eilande gevestig, veral deur middel van gewelddadige onderwerping.[23]

Gedurende die sewende en agste eeu is groot getalle individue, gemeenskappe en selfs nasies onderwerp aan die Christelike geloof in veral die streke wat vandag as Duitsland, Italië en Spanje bekend staan. Waar die Christelike geloof aanvanklik nie deur georganiseerde sendingveldtogte versprei was nie, speel sendelinge 'n deurslaggewende rol in

---

21 Van den Bergh, pp. 14-17.

22 Sommige fundamentele Christene is gekant teen die gebruik om Kersbome te versier gedurende Kersfees wat jaarliks in menige lande op 25 Desember gevier word. Die vermoede bestaan dat die gewoonte om bome af te kap en in huise in te dra 'n Paganistiese oorsprong het wat in antieke samelewings as simbool van lewe gedien het. 'n Belangrike aspek van die debat is dat die Bybel geen melding van Kersfees maak nie en ook nie Christene beveel om dié fees te vier nie. Waarskynlik was Kersfees vir die eerste Christene 'n vreemde gebruik. Die simboliek van eiers tydens Paasfees is ook 'n voorbeeld hiervan. Noemenswaardige akademiese konsensus bestaan oor die oorsprong van die begrip "Easter", wat van die antieke godin "Eastre" afgelei is. In die Noordelike Halfrond, wat na afloop van Paasfees die seisoen lente binnegaan, het die eet van eiers gedurende die tyd van Paasfees 'n simbool van nuwe lewe geword. Die verwerping van hierdie simbole is egter geïsoleerd en meeste Christene ervaar nie die antieke simboliek as negatief nie, maar versoen die simbole met hulle eie geestelike ervaring. Vir meer inligting aangaande Kersbome en paaseiers, sien All about Jesus Christ, "Origin of the easter egg", <http://www.allaboutjesuschrist.org/common/printable-origin-of-the-easter-egg-faq.htm>, *s.a.*; Blue world gardener, "The pagan history of the Christmas tree", <http://www.blueworldgardener.co.uk/articles/xmas_tree_pagan.html>, *s.a.*; P.S. Taylor, "Where did 'Easter' get its name? Where did the concept of an easter egg and bunny originate?", <http://www.christiananswers.net/q-eden/edn-t020.html>, *s.a.*; Hope of Israel ministries, "'Should Christians celebrate "Christmas'? The shocking Pagan origin of Christmas!", <http://www.hope-of-isreal.org/cmas1.htm>, *s.a.*

23 Chidester, pp. 182-187.

hierdie nuwe vlaag van verspreiding van die geloof waardeur die karakter van Europa onherroeplik verander is.[24] Teen die einde van die agtste eeu het die Christelike godsdiens toenemend 'n invloed op die kollektiewe besluite van samelewings begin uitoefen en die karakter van die moderne Europese beskawing wat sou volg, het begin vorm aanneem.

## 2.4 Die ontstaan van Islam en die konflik tussen Islamiete en Christene

Konflik tussen Christene en Islamiete is sedert die ontstaan van Islam gedurende die sewende eeu nie 'n ongewone verskynsel nie. Islamiete steun sterk op die Ou Testamentiese geskiedenis, veral die verhale van die aardsvaders soos Moses en Abraham, en beskou Jesus ook as 'n belangrike profeet van 'Allah.'[25] Die sukses van Islam word veral aan die eenvoud van die geloof toegeskryf. Islamiete glo nie aan die Christelike oortuiging van God as 'n Drie-eenheid nie. Vir Islamiete is daar net een 'Allah' wat hulle op 'n gegewe tydstip elke dag vyf keer moet aanbid. Daar is ook nie so 'n komplekse hiërargie in godsdiensleiers soos wat onder Christene die geval is nie.[26]

Die ontstaan van Islam word as 'n belangrike politiese faktor beskou. Nomadiese mense in Arabië was deur die Islamitiese geloof saamgebind en het spoedig as gevolg van militêre uitbreiding 'n groot bedreiging ingehou vir Europa. Na afloop van Mohammed (570-632)[27] se dood is groot gebiede deur mense verower wat die Islamitiese geloof probeer versprei het. In die jaar 637 was die bekende en heilige stad Jerusalem oorgeneem wat groot ongelukkigheid onder Christene veroorsaak het. Islamitiese krygers het

---

24 E.E. Cairns, *Christianity through the centuries. A history of the Christian church*, pp. 177-180.

25 Die woord 'Allah' beteken 'Die God' in Arabies. Dit is dus nie 'n eienaam soos wat dikwels verkeerdelik vermoed word nie en kan in beginsel na enige god verwys. Vir 'n voorbeeld van die verkeerdelike gebruik van "Allah" as 'n eienaam wat direk aan Islam gekoppel word, sien R. van Rensburg, "Godsdiens in skole: die vurige debat" in *Huisgenoot*, 01.05.2003, pp. 144-146. In Januarie 2010 het geweld in Maleisië uitgebreek nadat 'n hofuitspraak ten gunste van Christene beslis het wat ook die woord 'Allah' wil gebruik om na God te verwys. In Egipte, Sirië en Indonesië is dit algemene gebruik onder Christene om na God as 'Allah' te verwys. Vir meer inligting sien S. Mydans, "Churches attacked in Malaysian 'Allah' dispute", <http://www.nytimes.com/2010/01/09/world/asia/09malaysia.html>, 08.01.2010.

26 Gascoigne, pp. 106-107.

27 Die profeet Mohammed, ook bekend as Muhammad, is die belangrikste figuur in die ontwikkeling van Islam. Islamiete glo dat hulle heilige geskrif, die Qur'an, aan Mohammed deur God openbaar is. History World, "Muhammad, prophet of Islam", < http://history-world.org/islam2.htm>, *s.a.*

ook tradisionele Europese lande bedreig, soos Spanje, wat deur Islamiete oorgeneem is.[28] Die Islamitiese Ryk het uiteindelik 'n groot gebied behels wat gestrek het van die weskus van Noord-Afrika tot in Arabië. Egipte is in 639 onder die militêre leier Amr ibn-al-As verower. Die res van Noord-Afrika het spoedig gevolg, hoewel nie sonder noemenswaardige teenstand nie, veral vanuit die westelike dele van Noord-Afrika. Die dele van Noord-Afrika wat polities onder die Romeinse Ryk gestaan het, het skielik hulle Christelike karakter begin verloor. Die Islamitiese bewindhebbers het nie godsdiensvryheid toegelaat nie.[29]

## 2.5 Die skeuring van die Katolieke Kerk, die Kruistogte en die heksejag

In 1054 skeur die Katolieke Kerk en kom die Griekse Ortodokse Kerk tot stand. Die skeuring word veral beskou as die resultaat van teologiese onenigheid wat dit vooruitgeloop het, maar politieke faktore het waarskynlik ook 'n belangrike rol in die skeuring gespeel. Die leierskap van die toekomstige Griekse Ortodokse Kerk is in dié jaar deur die pous daarvan beskuldig dat dit van die Katolieke leer afwyk en dit het die finale skeuring tot gevolg gehad.[30] Die skeuring is voorafgegaan deur die ontstaan van twee magspole. Die Romeinse keiser Konstantyn het in 330 die hoofstad van die Ryk van Rome na Konstantinopel (tans Istanboel) geskuif. Met die val van die Romeinse Ryk in die vyfde eeu, was die skeuring veral tussen oos en wes op die spits gedryf. Die pous se invloed was tot die weste beperk, maar nie beperk tot kerklike sake nie. Verskillende sienings het die twee magspole al verder uitmekaar gedryf wat uiteindelik tot die skeuring aanleiding gegee het.[31]

'n Belangrike ontwikkeling gedurende die 11de eeu in Europa is die militêre ingryping van Christene in die gebiede wat sedert die sewende eeu deur Islamiete verower is. Hierdie gebeure staan kollektief as die Kruistogte bekend. Die pous beskik gedurende die tydperk oor groot politieke invloed en godsdienstige redes word as 'n belangrike

[28] M.J. Swart en P.H. Zietsman, *Die Westerse ontplooiing. Grepe uit die algemene geskiedenis tot 1650*, pp. 60-63.
[29] H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika. Van die vroegste tye tot onafhanklikheid*, pp. 62-66.
[30] González, p. 48.
[31] Cairns, pp. 203-206; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met R. Vosloo*, Stellenbosch, 19.08.2010.

katalisator in die Kruistogte gesien, veral omdat dit die steun van die kerk en die pous geniet het. Die Kruistogte het egter ook as gevolg van politieke redes soos oorbevolking en diplomatieke ontevredenheid plaasgevind. 'n Pelgrimstog na die heilige stede van die Christendom was 'n gevaarlike onderneming weens die verset van Islamiete teen Christene. 'n Oorwinning deur die kruisvaarders sou die situasie kon omkeer.[32]

Die eerste ware Kruistog, wat ook as die suksesvolste vir die Christendom beskryf word, is in 1096 deur na raming tussen 10 000 en 15 000 kruisvaarders onderneem. Die Franse adelstand het belangrike leiersposisies in die proses beklee, maar groepe kruisvaarders het onafhanklik van mekaar gewerk en daar is skynbaar geen sentrale beheer uitgevoer nie. Die stad Jerusalem is op 15 Junie 1099 deur die kruisvaarders oorgeneem, maar die Kruistogte het as gevolg van onderlinge onenigheid spoedig stoom verloor. Die presiese regeringsvorm wat die nuutverowerde gebiede moes aanneem, is een van die redes vir onenigheid tussen die kruisvaarders.[33] Die kruisvaarders het die verowerde gebied tot 1187 regeer, waarna dit weer deur Islamitiese heersers oorgeneem is. Die stad Jerusalem is steeds 'n belangrike spirituele baken vir Christene en Islamiete, asook in die Judaïsme, en bly polities baie onstabiel.[34]

In die geheel gesien word die Kruistogte as 'n verwarrende en tragiese tydperk in die geskiedenis van die Christendom gesien. Die tydperk word veral onthou vir die geweld en lewensverliese. Die Kruistogte word ook as 'n 'mislukking' beskryf. Die georganiseerde pogings en kameraadskap word oorskadu deur die magsvergrype en die ongenaakbare strewe na individuele roem en rykdom. Dit het ook die verdeeldheid in die Christendom aangevuur.[35]

'n Tragiese ontwikkeling in die geskiedenis van die kerk gedurende die 15de, 16de en 17de eeu, is die vervolging en teregstelling van nagenoeg 100 000 mense, waarvan meer as 80% vroue, wat daarvan verdink is dat hulle betrokke by heksery was. Die vervolgings was aanvanklik tot Duitsland en Italië beperk, maar dit het mettertyd oor die

---

[32] Van den Bergh, pp. 268-269.
[33] *Ibid.*
[34] K. Armstrong, *The battle for God. Fundamentalism in Judaism, Christianity and Islam*, p. 347.
[35] M.B. Cunningham, "The Orthodox church in Byzantium" in Hastings (red.), pp. 66-68.

hele Europa versprei. Die heksejag was die resultaat van irrasionele vrese van gelowiges. Die vrese vir heksery is bevorder deur lektuur oor die onderwerp, soos die *Malleus Maleficarum*, 'n gids wat geskryf is om hekse uit te ken en wat heksery as die grootste bedreiging vir gelowiges voorgehou het.[36]

Die heksejag kan verklaar word binne die konteks van godsdienstige onkunde, asook onverdraagsaamheid. Gedurende die tyd van die heksejag was die Christelike geloof dominant in Europa. Die geloof word geassosieer met 'n bepaalde lewensuitkyk, naamlik die geloof in een buite-sintuiglike God, 'n weersin in homoseksuele praktyke en 'n vrees vir die antieke Paganistiese gode wat geassosieer word met 'n vergange tydperk van barbaarsheid en onkunde. Paganisme kom egter gedurende dié tyd steeds in Europa voor en die gebruike word as 'n bedreiging gesien vir die Christendom. Die kunsmatige konneksie wat deur Christene tussen tradisionele spirituele rituele ter bevordering van onder andere vrugbaarheid en fisiese welstand en die 'bose' gemaak is, was 'n belangrike katalisator in die proses.[37] Die teorie om 'n ooreenkoms tussen die Paganisme, ook bekend as natuurgelowe, en satanisme te sien kan na die werk van Augustinus teruggevoer word en wanpersepsies bestaan tot vandag toe nog in sekere gemeenskappe.

'n Enkele omvattende rede vir die heksejag bestaan egter nie. Historici is verdeeld oor oorsake van die heksejag en verstom oor die wreedheid daarvan. Gedurende die tydperk voor 1400 is hekse nie deur owerhede in Europa vervolg nie en teen die einde van die 17de eeu het die verskynsel skielik verdwyn. Die heksejag was 'n goed georkestreerde poging om van die verskynsel van heksery ontslae te raak. Individue wat deur die owerhede as hekse geïdentifiseer was, is gewoonlik gehang. Verbrandings en verdrinkings het ook voorgekom. Die heksejag was 'n gesamentlike poging tussen godsdienstige leiers van die Katolieke Kerk, asook die owerhede oftewel die aristokrasie. Kerkleiers het gewoonlik advies aan die owerhede verskaf waarna daar op vervolgings besluit is al dan nie. Die gesamentlike poging word as deurslaggewend beskou, omdat die Katolieke Kerk nie sonder die owerhede die heksejag alleen sou kon voltrek nie.[38]

---

36 Chidester, p. 293.
37 *Ibid.*, pp. 291-294.
38 B.A. Pavlac, "Ten common errors and myths about the Witch Hunts, corrected and commented", <http://departments.kings.edu/womens_history/witch/werror.html>, 15.04.2009.

## 2.6 Die Protestantse Reformasie

Die Reformasie word as een van die belangrikste ontwikkelings in die geskiedenis van die Christelike geloof beskou. Gedurende die 16de eeu was die gesag van die Rooms-Katolieke Kerk uitgedaag en ontevredenheid met dié kerk het wydverspreid voorgekom. Die vooruitgang van Europeërs op tegnologiese en akademiese terrein het veranderinge in die lewensuitkyk van mense tot gevolg gehad. Kennis van natuurwetenskappe het die gedagte laat ontstaan dat die mensdom nie 'n slaaf is van natuurkragte nie en dat die lot van mense deur menslike ingryping verander kan word. Die hiërargiese werkswyse van die Katolieke Kerk het onder skoot gekom en die rol van geestelike leiers in politieke vraagstukke is bevraagteken. Ook teologies was die Katolieke Kerk verwerp, omdat daar gevoel is dat die klem te veel op die belangrikheid van 'goeie dade' as in die verlossing van Jesus geplaas word.[39]

Die kerklike Reformasie word nie meer as 'n enkele groot gebeurtenis beskou nie, maar eerder as 'n reeks gebeure wat die orde in Europa ingrypend verander het. Een van die eerste figure wat met die Reformasie geassosieer word, is John Wycliffe wat gedurende die 14de eeu geleef het. Hy het die Bybel in Engels vertaal en die spandabelrige lewenswyses van geestelike leiers gekritiseer deur op die eenvoudige lewenswyse van antieke Christene te wys. Gevolglik het Wycliffe met die Katolieke Kerk gebots. Sy leerstellings het nie tot ingrypende transformasie gelei nie en van sy aanhangers is na afloop van sy dood as gevolg van hulle verset teen die Katolieke Kerk vervolg en vermoor. Die figuur wat egter die sterkste met die Reformasie geassosieer word, is Martin Luther. Op 31 Oktober 1517 het Luther uitsprake en beleidsrigtings van die Katolieke Kerk uitgedaag. Sy uitdaging van die gesag van dié kerk het 'n storm ontketen wat sy lewe in gevaar gestel het. Verskeie praktyke van die Katolieke Kerk is deur Luther gekritiseer. Die politieke mag van die pous en die afsondering van individue om 'n groter spirituele ervaring te verkry, asook die noodsaaklikheid van selibaatheid van geestelike leiers, is van die onderwerpe waarvan Luther van die bestaande orde verskil

---

39 S. Kreis, "The history guide. Lectures on early modern European history. Lecture 3: The Protestant Reformation", <http://www.historyguide.org/earlymod/lecture3c.html>, 03.08.2009.

het. 'n Baie belangrike ontwikkeling is die vertaling van die Bybel vanuit Latyn na Duits, wat ook deur Luther voltooi is.[40]

In Brittanje vind ook 'n proses van reformasie plaas. Na afloop van 'n reeks botsings tussen die Katolieke Kerk se leiersfigure en die omstrede koning Hendrik VIII, ontbind die koning in 1536 kerke in Brittanje en verklaar homself as die hoof van die kerk in Engeland. 'n Populêre mite het mettertyd in hierdie verband ontstaan. Een van die talle redes waarom koning Henry VIII met die pous kop gestamp het, was die weiering van die Katolieke Kerk om sy huwelik nietig te verklaar. Die gedagte het veral in die Verenigde State van Amerika (VSA) ontstaan dat hierdie weiering van die pous die direkte katalisator was wat aanleiding tot die ontstaan van die Anglikaanse Kerk gegee het, maar die Anglikaanse Kerk het reeds voor die gebeure tot 'n unieke kerk ontwikkel.[41]

Nog 'n belangrike figuur wat met kerklike reformasie geassosieer word, is Johannes Calvyn. Die Calvynse reformasie is veral binne die Suid-Afrikaanse konteks belangrik, omdat die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika 'n Calvinistiese karakter aangeneem het. In 1536 verskyn 'n belangrike publikasie van Calvyn onder die titel *Institutio religions Christianae*, waarin groter verdraagsaamheid teenoor gereformeerdes in Frankryk bepleit word. Die kenmerke van moderne Gereformeerde kerke kan veral teruggevoer word na die teorieë wat deur Calvyn ontwikkel is. Die bepaling van hiërargie en die rol van ampsdraers binne kerkverband wat deur Calvyn verkondig is, stem tot 'n groot mate met moderne Gereformeerde kerke se ordening ooreen.[42]

Calvyn het ook die politieke rol van godsdiens bevraagteken. 'n Unieke filosofie aangaande die verhouding tussen godsdiens en politiek is deur Calvyn ontwikkel. Die bevryding wat deur die Christelike geloof aan individue gebring word, is in verband met politieke vryheid gebring. Calvyn het mense wat gelowig is as 'n 'uitverkore' groep beskou, verbind tot die Christelike saak deur die wil van God, ongeag die individu se eie

---

40 Gonzaléz, pp. 67-72; Swart en Zietsman, pp. 196-204.

41 The Anglican Church, "Church history", <http://anglican.org/church/ChurchHistory.html>, *s.a.*; T.D. McGonigle en J.F. Quigley, *A history of the Christian tradition. From it's Jewish origins to the Reformation*, pp. 196-199.

42 Cairns, pp. 308-312; Swart en Zietsman, pp. 206-211.

wil. Die grens tussen die menslike lot en die wil van God vervaag dus, en ook die politieke aspirasies van mense is as verteenwoordigend van die uiteindelike wil van God gesien. Daarom was die politieke rol van die kerk en godsdiens bevraagteken, omdat politieke ontwikkeling nie deur menslike ingryping bepaal word nie, maar wel deur Goddelike ingryping, waar God mense gebruik om sy wil te laat geskied.[43]

Die reformasie van die kerk het tot verskeie vervolgings gelei. In 1685 het Protestantse inwoners van Frankryk die beskerming verloor wat hulle onder die wet geniet het. Grootskaalse vervolging het talle gedwing om landuit te vlug en hulleself in die Nederlande te vestig. Op dié manier is Franse vlugtelinge ook in 1657 in Suid-Afrika gevestig nadat die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), 'n handelsorganisasie met verreikende politieke mag, plase aan die vlugtelinge aangebied het.[44] Die vestiging van Franse vlugtelinge in die Kaapkolonie het 'n deurslaggewende rol in die kolonialisasie van Suid-Afrika gespeel.

## 2.7 Kolonialisme, sendelinge en die Christelike geloof

Westerse imperialisme en kolonialisme word sterk met die verspreiding van die Christelike geloof geassosieer. Deur die proses van kolonialisme het die Christelike geloof 'n ware internasionale karakter begin verkry. Politieke oorheersing deur Westerlinge in Afrika en Noord- en Suid-Amerika het beteken dat die kulturele magsbasis stelselmatig begin verkuif het ten koste van tradisionele lewenswyses en godsdienste in die gebiede wat deur Europeërs gekolonialiseer is. 'n Verband tussen die Christelike geloofsoortuiging en die Westerse lewenswyse is op 'n kunsmatige wyse deur veral Europese ontdekkingsreisigers getrek, waarvolgens die Christelike geloof as 'n soort maatstaf gebruik is vir die kwaliteit van mense se beskawingspeil. Dit is veral die geval toe Christopher Columbus in 1492 die 'nuwe' kontinent van Suid-Amerika ontdek het.[45]

---

43 Cairns, pp. 308-312; Swart en Zietsman, pp. 206-211; J.A. Heyns, *Denkers deur die eeue*, pp. 65-77.
44 A.J. Böeseken, *Die Nuusbode*, pp. 61-63.
45 O.E. González en J.L. González, *Christianity in Latin America*, pp. 12-13.

Die debat rondom die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke impak van sendelinge, veral gedurende die koloniale era, is 'n dinamiese onderwerp wat uiteenlopende reaksie ontlok. In welke mate, indien enige, die koms van sendelinge na Afrika 'n positiewe uitwerking op samelewings in die kontinent uitgeoefen het, is 'n onafgehandelde historiese vraagstuk. 'n Bekende kritikus van sendelinge was Steve Biko, die studente-leier wat in 1977 in polisie-aanhouding onder omstrede omstandighede oorlede is. In 1971 tydens 'n inter-kerklike konferensie in die provinsie Natal van Suid-Afrika, verklaar Biko: "It was the missionaries who confused our people with their new religion ... they argued that theirs was a scientific religion and ours was mere superstition".[46] Volgens Biko is die Christelike geloof 'n belangrike instrument waarmee die tradisionele bestaanswyse van plaaslike bevolkings gedurende Suid-Afrika en Afrika se koloniale verlede ondermyn is.[47] Die verspreiding van die Christelike geloof word dus deur sommige as 'n tragiese gebeurtenis in die geskiedenis van Afrika beskou.

Een van die bekendste sendelinge in die kolonialisasie van Afrika is David Livingstone. Hy het in 1854 'n belangrike ontdekkingsreis in Afrika onderneem om "inligting oor die gebied te verkry en die weg vir die bekendstelling met die Christendom, die handel en die beskawing voor te berei".[48] Die verband tussen die Christelike geloof van sendelinge en die politieke aspirasies van Europeërs is dus ongetwyfeld waar. In die proses van sendingwerk en ontdekkingstogte is Afrika geografies en polities verken en daardeur is die weg gebaan vir kolonialisme. Livingstone het veral bekend geword vir sy akademiese bydraes wat inligting oor Afrika die lig laat sien het en die ekonomiese moontlikhede van die kontinent bepaal het. Een van Livingstone se bekende werke is getiteld *Missionary travels* wat in 1857 in Brittanje in hoogs ontvanklike omstandighede gepubliseer is.[49]

Die werksaamhede van sendelinge in Afrika is egter 'n komplekse historiese netwerk van gebeure wat na regte nie maklik deur een algemene gevolgtrekking saamgevat kan word nie. Sendelinge in Afrika het 'n belangrike rol in die geletterdheid van mense

---

[46] S. Biko, *I write what I like*, p. 49.
[47] *Ibid.*
[48] K. Smith en Nöthling, *Afrika noord van die Limpopo. Die imperiale wedervaringe sedert 1800*, p. 79.
[49] *Ibid.*

gespeel, omdat groot getalle sendelinge betrokke was by skole wat opgerig is om die Christelike geloof te versprei. Mediese kennis is ook deur sendelinge onder Afrikane versprei. In die proses van sendingwerk het die bevordering van die regte van Afrikane dikwels 'n sentrale rol in die lewens van sendelinge gespeel. 'n Voorbeeld van so 'n sendeling is dr. John Phillip van die Londense Sendinggenootskap wat met die beleid van anglisering 'n bedreiging vir Afrikaners ingehou het.[50]

## 2.8 Die Christelike geloof in die 20ste eeu

Gedurende die 19de eeu in Europa was dit ongehoord vir 'n hoë profiel persoon of leier in die samelewing om nie die Christelike geloof aan te hang nie. Die 19de eeu was egter ook gekenmerk aan 'n vlaag van skeptisisme, veral onder mense wat tradisioneel die Christelike geloof aangehang het. Een so 'n voorbeeld is David Strauss, 'n professor in Londen. Strauss publiseer in 1835 'n werk met die titel *Life of Jesus* waarin die vermoede uitgespreek word dat Jesus se wonderwerke mitiese verhale is. Die werk het hom in groot ongewildheid laat verval en hom ook sy loopbaan gekos. 'n Ander belangrike figuur wat die fondamente van die Christelike geloof geskud het, was Charles Darwin wat met sy 1859-publikasie, *The origin of species,* die teorie van evolusie met goed geformuleerde argumente verfyn het.[51]

Die 19de eeu kan gesien word as 'n kulminasie van 'n proses wat reeds in die 17de eeu begin het waar nuwe ontdekkings in die natuurwetenskap bots met die oortuigings wat geloofsleiers verkondig. Nikolas Copernicus en Galileo Galilei se astronomiese ontdekkings is gesien as 'n direkte uitdaging van die gesag van die skeppingsverhaal soos in die Bybel verwoord en gevolglik die 'Woord van God'. Vir gelowige natuurwetenskaplikes was die ontdekkings wat gemaak is egter eerder 'n groter bewys van die kompleksiteit van God. In kommentaar deur Charles Darwin op sy eie werk het hy verklaar dat hy nie kan verstaan hoekom sy teorieë die bestaan van God in twyfel trek nie. Maar vir

---

[50] R.W. Johnson, *South Africa. The first man, the last nation*, pp. 65-66.
[51] Gascoigne, pp. 258-264.

twyfelaars en ongelowiges, veral in Europa en die VSA, was die ontdekkings van natuurwetenskaplikes 'n bevestiging van hul vermoedens.[52]

Ten spyte van die vooruitgang in natuurwetenskappe speel godsdiens steeds 'n baie belangrike rol in samelewings gedurende die 20ste eeu. Dit geskied ten spyte van groter geletterdheid in Westerse samelewings gedurende die 19de eeu en die 'emansipasie' van ongelowiges en ateïste, veral gedurende die 20ste eeu, om hulle ongelowige status ten volle te kan uitleef sonder die vervolging waaraan dit in die verlede gekenmerk is. Die geloof in bonatuurlike en buitesintuiglike realiteite kom wydverspreid gedurende die 20ste eeu voor en mense put steeds inspirasie uit die Christelike geloof. Enkele gevallestudies word hier aangebied.

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is 'n belangrike voorbeeld van hoe gelowiges met die politieke klimaat van Nazi-Duitsland geworstel het. Nasionalisme, soos in die geval van Nazi-Duitsland, is 'n kragtige politieke faktor wat gedurende die 20ste eeu ook in Suid-Afrika politieke sake oorheers het. In die konteks van apartheid-Suid-Afrika is die Koue Oorlog (1945-1989) ook 'n belangrike voorbeeld. Vanweë die komplekse aard van die Koue Oorlog word hier slegs op die ideologiese ooreenkomste en verskille tussen die Christelike geloof en kommunisme gefokus. Die konflik tussen Katolieke en Protestante in Noord-Ierland word oorsigtelik bespreek omdat dit so 'n prominente vraagstuk van die 20ste eeu is wat tot langdurige geweldadige konflik gelei het. Die laaste voorbeeld van godsdiens se invloed op politieke aangeleenthede gedurende die 20ste eeu wat hier bespreek word, is die opkoms van Christelike fundamentalisme in die VSA. Dit illustreer hoe gelowiges ook in die proses van wetmaking en partypolitiek 'n belangrike faktor kan wees.

### 2.8.1 Die Tweede Wêreldoorlog en die stryd om die Christelike kerke in Duitsland

"The Christians who do not realize that they must take part unreservedly in this war must have slept over their Bibles as well as over their newspapers."[53] – Karl Barth

---

52 *Ibid.*

53 Time, "Religion: Karl Barth declares war", <http://time.com/time/magazine/article/0,9171,849472,00.html>, *s.a.*

Die verkiesing in 1933 van Aldolf Hitler as kanselier van Duitsland het verreikende politieke implikasies ingehou vir Europa, asook vir die miljoene mense van regoor die wêreld wat by die Tweede Wêreldoorlog betrokke was. Die opkoms van Nazisme in Duitsland het 'n besonderse bedreiging ingehou vir die Christelike geloof soos dit in daardie stadium in Duitsland bekend was. Die Nazi's het deur middel van 'n beweging, bekend as die 'Deutsche Christen', gepoog om 'n 'volkskirche'(volkskerk) te stig, wat bevorderlik vir die Nazi-party se beleid van rasseskeiding sou wees en die Nazi-interpretasie van die Duitse kultuur moes bevorder. Deur die stigting van so 'n kerk sou godsdienstige outoriteit aan die aktiwiteite van Nazi's gekoppel word.[54]

Radikale veranderinge in die aard van die kerk is aangehang in 'n proses wat as die 'voltooiing' van die Lutherse hervorming gepropageer is. Joodse elemente is as 'gevaarlik' uitgebeeld. Die Ou Testament van die Bybel en die sendingbriewe van Sint Paulus was in sommige kringe as onwenslik ervaar. Die kerk in sy bestaande vorm was dus vir die politieke klimaat onaanvaarbaar vir die owerhede en moes transformeer.[55]

Die Nazi's was uiteindelik suksesvol in hulle pogings. Die karakter van kerke in Duitsland het in aanloop tot die oorlog ingrypend verander. Die bekende Nazi-groetwyse is gebruik om eredienste te begin en af te sluit, en dienste is openlik as 'n platform gebruik om politieke volgelinge te wen. Die verandering is egter nie sonder 'n versetproses in werking gestel nie. 'n Leiersfiguur in hierdie versetbeweging is Karl Barth, wat as een van die belangrikste Christelike teoloë van die 20ste eeu beskou word. In 1934 was Karl Barth betrokke by 'n protespublikasie, bekend as die Barmen-verklaring, wat die onafhanklikheid van die kerk teenoor die staat bepleit. Barth het ook 'n verskeidenheid van artikels wat die beleide van die Nazi's kritiseer, die lig laat sien. Gedurende die oorlog sluit hy aan by die Switserse weermag en beveg so op 'n praktiese manier die Nazi-bewind met sy godsdienstige oortuigings as inspirasie.[56]

---

54 A.J. Groenewald, "Karl Barth's role in church and politics from 1930 to 1935" in *Hervormde Teologiese Studies* 63(4), November 2007, pp. 1613-1620.

55 M. Heimann, "Christianity in western Europe from the enlightment" in Hastings (red.), pp. 500-504.

56 Heyns, pp. 142-147; Time, "Witness to an ancient truth", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,873557,00.html>, *s.a.*

Verskeie teoloë en Christene was gedurende die Nazi-bewind in verset teen die Nazi-regering. Die Christene wat in verset teen die regering was, is gedurende die oorlog ondergronds gedryf. Die teoloog en kerkleier Dietrich Bonhoeffer wat in 1945 in aanhouding oorlede is, het ook direk by die politieke situasie betrokke geraak om die saak van anti-Nazigesinde burgers in Duitsland te probeer bevorder. Ook Bonhoeffer was gedurende die oorlog uitgesproke gekant teen die Nazi-regime.[57] Die oorlog het tot groot ontnugtering onder gelowiges gelei. Die wrede aard van die Tweede Wêreldoorlog en veral die doodskampe het beteken dat Christene sowel as Jode met hulle spiritualiteit geworstel het. Die verband tussen anti-semitisme en die Christelike geloof was 'n belangrike onderwerp van die debat en ook die bestaan van God het onder skoot gekom. Nuwe interpretasies oor spiritualiteit het die lig gesien. Die teoloog Paul van Buren het na afloop van die oorlog die interpretasie van 'n lydende God verkondig wat net soos die mens ook deur die oorlog 'pyn' moes ervaar. Die oorlog, het hy geglo, is die manier waarvolgens God die mensdom tot besinning probeer roep om meer verdraagsaam te wees. Die grusaamheid van die oorlog het egter verskeie teoloë só ontnugter dat die idee van God deur sommige verwerp is. Die einde van die Nazi-diktatorskap het beteken dat Christene weer meer vryhede as tydens die oorlog geniet het. Dit het kerke in Duitsland weer die geleentheid gegee om teologies-krities met landsake om te gaan.[58]

### 2.8.2 Die Christelike geloof in die konteks van anti-kapitalistiese politieke ideologie en Koue Oorlog-aktiwiteite

Die oneweredige verspreiding van rykdom en armoede in Suid-Afrika lei dikwels tot 'n ontnugtering met die politieke stelsel van kapitalisme. Die noodsaaklikheid van 'n meer gebalanseerde verspreiding van rykdom vir die doel van politieke stabiliteit is 'n belangrike onderwerp in die politieke diskoers van die land. Instellings soos die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)[59] en die Congress of South African Trade Unions (COSATU)[60] wat saam met die African National Congress (ANC) deel vorm van

---

57 Heimann, p. 502.

58 Chidester, pp. 546-552.

59 Die SAKP is in 1921 gestig met die doel om 'n einde aan die stelsel van kapitalisme in Suid-Afrika te bring. Sien byvoorbeeld South African Communist Party, "About the SACP", <http://www.sacp.org.za/index.php>, *s.a.*

60 Die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (COSATU is die akroniem wat dié organisasie se Engelse bewoording tot 'n eienaam omvorm) het in 1985 tot stand gekom en is met die regte van die werkersklas gemoeid. Sien COSATU, "Brief history of COSATU", <http://www.sacp.org.za/index.php>, *s.a.*

die drieparty-alliansie, poog dikwels om politieke besluite te beïnvloed met die oog op 'n meer gebalanseerde verspreiding van hulpbronne. Sosiale en ekonomiese ongelykheid lei dikwels tot groot kritiek teenoor die spandabelrigheid van leiers. Godsdienstige leiers word veral gekritiseer wanneer daar gevoel word dat hulle lewenswyses nie 'n simpatieke beeld na armlastiges uitstuur nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is onder andere die bekende pastoor Ray McCauley van die Rhema Kerk in Suid-Afrika wat veral vanweë 'n spandabelrige lewenswyse en 'n berugte voorliefde vir peperduur wyn en kossoorte gekritiseer word.[61]

Alhoewel Marxistiese filosofie baie krities teenoor die rol van godsdiens in samelewings staan, is sekere eienskappe van veral die antieke Christelike kultuur sterk in ooreenstemming met Marxisme, soos die byna anti-kapitalistiese lewenswyse van die eerste Christene. Die filosoof Karl Marx (1818-83) het weinig oor godsdiens geskryf, maar het die Christelike geloof in die konteks van die onderdrukkende aard van kapitalisme verklaar. Die boodskap van saligheid na die dood wat deur Christene verkondig word, is daarvolgens 'n suksesvolle filosofiese meganisme waarmee 'die massas' onderdruk word. Die kapitalisitiese stelsel laat die armstes glo dat aardse voorspoed onbelangrik is en sodoende word die arm werkersklas uitgebuit vir winsbejag. Vandaar die gevolgtrekking dat godsdiens 'n spreekwoordelike 'dwelmmiddel' is. Marx het godsdiens met opium vergelyk. Dit staan dus in verband met 'pynverligting' van 'n terminale ideologie, naamlik die kapitalisme.[62]

Die filosoof Friedrich Engels (1820-95) het ooreenkomste in antieke Christene se lewensbeskouinge en kommunisme gesien.[63] Die gedagte dat antieke Christene 'n anti-kapitalistiese lewensbeskouing gehandhaaf het, is nie vergesog nie. 'n Bekende uitspraak wat Christene aan Jesus toedig, is dat Jesus na bewering gesê het dat dit "makliker vir 'n kameel (is) om deur die oog van 'n naald te beweeg as vir 'n ryk man om die koninkryk

---

61 R. van Rooyen, "'Bail Rhema's Ray out of debt'", <http://www.timeslive.co.za/sundaytimes/article165051.ece>, 24.08.2009.

62 D. Turner, *Marxism and Christianity*, p. 1; A. Scarfe, "Communism and Christianity" in A. Scarfe en P. Sookhdeo (reds.), *Christianity and Marxism*, pp. 31-36.

63 Scarfe en Sookhdeo (reds.), p. 35. 'n Bekende voorbeeld van die byna anti-kapitalistiese uitsprake van Jesus is te vind in die bergprediking, soos dit in die evangelie van Matteus, hoofstukke 5 tot 7, beskryf word. Jesus word aangehaal waar hy na bewering die mense geleer het dat hulle moes ophou bekommerd wees oor wat hulle moes eet, drink en aantrek en slegs op die genade van God staatmaak. Alhoewel hierdie lewensingesteldheid die klem op die Christen se vertroue in God plaas, is die uitvloeisel daarvan dat die strewe na aardse oorvloed nie God se wil vir die mensdom is nie.

van God te betree".[64] Arm mense is dus as't ware byna meer ontvanklik vir die Woord, omdat hulle minder met die dinge van die wêreld gemoeid is. Dit is veral dan ook die grootste denominasie, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk, wat die meeste in die verlede met die ideologie van kommunisme geworstel het, waarskynlik omdat die Katolieke Kerk so 'n uiteenlopende groep volgelinge wêreldwyd het.

Die Rooms-Katolieke Kerk se pogings tot sosiale regverdigheid en opheffing dwing geestelike leiers van dié kerk dikwels om gewigtige politieke uitsprake in verband met politieke ontwikkelinge te lewer. Hierdie uitsprake is soms teenstrydig. Sommige politici het ook in die verlede die Christelike geloof binne die konteks van sosiale regverdigheid probeer herdefinieer om sodoende spirituele erkenning aan 'n bepaalde orde te probeer gee.

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het pous Pius XII (tydperk as pous: 1939 – 1958) die nuwe internasionale politieke orde met 'n groot mate van skeptisisme bejeën. Pous Pius XII het net soos sy voorganger, pous Pius XI (tydperk as pous: 1922 – 1939), 'n weersin in kommunisme geopenbaar, met laasgenoemde wat die ideologie as 'boos' bestempel het. Mettertyd het die Katolieke Kerk se benadering teenoor kommunisme egter stelselmatig verander. Pous Johannes Paulus II (tydperk as pous: 1978- 2005) het kommunisme as 'n 'misverstand' beskou – 'n verwronge idee van hoe ongelykhede in samelewings opgelos moes word, maar vir hom was die ideologie geensins 'n 'vyand' of 'boos' nie.[65]

Die simpatieke en openhartige manier waarop pous Johannes Paulus II gedurende sy termyn probeer het om as pous rigting aan komplekse politieke vraagstukke te gee, het van hom 'n gewigtige politieke stem gemaak wat vertroue in die Katolieke Kerk en onder gelowiges ingeboesem het. Hy het dikwels gepoog om 'n middeweg tussen uiteenlopende politieke en ideologiese stemme te vind om sodoende die roeping van die kerk in die wêreld tot vervulling te bring. Op dié manier het pous Johannes Paulus II die

64 G. Blainey, *A short history of the 20th century*, p. 53.

65 J. Luxmoore en J. Babiuch, *The Vatican and the red flag. The struggle for the soul of eastern Europe*, pp. 299-300.

Katolieke Kerk 'n belangrike skakel tussen die spirituele en politieke ervaring van mense gemaak.[66]

Christene in die voormalige USSR was aan grootskaalse onderdrukking blootgestel, maar die kerk in Rusland het die aanslag oorleef. Artikel 124 van die 1918-grondwet in dié land het gespesifiseer dat "freedom of religious worship and freedom of anti-religious propaganda are recognised for all citizens".[67] Net soos in die geval van Nazi-Duitsland is daar gepoog om 'n kerk tot stand te bring wat die ideologie van die regering goedgesind sou wees. Gedurende die 1920's was groot projekte van stapel gestuur om godsdienstige aktiwiteite te reguleer. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was daar egter 'n groot oplewing in godsdienstige aktiwiteite in die USSR. Stalin het in dié stadium ook begin om die kerk in te span vir sy eie politieke oogmerke. Die kerk het, soortgelyk aan die omstandighede in Nazi-Duitsland, 'n instrument van die regering geword vir eie gewin.[68] Vir Christene in die voormalige USSR was hulle geloof vir lank 'n verskynsel wat beperk was tot 'n kerkdiens in 'n gebou wat deur die staat goedgekeur is. Hulle kon op geen manier vanuit hulle Christelike oortuiging die politieke of sosiale welstand van medemense probeer beïnvloed nie. As gevolg van hulle geloof is hulle geleenthede in die arbeidsmark beperk, maar solank hulle hul geloof binne die reëls, soos neergelê deur die staat, nagekom het, is hulle nie vervolg nie. Die situasie het eers in 1990 verander toe nuwe wetgewing deurgevoer is, wat ook die kerkgeboue as eiendomme van die kerk heringestel het.[69]

### 2.8.3 Politieke en godsdienstige onluste in Noord-Ierland

Politieke en godsdienstige onluste in Noord-Ierland het gedurende 1970-1998 tot die dood van meer as 3 000 individue gelei met meer as 40 000 slagoffers van geweld. Die geweld is moeilik vir buitelanders om te interpreteer, omdat die indruk algemeen bestaan dat die geweld uit konflik tussen Katolieke en Protestante spruit. In ander wêrelddele leef Katolieke en Protestante grootliks in vrede met mekaar. Die konflik in Noord-Ierland is

66 E.O. Hanson, *The Catholic Church in world politics*, pp. 235-240.

67 K. Cater, "Sixty years on reflection on the practical relations between Christianity and Marxism-Leninism in the Soviet Union" in Scarfe en Sookhdeo (reds.), p. 48.

68 P. Walters, "Eastern Europe since the fifteenth century" in Hastings (red.), pp. 314-316.

69 *Ibid.*, p. 318.

dus nie uitsluitlik godsdienstig van aard nie, maar word beter beskryf as 'godsdienstig-gemobiliseerde politieke onenigheid'.[70]

In 1968 is 'n vreedsame menseregteveldtog deur die ongeveer 500 000 Katolieke in Noord-Ierland begin. Dit het uiteindelik ontaard in 'n volskaalse terrorisme veldtog. Die Ierse Republikeinse Leër (IRL), wat die belange van Katolieke probeer bevorder het, het 'n buite-parlementêre veldtog gelei, wat grootskaalse militêre aksie ingesluit het. Die IRL, wat in 1913 gestig is, het op onafhanklikheid vir Noord-Ierland aangedring, sodat dit deel van die Republiek van Ierland kon vorm en onafhanklik van Brittanje sou kon bestaan.[71]

Alhoewel die konflik in Noord-Ierland 'n godsdienstige interpretasie regverdig, is daar 'n sterk argument om te maak dat godsdiens in werklikheid baie min met die konflik in Noord-Ierland te make het. Die samelewing in Noord-Ierland was onderwerp aan 'n proses van segregasie. Katolieke en Protestante het afsonderlik van mekaar skoolgegaan en gewoon. In die proses was elke burger, ongeag van persoonlike oortuiging, outomaties gebind aan óf die Katolieke saak óf die Protestantse saak. In die proses het die skeiding 'n hipernorm geword waaraan niemand kon ontsnap nie. Enige persoon kon bloot op grond van persoonlike besonderhede, soos 'n adres, geklassifiseer word as een van 'ons' of een van 'hulle'. Selfs ateïste is op hierdie manier geklassifiseer.[72] Alhoewel die werklike rol van godsdiens in dié konflikte dus debatteerbaar is, is die oënskynlike rol van godsdiens veral deur openbare uitsprake van rolspelers gesteun. Die rol van godsdiens is verder geaksentueer deur die afwesigheid van verskillende rasse en tale, asook noemenswaardige teologiese verskille.[73]

### 2.8.4 Die 'Christian right' in die VSA

Tydens die vyftigste herdenking van die *United Church of Christ* se bestaansjaar in Junie 2007 het die voormalige senator van die staat Illinois in die VSA, Barack Obama, 'n toe-

---

70 M.B. McGuire, *Religion. The social context* (5de uitgawe), p. 223.

71 Time, "Northern Ireland / In the shadow of the gunmen", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,877570,00.html>, 01.10.1972; Time, "Northern Ireland: Britain gambles on peace", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,903397,00.html>, 03.04.1972.

72 McGuire, pp. 220-223.

73 *Ibid.*

spraak gehou. Vir Obama was elke openbare platform in daardie stadium 'n belangrike geleentheid om sy visie vir die VSA te verduidelik en steun te werf. Hy was in 'n wedloop gewikkel met die baie gewilde senator Hillary Clinton vir die posisie van presidentskandidaat van die Demokratiese Party. Gedurende sy 45-minuut lange toespraak bespreek Obama uitvoerig die rol wat Christene in die opkoms van die VSA gespeel het, onder andere gedurende die Amerikaanse Revolusie en die menseregte-bewegings van die 20ste eeu. Hy lê klem op die noodsaaklikheid van geloof in politieke sake en verklaar dat "my faith teaches me that I can sit in church and pray all I want, but I won't be fulfilling God's will unless I go out and do the Lord's work".[74] In dieselfde asem waarsku Obama tydens sy toespraak teen Christelike fundamentalisme. Volgens Obama is geloof in die verlede té dikwels gebruik om mense te verdeel, eerder as om mense te versoen. Sy kritiek is veral gemik teen die "so-called leaders of the Christian right, who've been all too eager too exploit what divides us".[75]

Die ontstaan van georganiseerde Christelike fundamentalisme in die VSA word veral met die totstandkoming van die *Moral Majority* in 1979 geassosieer. Die *Moral Majority*, met die teoloog Jerry Falwell as hulle leier, beïnvloed veral gedurende die 1980's die politieke arena as 'n drukgroep. Dit dien as 'n skakel tussen hoofsaaklik konserwatiewe Protestantse Amerikaners en bepaalde politieke kandidate wat konserwatiewe kiesers se belange op die hart dra. Dit is 'n organisasie wat poog om op 'n demokratiese wyse konserwatiewe Christelike oortuigings in politieke besluite te weerspieël, veral met betrekking tot wetgewing. Dit moedig Christene aan om polities aktief te word deur onvoorwaardelike deelname aan elke aspek van die VSA se demokratiese bestel. Christelike fundamentalisme het in die tyd ontwikkel tot 'n gerekende politieke magsblok, bekend as die *Christian Right.* Hulle is uitgesproke gekant teen homoseksualiteit, feminisme, aborsie, die evolusieleer, sosialisme en kommunisme. Die letterlike vertolking van die Bybel lê hulle na aan die hart.[76]

---

74 L. Goodstein, "Faith has role to play in politics, Obama tells church", <http://nytimes.com/2007/06/24/us/politics/24obama.html?_r=1&pagewanted=print>, 24.06.2007.

75 *Ibid.*

76 R.C. Liebman, "Mobilizing the moral majority" in R.C. Liebman en R. Wuthnow (reds.), *The new Christian Right. Mobilization and legitimation*, pp. 49-69.

Die *Moral Majority* is slegs een van verskeie inisiatiewe wat met Christelike fundamentalisme in die VSA geassosieer word. Teen die 1980's was die *Moral Majority* egter vir ontleders sinoniem met die *Christian Right* in die geheel. Alhoewel fundamentele Christene in die VSA sedert die totstandkoming van die *Moral Majority* nasionale aspirasies vir die VSA gekoester het, is dit veral op plaaslike regeringsvlak waar die grootste suksesse deur regse Christene behaal is. In 1982 het regse Christene in die staat Arizona daarin geslaag om novelles van Joseph Conrad[77] en John Steinbeck[78] uit skole te verban.[79] Verskeie inisiatiewe is van stapel gestuur om konserwatiewe Christelike waardes in skole te bevorder. In die staat Texas het Christene, wat teen die liberale karakter van skole gekant was, gedurende 1981 'n drukgroep gevorm. Die aktiviste het uiteindelik hulle saak in die howe verdedig, maar die hofuitspraak was nie ten gunste van die beswaardes nie. As gevolg van die vrese vir finansiële verliese het uitgewers van skoolhandboeke egter reeds voor die hofuitspraak veranderinge in die inhoud aangebring. Van die sake in skole wat gedurende die tyd by fundamentele Christene kommer gewek het, sluit onder meer in "... open-ended questions that require students to draw their own conclusions; statements about religions other than Christianity ... any aspect of sex education other than the promotion of abstinence; statements which emphasize contributions made by blacks; Native American Indians, Mexican-Americans, or feminists ... and statements in support of the theory of evolution, unless equal space is given to explain the theory of creation".[80]

Vir konserwatiewe Christene in die VSA het die behoud van tradisionele waardes en kulturele praktyke gedurende die tweede helfde van die 20ste eeu 'n belangrike saak geword. Gedurende die 1960's het die VSA 'n kulturele revolusie ondergaan. Outoritêre figure is uitgedaag, veral in die lig van die VSA se rampspoedige militêre aktiwiteite in Viëtnam. Diskriminasie teen vroue en swart mense is op publieke platforms bespreek. Omgewingsbewustheid het toegeneem en die opkoms van die popkultuur het 'n seksuele

---

77 Die skrywer Joseph Conrad (1857-1924) is bekend vir sy post-koloniale werke. Sy bekendste roman, *Heart of darkness*, handel oor magsvergrype van Europeërs en by implikasie dus Christene in Afrika.

78 Die skrywer en Nobelpryswenner vir letterkunde John Steinbeck (1902-1968) se novelles is bekend daarvoor dat dit die negatiewe eienskappe van die kapitalistiese stelsel ondersoek. Sien byvoorbeeld Nobel Prize, "The Nobel Prize in literature 1962. John Steinbeck", <http://nobelprize.org/nobel_prizes/literature/laureates/1962/steinbeck-bio.html>, *s.a.*

79 Armstrong, *The battle for God ...*, p. 315.

80 *Ibid.*

revolusie tot gevolg gehad wat ook met dwelmmisbruik gepaardgegaan het. 'n Gebrek aan ervaring het egter die politieke aktiwiteite van fundamentele Christene soms in die wiele gery. Anti-homoseksuele en anti-aborsie-uitsprake is dikwels as onchristelik ervaar en in swak smaak. Uit die bostaande aanhaling is dit waarskynlik so dat rassisme ook daar 'n rol in die denke van verskeie Protestantse konserwatiewe Amerikaners gespeel het, hoewel dit nie as 'n deurslaggewende faktor beskou kan word vir die opkoms van Christelike fundamentalisme in die VSA nie.[81]

Die Christelike geloof waarteen Barack Obama hom tydens sy toespraak uitgespreek het, is 'n Christelike lewenswyse wat drasties verskil van die humanistiese aard van Jesus se lewensverhaal soos dit in die Christelike Bybel vertel word. Dit is ook teenstrydig met verskeie geestelike en politieke leiers, soos Martin King jr., Moeder Teresa en pous Johannes Paulus II, wat van die Christelike boodskap 'n baken van hoop in tye van maatskaplike, sosiale, ekonomiese en politieke onstabiliteit gemaak het. In plaas van vrede verkondig dit vyandskap tussen Christene en diegene wat nie God se gebooie nakom nie. In plaas van naasteliefde verkondig dit weersin in buite-Bybelse spirituele aansprake en beskou ongelowiges as onpatriotiese landsburgers. Die politieke aktivisme van fundamentele Christene in die VSA is tot vandag toe nog 'n belangrike faktor, maar dit het veral gedurende die regeringstyd van president Ronald Reagan hoogty gevier vanwaar dit stelselmatig 'n kleiner houvas op politieke sake verkry het.[82]

## 3. DIE POLARISERENDE AARD VAN RELIGIE EN WEDYWERING OM OPENBARE MENING

### 3.1 Die genuanseerde aard van religie se impak op samelewings en die beperkinge van georganiseerde ateïsme

"(T)he world faiths embody truths unavailable to economics and politics, and they remain salient even when everything else changes. They remind us that civilisations survive not by strength but by how they respond to the weak; not by wealth but by the

---

81 *Ibid.*, pp. 310-316.

82 Armstrong, *A history of God* ..., pp. 457-458.

care they show for the poor; not by power but by their concern for the powerless".[83]– Jonathan Sacks (aangehaal deur Boesak).

Sosiale wetenskaplikes spekuleer baie oor die presiese sosiale en kulturele funkies van godsdiens en waarom sommige godsdienste so hardnekkig kleef aan die sosiale weefsel van samelewings. Die teorieë wat in die proses ontstaan dien gevolglik as 'n belangrike motivering vir georganiseerde ateïsme. Een van die bekendste nieregeringsorganisasies (NRO's) wat die regte van ateïste probeer bevorder, is *American Atheist* wat in 1963 ontstaan het na afloop van die opspraakwekkende hofsaak Murry v. Curlett in die VSA waar ateïste se reg tot godsdiensvrye onderrig verdedig is. *American Atheist* het sedert die ontstaan van die organisasie meer as 120 publikasies die lig laat sien en organiseer dikwels optogte en konferensies met die doel om die bewussyn rondom ateïsme aan te wakker, maar die organisasie beveg ook openlik die bestaan van gode.[84] Volgens *American Atheist* is gelowige en godsdienstige mense die produk van die bepaalde tyd en omgewing waarin hulle leef. Volgens hierdie teorie is godsdiens bloot 'n kulturele verskynsel wat nie immuun teen tydsverloop is nie, omdat godsdienste deur die loop van die geskiedenis in bepaalde streke dominant word, om dan mettertyd weer deur nuwe godsdienstige oortuigings en praktyke vervang te word. Gevolglik is gelowiges, ongeag die godsdiens wat hulle beoefen, slawe van die oorheersende kulturele praktyk van die dag.[85] Hierdie teorie word ook deur Richard Dawkins aangehang. Volgens Dawkins is godsdienstige praktyke die resultaat van mense se kultuur. Derhalwe klou gemeenskappe onverbiddelik vas aan die oortuigings van hulle voorgeslagte ongeag die hindernis wat godsdiens ook al in hulle lewens mag wees omdat "more that any other species, we survive by the accumulated experience of previous generations, and that experience needs to be passed on to children for their protection and well-being".[86] Hierdie onbuigbaarheid lei dan gevolglik tot onnodige sosiale en politieke konflik wat deur 'n ateïstiese gemeenskap uitgeskakel kan word.

---

83 A. Boesak, *Running with horses. Reflections of an accidental politician*, p. 303.

84 American Atheist, "About American Atheist", <http://www.atheists.org/about>, *s.a.*

85 American Atheist, "Judaism and Christianity", <http://www.atheist.org/religion/judaism_and_christianity>, *s.a.*

86 R. Dawkins, *The God delusion*, p. 203. Dawkins verwys byvoorbeeld ook deurgaans in sy boek na die konflikte in Ierland sowel as na die aktiwiteite van Islamitiese ekstremiste in globale politiek.

Die impak van godsdiens in prosesse van sosiale en politieke konflik is goed gedokumenteer en dien as inspirasie vir mense wêreldwyd om die wenslikheid van godsdiens in hulle eie lewens en samelewings te bevraagteken. Die metamorfose van Westerse samelewings op ekonomiese en kulturele gebied sedert die Europese Renaissance, maar veral deur die loop van die 20ste eeu, het by baie mense wêreldwyd die behoefte laat ontstaan om afstand van die 'uitgediende' godsdienstige praktyke van hulle voorgeslagte te doen. Dié gedagtegang is egter nie universeel nie. In talle samelewings is die impak van godsdiens steeds groot en dien godsdiens as 'n skakel tussen moderne mense en antieke samelewings. Persoonlike oortuiging speel ook 'n belangrike rol omdat godsdiens aanhou om mense te inspireer.

'n Belangrike rede waarom ateïsme as oortuiging nie vinnig wêreldwyd opgang maak nie, is die afwesigheid van 'n koherente werkswyse en gemeenskaplike benadering wat deur ateïste gevolg word. Ateïste verskil oor die rol wat hulle eie oortuigings in die wêreld speel en of hulle geroepe is om gemeenskappe te probeer oortuig om van godsdiens af te sien al dan nie. Die gevolg is dat ateïste dikwels onder kritiek deurloop van persone wat ook soos hulle ongelowig is.[87]

Godsdiens vervul verskeie funksies in moderne samelewings. 'n Sentrale agenda in verskeie godsdienste is die verskaffing van troos aan gebroke en verwarde mense. Die verskeidenheid van moderne mense se uitdagings maak van godsdiens 'n ideale hulpbron om persoonlike uitdagings van enige aard aan te pak. In die proses verleen godsdienstige oortuiging dan ook identiteit aan individue. Om te deel in die werkinge van 'n geloofsgemeenskap bied aan individue die geleentheid om van die onpersoonlike aard van verskeie moderne instellings te ontsnap waar individue se bestaan hoofsaaklik deur nommers erken word. Die onegalige wêreldwye verspreiding van rykdom speel ook 'n rol, omdat verkeie godsdienste die saligheid van lewe ná die dood propageer.[88] Die impak van godsdiens op die besluite van mense wêreldwyd is egter nie tot gewone landsburgers beperk nie. Bekende openbare figure gebruik ook godsdiens as die inspirasie vir hulle werk. 'n Goeie voorbeeld hiervan is moeder Teresa, 'n Katolieke non

---

[87] *Ibid.*, pp. 317-319.

[88] G. Dekker, *De mens en zijn godsdienst: beschouwingen over de functies van godsdienst en kerk voor mens en samelewing*, pp. 19-20.

wat in 1979 internasionale erkenning vir haar opheffingswerk gekry het toe sy die Nobelprys vir vrede ontvang het. Haar inisiatiewe het tot welsynswerk in meer as 40 lande gelei. Vir moeder Teresa, asook vir ander Christene, word hulle werk direk deur God geïnspireer. Moeder Teresa het haar eie lewe en werk beskou as 'n bewys van God se direkte ingryping in die lewe van armes en onderdrukte mense.[89]

'n Belangrike debat in die psigologie wat moontlik insigte in die komplekse verhouding tussen samelewings en godsdiens bied, is die teorie dat gelowige individue 'n langer lewensverwagting geniet as persone wat nie aan godsdienstige aktiwiteite deelneem nie. 'n Noemenswaardige aantal studies deur navorsers dui daarop dat gelowige mense langer leef en oor die algemeen meer sinvolle lewens geniet as ongelowiges en selfs akademies beter presteer. Die presiese redes vir hierdie verskynsel is nie heeltemal duidelik nie, maar wetenskaplikes vermoed dat godsdienstige aktiwiteite die area in die menslike brein stimuleer wat selfbeheersing bevorder. Gevolglik is gelowiges meer emosioneel stabiel en minder geneig tot destruktiewe persoonlike gedrag soos alkohol- en dwelmafhanklikheid sowel as 'n ongesonde lewenstyl.[90]

Groot onenigheid bestaan oor die spesifieke rol van godsdiens in samelewings, indien enige, asook hoe hierdie verskille hanteer moet word. 'n Studie deur die *Human Sciences Research Counsil* (HSRC) in 2009 toon egter 'n verskynsel wat nog nie voldoende deur navorsers verstaan word nie. Die studie het bevind dat persone jonger as 30 jaar geloofsgemeenskappe se betrokkenheid in die politiek, spesifiek in die openbare debat, meer as ouer landsburgers verwelkom. Die studie het ook bevind dat mense wat 'n hoër lewenstandaard geniet, byvoorbeeld hoër inkomste en geletterdheid, meer ontvanklik is vir kerke en geloofsgemeenskappe se mening in die openbare debat. Die meerderheid

---

89 Vatican, "Mother Teresa of Calcutta (1910-1997)", <http://www.vatican.va.news_sevices/liturgy/saints/ns_lit_doc_20031019_madre-teresa_en.html>, 09.09.2009; Nobel prize, "Mother Teresa. The Nobel peace prize 1979. Biography.", <http://nobelprize.org/nobel_prizes/peace/laureates/1979/teresa-bio.html>, 09.09.2009.

90 M.E. McCullough, "Religiosity may be a factor in long life", <http://www.selfhelpmagazine.com/article/node/1049>, 08.10.2009; J. Tierney, "For good self-control, try getting religious about it", <http://www.nytimes.com/2008/12/30/science/30tier.html_r=1&pagewanted=print>, 30.12.2008.

Suid-Afrikaners (66%) verkies egter dat godsdiens geen rol by die formulering van beleid moet speel nie.[91]

Onderrig in Bybelstudies word nie slegs deur Christene hoog geag nie; ook vir sommige nie-gelowiges is die Bybel belangrik. Kennis van die Bybel word deur sommige as belangrik geag om die ontwikkeling van Westerse kultuur en belangrike historiese momente binne konteks te verstaan. Dit word ook as 'n belangrike kontemporêre kulturele studie gesien, omdat dit begrip vir die Christelike lewensbeskouing bevorder. Die Christelike geloof het 'n enorme impak op veral Westerse kultuur en die Bybel is 'n belangrike verwysingsraamwerk vir letterkundiges. Volgens een raming het die wêreldbekende dramaturg William Shakespeare nie minder nie as 1 300 keer op die Bybel in sy dramas gesinspeel.[92]

Godsdiens is 'n komplekse verskynsel wat 'n invloed op 'n wye verskeidenheid van menslike aktiwiteite uitoefen. Dit beïnvloed die besluite wat mense oor hulle eet-gewoontes en seksuele gedrag neem. Dit vorm die basis van miljoene mense se siening van die wêreld en hulle eie spesifieke rol daarin. Godsdiens inspireer en bied troos aan gebroke mense. Dit beïnvloed politieke beleid en 'n verskeidenheid van wetmakende prosesse en veroorsaak spanning en konflik. Daar bestaan egter geen konsensus rondom die probleemstelling van wat presies godsdiens is en hoekom dit so belangrik vir baie mense is nie. Binne hierdie konteks is die Christelike godsdiens so 'n belangrike politieke en sosiale faktor, omdat dit steeds as een van die invloedrykste godsdienste in die wêreld beskou word. Die gemeenskap van gelowiges, kollektief as die kerk van God bekend, staan nie los van die fisiese aardse bestaan nie. Hulle het 'n roeping om te vervul as deel van hul oortuiging dat God 'n spesiale plan vir gelowiges het en dat die Woord en wil van God aan alle mense bekend gemaak moet word.[93]

---

91 Human Sciences Research Council, "Attitudes toward the role of religion in politics. South African social attitudes survey", <http://www.hsrc.ac.za/Media_Release-372.phtml>, *s.a.*

92 Time, "The case for teaching the Bible", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,1601845,00.html>, 22.03.2007.

93 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met L. Pieters*, Bloemfontein, 08.07.2010.

## 3.2 Die politieke impak van geloofsgemeenskappe op kieserspatrone en openbare mening

Die gedagte dat geloofsgemeenskappe en kerke 'n invloed op politieke ontwikkelinge uitoefen vervul baie individue met emosies wat wissel van woede tot vrees, maar is ook gerusstellend in sekere tradisies. Hierdie verskynsel geld wêreldwyd vir sowel gelowiges as ongelowiges. Verskeie Christene en nie-Christene verwag van gelowiges om politiek en godsdiens as twee afsonderlike en unieke funksies van die menslike ingesteldheid te beskou en bepleit die algehele skeiding van kerk en staat.[94] Selfs gevalle waar politici kerke toespreek, ontlok heftige debat. Die besluit van president Jacob Zuma in 2009 om die Rhema-kerk as deel van die ANC se verkiessingsveldtog toe te spreek, het baie mense geskok en opnuut die rol van kerke in politieke ontwikkelinge onder die soeklig geplaas.[95] Ook in die VSA word veral Christene daarvan beskuldig dat hulle godsdiens 'n voertuig van politieke agendas is eerder as 'n boodskap van hoop aan die mensdom.[96] Die gedagte bestaan dus dat godsdienstige oortuigings onversoenbaar met politieke oortuigings is en dat politieke standpunte en godsdienstige oortuiging eintlik nie oor gemeenskaplike doelwitte beskik nie. Die illusie ontstaan gevolglik dikwels in sekulêre state dat landsburgers die vryheid geniet om die godsdiens van hulle keuse te kan beoefen terwyl die politieke speelveld gestroop van enige godsdienstige oorwegings voortgaan. Sodanige opvatting onderskat egter die volle implikasies van godsdienstige samelewings. Godsdiens speel 'n rol in die politieke proses en die manier waarop godsdiens politieke besluite beïnvloed, geskied gewoonlik binne die raamwerk van wetgewing, openbare debat en kieserspatrone.

In teenstelling met ander geloofsgemeenskappe soos Islamiete, is dit veral onder moderne Christene dat die gedagtegang ontstaan het dat godsdiens en politiek totale afsonderlike funksies in samelewings vervul. Enige persoon wat besluit om Islam as godsdiens te aanvaar, neem 'n besluit wat ingrypende implikasies vir sy of haar bestaande kultuur inhou. Islamitiese state is minder buigsaam as oorwegend Christelike

---

94 D. Kinnaman en G. Lyons, *UnChristian. What a new generation really thinks about Christianity and why it matters*, pp. 153-158.

95 P. Strauss, "Kerk en verkiesing. Profetiese afstand is nodig" in *Volksblad*, 24.03.2009, p. 6.

96 *Ibid.*; C. van der Spuy, "Is kerk en politiek pasmaats?" in *Vrouekeur*, 14.08.2009, pp. 12-13; American Atheist, "About American Atheist", <http://www.atheists.org/about>, *s.a.*

state en godsdiensvryheid word nie gelate aanvaar nie.[97] In moderne demokrasieë word godsdiensvryheid gewoonlik deur howe en deur die staat erken. 'n Voorbeeld hiervan is Suid-Afrika waar die grondwet voorsiening vir hierdie vryheid maak en die verantwoordelikheid op die regering plaas om hierdie reg van mense te beskerm.[98] Daar is dus geen onduidelikheid in Suid-Afrika nie oor die reg van mense om godsdienste te beoefen wat nie enige ander wet, soos dieremishandeling of haatspraak, oortree nie. Geen godsdiens mag onderdruk word nie en geen godsdiens mag die regte van ander landsburgers onderdruk nie. Geloofsgemeenskappe is ook selde geneig om by partypolitiek betrokke te raak. Die verskynsel dat kerkleiers of politici godsdiens openlik as platform vir stemwerwery gebruik, is nie ongehoord nie, maar wel ongewoon. Een van die min lande waar hierdie verskynsel wel in die verlede voorgekom het, is Roemenië.[99] 'n Bekeerling van enige godsdiens spring egter nie die lewenswyse wat godsdiens van die mens vereis ooit heeltemal vry nie en godsdiens speel in baie gevalle 'n belangrike rol in die manier waarop samelewings hulself orden. In die opsig bestaan daar dus 'n ooreenkoms tussen die funksies van politiek en godsdiens, omdat politiek ook die instrument is waarmee samelewings kollektiewe besluite neem.[100]

'n Belangrike wyse waarop godsdiens politieke ontwikkeling beïnvloed, is deurdat godsdiens 'n invloed op kieserspatrone uitoefen. Die aard van politiek, veral die aard van demokrasie, beteken dat drukgroepe maklik ontstaan. Hierdie drukgroepe kan hulself op 'n verskeidenheid van maniere mobiliseer. Gedurende Suid-Afrika se apartheidsjare het mense hulself volgens ras gemobiliseer, maar politieke oortuiging, ideologie, kultuur, taal en godsdiens is alles faktore wat ook in dié jare hierdie funksie sou kon vervul. 'n Meningsopname in die VSA in 1999 het getoon dat minder as die helfte van die persone wat daaraan deelgeneem het vir 'n politieke kandidaat sal stem wat in geen god glo nie. Hierdie tendens dui dat geloof en godsdiens 'n noemenswaardige invloed op kiesers kan uitoefen.[101]

---

97 A. Heywood, *Politics* (2de uitgawe), p. 38.
98 Republiek van Suid-Afrika, *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, Wet 108 van 1996, Artikel 31.
99 Van de Beek, pp. 317-320.
100 Heywood, p. 5.
101 Dawkins, p. 26.

## 4. DIE DINAMIESE VERHOUDING TUSSEN STAAT EN KERK, GODSDIENS EN POLITIEK, ASOOK SPIRITUALITEIT EN REALITEIT

"Christians are enjoined to be in the world but not of it, and that has been a difficult rule to follow. Time and again, the churches have slipped over in one direction or the other – too much in the world or too much out of it."[102]

Die spirituele ervaringe van mense is grootliks subjektief van aard. Verskeie godsdienstige tradisies maak staat op 'n teks of tekste wat vir mense die 'wil van God' vir hulle lewens in die wêreld openbaar. Godsdienstige leiers speel in die proses 'n baie belangrike rol, omdat hulle hierdie tekste verklaar en sodoende 'n belangrike skakel tussen God en die mensdom is. Godsdienstige leiers is dan ook geneig om die wêreld en die menslike ervaring in die konteks van die godsdienstige tekste te interpreteer. Die buite-sintuiglike word egter ook op 'n wye verskeidenheid van ander maniere ervaar. Hierdie ervaringe sluit onder andere in drome, visioene, natuurverskynsels, engelverskynings, musiek, kunswerke en transendentale middels, soos sommige dwelmmiddels. In ekstreme gevalle speel selfmarteling ook 'n rol. Die proses van selfopgelegde pyniging simboliseer 'n breuk met die natuurwette wat mense onderwerp aan liggaamlike ongemak en behoefte. Die weerhouding van voedsel en sosiale kontak is nie ongewoon in tradisionele Christelike, Islamitiese en Judaïstiese gemeenskappe nie, maar liggaamlike beskadiging is grootliks taboe. Vir volgelinge van hierdie gelowe is die menslike liggaam 'n direkte verbintenis met die spirituele. In die Christelike tradisie word daar veral geglo dat God homself[103] deur middel van mense aan andere openbaar. Dit is waarom Christene dikwels sal verklaar dat God die mens volgens God se eie

---

102 Time, "The Churches influence on secular society", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,843581,00.html>, *s.a.*

103 Die manlike metafoor wat hier aan God gekoppel word, word gebruik by gebrek aan 'n beter bekende alternatief en ook met die doel om binne die Christelike konteks te bly. Die gedagte aan God as manlik is baie oud. Die baie bekende 'Onse Vader', wat volgens die Christelike oortuiging deur Jesus gebid is, begin met die woorde 'Onse Vader wat in die hemel ...'. Twee baie belangrike maniere van hoe Christene God verstaan, lê in dié woorde opgesluit. God is verhewe bo mense - 'in die hemel', maar God is ook soos 'n familielid vir gelowiges, meer bepaald 'n vader, wat sy kinders, naamlik gelowige mense, se belange op die hart dra deur vir hulle te sorg en hulle te beskerm. Hierdie is maar slegs twee van die bekendste metaforiese wyses waarop Christene God verstaan. In verband met die menslike gebruik van metafore ter verduideliking van abstrakte begrippe sien G. Lakhoff en M. Johnson, *Metaphors we live by*, Chicago, 1980.

karakter geskep het, dat mense 'na die beeld van God' geskep is en dat mense, maar veral gelowiges, God op aarde verteenwoordig.

Die groot problematiek vir gelowiges is hoe om hulle spirituele ervaring met die werklikheid rondom hulle te versoen. Hoe moet die mens se geloof in God sy of haar besluite op aarde beïnvloed? Is spiritualiteit 'n private aangeleentheid, of het gelowiges 'n verantwoordelikheid om hulle geloof prakties te beleef en met ander hulle ervaring en insig te deel, asook tot watter mate dit deur gemeenskappe aanvaar en toegelaat moet word?

Vir agnostici en ongelowiges, maar veral vir mense wat nie in die bonatuurlike glo nie, is die konflik soos weerspieël in bogenoemde vrae 'n bewys van die afwesigheid van buite-sintuiglike werklikheid. Die feit dat mense se ervaring van God verskil en dat die manier hoe mense oor God dink van een geslag na die volgende kan verander, is vir ongelowiges omstrede. So is siekte en dood byvoorbeeld in antieke tye dikwels as die direkte ingryping van God in mense se lewens gesien. Met die ontwikkeling van mikroskope en die moderne mediese wetenskap is ontdek dat verskeie siektes aan swak higiëne toegeskryf kan word en wat dus deur middel van menslike ingryping verhoed kan word. Gedokumenteerde gevalle van duiwelbesetenheid herinner moderne wetenskaplikes by die herlees daarvan kommerwekkend baie aan die simptome van epilepsie en ander psigologiese verskynsels wat vandag óók deur die mediese wetenskap beheer en selfs genees kan word.[104] Vir gelowiges is en bly die bonatuurlike egter 'n belangrike bron van motivering en inspirasie wat hulle nie durf ignoreer nie.

'n Belangrike figuur wat die verhouding tussen spiritualiteit en realiteit bestudeer het, is Aurelius Augustinus (354-430). Gedurende die vierde en vyfde eeu was die teorie van Christene as burgers van God se spirituele koninkryk reeds ontwikkel, maar Augustinus het die teorie verfyn en in die proses 'n baie belangrike geestelike leier in die Christelike tradisie geword. Augustinus was 'n kenner van retorika, oftewel welsprekendheid, wat in antieke tye met die reg, onderwys en ook politiek geassosieer is. Augustinus het veral

---

[104] Gospel Mysteries, "Demonic possession", <http://www.gospel-mysteries.net/demonic-possession.html>, *s.a.*

sterk gesteun op omstandighede om sy insigte te verkry. Hy worstel veral met die oorsprong van die 'kwaad' wat onder andere met menslike wreedheid geassosieer word. Voordat hy homself tot die Christendom bekeer, is hy 'n aanhanger van die Manicheïsme, 'n geloof wat as sentrale beginsel die dualisme van 'goed' en 'kwaad' verkondig het.[105] Daarvolgens het die wêreld ontstaan uit die wisselwerking tussen 'goed', wat deur God tot stand gekom het, en 'kwaad', wat die resultaat van bose magte of bose gode se werkinge was. Augustinus het uiteindelik die Manicheïsme verwerp, maar 'n deel van die filosofie het in sy eie besinning oor realiteit en spiritualiteit neerslag gevind. In Noord-Afrika, waar Augustinus 'n groot gedeelte van sy lewe as biskop deurgebring het, het hy meer as 200 boeke geskryf wat uiteindelik 'n groot impak op die Christendom en westerse kultuur sou uitoefen. In sy werk verwerp Augustinus die teorie dat 'kwaad' deur God of gode tot stand kom. Volgens Augustinus is dit die vrye wil van die mens wat as gevolg van die verwerping van God tot die 'kwaad' geneig is. Hierdie verwerping van God word veral gesimboliseer in die Bybelse figure, Adam en Eva, wie se 'oersonde' volgens Augustinus spiritueel oorgedra is aan die nasate van die eerste mense.[106]

Augustinus het vervolgens die geskiedenis as 'n ewige konflik tussen 'goed' en 'boos' gesien. Deur middel van binêre opposisies het hy die wêreld geanaliseer en ook die verlede, soos God en die duiwel, Kain en Abel en engele en demone. Die 'bose' word deur die vleeslike en aardse bestaan in verband gebring wat vir die mens vol versoeking is, terwyl die 'goeie' deur God gesimboliseer word en waarna die mens moet hunker. Mettertyd het die onderskeid tussen die spirituele en die fisiese, en gevolglik dus die onderskeid tussen 'goed' en 'boos', egter in sy filosofie vervaag. In sy werk *De civitate Dei* (Stad van God) word die mens se beheer oor die fisiese wêreld in twyfel getrek. Die 'bose' is so 'n sterk motivering vir mense dat mense, volgens Augustinus, weinig kan doen om die ewige breuk tussen God en mens te kan herstel. Slegs die genade van God kan mense red.[107]

---

105 Heyns, pp. 39-44.
106 *Ibid.*
107 Chidester, pp. 145-148.

Augustinus se teorie oor die verhouding tussen kerk en staat word as 'n belangrike voorloper van latere interpretasies beskou. Vanweë die feit dat dit so omvattend is, word dit ook as 'n vertrekpunt beskou vir teologiese besining oor die verhouding tussen kerk en staat. Die kollektiewe menslike ervaring van onderskeidelik God en die wêreld word metafories as 'n 'stede' beskryf. Hierdie teorie het mettertyd tot die sogenaamde 'teorie van twee koninkryke' ontwikkel. Volgens Augustinus moet daar 'n onderskeid tussen die spirituele en die konkrete getref word, maar nie in die sin dat die een geen belang by die ander het nie. Beide ordes het deur God se wil tot stand gekom en die staat is dus die manier waarop God orde aan die konkrete wêreld bring. Die kerk daarenteen is gemoeid met die 'administrasie' van die spiritualiteit van mense.[108]

Gedurende Augustinus se leeftyd is daar veral met die verlies van mag deur die Romeinse Ryk geworstel. Augustinus verdedig in sy werk die rol van die Christendom in die verval van die Ryk. Om daardie rede was Augustinus dus 'n belangrike politieke stem. Die opkoms van die Christelike geloof is deur Paganiste as die rede vir die agteruitgang van die Ryk gesien, omdat tradisionele gode geïgnoreer is. Augustinus daarenteen koppel Paganisme aan bose demone. Paganistiese praktyke veroorsaak volgens Augustinus menslike lyding omdat dit Satan en demone erken en mag aan hulle verleen. Sy kritiek het die spirituele legitimiteit in twyfel getrek wat tradisionele godsdiens aan die owerhede verleen het. Die teorie het gevolglik ook neerslag in Augustinus se herinterpretasie van die verlede gevind en 'n belangrike rol by latere interpretasies gespeel.[109]

Die teorie van die twee koninkryke, naamlik die aardse koninkryk en dié van God, is sedert die ontstaan van die Christelike kerk skriftuurlik deur verskeie teoloë geformuleer. Die kerk en staat word binne die konteks van die 'koninkryk van God' verstaan, omdat beide deur die bestaan van laasgenoemde tot stand gekom het. Beide die kerk en staat is geroepe om 'in die aangesig van God' (*Coram Deo*) te bestaan. Dit vereis van gelowiges om krities te staan teenoor hulle aardse bestaan en lewenswyse, deur byvoorbeeld aardse realiteite deur middel van die Bybel te 'toets'. Gehoorsaamheid aan die 'gesag van God'

---

108 I.W.C. van Wyk, "The political responsibility of the Church. On the necessity and boundaries of the theory of the two kingdoms" in *Hervormde Teologiese Studies* 61(3), 2005, pp. 647-681.

109 Gascoigne, pp. 60-61.

moet dus gelowiges se keuses bepaal. Daarvolgens is Christene dus verplig om polities aktief te wees, omdat hulle geloof in God as inspirasie dien om op 'n praktiese manier die 'koninkryk van God' op aarde te verkondig.[110]

Dié ontwikkeling staan in skrille kontras met die lewensuitkyk van die heel eerste Christene wat grootliks geweier het om polities aktief te wees. Die skeidslyn van die sogenaamde 'aardse burgerskap' teenoor die 'spirituele burgerskap' as deel van God se koninkryk het ook mettertyd vervaag. Die verskuiwing word veral verklaar binne die konteks van die Romeinse Ryk se politieke ontwikkeling en meer bepaald die aanvaarding van die Christelike geloof gedurende die vierde eeu deur die owerhede. Sedert die vierde eeu was die politieke en spirituele ontwikkeling van Christelike samelewings dikwels meer verweef, met die staat wat as verteenwoordigend van die politieke 'wil van God' vir die mensdom geïnterpreteer is. Verskeie teoloë en historici, en veral Christene, is egter pynlik bewus van hierdie koersverandering en bepleit 'n herontdekking van die antieke lewensuitkyk. Die basiese oorlewingstrategie van moderne Christene staan egter in die pad daarvan.[111]

Variasies op die 'teorie van die twee koninkryke' kom in byvoorbeeld die teologiese werke van Karl Barth voor. Barth herroep eienskappe van Augustinus se teorieë deurdat dit 'die koninkryk van God' as in wedywering met die fisiese wêreld gesien word. Die kerk en die staat is egter beide verteenwoordigend van die mensdom se beskeie pogings om die 'koninkryk van God' op aarde na te boots. 'n Onderskeid tussen die spirituele roeping en die konkrete aard van die kerk word duidelik aangetref. Bath het ook veral geredeneer oor die 'profetiese roeping' van die kerk.[112]

Die teoloog, prof. Piet Strauss, beskryf die 'profetiese roeping' van die kerk tans as 'n belangrike en praktiese manier waarop die kerk die politieke speelveld moet probeer beïnvloed. Daar word 'n onderskeid getref tussen Christene se burgerlike regte, soos die reg om aan die politieke party van jou keuse te behoort, en die spirituele geroepenheid

---

110 P. Coertzen, "The relationship between church and state in a democracy with guaranteed freedom of religion" in *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 49(1 & 2), 2008, pp. 222-223.

111 Van de Beek, pp. 317-325.

112 W. Bentley, "Karl Barth's definition of church in politics: Growth points for the church in South Africa" in *Hervormde Teologiese Studies* 63(4), 2007, pp. 1643-1647.

van Christene wat hulle dwing om Christelik-krities met landsake om te gaan. Daarvolgens dien die kerk as 'n morele krag wat die boodskap van God in landsake bevorder. Die kerk kan volgens die teorie nie 'n bepaalde politieke party of enige politieke orde van watter aard ook al onvoorwaardelik goedkeur nie, omdat die politieke arena menslik en gevolglik feilbaar van aard is - dus teenstrydig met die karakter van God.[113] Op 22 April 2009 het die drie Afrikaanse susterskerke[114] 'n gesamentlike beleidsverklaring uitgereik wat die onafhanklikheid van die regbank in Suid-Afrika bepleit. Die staat is aangemoedig om, wanneer dit in burgers se lewens ingryp, dit op die grondslag van reg en geregtigheid moet geskied, ongeag politieke aspirasies of rasseherkoms.[115] Kerke in post-apartheid Suid-Afrika is dus in die bevoorregte posisie dat die land se politieke sisteem oor natuurlike magsteenpole beskik, wat dit makliker maak vir kerke en kerkleiers om 'n 'profetiese afstand' teenoor die staat te behou. Die grondwet dien as 'n gemeenskaplike bindingskrag, 'n onderhandelde bloudruk van die gemeenskaplik-menslike doelwitte wat by staatsaksies in gedagte gehou moet word, en waaraan die suksesse of mislukkings van die staat gemeet kan word.

Die manier hoe mense die bonatuurlike benader is nie staties nie. Die insigte van teoloë kan 'n belangrike teenpool van politieke mag in moderne samelewings wees, maar die onstabiele aard van die menslike ervaring van God gee daartoe aanleiding dat die motiewe van teoloë dikwels deur kritici bevraagteken word. Die teenstrydighede tussen veral die natuurwetenskappe en die Bybelse verhale dra by tot die verwarring. Ofskoon dit hoofsaaklik in gemeenskappe met 'n hoë graad van tradisioneel Westerse geskooldheid voorkom, word dit ook in gemeenskappe aangetref waar die Westerse invloed en die politieke sisteme wat daarmee gepaardgaan as 'n bedreiging gesien word.[116] Die uitdaging is hoe om hierdie teenstrydighede te harmoniseer binne die kollektiewe menslike idee van reg en geregtigheid wat skynbaar dikwels deur die bonatuurlike beïnvloed word.

---

113 Strauss, "Kerk en verkiesing ..." in *Volksblad*, 24.03.2009, p. 6.

114 Die drie Afrikaanse susterskerke verwys na die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk.

115 Strauss, "Kerk en verkiesing ..." in *Volksblad*, 24.03.2009, p. 6.

116 Biko, p. 49.

## 5. EVALUERING

By 'n evaluering van die rol van die Christendom in politieke ontwikkelinge is dit noodsaaklik om in gedagte te hou dat godsdiens ten nouste met menslike kultuur verweef is. Bepaalde godsdienstige praktyke is as't ware sinoniem met bepaalde wyses van lewe. Gevolglik beïnvloed godsdiens politieke en ekonomiese sake, veral ten opsigte van die behoud of transformasie van gemeenskaplike menslike doelwitte. Godsdienstig-geïnspireerde konflikte is dus gewoonlik eerder 'n stryd om kulturele en politieke dominansie as wat dit deur spiritualitieit gemotiveer word. Alhoewel die Katolieke Kerk as 'n invloedryke faktor in die ontstaan van die politieke sisteem in Europa beskou word, herinner dié kerk se werkinge baie aan 'n doodgewone moderne staatsdepartement en is ook al deur veral kritici met 'n sake-onderneming vergelyk.[117]

Die belangrikste invloed van godsdienstige praktyke op politiek is die verskynsel dat teologiese besinning 'n bepaalde politieke orde kan steun of beveg. Die oorweldigende aard van die menslike kondisie en die menslike onderworpenheid aan natuurkragte gee daartoe aanleiding dat die mensdom sedert pre-antieke tye 'n hunkering na die sekuriteit en goedkeuring vir hulle eie bestaan koester vanuit die spirituele ervaringswêreld wat as nie-tydgebonde geïnterpreteer word. Die opkoms van onderskeidelik die Romeinse Ryk en Europese kultuur kan in hierdie konteks geïnterpreteer word. Sosiale en politieke herorganisasie gaan dikwels gepaard met 'n algehele of gedeeltelike herinterpretasie van die spirituele ervaringswêreld, maar dit kan dikwels tot konflik lei.

Die konflik kan inter- of intragodsdienstig van aard wees en die oogmerk is altyd politieke dominansie. Die verwarrendste gevalle is dié waar 'n kombinasie van inter- en intragodsdienstige konflik voorkom. Die konflik tussen Islamiete en Jode in die Midde-Ooste word byvoorbeeld selfs méér gekompliseer deur die verskille tussen progressiewe gelowiges en fundamentaliste wat vir die bestaan van 'n bepaalde kultuur veg.[118] Ofskoon aansienlik beperk in omvang, is die ontstaan van Christelike fundamentalisme in die VSA 'n goeie soortgelyke voorbeeld van die verskynsel. Die veranderende

---

117 Hanson, p. 98.
118 Armstrong, *The battle for God ...*, pp. 340-354.

politieke en sosiale klimaat in die VSA gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu was deur konserwatiewe Protestantse Amerikaners as 'n bedreiging vir hulle eie unieke lewenswyse beskou. Derhalwe is 'n georganiseerde poging aangewend om politieke mag te verkry, maar wel binne die grense van die Amerikaanse demokrasie. Die konflik in Ierland is ook 'n voorbeeld van intergodsdienstige konflik. Alhoewel Katolieke en Protestante wêreldwyd vreedsaam bestaan, was die politieke situasie in Ierland gedurende die 20ste eeu onstabiel. Godsdiens het in die proses 'n kunsmatige katalisator vir die geweld geword, sonder dat noemenswaardige teologiese inspirasie vir die konflik gesoek is. Die opkoms van Nazisme in Duitsland is weer 'n voorbeeld van 'n poging wat aangewend is om 'n totaal nuwe interpretasie van die spirituele tot stand te bring. Gerekende teoloë het egter teen die nuwe interpretasie van die Christelike geloof in opstand gekom.

Godsdienstige leiers is belangrike rigtinggewers in die proses waarvolgens die mensdom poog om sin te maak van die buite-sintuiglike en hoe dit in relasie tot die werklikheid staan. Deur hulle uitsprake kan godsdienstige leiers 'n invloed op die *zeitgeist* (tydgees) van 'n bepaalde tydperk in die verlede uitoefen. Deur hulle te beroep op hul verstaan van God kan hul 'n belangrike invloed op politieke besluitneming uitoefen en wat as aanvaarbaar of onaanvaarbaar beskou word.

# HOOFSTUK 2

# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID, 1652-1979

## 1. INLEIDING

Die fokus in hierdie hoofstuk val op die rol van godsdiens in die ontwikkeling van die apartheidsbeleid al dan nie. Vrae wat toegelig sal word, sluit in: Wat was die rol van die Christelike geloof in die ontwikkeling van die apartheidsbeleid? Was die Calvinistiese lewensbeskouing 'n belangrike rolspeler in die ontwikkeling van apartheid? Die hoofstuk bied 'n voëlvlug oor geselekteerde gebeure in die ontstaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGK) met die klem op rasseverhoudinge en die verhouding van die kerk tot regering met betrekking tot landsbestuur.

Daar word geargumenteer dat die Christelike geloof nie 'n belangrike katalisator in die ontwikkeling van die apartheidsbeleid was nie. Die teorie word aangebied dat die teologiese regverdiging van apartheid 'n kunsmatige proses was en nie 'n verlengstuk van die NGK se historiese beleid nie. Daar word ook 'n ondersoek gedoen na die kerklike onenigheid ten opsigte van die Bybelse regverdiging van apartheid. Die hoofstuk eindig met die mislukking van die toepassing van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika, veral gedurende die 1970's, wat drastiese ingryping in dié beleid genoodsaak het. Daar word verder belig dat die teologiese regverdiging van apartheid ontstaan het as gevolg van 'n behoefte aan die spirituele regverdiging van die politieke sisteem waarbinne apartheid bestaan het, maar veral weens ekonomiese oorwegings.

## 2. DIE ROL VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE BELEID VAN RASSESKEIDING IN SUID-AFRIKA

Die NGK in verhouding tot die regering gedurende die apartheidsjare word dikwels as die 'Nasionale Party (NP) in gebed' beskryf.[1] Die unieke verhouding tussen die twee instellings regverdig die etiket. Met hierdie gevolgtrekking word egter 'n komplekse historiese verskynsel in enkele woorde saamgevat. Die stelling geniet uiteenlopende akademiese konsensus, maar die presiese rol wat die Christelike geloof en die Afrikaanse kerke by die ontstaan van 'n apartheidsbeleid gespeel het, is 'n saak wat tot noemenswaardige meningsverskille lei. 'n Belangrike aspek van die debat is die invloed van die Calvinistiese lewensuitkyk op die eerste setlaars en die uiteindelike invloed van dié lewensuitkyk op die apartheidsbeleid. Dit is belangrik om hierdie vraagstuk te beantwoord, omdat dit kan bepaal of die apartheidsbeleid spontaan vanuit blanke Afrikaners se Christelike geloofsoortuiging ontwikkel het al dan nie. 'n Belangrike teorie in die verband word ondersoek om die samehang tussen die Christelike geloof en apartheidsdenke te verklaar.

Aldus die teorie word die filosofiese en godsdienstige oortuigings van die Calvinisme aan die opkoms van Afrikanernasionalisme gekoppel. Daarvolgens was die eerste setlaars aan die Kaap onder 'n diep indruk van die werking van God in elke aspek van hulle lewens. Volgens hierdie teorie handhaaf die blanke setlaars, veral dié van gemengde Nederlandse, Duitse en Franse afkoms, die siening dat die bestaan van 'n blanke Christelike volk in Suid-Afrika die direkte wil van God verteenwoordig. Die onus rus dus op die lede van die volk om die bestaan daarvan te handhaaf en ook vir die toekomstige geslagte te verseker. Gevolglik is die natuurlike uitvloeisel daarvan rasseskeiding en uiteindelik apartheid.[2] 'n Sterk konnotasie met die Bybelse verhaal van God se verbond met Israel, soos verwoord in die Bybelse boeke in die Ou Testament, sou 'n belangrike ondertoon wees van die tipe samelewing wat uit hierdie teorie voortvloei

---

1 Voorbeelde hiervan is A. Boraine, *A country unmasked. Inside South Africa's Truth and Reconciliation Commission*, p. 180; P. Hugo en K. O'Malley, "Political parties and pressure groups: a selective overview" in A. Venter (red.), *South African government and politics. An introduction to it's institutions, processes and policies*, p. 152; L. Korf, "Podium and/or pulpit? D.F. Malan's role in the politicisation of the Dutch Reformed Church" in *Historia* 52(2), November 2007, pp. 217-218.

2 G. Leach, *The Afrikaners. Their last great trek*, pp. 112-113.

en waaruit apartheid uiteindelik sou ontwikkel. Die trek van die setlaars na die binneland van Suid-Afrika sou deur die trekkers in verband met die trek van Israel na die land Kanaän gebring moes word. Die blote bestaan van 'n blanke ras aan die suidpunt van Afrika dien volgens die teorie vir die setlaars as bewys van die ooreenkoms tussen God en die setlaars, waar God die trekkers sal bewaar op hulle reis na die beloofde land as deel van God se plan vir die trekkers. Die bestaan van afsonderlike volke word as die wil van God deur die setlaars gesien. Gevolglik is die behoud van hulle eie kultuur as 'n soort lewensroeping gesien deur dié mense wat hulleself met die blanke volk assosieer. Dié oortuiging is dan ook deur die godsdienstige leiers verkondig.[3]

Die teorie bied op die oog af 'n logiese verklaring vir die ontstaan van apartheid in Suid-Afrika, maar die argument is geensins waterdig nie. Dit hou nie rekening met die sosiale karakter van koloniale samelewings nie. Die ekonomiese faktore wat 'n rol by die ontstaan van apartheid gespeel het, vorm nie deel van die argument nie en volgens sommige historici steun die teorie ook op 'n ongesonde hoeveelheid aannames. Die rede hiervoor is dat dokumentasie wat dié unieke filosofie onder die setlaars kan bevestig, grootliks geïsoleerd voorkom. Die dokumentasie wat wel bestaan, kan nie as voldoende bewys dien dat die Calvinistiese lewensbeskouing 'n sentrale rol in die totstandkoming van die apartheidsbeleid gespeel het nie.[4]

'n Ander belangrike faktor is die amptelike beleid van die NGK. Die NGK het gedurende die 20ste eeu amptelike beleidsverklarings gepubliseer wat die apartheidsbeleid skriftuurlik en teologies regverdig, maar die oortuiging van die blanke Afrikaners as sou hulle 'n 'uitverkore volk' wees het nooit deel van hierdie ontwikkeling gevorm nie. Die NGK het ook nooit amptelik parallelle tussen die Bybelse verhale van Israel en die lot van blanke Afrikaners getrek nie.[5] Daar kan dus geargumenteer word dat die ontstaan van apartheid nie 'n direkte uitvloeisel van blanke Afrikaanssprekende mense se godsdienstige oortuiging was nie en dat die Bybelse regverdiging van apartheid nie 'n natuurlike godsdienstige proses was nie. Die Christelike geloof was nie 'n katalisator by

---

[3] *Ibid.*; P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, p. 75; A. Davies, *Infected Christianity. A study of modern racism*, p. 89.

[4] A. du Toit, "No chosen people. The myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalism and racial ideology" in *The American Historical Review* 88(4), Oktober 1983, pp. 928-933.

[5] J.W. de Gruchy, *The church struggle in South Africa* (2de uitgawe), pp. 70-71.

die ontstaan van apartheid nie. Inteendeel, die bestaan van apartheid was eerder die katalisator vir die Bybelse regverdiging daarvan.

## 3. DIE CHRISTELIKE GODSDIENS SE VERSPREIDING IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE KOLONIALE TYDPERK TOT EN MET DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1652-1899

### 3.1 Die ontstaan van die NGK van Suid-Afrika

Die gebied wat vandag as Suid-Afrika bekend staan, is histories gekenmerk aan 'n verskeidenheid van godsdienstige praktyke waarvan verskeie praktyke minder bekend as ander is.[6] Gedurende die pre-koloniale tydperk is tradisionele Afrika-godsdienste beoefen, wat met die koms van kolonialisme onder skoot gekom het van Westerlinge wat Afrikane se godsdienstige patrone as afgodery en kultuurpraktyk beskou het. Die vestiging van die Christelike geloof in Suid-Afrika het stelselmatig 'n reuse invloed op die inwoners uitgeoefen en tot gevolg gehad dat Suid-Afrika uiteindelik 'n Christelike karakter gekry het. Die eerste kerke wat dié geloof in Suid-Afrika beoefen het, was die Gereformeerde kerke, waarvan die NGK die oudste kerk is.[7]

Die NGK van Suid-Afrika is in 1652 saam met die amptenare van Die Vereenighde Oostindische Nederlantsche Geoctrooijeerde Compagnie (VOC) – die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie - na die gebied versprei wat as die Kaapkolonie bekend sou word. Die eerste inwoners wat hulle hier gevestig het, het onder tipiese setlaarsomstandighede gelewe en was nie goed ingerig vir hulle nuwe tuiste nie. 'n Kroniese tekort aan opgeleide teoloë gedurende die koloniale tydperk het die impak van die NGK op die samelewing beperk. Stelselmatig het die aantal gemeentes en lidmate van die NGK egter gegroei, sodat 'n totaal van 14 gemeentes teen 1824 in die Kaapkolonie aanwesig was.[8] Weens die gebrek aan kerkleiers is die NGK aanvanklik slegs deur sy lidmate in die

---

6 Truth and Reconciliation Commission, *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report*, Vol. 4, pp. 60-61.

7 *Ibid.*

8 Nederduitse Gereformeerde Kerk, "Kort geskiedenis", <http://www.ngkerk.org.za/geskiedenis.asp>, *s.a.*

Kaapkolonie aan die gang gehou. Aangesien predikante so skaars was, is hulle pligte gedeeltelik deur 'sieketroosters', wat ook in diens van die VOC gestaan het, vervul.[9]

Die NGK was aanvanklik dus hoofsaaklik leierloos en het uit die blanke bevolking van die Kaapkolonie, merendeels sprekers van die Nederlandse taal, bestaan. In daardie tyd was die NGK onder direkte beheer van die VOC. Die VOC het dus verantwoordelikheid geneem vir die oprigting van kerkgeboue en die stigting van gemeentes. Omdat die halfwegstasie wat deur die Nederlanders in die Kaap opgerig is nooit bedoel was om ten volle in 'n kolonie te ontwikkel nie, was die NGK waarskynlik óók nooit bedoel om in 'n onafhanklike kerk te ontwikkel nie. Dit is eerder beskou as 'n voortsetting van die Nederlandse Gereformeerde Kerke en het ook dieselfde beleidsdokumente as die Nederlandse kerke gehad.[10]

Die owerhede van die VOC was dus ten nouste by die ontwikkeling van die NGK in Suid-Afrika betrokke. Stellenbosch-gemeente is byvoorbeeld opgerig in direkte opdrag van die kommandeur, Simon van der Stel. Soos dorpe met magistrate ontstaan het, het gemeentes spoedig gevolg. Toe Van der Stel Stellenbosch op 12 Oktober 1686 besoek en merk dat die vordering van die oprigting van 'n kerkgebou nie so vinnig gebeur as wat daar gehoop is nie, het hy kwaai teenoor die verantwoordelikes gereageer. In kerklike sake kon die owerhede hulleself ook op die Here XVII[11] beroep vir bystand, asook vir die goedkeuring van projekte wat deur die NGK onderneem is.[12] Die NGK was dus tydens die koloniale tydperk geensins 'n outonome instelling nie.

---

9 P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652-1824*, pp. 1-10.

10 Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons derde eeufees, 1952*, pp. 24-26.

11 Die Here XVII was die liggaam wat beheer oor die VOC uitgeoefen het.

12 F.C. Fensham, "Die geskiedenis van die gemeente" in F.C. Fensham (red.), *Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch. Drie eeue van genade*, pp. 11-13.

## 3.2 Die status van nie-blankes[13] in verhouding tot die Christelike geloof in die Kaapkolonie

Die Kaapkolonie is deur amptenare en werknemers van die VOC gestig. As gevolg van 'n tekort aan roumateriaal, veral landbouprodukte, het die VOC gedurende die laat 1650's begin om van die maatskappy se werknemers vry te stel en plase aan hulle toe te ken. Dit is gedoen met die oog op die lewering van landbouprodukte aan die VOC. Slawerny het sedert die eerste dekade van kolonialisme in die Kaapkolonie 'n belangrike element daarvan geword. Slawe is ingevoer en verkoop, en is hoofsaaklik vir arbeid gebruik. Slawe wat by die owerhede losgekoop was deur hulle meesters, 'n praktyk wat selde gebeur het, het bekendgestaan as 'vryswartes' en het as burgers van die kolonie hoër sosiale status as die slawe gehad.[14]

Inheemse mense is nie as slawe geneem nie. Slawe is slegs ingevoer.[15] Gevolglik was inheemse mense, hoofsaaklik behorende tot die sprekers van Khoi- en San-tale,[16] grootliks nie gebind aan die koloniale wetgewing nie. Kontak tussen die setlaars en die inheemse bevolking het dikwels voorgekom, maar daar was aanvanklik nie 'n proses van algehele sosiale integrasie nie. Die setlaars het toenemend op die kulturele erfenis van die Khoisan neergesien. Die algemeenste vorm van kontak tussen setlaars en inheemse mense was ekonomiese wisselwerking, soos handel of in gevalle waar die inheemse bevolking arbeid aan die setlaars gelewer het. Gedurende dié tyd was die regulasies van arbeid nie goed nie en magsvergrype het dikwels voorgekom. Mettertyd het aansienlike getalle inheemse mense se tradisionele lewenswyses en familiestrukture begin verkrummel, veral teen die einde van die 18de eeu. Die koloniale regering het toenemend begin om beheer oor die mense uit te oefen en gevolglik het die inheemse mense se vryheid al hoe meer in die slag gebly.[17] Die Kerk het vanweë sy onderhorige status nie in die besluite van die owerhede ingemeng nie.

---

[13] In hierdie studie word daar slégs gebruik gemaak van die term 'nie-blanke(s)' omdat die gebruik van die term 'n historiese werklikheid is van die tydperk onder bespreking. Deur die gebruik van die term 'nie-blanke(s)' word egter geen negatiewe konnotasie geïmpliseer teenoor die mense wat aan dié term gekoppel word nie.

[14] T.R.H. Davenport, *South Africa: a modern history*, pp. 19-27.

[15] N. Parsons, *A new history of Southern Africa* (2de uitgawe), pp. 58-60.

[16] Die Khoi en die San staan kollektief ook as die Khoisan bekend.

[17] H.J. van Aswegen, *History of South Africa to 1854*, pp. 108-155.

Alhoewel die kerk 'n beperkte rol in die godsdienstige lewe van die eerste setlaars gespeel het, was die Christelike geloof gedurende die koloniale era in Suid-Afrika 'n belangrike bindingsfaktor. Vanweë die uiteenlopenheid van setlaars, wat onder meer Britte, Nederlanders, Franse en Duitsers ingesluit het, was daar in Suid-Afrika geen homogene Westerse groep wat die land gekolonialiseer het nie. Die stelselmatige verspreiding van die setlaars en die politieke oorheersing wat daarmee gepaardgegaan het, het die kulturele praktyke van inheemse bevolkings ondermyn. Dit het meegebring dat die polities swakker inheemse bestaanswyses as minderwaardig beskou is en onder druk verkeer het, hoewel dit nie totaal verdwyn het nie. Die grense tussen rasse was egter gedurende die koloniale tyd nie so duidelik gedefinieer soos dit mettertyd die geval sou wees nie.[18]

Gedurende die 17de en 18de eeu is die term 'Christen' wêreldwyd gebruik om meer as 'n blote geloofsoortuiging te definieer. Om 'n 'Christen' genoem te word, was sinoniem met beskaafdheid en opvoeding. Die Christelike geloof was die sterkste band tussen setlaars en hulle Europese oorsprong, wat hulle herinner aan die besonderse beskawing waaruit hulle ontstaan en waarvandaan hulle gemigreer het. Hierdie verskynsel is in meeste koloniale gebiede aangetref en illustreer die afwysende houding van kolonialiste teenoor inheemse lewenswyses waarteen Afrika-nasionaliste veral gedurende die 20ste eeu in verset gekom het.[19]

Pogings om gedurende dié tyd rasse van mekaar te skei, was nie ongewoon nie. Alkoholmisbruik, diefstal en lastertaal is dikwels geassosieer as strydig met die tradisionele lewenswyse van 'Christene' wat veral met die blankeras geassosieer is. Kontak tussen Europeërs en nie-blankes is blameer vir die sedelike verval van samelewings. Die oorlewing van blankes in Afrika is as belangrik beskou, omdat blanke persone as sinoniem met Westerse kultuur en Christenskap gesien is, en ook as die oorlewing van die Christelike geloof. Daarom het die owerhede soms ingegryp om veral

---

18 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 32-52.

19 *Ibid.*

seksuele kontak tussen blankes en nie-blankes te probeer beperk.[20] Die VOC het 'n beleid van segregasie ten opsigte van inheemse mense gehandhaaf, omdat dié mense as onafhanklike volke beskou is.[21] Die owerhede het wel bepaal dat reg en geregtigheid aan inheemse mense moes geskied binne die grense van die kolonie en vir dié doel was die howe tot almal se beskikking. In die praktyk was die regstelsel egter gebrekkig en het magsvergrype dikwels voorgekom.[22]

## 3.3 Die verhouding tussen die kerk en regering gedurende die koloniale tydperk onder die VOC

Die VOC was 'n magtige handelsorganisasie, gerat om die koloniale belange van Nederland te bevorder. Alhoewel dit die funksies van 'n regering vervul het, was die VOC hoofsaaklik 'n besigheid. Die politieke belange van mense onder die VOC het dikwels in die skadu van die organisasie se ekonomiese oorwegings gestaan. Dié verskynsel is van toepassing op elke aspek van die menslike bestaan. Die koloniale era van Suid-Afrika het begin as gevolg van ekonomiese redes en die ekonomie van Europa sou voortgaan om die beleid van die VOC ten opsigte van die administrasie van koloniale gebiede te bepaal. Die ekonomie van die Kaapkolonie was as't ware 'n hipernorm met betrekking tot die administrasie van mense, ook ten opsigte van menslike spiritualiteit van sowel die setlaars en slawe as die inheemse bevolking.[23]

Ofskoon die ordening van ampte in Gereformeerde kerke sedert die Reformasie gemeenskaplike eienskappe toon, is een aspek van die koloniale kerke se organsisasie dramaties verskillend van hoe kerke vandag georganiseer word. Predikante en krankebesoekers is deur die owerhede aangestel na afloop van 'n proses van konsultasie met die owerhede. Die owerhede moes goedkeuring by die aanstel van geestelike leiers verleen. Kerkraads-

---

20 A. Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873*, pp. 26-27.

21 Sien byvoorbeeld A.J. Botha, *Die evolusie van 'n volksteologie. 'n Historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk met besondere verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984), p. 35. Wetgewing was deur middel van plakkate in die Kaapkolonie afgekondig. Een voorbeeld is die verbod op huwelike tussen vrygestelde slawe en blankes in 1685.

22 H. Giliomee, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, 1795-1803*, pp. 257-268.

23 R.J.T. Lombard, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek. Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*, pp. 20-21.

lede, wat verantwoordelik was vir die 'suiwerheid' van die Christelike boodskap in kerke, moes ook deur die owerhede goedgekeur word voordat hulle aangestel is. Die Christelike godsdiens was die enigste godsdiens wat toegelaat is, maar godsdienstige aktiwiteite was grootliks beperk. Teoreties was godsdiens dus 'n belangrike prioriteit vir die VOC, in teenstelling met moderne Suid-Afrika wat nie die rol van godsdiens as krities noodsaaklik beskou vir die oorlewing van die staat nie. Gedurende die koloniale tydperk was godsdienstige aktiwiteite egter in praktyk oorgereguleer. Derhalwe kan 'n goeie argument gehuldig word dat menslike spiritualiteit gedurende dié tyd nie natuurlik ontwikkel het nie. Gevolglik het dit nie 'n kragdadige impak op die besluite van mense uitgeoefen nie.[24]

Gedurende die tydperk van Adriaan van der Stel, wat van 1699-1707 goewerneur van die Kaapkolonie was, het 'n gevoel van verwydering en ontnugtering tussen die koloniale amptenare en die setlaars ontstaan. Koloniale amptenare is met skeptisisme deur die setlaars beskou, veral deur die jonger geslagte, wat bewus was van die amptenare se korrupsie en onwettige boerderypraktyke. Met die verval van die goewerneur se gewildheid as gevolg van sy onwettige boerderypraktyke, kon hy roem op die simpatie van die meerderheid van 'vryswartes' in die kolonie.[25] Die setlaars het in reaksie hierop bedreig gevoel en hulself op hulle kulturele meerderwaardigheid en Europese Christelike erfenis beroep. In 'n petisie aan die Here XVII deur die setlaars is die vrees uitgespreek dat die onenigheid tussen die owerhede en die setlaars deur inheemse mense uitgebuit sou word ten einde "alle Christene uit te wis, goeie sowel as slegte mense".[26] Daar bestaan egter weinig aanduiding dat die kerk in daardie stadium met die setlaars gesimpatiseer het.

### 3.4 Een kerk: gesamentlike eredienste gedurende die koloniale era en die uiteindelike vervreemding tussen blank en nie-blank

Die Christelike godsdiens sou in die Kaapkolonie beide as 'n bindingsfaktor én 'n skeidingsfaktor op die samelewing inwerk. Vir die setlaars was die bekering van 'n persoon 'n soort sekuriteit wat bepaalde gewenste gedrags- en karaktereienskappe sou

---

[24] Moorrees, pp. 51-55; Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652-1824*, pp. 22-31.
[25] Giliomee, *Die Afrikaners* ..., pp. 14-15.
[26] *Ibid.*, p. 14.

meebring en wat as die aanvaarde beskaafde norm beskou is. Enige persoon wat dus nog nie die belydenis van geloof afgelê het nie, is as 'n ongelyke beskou. Waar persone wel die belydenis van geloof afgelê het, is die bepaalde persoon as 'n gelyke beskou, ongeag sy of haar ras, kleur of herkoms. Op dié manier het talle huwelike tussen blank en nie-blank die goedkeuring van beide die staat en die kerk geniet, waarvan waarskynlik die bekendste huwelik dié is tussen Krotoa, wat onder die blanke bevolking as Eva bekend gestaan het, en die VOC-amptenaar Pieter van Meerhof.[27]

Die VOC het 'n amptelike sendingsbeleid onder nie-Christene voorgestaan, maar in praktyk het die beleid nie veel behels nie. Die geestelike amptenare van die VOC is belas met die vae opdrag om die Christelike geloof onder ongelowiges te versprei. 'n Daadwerklike poging is aangewend om veral die mense wat onder die wrede praktyk van slawerny aan die Kaapkolonie beland het, tot die Christelike geloof te bekeer. Daar was gedurende die tyd nie afsonderlike kerke vir blank en nie-blank nie. Sosiale stereotipes het egter mettertyd ontstaan, aangevuur deur politieke dominansie en statusbewustheid. Gesamentlike eredienste was lank na die aankoms van die eerste setlaars 'n algemene verskynsel, maar kontak tussen blank en nie-blank, veral informele sosiale kontak, is op 'n vroeë stadium reeds deur die owerhede deur middel van wetgewing beperk.[28] Hierdie ontwikkeling sluit waarskynlik eerder aan by die ekonomiese motiveringe ten opsigte van beleid as by 'n spirituele motivering. Hierdie standpunt word gehuldig op grond van die beperktheid en gekontroleerde aard van menslike spiritualiteit in die Kaapkolonie.

Die beperktheid van godsdienstige aktiwiteite in die Kaapkolonie gedurende die eerste eeu van setlaarskap is 'n goeie aanduiding van hoe weinig godsdienstige oortuigings neerslag in die politieke en sosiaal-maatskaplike organisasie van die kolonie gevind het. Alhoewel die kerk en die identifikasie van die setlaars met die Christelike geloof 'n belangrike deel van die setlaars se dag-tot-dag bestaan uitgemaak het, was die gemeen-skappe nie uitermatig besig met godsdienstige aktiwiteite nie. So is daar in 1726 slegs 20% egpare in die distrik Stellenbosch wat beide aangenome lidmate van die kerk was.

---

27 Moorrees, pp. 10-20; N.J. Smith, *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkings-groepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-Missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972), pp. 17-21.

28 Botha, pp. 25-40.



UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

1198 654 91

In 80% van die gevalle is huwelike dus voltrek met net een van die twee partye as aangenome lidmate van die kerk. Boedelopgawes gedurende die tyd toon aan dat baie min setlaars Bybels besit het.[29]

G.W. van Imhoff, 'n amptenaar van Holland, het selfs in 1743 opgemerk dat "die onverskilligheid en onkunde van 'n groot aantal grensboere [is] so erg dat dit wil lyk of ons met 'n gemeenskap van blinde heidene te doen het, eerder as 'n kolonie van Europeërs en Christene".[30] Gemeet teen die Europese lewenstyl was die setlaars dus basies ongelowig in daardie stadium. Spiritualiteit is waarskynlik agterweë gelaat vanweë die primitiewe omstandigehede van die setlaars, die groot afstande, die gebrek aan geestelike leiers en die uitgebreide tydstoewysing aan landbou- en huishoudings-aktiwiteite. Gedurende die tweede helfde van die 18de eeu sou die situasie veral in die Kaapkolonie begin verander. Die setlaars wat egter die Groot Trek na die binneland van Suid-Afrika onderneem het, is opnuut gekonfronteer met primitiewe omstandighede wat enorme uitdagings vir die NGK ingehou het.

## 3.5 Britse bewind aan die Kaapkolonie en die Groot Trek van blanke setlaars na die binneland van Suid-Afrika

Die 19de eeu was 'n tydperk van ingrypende verandering in Suid-Afrika. Die VOC se bewind in die Kaapkolonie het tot 'n einde gekom en Brittanje het begin om die Kaapkolonie te administreer. 'n Reeks bloedige oorloë tussen blankes en nie-blankes in die huidige provinsie Oos-Kaap het politieke sake in die Kaapkolonie gedomineer.[31] Die Groot Trek het uitgeloop op die uiteindelike totstandkoming van twee onafhanklike Boererepublieke, te wete die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) oftewel Transvaal en die Oranje-Vrystaat (OVS). 'n Komplekse netwerk van faktore het aanleiding tot die gewelddadige *Difaqane*-oorloë gegee en die ontdekking van diamante en goud het Suid-

---

29 Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 33.
30 *Ibid.*
31 H. Giliomee, "Hutspot van botsings" in H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 81-84.

Afrika wêreldwyd in die media laat opslae maak. Dit het uiteindelik gelei tot die ontstaan van die twee kitsstede, naamlik Kimberley en Johannesburg.[32]

Die Groot Trek is 'n belangrike voorbeeld van hoe die gevoel van nasionalisme onder die setlaars posgevat het. Dit staan uit as een van die noemenswaardigste getuienisse van die strewe na onafhanklikheid van die setlaars. Die Groot Trek was 'n ontwikkeling wat die aard van Suid-Afrika onherroeplik verander het. Alhoewel verskeie ontwikkelinge met die redes agter die Groot Trek gekoppel word, het ekonomiese faktore waarskynlik die belangrikste rol gespeel. 'n Tekort aan landbougrond het reeds voor die amptelike trek boere gedwing om hul boerdery-aktiwiteite buite die grense te neem, veral op soek na weiding.[33] Die Groot Trek na die binneland van Suid-Afrika het uiteenlopende reaksies tot gevolg gehad. Die Britse owerhede wat na die val van die VOC se bewind beheer oor die Kaapkolonie uitgeoefen het, het die uittog van boere uit die kolonie probeer verhoed. Die kerk is in die proses as 'n belangrike hulpmiddel gesien. Gedurende die sinode van 1837 ontmoedig die NGK amptelik die boere se Groot Trek na die noorde en so ontstaan 'n groot vertrouensbreuk. Met die vestiging van trekboere in die binneland van Suid-Afrika was die NGK verder versprei, aangesien dié boere nie dadelik gepoog het om kerklik onafhanklik te word nie. Hulle het hulself as deel van die 'Kaapse kerk' beskou en trekkers het gereeld na die kolonie teruggekeer om gedoop te word en nagmaal te ontvang.[34]

Ten spyte van die NGK se amptelike afkeuring van die Groot Trek was verskeie predikante simpatiek teenoor die Voortrekkers. Sporadies is kerkleiers beveel om die trekkers nie meer as lidmate van die kerk te beskou nie en hulle nie meer te verwelkom in die kerk nie, maar die aandrang het nooit werklik gerealiseer nie. Saam met die Groot Trek is die Christelike godsdiens geografies versprei en is 'n platvorm gelê vir blanke dominansie in die res van Suid-Afrika. Ten spyte van die primitiewe setlaarsomstandighede en die kroniese tekort aan geestelike leiers, het die Voortrekkers onverbiddelik bly klou aan die een eienskap wat hulle nog as van Europese oorsprong tipeer het, naamlik

[32] 'n Goeie bron vir die bestudering van die ontdekking van goud en diamante in Suid-Afrika is M. Meredith, *Diamonds, gold and war. The making of South Africa*, Jeppestown, 2007.

[33] P.B. van der Watt, *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1862-1962*, pp. 5-16.

[34] P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1834-1866*, pp. 12-21.

hulle Christelike geloof. Hoewel die godsdienstige aktiwiteite van die Voortrekkers dus grootliks beperk was, was hulle assosiasie met die Christelike geloof vir meeste trekkers belangrik as deel van hul breë identiteit.[35]

'n Belangrike gebeurtenis tydens die Groot Trek wat in die verlede tot noemenswaardige meningsverskille gelei het, is die Slag van Bloedrivier wat op 16 Desember 1838 plaasgevind het. Die gebeurtenis is verwarrend vir sommige Afrikaners omdat die interpretasie daarvan verskil. Die akademikus, dr. Peter Hammond, beskryf byvoorbeeld die Slag van Bloedrivier as 'n "triomf vir die Christendom in Suid-Afrika".[36] In sy artikel hieroor verwys dié skrywer na teksverse uit die Ou Testament, spesifiek na die 'verbond' van God met die mense wat 'Sy gebooie gehoorsaam' en wat deur God 'nagekom' sal word.[37] Die ooreenkoms word egter baie vaag aangebied en skyn in verband te staan met die ingryping van God in die geskiedenis van Suid-Afrika ter bevordering van die Christelike geloof onder veral inheemse mense.

Die artikel laat die leser met die indruk dat die Groot Trek en die kolonialisering van Suid-Afrika buite die grense van die Kaapkolonie as die direkte wil van God gesien moet word. In die proses word aan al die gebeure 'n mistieke en bonatuurlike skynsel toegedig. Gekenmerk aan die 'wonderwerke' van militêre sukses, word die geskiedenis van die blanke Afrikaners as 'n onstuitbare ontwikkeling geskets – die onvermydelike resultaat van die kragtige werking van God in politieke en staatkundige ontwikkelinge met die doel om die Christelike geloof te versprei en die 'beskawingspeil' van die land te lig.

Die interpretasie kan egter geensins as verteenwoordigend beskou word nie. Die akademikus prof. Hermann Giliomee beskou die Voortrekkers se oorwinning by Bloedrivier as van weinige politieke en staatkundige waarde, wat "slegs 'n tydelike brughoof vir die trekkers in Natal besorg [het]".[38] Dit is inderdaad so dat blanke Afrikaners wat ten tye van die Groot Trek in die Kaapkolonie agtergebly het, nie die sentimente van hulle

---

35 *Ibid.*, pp. 5-24.
36 P. Hammond, "Geloftedag ... en die Slag van Bloedrivier" in *Juig!*, Desember 2009, pp. 50-54.
37 *Ibid.*
38 Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 125.

noordelike taalgenote gedeel het nie, veral met betrekking tot die Slag van Bloedrivier en die viering van Geloftedag. In streke en dorpe wat op die grens tussen die Kaapkolonie en die twee Boererepublieke bestaan, het die verskynsel mettertyd ontstaan dat groot samekomste ter herinnering aan die Slag van Bloedrivier aan die een kant van die grens gehou is, terwyl kerke aan die Kaapkolonie se kant weens 'n gebrek aan belangstelling nie eers 'n kerkdiens gehou het nie.[39]

Dit is ook bekend dat die Slag van Bloedrivier op 'n baie wisselvallige manier deur die loop van die blanke Afrikaners se geskiedenis gevier is, veral gedurende die eerste dekade na die Slag. Dié verskynsel is nie vreemd nie. Die gelofte is afgelê deur 'n klein groepie trekkers wat glad nie as verteenwoordigend van die Voortrekkers in die geheel gesien kan word nie. Die viering van Geloftedag het gevolglik dus deur al die jare sedert die ontstaan van die gebruik tot groot debat onder Afrikaners gelei, met uiteenlopende menings wat gehuldig word. Die gebruik om staatkundige erkenning aan die Slag van Bloedrivier te gee, was eers op 3 Junie 1865 van krag en eers net in die ZAR toe die Volksraad besluit het om die dag tot 'n vakansiedag te verklaar.[40]

Die godsdienstige lewe van die trekboere was veral aan die afwesigheid van geestelike leiers gekenmerk. Godsdienstige aktiwiteite was gedurende die Groot Trek beperk, soos ook dikwels in die Kaapkolonie. Gedurende die 19de eeu het die invloei van predikante, veral Skotse Presbiteriaanse predikante, 'n opbloei in godsdienstige aktiwiteite veroorsaak. Die Christelike godsdiens het vir die Voortrekkers 'n simbool van hulle eenheid met mekaar gebly, asook van hulle Europese erfenis. Basiese onderwys, soos skryf- en leesvaardighede, wat deur die kerk voorsien is het 'n sterk konneksie tussen die kerk aan die een kant en geletterdheid en vooruitgang aan die ander kant, laat ontstaan. Die Bybel het, soos in verkeie ander wêrelddele, 'n besonderse plek beklee, veral in die primêre godsdiensaktiwiteite van die Voortrekkers, naamlik huisgodsdiens. Die geleent-

---

[39] P.H. Kapp, *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel III: Ons volksfeeste*, p. 72; P. Büchner, "*'n Dankdag soos 'n Sabbat" – Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die herdenking van die Gelofte van 1838* (M.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993), pp. 46-70.

[40] *Ibid.* 16 Desember word steeds as 'n openbare vakansiedag, bekend as Versoeningsdag, in Suid-Afrika gevier, maar die staat moedig landsburgers aan om op dié dag oor die verlede te besin in 'n gees van versoening met die oog op die toekoms. Sien byvoorbeeld, South African government information, "Public holidays", <http://www.info.gov.za/aboutsa/holidays.htm>, 12.01.2010.

heid om 'n formele kerkdiens by te woon, was vir die gemiddelde trekker 'n rariteit en 'n voorreg.[41]

Die NGK het deur middel van die Groot Trek na die Transoranje versprei. In die Oranje-Vrystaat was die NGK die algemeenste kerk onder die Voortrekkers en hulle nakomelinge, terwyl daar in die ZAR mettertyd twee ander kerke ontstaan het, naamlik die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk, wat vandag nog bestaan en sedertdien landswyd uitgekring het. Die Hervormde Kerk was die amptelike staatskerk van die ZAR. Een van die redes waarom die Hervormde Kerk so gewild onder die burgers van die ZAR was, is dat hulle nie die NGK vertrou het nie omdat die NGK se leierskap in die Kaapkolonie pro-Brits was. Eers gedurende die 20ste eeu het die NGK ook in die voormalige ZAR die grootste en invloedrykste kerk geword.[42]

### 3.6 Die beleid van anglisering en ekspansionisme van die Britse owerhede en die transformasie van Suid-Afrika se ekonomiese en sosiale karakter na afloop van die ontwikkeling van die mynbousektor

Gedurende die vroeë 19de eeu is grootskaalse pogings in die Kaapkolonie van stapel gestuur om aan die Kaap 'n ware Britse karakter te gee. Met die Kaapkolonie onder Britse bewind is pogings aangewend om die Engelse taal te bevorder onder die setlaars wat alreeds 'n unieke 'nuwe' taal gepraat het, veral informeel, in die vorm van Afrikaans.[43]

Die kommisaris-generaal van die Kaapkolonie, J.A. de Mist, het 'n nuwe kerkorde opgestel wat op 25 Julie 1804 in werking getree het. Die orde was tot 1843 van krag toe dit vervang is. Die kerkorde van De Mist het die Kaapse kerke, waaronder die NGK, se magte aansienlik ingekort. Dit het byvoorbeeld die kerke verbied om onderwys aan die setlaars te verskaf - histories 'n baie belangrike taak van die kerk. Die rede word in

---

41 E.A. Walker, *The Great Trek*, pp. 54-58; P.J. van der Merwe, *Trek. Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, p. 270.

42 P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1824-1905*, pp. 176-182.

43 Giliomee, *Die Afrikaners ...*, p. 155-186. Die pogings tot anglisering deur die owerhede is deur sommiges as 'n bedreiging vir die Gereformeerde godsdiens beskou. 'n Sterk konneksie tussen taal en godsdiens was dus aan die orde van die dag.

artikel 18 van die kerkorde verskaf, naamlik dat "[skole] is kweekplase om goeie burgers vir die staat te vorm, en staan dus onder toesig van die regering".[44]

Soortgelyk aan die bestuurstyl van die VOC, is die Britse beleid in die Kaapkolonie, maar ook in die res van Suid-Afrika, so ontwerp dat dit die belange van die moederland sou dien. Regeringsbeleid is vervolgens aangepas dat streke so ekonomies lewensvatbaar as moontlik sou word ten einde finansiële voordeel vir Brittanje te bring. Die Britte het egter die praktyk van slawerny tot 'n einde gebring wat tot bittere ontevredenheid by slawebesitters gelei het. Gedurende die 19de eeu het die regte van swart mense in die Kaapkolonie al meer 'n belangrike onderwerp geword. In 1829 het die Kaapse sinode die agitasie vir rassegelykstelling bespreek, veral met betrekking tot die organisasie van die NGK. Die sinode het bevind dat ras geen bepalende faktor by die toelating tot lidmaatskap van die NGK moes speel nie - 'n besluit wat by menige setlaars ongewild was. Die gelykstelling tussen blank en nie-blank sou verreikende implikasies inhou vir die setlaars, wat hulle liefs wou vermy.[45]

Brittanje het gevolglik steeds gepoog om méér kolonies te bekom. Die Republiek van Natalia (Natal), wat in 1839 deur die Voortrekkers uitgeroep was, is in 1844 deur Brittanje verower. Dit is in dié streek dat die eerste 'lokasies'[46] verskyn het, 'n ontwikkeling wat later na die res van Suid-Afrika uitgekring het en steeds 'n unieke nalatenskap van die land se koloniale verlede is. Die Britse staatsamptenaar, Sir Theophilus Shepstone, wat in die Britse kolonie Natal aangestel is, was gemoeid met die administrasie van die kolonie se inheemse bevolking. Shepstone het die lot van swart mense in Natal bedink en tot die gevolgtrekking gekom dat die kulturele verandering van die koloniale lewenswyse swart samelewings benadeel. In 'n poging om die tradisionele lewenswyse van die mense ten minste gedeeltelik te beskerm, is die eerste lokasies begin wat slegs deur swart mense bewoon is. Shepstone het sendelinge ingespan om die oor-

---

44 Moorrees, p. 453.
45 C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, pp. 170-206.
46 Lokasies staan ook as informele behuising bekend. Dit is huise wat van goedkoop materiale gemaak is. Dit word gewoonlik deur die bewoners self opgerig, anders as formele behuising wat gewoonlik deur professionele bouers opgerig word.

tuiging by swart mense te laat posvat om in die lokasies te gaan woon en om die 'ywer' van swart mense te probeer bevorder, veral met die oog op goedkoop arbeid.[47]

Uit die bostaande is dit duidelik dat 'n proses van rasseskeiding reeds in hierdie sensitiewe tydperk van Suid-Afrika se geskiedenis aan die orde van die dag was. Gedurende die 19de eeu is duisende landsburgers in die gebied wat vandag algemeen as Suid-Afrika bekend staan onderwerp aan 'n proses van verstedeliking en industrialisasie, wat ingrypende ekonomiese maar ook kulturele veranderinge vir die land se mense ingehou het. Die proses van rasseskeiding gedurende die 19de eeu was dikwels die resultaat van die ekonomiese oorwegings van Britse amptenare wat gepoog het om groter ekonomiese lewensvatbaarheid in Suid-Afrika te bevorder. Afrikanernasionalisme in die Kaapkolonie en die ZAR het egter 'n groot bedreiging vir Britse belange ingehou.

Aan die einde van die 19de eeu het 'n nuwe vlaag van Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika posgevat. In die Paarl het die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 tot stand gekom, met die uitsluitlike doel om Afrikaners se taal en kulturele erfenis te bewaar en te bevorder. Politieke en ekonomiese eise van Afrikaners het aanleiding tot die stigting van die Boere Beschermings Vereeniging (1878) en 'n politieke party, die Afrikaner Bond (1879), gegee. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (ABO) op 11 Oktober 1899, hoofsaaklik as gevolg van Britse ekspansionisme en ekonomiese oorwegings, het nagenoeg 20 000 Afrikaners vanuit die Kaapkolonie, bekend as die Kaapse rebelle, deur die loop van die oorlog by die magte van die twee Boererepublieke aangesluit.[48]

## 4. DIE ONTWIKKELING VAN APARTHEIDSDENKE EN DIE ROL VAN DIE NGK IN DIE PROSES VAN RASSESKEIDING IN SUID-AFRIKA

"Die oorsprong van die noue en uiteindelik byna noodlottige band tussen die NGK en die Boerenasie, die Afrikaners, moet veral gesoek word in die eerste paar dekades van die 20ste eeu. In die Afrikaners se uur van swaarkry en ellende het die kerk haar so met hulle

---

47 A. Manson, *et al.*, "Die koloniale teenwoordigheid brei uit en raak gevestig" in Giliomee en Mbenga (reds.), p. 148.

48 L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 140-142; T. Kuperus, *State, civil society and apartheid in South Africa. An examination of the Dutch Reformed Church-State relations*, pp. 32-33.

maatskaplike en geestelike nood, en dus uiteindelik ook met hulle politieke saak vereenselwig, dat sy in 'n kritieke uur nie aan haar aard en profetiese roeping getrou gebly het nie."[49]

Volgens die historikus R. Elphick is die begrip 'apartheid' in 1929 tydens 'n kerklike konferensie in Kroonstad die eerste keer in verband met landsbestuur gebruik. Die konferensie is gehou om die sendingaksies van die NGK te bespreek met die oog op die moontlike uitbreiding van die kerk se sendingaktiwiteite. Tydens 'n toespraak deur een van die konferensiegangers, ds. Jan Christoffel du Plessis van Bethlehem in die Vrystaat, is die begrip 'apartheid' gebruik om te verwys na die skeiding tussen blank en nie-blank, wat volgens Du Plessis 'n kenmerk van blanke Afrikaners se 'gedragslyn' in die verlede was. Ds. Du Plessis het 'n sendingbeleid bepleit wat die 'onafhanklike nasionale toekoms' van swart Suid-Afrikaners sou bevorder en wat gevolglik die behoud van die Afrikanerkultuur sou verseker. Dit is dus duidelik dat die idee van 'tuislande' alreeds gedurende dié tyd onder sommige blanke Afrikaners posgevat het.[50]

Gedurende die tyd van die betrokke konferensie was die praktyk van rasseskeiding in die NGK reeds die norm.[51] Lidmate van die NGK het ekonomies onder toenemende druk verkeer vanweë die verskynsel van swart verstedeliking, wat groot getalle swart Suid-Afrikaners na stedelike gebiede gedryf het op soek na werksgeleenthede. Na afloop van die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die anglisering van Suid-Afrika as die grootste politieke bedreiging deur blanke Afrikaners ervaar. Die Nasionale Party (NP) is op 7 Januarie 1914 deur die Boeregeneraal J.B.M. Hertzog, wat groter outonomiteit voorgehou het vir Suid-Afrika se politieke vraagstukke, gestig. Dit was in teenstelling met die beleid van groter samewerking met Brittanje wat deur die eerste minister, generaal Louis Botha van die Suid-Afrikaanse Party (SAP), aangehang is.[52] Die vrese vir anglisering onder blanke Afrikaners is egter mettertyd oorskadu deur die vrese

---

49 W. Jonker, *Selfs die kerk kan verander*, p. 3.

50 R. Elphick, "Die oorsprong van die term apartheid" in Giliomee en Mbenga (reds.), p. 259.

51 Die ontwikkeling van eers aparte eredienste en uiteindelik aparte kerke word meer uitvoerig in hoofstuk drie bespreek.

52 D. du Bruyn en A. Wessels, "Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika tydens die eerste dekade van die apartheidsera, 1948-1958" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 32(2), Desember 2007, pp. 80-81.

vir ekonomiese kompetisie tussen blanke Afrikaners en swart Suid-Afrikaners wat gedurende die eerste dekades van die 20ste eeu toegeneem het.

Die presiese voorstelle waarvolgens die 'naturelle-vraagstuk' hanteer moes word, het verskil, maar uiteenlopende leiers - politieke sowel as geestelike leiers - was dit eens dat rasseskeiding noodsaaklik is om Suid-Afrika se maatskaplike, sosiale en ekonomiese vooruitgang te verseker. In 1913 het die Federale Raad van Kerke (FRK)[53] positief gereageer op die daarstelling van die 1913-grondwet wat Suid-Afrikaners van verskillende rasse vir die eerste keer op 'n groot skaal deur middel van wetgewing geografies geskei het. Die FRK het van 27 tot 29 September 1923 in Johannesburg 'n 'Naturelle konferentie' gehou. Dit was die eerste keer dat 'n konferensie van hierdie aard deur die FRK gehou is. Die konferensie is deur 'n wye verskeidenheid van belangrike leiersfigure van verskillende kulturele agtergronde bygewoon. Die konferensie word beskryf as "die eerste keer in die geskiedenis van die land ... dat blankes en bantoes saam op 'n Christelike voet met mekaar beraadslaag het oor die toekoms".[54]

Ten tye van die konferensie is 'n hele aantal onderwerpe met betrekking tot rasseverhoudinge in Suid-Afrika bespreek. Hierdie onderwerpe het onder meer ingesluit swart onderwys, grondbesit deur swart mense en die moontlikhede van selfregering deur swart Suid-Afrikaners. Na afloop van die konferensie is die waarnemende minister van naturellesake, F.S. Malan, deur 'n deputasie bestaande uit sewe lede oor die bevindinge van die konferensie ingelig. Die aanbevelings aan die minister het aanpassings aan die beleid van rasseskeiding voorgestel, soos die daarstelling van aparte geriewe aan swart Suid-Afrikaners wat 'hul eie tradisies kan ontwikkel'. Ten spyte van die aanbevelings is algehele rasseskeiding nie voorgestel nie en is die algehele skeiding van rasse as 'nie wenslik nie' en ook 'nie moontlik nie' voorgehou. Die hoop is ook uitgespreek dat die

---

53 Die Federale Raad van Kerke bestaan uit al die kerke wat die drie Formuliere van Enigheid aanvaar, soos dit op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel is. Dit bestaan uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), *PV 632: Dr. Koot Vorster-versameling*, Lêer 1/1/1/1/6: "Federale Raad van Kerke: Verslae".

54 Lombard, p. 30.

proses van rasseskeiding nie vir die doeleindes van onderdrukking aangewend sou word nie.[55]

Die bewering dat die 1923-konferensie van die FRK as 'n eerste beskou moet word in terme van die dialoog tussen wit en swart oor die toekoms van Suid-Afrika, is nie totaal ongegrond nie. Gedurende die eerste twee dekades na afloop van die ABO is die kwessie van politieke regte vir swart Suid-Afrikaners grootliks deur die wantroue tussen Boer en Brit oorskadu.[56] Daar is bewyse dat verskeie swart Suid-Afrikaners gedurende die oorlog aan die Britse magte lojaal was, met dié verstandhouding dat 'n Brits-beheerde koloniale Suid-Afrika groter politieke voordele vir swart inwoners sou inhou. Dit is egter duidelik dat ten spyte van hierdie informele verstandhouding die saak nooit ernstige aandag onder die Britse owerhede geniet het nie en dat swart mense na afloop van die oorlog nie die vrugte van hulle ywer in die geannekseerde ZAR en OVS gepluk het nie. Ook in die Kaapkkolonie en in Natal het die lot van swartes nie verbeter nie.[57]

'n Verskeidenheid van ekonomiese oorwegings het na afloop van die ABO beleidsrigtings in Suid-Afrika beïnvloed, waaronder swart arbeid en die vervoerstelsels van die vier Britse kolonies. Die integrasie van die streek het toenemend 'n saak van erns geword. 'n Verenigde Suid-Afrika sou groter ekonomiese stabilitieit tot gevolg hê vir die streek en sy mense en dit sou die ekonomiese ontwikkeling van die land versnel. Die uiteindelike onderhandelinge wat in Oktober 1908 in Durban plaasgevind het om die struktuur van die beoogde Unie van Suid-Afrika te bepaal, het nie die politieke belange van die swart bevolking in ag geneem nie. Die Unie het tot stand gekom met die verstandhouding dat die kwessie van swart Suid-Afrikaners se politieke regte deur die nuwe parlement van die Unie bepaal sou word, 'n parlement wat nie deur die stemreg van swartes bepaal kon word nie.[58]

Die kwessie van wit armoede was reeds by die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika 'n gewigtige politieke faktor. Groot verdeling het onder blankes bestaan wat die politieke

---

55 *Ibid.*, pp. 30-31.

56 D.W. Krüger, *The making of a nation. A history of the Union of South Africa*, p. 24.

57 A. Wessels, "Trauma tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902: Enkele historiese perspektiewe" in *Knapsak* 20(2), Augustus 2008, p. 13.

58 Krüger, pp. 24-45.

stabiliteit van die Unie bedreig het. Blankes was bewus daarvan dat hulle die minderheid in die land is en dat politieke oorheersing van die blankes in Suid-Afrika tot 'n groot mate van die verhouding tussen die twee grootste blanke gemeenskappe sou afhang, naamlik die Engels- en die Afrikaanssprekendes. Grootskaalse versoening tussen Engels- en Afrikaanssprekende blankes het egter nie gedurende dié tyd gerealiseer nie. Die SAP het die Unie van Suid-Afrika van 1910 tot 1924 regeer. Alhoewel die SAP steun onder blanke Afrikaners geniet het, was dit 'n krimpende steun en die lojaalste ondersteuners van die SAP was mettertyd Engelssprekend.[59]

In 1924 het die Pakt-regering onder die leiding van genl. J.B.M Hertzog aan bewind gekom. In die aanloop tot die verkiesing het die eerste minister, genl. Jan Smuts, tydens stemwerwing kiesers teen die 'nasionalistiese' aanslag van die NP gewaarsku. Dit is veral gedoen in gebiede wat oorheersend Engelssprekende kiesers bevat het. Daarenteen het die veldtog onder leiding van Hertzog gesentreer rondom die bedreiging wat swart verstedeliking vir die belange van blanke werkers ingehou het en die oplossing van die armblankevraagstuk. Gedurende die tyd het die verskille in lone tussen wit en swart arbeiders 'n deurslaggewende politieke faktor in Suid-Afrika geword. Goedkoop swart arbeid het die geleenthede vir blankes, maar veral die groot getalle ongeskoolde blanke Afrikaners, bedreig. Met die bewindsoorname deur genl. Hertzog is 'n omvattende poging van stapel gestuur om deur 'n proses van werksreservering die lot van blanke Afrikaners te verbeter. Dit is ook gedurende Hertzog se eerste termyn as eerste minister dat Afrikaans in 1925 'n amptelike landstaal van die Unie van Suid-Afrika geword het.[60]

Genl. Hertzog het op 2 Junie 1926 'n nuwe reeks 'Naturelle-wetsontwerpe' voorgelê wat onder meer die beëindiging van swart stemreg in die Kaapprovinsie behels het. Die FRK se Naturellesakekommissie, wat die vorige jaar ontstaan het, het in reaksie op die wetsontwerpe 'n inter-kerklike konferensie gereël wat die beoogde wetsontwerpe sou bespreek. Dié konferensie, bekend as die 'Bloemfontein Konferentie van Leden der Gefedereerde Ned. Geref. Kerken', het gedurende 28 tot 30 September 1926 plaasge-

---

59 H. Giliomee, "'Wretched folk, ready for any mischief': The South African state's battle to incorporate poor whites and militant workers" in *Historia* 47(2), November 2002, pp. 601-653.

60 W. Beinart, *Twentieth century South Africa*, pp. 109-117; J.P. Brits, "The Pact and South African society" in B.J. Liebenberg en S.B. Spies (reds.), *South Africa in the twentieth century*, pp. 172-185.

vind. Ten opsigte van die voorgestelde wetsontwerpe is daar gedurende die konferensie besluit dat die kerkleiers hulself nie geroepe voel om te oordeel nie. Die saak is dus nie opgelos nie, maar verskeie belangrike besluite is wel in verband met die toekoms van Suid-Afrika se rassebeleid geneem. Die kerkleiers het geoordeel dat rasseskeiding belangrik is vir die toekoms van Suid-Afrika, maar daar is ook 'n beroep op groter samewerking gedoen. Alle Suid-Afrikaners, so is bevind, moes werk aan gemeenskaplike oplossings vir die rassevraagstuk, 'voordat 'n krisis ontstaan'.[61]

Gedurende 31 Januarie tot 2 Februarie 1927 is 'n tweede konferensie deur die Naturellesakekommissie van die FRK in Kaapstad gehou wat ook onder andere oor die onderwerp van die rassevraagstuk in die Unie gehandel het. Verskeie wetsontwerpe is ten tye van die konferensie bespreek, waaronder die naturellegrond-wysigingswetsontwerp, die wetsontwerp op Volksraadverteenwoordiging en die Unie-naturellewetsontwerp. Na afloop van die konferensie is 'n deputasie afgevaardig, bestaande uit verskeie kerkleiers, wat die besluite wat tydens die konferensie geneem is aan die eerste minister, genl. Hertzog, voorgelê het. Skynbaar het hierdie konferensie tot ongelukkigheid gelei. Die besluite is deur sommige waarnemers as strydig met genl. Hertzog se algemene beleid gesien. Vir dieselfde rede is die besluite ook deur ander waarnemers geloof. Een van die aanbevelings was byvoorbeeld dat die regering erns moes maak met die aankoop van grond vir swart mense. Die konferensie het ook gepleit dat die regering sal aandag skenk aan 'ontmoedigende ekonomiese toestanden' wat in gebiede geheers het waar swart Suid-Afrikaners bly.[62] Terwyl teenstand teen rasseskeiding gedurende die 1920's begin groei het, veral in Engelse en swart kerke, het die NGK egter van hierdie stadium af opgehou om aan veelrassige konferensies deel te neem wat die kwessie van rasseverhoudinge in Suid-Afrika aangespreek het.[63] Die NGK het toenemend apartheid as die enigste werkbare oplossing vir die armoede onder blankes gesien.

---

61 Lombard, pp. 33-40; Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 75-78.
62 *Ibid.*
63 Giliomee, *Die Afrikaners ...*, pp. 363-364.

# 5. AFRIKANERNASIONALISME GEDURENDE DIE 1930's EN 1940's

## 5.1 Die rol van nasionaal-sosialisme in die ontstaan van Afrikanernasionalisme

Afrikanernasionalisme gedurende die 20ste eeu is goed gedokumenteer, maar dit wil voorkom of die unieke aard van Afrikanernasionalisme steeds vir ontleders 'n uitdaging is. Het Afrikanernasionalisme as gevolg van rassisme ontstaan, of is dit waarlik deur die behoefte aan 'n 'volkseie' lewensbestaan gemotiveer? Het Afrikanernasionalisme gedurende die 20ste eeu as gevolg van godsdienstige redes toegeneem, of is Afrikaner-nasionalisme die resultaat van ekonomiese vraagstukke waarmee Afrikaners geworstel het?

'n Belangrike onderafdeling in die debat rondom die opkoms van Afrikanernasionalisme, is die rol van nasionaal-sosialisme in Suid-Afrika, 'n verskynsel wat wêreldwyd onder die term Nazisme bekend is as gevolg van die tragiese gebeure van die Tweede Wêreldoorlog. Die belangstelling in die onderwerp is noemenswaardig en die gesprek is gevolglik dinamies. Die sinistêre aard van Duitse Nazisme, veral met betrekking tot die volksmoord van Jode wat daaruit gespruit het, is al op kleurvolle wyses met Afrikaner-nasionalisme vergelyk, soos die beelde van jongmense wat juigend die strate invaar om die 'oorwinning' van die 'eie' te vier as 'n dramatiese voorspel tot die verwronge era van apartheid en apartheidsdenke.[64]

'n Goeie argument kon moontlik gemaak word dat die NP 'n party was wat die ideaal van nasionaal-sosialisme aangehang het. Na afloop van die ABO het groot getalle blanke Afrikaners gedurende die eerste drie dekades van die 20ste eeu in vernederende armoede verval. Die verstedeliking van swart Suid-Afrikaners is 'n belangrike faktor, maar die nywerheidsomwenteling van Suid-Afrika het in die geheel gesien verskeie implikasies vir die blanke Afrikaners ingehou. Die nagevolge van die ABO, soos die agteruitgang van die landbou en verlies aan politieke mag, het ekonomiese geleenthede vir blanke Afrikaners laat afneem. Nywerhede het skielik meer staat gemaak op kommersiële landbou as op bestaansboerdery, waaraan meeste blanke Afrikaners gewoond was. Die

---

64 R. de Saintonge, *Outside the gate. A biography of Nico Smith*, pp. 47-48.

wêreldwye ekonomiese depressie van die 1930's het ook die lot van blanke Afrikaners verder verswak. Boonop was die tipiese blanke Afrikaner van die vroeë 20ste eeu grootliks ongeletterd, veral gemeet aan die geskooldheid van Engelssprekende blankes.[65]

Ten spyte van die uitdagende aard van landbou-omstandighede, was Afrikanerboere teen 1930 steeds verantwoordelik vir meer as 80% van Suid-Afrika se voedselproduksie, maar teen 1936 was ongeveer die helfte van alle blanke Afrikaners stedelinge, veral woonagtig in Pretoria, Johannesburg, Kaapstad en Bloemfontein. Die Johannesburgse koerant *Die Transvaler* het in 1937 geskat dat minder as 20 sakeondernemings in die stad in blanke Afrikanerhande is.[66] In 'n verslag van die kommissie van ondersoek van die Gefedereerde NG Kerke wat in 1947 gepubliseer is, word die uitdagings sielvol geskets wat verstedelikte blanke Afrikaners gedurende die tyd in die gesig gestaar het. Die kommissie het getuig van blanke Afrikaners wat "beskou [is] as 'n indringer; die naturel was meer welkom as hy. Vir die naturel is groot behuisingskemas op tou gesit, maar nie vir hom nie ... hy moes tevrede wees met die krummels wat van die ryk man se tafel afgeval het".[67]

Die regering het dikwels ten koste van sy begroting omvangryke projekte van stapel gestuur om die lot van blanke Afrikaners te verbeter. Tydelike werkskeppingsprojekte het werk vir duisende blanke Afrikaners geskep.[68] Wit Suid-Afrikaners met opponerende politieke oortuigings het saamgewerk aan 'n oplossing vir die blanke Afrikaners se armoede. In 1929 het die NGK die leiding geneem om blanke armoede onder die aandag van die Carnegie-korporasie in New York te bring. Die NGK het finansiering vir 'n formele studie van die armblankevraagstuk in Suid-Afrika bepleit. Die pleidooi het gelei tot die Carnegie-kommissie. Vyf verslae is uiteindelik in 1932 deur die Carnegie-kommissie gepubliseer. Die kommissie het veral klem gelê op die noodsaaklikheid van

---

65 Kupersus, p. 37.

66 H. Giliomee, "Die wit gemeenskappe" in Giliomee en Mbenga (reds.), pp. 363-364.

67 J.R. Albertyn *et al.*, *Kerk en stad. Verslag van die kommissie van ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika*, pp. 216-217.

68 'n Goeie voorbeeld hiervan is die bou van 'n waterskema wat water van die Vaalrivier na omliggende dorpe en plase in die distrik wat vandag bekendstaan as Jan Kempdorp gekanaliseer het. Die skema is in 1938 voltooi. The Department Water Affairs. Republic of South Africa, "Vaalhartz weir", <http://www.dwaf.gov.za/orange/Vaal/vaalhart.htm>, *s.a.*

opvoeding en onderwys om die uitdagings van blanke armoede die hoof te bied. Die kommissie het egter nie verdere aanpassings aan die arbeidswette bepleit nie. Daar is gewaarsku dat ongelyke geleenthede in die samelewing op grond van ras op die lange duur nie bevordelik vir blanke Afrikaners se belange sou wees nie.[69]

Die oorgrote meerderheid van akademici wat die ooreenkomste tussen Afrikaner-nasionalisme en Duitse Nazisme bestudeer het, is dit eens dat die twee ideologieë nie met mekaar vergelykbaar is nie. Daar word veral daarop gewys dat die beleid van rasseskeiding en blanke bevoorregting ten minste teoreties deur die Nasionaliste in Suid-Afrika as tydelike politieke ingryping beskou was. Dit is verál die geval ten tye van die parlementêre goedkeuring van die wette in die post-1948 era wat van apartheid 'n nuwe en unieke politieke ideologie gemaak het. Die uiteindelike doel met rasseskeiding was vir die meeste Nasionaliste die uiteindelike selfbeskikking van alle rassegroepe in Suid-Afrika. Dit is ook nie werklik moontlik om die rol van die NGK met die van die Duitse Christene gedurende en in aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog te vergelyk nie. Hoewel die NGK se beleid in 'n groot mate soortgelyk aan dié van die NP was, het die NGK nooit die NP as enigste alternatief verkondig vir sy lidmate soos wat die Nazi-Christene gedoen het nie.[70]

## 5.2 Die ontstaan van die Gesuiwerde Nasionale Party, die Volkskongres van 1934 en die herdenking van die Groot Trek van 1838

Genl. Hertzog het in 1933 in 'n koalisie met sy voormalige opponent, genl. Jan Smuts, getree. Die koalisie is deur sommige Suid-Afrikaners as die verwesenliking van 'n baie ou ideaal gesien, naamlik die uiteindelike politieke vereniging tussen Boer en Brit. Vir groot getalle Afrikanernasionaliste was dit egter 'n stap in die verkeerde rigting. Ver-volgens het die Gesuiwerde Nasionale Party (GNP) onder dr. D.F. Malan tot stand

[69] Giliomee, *Die Afrikaners ...*, pp. 363-364.

[70] P.G.J. Meiring, "Nationalism in the Dutch Reformed churches" in T. Sundermeier (red.), *Church and nationalism in South Africa*, pp. 56-66; P. de Klerk, "Die verband tussen apartheid en nasionaal-sosialisme – 'n historiografiese oorsig" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 30(2), September 2005, pp. 1-18.

gekom, wat die belange van blanke Afrikaners groter prioriteit gegee het in teenstelling met die koalisieregering wat 'n meer inklusiewe benadering tot landsake gehad het.[71]

Ongeveer 18 maande na afloop van die publikasie van die Carnegie-kommissie se verslag vind in Oktober 1934 'n Volkskongres in verband met die armblankevraagstuk in Kimberley plaas. Die kongres is deur die NGK gereël. Tydens die kongres is die mening uitgespreek dat die blanke Afrikaners te veel teen die invloei van goedkoop swart arbeid moet wedywer en dat spesifieke maatreëls om blanke Afrikaners te beskerm getref behoort te word. By die geleentheid het die leier van die GNP, dr. D.F. Malan, ook gepleit dat daar 'n groter gevoel van eensgesindheid onder blanke Afrikaners moes posvat omdat klasseverskille die vooruitgang van blanke Afrikaners ondermyn. Die politikus dr. H.F. Verwoerd het gewaarsku teen die welsynsorganisasies wat die geleenthede van die Afrikanernasie bedreig.[72]

Die Volkskongres van 1934 kan as 'n belangrike gebeurtenis beskou word vir die blanke Afrikaners se politieke ontwikkeling, maar ook spesifiek vir die NGK se ontwikkeling. Dit kan saamgevat word as 'n oproep tot selfbehoud - die enigste lewensvatbare manier waarop die NGK 'n oplossing gesien het vir die armblankevraagstuk. Klasseverskille het selfbehoud ondermyn omdat daar gevrees is dat armlastige blanke Afrikaners toenemend met ander bevolkingsroepe sou vermeng. Daar is deur leiersfigure in die NGK vermoed dat so 'n ontwikkeling sou lei tot stygende ellende en net die saak van armblankes sou benadeel.[73]

Die viering van die Groot Trek in 1938 word hier ter illustrasie van die heersende Afrikanernasionalisme gedurende die 1930's vlugtig bespreek. As deel van die feesvieringe is 'n trek van nege ossewaens onderneem wat simbolies op die spore van die Voortrekkers van meer as 100 jaar tevore gereis het. Die trek het nasionalisme onder

---

71 Federal research division of the Library of Congress, "South Africa. The Great depression and the 1930's", <http://www.country-data.com/cgi-bin/query/r-12093.html>, *s.a.*

72 P.W. Coetzer en J.H. le Roux (reds.), *Die Nasionale Party. Deel Vier: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934–1940*, pp. 90-100; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), *PV 107: D.J. Potgieter-versameling*, Lêer 150: "Verslag van die Volkskongres oor die armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934".

73 Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, p. 80.

blanke Afrikaners aangevuur. Op elke dorp waar die waens verbygetrek het, het groot getalle blanke Afrikaners hulle eenheidsgevoel betoon. Die hoogtepunt van die trek was 'n emosionele viering op 16 Desember 1938. Dr. D.F. Malan het op dié dag die regering gekritiseer oor die armoede wat onder blanke Afrikaners bestaan. Hy het verwys na die 'nuwe groot trek' wat vir die Afrikanervolk voorlê. Vir groot getalle Afrikaners het die GNP dié ideale wat hulle gekoester het, soos politieke vryheid en ekonomiese vooruitgang, gesimboliseer.[74]

## 5.3 Die Afrikaner-Broederbond en Afrikanernasionalisme gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu

Een van die mees omstrede instellings wat die belange van blanke Afrikaners gedurende die 20ste eeu bevorder het, was die Afrikaner-Broederbond (AB), wat vandag as die Afrikanerbond voortbestaan. Die AB is op 5 Junie 1918 in Johannesburg gestig met die oog op die bevordering van blanke Afrikanerbelange. 'n Belangrike oogmerk van die organisasie was om die kultuur en die taal van blanke Afrikaners te beskerm en te bevorder, asook om die ideaal van Afrikaneronafhanklikheid te verwesenlik. Vir dié doeleindes was dit noodsaaklik om Afrikanernasionalisme te bevorder, omdat status- en klasverskille gedurende die vroeë 20ste eeu die eenheidsgevoel onder blanke Afrikaners ondermyn het. Die AB is veral veelbesproke vanweë die spirituele konnotasies wat met dié organisasie geassosieer is, veral die skynbare geroepenheidsgevoel waaraan lede gekenmerk is en wat die beskerming van die Christelike nasionale lewenswyse behels het.[75]

In 1925 het die AB bestaan uit 162 lede wat teen 1978 tot 11 290 gegroei het. In 1932 het die AB 'n geheime organisasie geword. Lede het hoofsaaklik bestaan uit welgestelde blanke Afrikaners wat leiersposisies in die samelewing beklee het, waaronder

---

[74] Giliomee, *Die Afrikaners* ..., pp. 303-304; A. Grundlingh, "Chapter 3 – Afrikaner Nationalism in the 1930's and 1940's", <http://www.sahistory.org.za/pages/library-resources/online%20books/turningpoints/bk4/chapter3.htm>, *s.a.*

[75] N. Smith, *Die Afrikaner-Broederbond. Belewinge van die binnekant*, pp. 19-33; Die Afrikanerbond, "Die Afrikanerbond – 5 Junie 1918 – 2008 – 'n Bondige oorsig oor 90 jaar", <http://www.afrikanerbond.org.za/index.php?pg=87>, *s.a.*; J. Verkuyl, "The Dutch Reformed Church in South Africa and the ideology and practice of apartheid", <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/verkuyl.html/>, *s.a.*

predikante,[76] onderwysers, sakemanne en politici. Deur middel van 'n proses van kader-ontplooiing was dit moontlik vir die AB om lede van die organisasie strategies in die staatsdiens te posisioneer om uiteindelik die oorhoofse oogmerk van die AB te bevorder. Teen die 1930's het dié organisasie, wat as 'n kultuurorganisasie begin het, 'n gewigtige politieke faktor geword wat Suid-Afrika se ekonomiese, politieke en ook kerklike ontwikkeling op 'n bepaalde manier beïnvloed het.[77]

Die AB se invloed gedurende die 20ste eeu op die NGK is nog nie deeglik uitgetrap nie. Die persepsie bestaan dat die AB die leierskap van die NGK dikwels dikteer het. Daar kan egter tereg gevra word of 'n instelling soos die AB die NGK kon voorskryf wanneer soveel leiers van die NGK self lede van die AB was. Kan lede hulself manipuleer? Die doel van die AB was om die blanke Afrikaners se eenheid en welvaart te bevorder en die AB het gereken dat geheimhouding sou meewerk om dié organisasie se doelwitte te bereik.[78] Op die lange duur het die geheimhouding van die organisasie egter veel bygedra tot die negatiewe siening wat baie Suid-Afrikaners van die AB gehad het.

Die AB is veral deur genl. Jan Smuts gekritiseer, maar ook deur die stigter van die NP, genl. J.B.M. Hertzog. Genl. Smuts het in 1945 gewaarsku dat die AB 'n gevaarlike organisasie is, juis omdat dit die belange van slegs een minderheidsgroep in Suid-Afrika bevorder.[79] Genl. Hertzog se mening oor die AB was dat dié organisasie die GNP in die geheim verteenwoordig, terwyl die GNP die AB in die openbaar verteenwoordig.[80] Die menings van hierdie twee leiers het nie goed op die AB se aktiwiteite weerspieël nie. Omstredenheid het aangaande die rol van die AB in die samelewing ontstaan. 'n Ondersoek is deur die NGK onderneem om die aktiwiteite van die AB te ondersoek, maar die kommissie wat gelas met die ondersoek was, was traag om die ondersoek te voltrek. Die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke wat mettertyd met die saak belas is, het uiteindelik op 28 Junie 1950 'n verslag aanvaar wat deur 'n kleiner komitee opgestel is.

---

76 Groot getalle predikante van die NGK was teen die einde van die 1970's geïdentifiseer as lede van die AB. Sien byvoorbeeld I. Wilkins en H. Strydom, *The super-Afrikaners. Inside the Afrikaner Broederbond*, Johannesburg, 1978.

77 Smith, *Die Afrikaner-Broederbond ...*, pp. 19-33; Giliomee, *Die Afrikaners ...*, pp. 352-354.

78 A.N. Pelser, *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar*, p. 14.

79 M. Cassidy, *The passing summer. A South African pilgrimage in the politics of love*, p. 115.

80 Coetzer en Le Roux, p. 203

Die verslag het bevind dat die AB is " ... heilsaam en gesond. Dit bepaal hom enkel by die Afrikanervolk; en laat hom nie uit oor ander volke nie ... Dit wil niemand benadeel nie, maar sy eie handhaaf in besonder langs geoorloofde weë en Afrikaanse paaie".[81] Dit is egter vêr verwyderd van die waarheid aangesien die AB intiem betrokke by die dominansie van die blanke Afrikaners in Suid-Afrika was. Die AB het ongetwyfeld dus ook 'n invloed op die denke van lede van die NGK gehad.

## 6. DIE NGK EN DIE TEOLOGIESE REGVERDIGING VAN APARTHEID

Die FRK was van 1927 tot 1933 grootliks onaktief ten opsigte van Suid-Afrika se rassebeleid, maar in 1933 het hernude belangstelling in die oplossing van die land se rassebeleid die raad se aktiwiteite in beslag geneem. Volgens P.B. van der Watt was daar gedurende dié tyd duidelik 'n nuwe benadering vanuit die NGK te bespeur. Die NGK het gepoog om duidelikheid oor sy eie standpunt aangaande rasseverhoudinge te verkry en het ook begin om meer intensief met die regering in gesprek te tree. Die Naturelle-kommissie is belas met die taak om 'n konsep-sendingbeleid op te stel, wat in 1935 deur die FRK bekragtig is. Die beleid het die noodsaaklikheid van sending in eie volks-verband beklemtoon. Kerkplanting is gesien as noodsaaklik, maar waar kerke onder nie-blankes tot stand kom, moes die NGK die 'dogterkerke' begelei en tot 'selfregering' motiveer. Die FRK het ook via die sendingbeleid opnuut teen rasvermenging gewaarsku.[82]

Gedurende die 1930's en 1940's was die skeiding van rasse 'n belangrike prioriteit vir die NGK. Vanuit die kerk het die reg tot selfbeskikking 'n belangrike motivering in die stryd teen armoede geword. Gedurende daardie twee dekades was daar egter geen sprake van 'n teologiese regverdiging vir die NGK se rassebeleid nie. In 'n brief aan die spreekbuis van die NGK, die *Kerkbode*, waarsku ds. B.J. Marais dat die Bybel 'baie min, indien enige' uitspraak lewer met betrekking tot die kwessie van rasseverhoudinge en landsbestuur. Dié standpunt het weliswaar openbare teenkanting tot gevolg gehad, veral vanuit die geledere van lidmate van die NGK, maar die FRK se Kommissie vir

---

[81] A.C. Cloete, *Die Ned. Geref. Kerk en die Afrikaner-Broederbond* (M.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1981), p. 42.

[82] Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 78-79.

Afwykende Rigtings het in 1941 die standpunt gesteun en verklaar dat apartheid nie op grond van skriftuurlike oortuiging gebaseer is nie, maar wel met die oog op 'praktiese gronde'.[83]

Alhoewel die NGK gedurende die 1930's en 1940's dikwels met die regering in gesprek getree het om die skeiding van rasse in Suid-Afrika te verwesenlik, het die NGK herhaaldelik politieke leiers gemaan om nie die rassevraagstuk uit te buit vir politieke gewin nie, veral in aanloop tot die 1948-verkiesing. Die rede hiervoor was waarskynlik die groeiende internasionale kritiek ten opsigte van rasseskeiding en nasionalisme wat in die post-Tweede Wêreldoorlog-tydperk veral in die Weste posgevat het. Te midde hiervan het die kwessie van 'n rassebeleid tydens die 1948-verkiesing 'n sentrale motief geword en het die onderwerp in der waarheid die politieke debat oorheers.[84] Ook binne die NGK se eie strukture het die behoefte tot 'n meer duidelike rassebeleid, gemotiveer deur 'n godsdienstige interpretasie van Suid-Afrika se verlede en *status quo*, die NGK gedwing om 'n teologiese weg in te slaan. Dit sou uiteindelik vir die NGK tot groot nadeel wees, naamlik die teologiese en Bybelse regverdiging van apartheid.

Tydens die sinodesittings van die FRK gedurende die 1940's het die teologiese en Bybelse regverdiging van apartheid veral toenemend ter sprake gekom. 1943 is veral beskou as die jaar waarin die eerste amptelike poging deur die NGK aangewend is om apartheid teologies te regverdig toe die FRK verklaar het: "Hierdie vergadering het kennis geneem van die toenemende agitasie vir kleur en rasseskeiding in ons land, maar ons wil daarop wys dat volgens die Bybel God in waarheid nasies so in aansyn roep ... met elk sy eie taal, geskiedenis, Bybel en kerk en dat die heil ook van die naturellestamme in ons land daarom moet gesoek word in geheiligde selfrespek en in Godgegewe nasietrots".[85]

---

83 *Ibid.*, pp. 80-81.

84 Lombard, pp. 80-81.

85 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van die Ned. Geref. Kerk se reis met apartheid, 1960-1994*, pp. 6-7; NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Handelinge van die agtiende vergadering van die Raad van die Kerke gehou op Bloemfontein op 31 Maart 1943 en volgende dae*, pp. 22-23.

Gedurende 1947 het 'n verslag in verband met rasseverhoudinge voor die FRK gedien. Die verslag is deur prof. E.P. Groenewald opgestel. Dit word as die eerste ware 'omvattende' poging beskou om 'n teologiese interpretasie van apartheid te lewer. Die verslag het bevind dat apartheid Bybels geregverdig kan word omdat die handhawing van aparte volke 'n belangrike tema in die Bybel is. Apartheid het, volgens die verslag, implikasies vir elke aspek van menslike bestaan, terwyl ook aangevoer is dat 'n 'hoër Christelike eenheid' wel tussen alle Christene bestaan. Die FRK en die Vrystaatse- en Natalse sinodes het die verslag aanvaar, maar die Transvaalse en Kaapse sinodes was aanvanklik huiwerig. Die Kaapse sinode het, alvorens die verslag aanvaar is, verklaar dat die Bybel apartheid nóg regverdig, nóg afkeur. In die Transvaal het dr. B.J. Marais die Bybelse regverdiging van apartheid bevraagteken, maar na afloop van twee dae van samesprekings deur die Algemene Sinode (AS) is die verslag wel deur die Transvaalse sinode aanvaar.[86]

Die teologiese en Bybelse regverdiging van apartheid het nooit 'n proses behels waarvolgens rasseskeiding aanbeveel is omdat die blanke Afrikaners as 'n uitverkore volk met 'n spesiale ooreenkoms met God verkondig was nie. Waar dié oortuiging wél gedurende die 1940's en dalk vroeër onder blanke Afrikaners posgevat het, is dit nooit amptelik so geformuleer nie. Die logiese gevolgtrekking wat in dié verband gemaak kan word, is dat sowel apartheidsdenke as die teologiese regverdiging van apartheid bewustelik of onbewustelik by blanke Afrikaners as gevolg van ekonomiese oorwegings ontstaan het. Die teologiese regverdiging van apartheid is nie 'n natuurlike uitvloeisel van blanke Afrikaners se tradisionele geloofsoortuigings nie, en sou in die dekades wat volg die NGK in 'n ernstige identiteitskrisis dompel. In hierdie verband kan ook gemeld word dat die NGK nêrens in amptelike dokumentasie blanke Afrikaners as 'n etniesmeerwaardige groep mense geskets het nie, hoewel die Kerk dikwels die kuturele verskille tussen blank en nie-blank as die rede vir rasseskeiding voorgehou het.[87] Alhoewel rassisme en 'n gevoel van meerwaardigheid gebaseer op godsdienstige oortuiging gedurende die tyd dikwels onder blanke Afrikaners kop uitgesteek het,[88] kan

---

86 *Ibid.*

87 Sien onder andere Verkuyl; De Gruchy, p. 71. Vergelyk ook J. Potgieter, *Cottesloe: keerpunt in die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde kerk en ds. Beyers Naudé* (M.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1991), pp. 30-32.

88 Sien byvoorbeeld J. Kinghorn, "Die groei van 'n teologie – van sendingbeleid tot verskeidenheidsteologie" in J. Kinghorn (red.), *Die NG Kerk en apartheid*, pp. 93-96.

hierdie verskynsel nie as deurslaggewend by die ontstaan van 'n apartheidsbeleid beskou word nie. Op grond van die uiteindelike verwerping van die NGK van teologies-gemotiveerde apartheid, asook die feit dat apartheid in isolasie deur die NGK teologies regverdig is, word hier volstaan dat die Christelike godsdiens nie die ware katalisator in die ontwikkeling van Suid-Afrika se apartheidsbeleid was nie. Die apartheidsbeleid het reeds bestaan vóórdat dit teologies geregverdig is. Voordat daar met 'n kunsmatige proses begin is om apartheid skriftuurlik te motiveer, het die NGK boonop aanvanklik erken dat apartheid geen teologiese basis het nie. Die besluit van 'n klein groepie blanke Afrikaner-elite dat die skeiding van rasse 'n Bybelse opdrag is, is geensins verteenwoordigend van Afrikaners in die geheel nie en dit is nog minder verteenwoordigend van die Christelike godsdiens.

Met die oorname in 1948 van die regering deur die NP onder dr. Malan is die apartheidsbeleid uitgevoer deur middel van wetgewing wat van apartheid uiteindelik 'n unieke politieke ideologie sou maak. Die bevolkingsregistrasiewet van 1950, waarvolgens burgers op grond van ras geklassifiseer en gegroepeer is, is in die woorde van die minister van binnelandse sake gedurende dié tyd, T.E. Dönges, die 'hoeksteen van apartheid'. Die Bantoe-onderwyswet van 1953 het onderwys en onderwysopleiding van swart Suid-Afrikaners die uitsluitlike reg van die staat gemaak, waar dit voorheen veral deur Britse sendelinge onderneem is. Aanpassings is gemaak aan wetgewing wat veral seksuele omgang tussen blank en nie-blank probeer verhoed het. Te midde van al die veranderinge wat in Suid-Afrika aan die gang was, het die land se ekonomie begin ontplof. Suid-Afrika se persentasie van groei ten opsigte van BBP gedurende die eerste tien jaar van apartheid, is slegs deur Japan oortref. Ekonomies was apartheid dus voordelig vir Suid-Afrika in die korttermyn en het hierdie ontwikkelinge tot groot voordele gelei vir die blanke Afrikaners.[89]

Kerkleiers het voortgegaan om die apartheidsbeleid te bestudeer. Die byeenkoms in April 1950 in Bloemfontein insake die 'Naturellevraagstuk' was 'n poging om eenheid ten opsigte van die beleid van rasseskeiding in veral die drie Afrikaanse susterskerke te

---

[89] Kuperus, p. 77; D.M. Scher, "The consolidation of the apartheid state" in Spies en Liebenberg (reds.), pp. 322-327.

bewerkstellig. Die byeenkoms is deur die NGK gehou. Tydens die kongres het die onderwerp van die teologiese regverdiging van apartheid weer ter sprake gekom. Die kongresgangers het rassehaat as 'n sonde bestempel en die onwenslikheid van permanente diskriminasie op grond van ras bespreek. Ten opsigte van die Bybel is bevind dat die beleid van rasseskeiding nêrens as 'n Bybelse opdrag vir Christene voorgehou word nie, maar dat bewyse wel in die Bybel gevind kan word wat die teorie van apartheid steun. Soortgelyke gevolgtrekkings het ook die Transvaalse sinodesitting van 1951 oorheers.[90] Dit is duidelik dat voorstanders van die teologiese regverdiging van apartheid 'n baie los en vas benadering gevolg het. 'n Deurlopende tema in die proses was die bestaan van verskillende volke wat as 'n Godgegewe beskou is waaruit die afleiding gemaak is dat die bestaan, en gevolglik die handhawing, van aparte volke die wil van God verteenwoordig. Dit was egter reeds op hierdie vroeë stadium van die apartheidstaat se bestaan vir uiteenlopende teoloë duidelike dat 'n woordelikse oproep tot apartheid nie in die Bybel bestaan nie.

Gedurende die 1950's is daar veral twee Afrikaner-teoloë wat die Bybelse regverdiging van apartheid in twyfel getrek en selfs gekritiseer het. In 1952 het dr. Ben Marais, na wie reeds verwys is, 'n boek met die titel *Die kleurkwessie en die Weste* gepubliseer. Sy boek het die teologiese regverdiging van apartheid verwerp en tot die gevolgtrekking gekom dat apartheid slegs deur middel van 'praktiese gronde' regverdig kan word. Volgens die teoloog Beyers Naudé, wat later van tyd wêreldwye erkenning geniet het vir sý rol in die stryd teen apartheid, het dr. Marais se boek 'n 'beroering' in beide nie NGK sowel as die AB veroorsaak. Naudé lê ook klem op die indruk wat die boek op sy eie idees rakende Suid-Afrika se rassebeleid gehad het.[91]

Nóg 'n belangrike kritikus van apartheid is die teoloog Bennie Keet. In 1956 publiseer Keet 'n werk getiteld *Suid-Afrika, waarheen?* waarin hy apartheid as 'n onmoontlike oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk skets. Die kwessie van trekarbeid is in die boek heftig gekritiseer, veral omdat dit volgens Keet die familiebande van swart Suid-Afrikaners vernietig het. Volgens Keet sou die enigste weg om die krisis op te los daarin

---

[90] Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 94-95; Lombard, pp. 94-95.

[91] C.F.B. Naudé, *My land van hoop. Die lewe van Beyers Naudé*, pp. 38-39.

lê dat uitgebreide en verteenwoordigende gesprekke tussen blank en nie-blank sou moes plaasvind om oor Suid-Afrika se komplekse rasseverhoudinge te besin. Ten spyte van beide hierdie twee teoloë se kritiek teen apartheid het die implementering daarvan egter volstoom voortgegaan.[92]

## 7. BINNELANDSE REAKSIE OP DIE APARTHEIDSBELEID: DIE SHARPEVILLE-SKIETERY EN DIE COTTESLOE-BERAAD

Vanuit die staanspoor het die apartheidstaat onder kritiek deurgeloop. Gedurende die 1950's was protesveldtogte teen apartheid algemeen en gewoonlik vreedsaam. Die gevolg is dat die staat die protesveldtogte maklik kon onderdruk. Voorts het Suid-Afrika se uitermate sterk ekonomiese prestasie 'n groot mate van legitimiteit aan die regering verskaf, veral onder blanke landsburgers, sowel as sakeondernemings wêreldwyd wat met Suid-Afrika handel gedryf het. Teen die laat 1950's was die spanning egter aan die oplaai en die morele geldigheid van apartheid was selfs deur verskeie blanke Afrikaners bevraagteken. Intussen het weerstand teen die apartheidsbeleid 'n nuwe fase met die totstandkoming van die Pan Africanist Congress (PAC)[93] onder leiding van Robert Sobukwe betree.

Die PAC is in 1959 deur gefrustreerde lede van die African National Congress (ANC) gestig.[94] Die ANC het gedurende die 1950's vreedsame veldtogte geloods om die apartheidsbeleid teen te staan, waarvan die 'Defiance Campaign' (Versetveldtog) van 1952 sekerlik die bekendste protesaksie was. Vreedsame pogings deur die ANC om die apartheidsbeleid te opponeer was grootliks onsuksesvol. Die behoefte het onder talle lede ontstaan om 'n meer uitdagende beleid te volg. Die PAC het as 'n spreekbuis gedien vir hierdie meer radikale stemme in die ANC en vir die eerste keer was daar dus 'n alternatief tot die ANC vir stemlose Suid-Afrikaners in verset teen apartheid. Ten spyte

---

92 Giliomee, *Die Afrikaners ...*, pp. 435-436.

93 Sien byvoorbeeld Davenport, pp. 356-358. Die PAC se ontstaan is die resultaat van opponerende faksies binne die grootste vryheidsbeweging van die tyd, naamlik die ANC.

94 Die ANC is 'n vryheidsbeweging wat in 1912 gestig is met die oog op die totstandkoming van 'n nie-rassige Suid-Afrika. Die organisasie het sedert die ontbanning daarvan in 1990 as 'n politieke party gefunksioneer en is sedert 1994 die heersende politieke party in Suid-Afrika. ANC, "What is the African National Congress?", <http://www.anc.org.za/about/anc.html>, *s.a.*

van die meer uitdagende aard van die PAC, het die organisasie egter op 'n vroeë stadium gesukkel om 'n koherente plan van aksie in die stryd teen apartheid saam te stel.[95]

Die Sharpeville-skietery is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis nie. As deel van die PAC se verset teen apartheid is protesaksies gereël wat die pasboekstelsel van Suid-Afrika geteiken het. Op 21 Maart 1960 het ondersteuners van die PAC die vervoerstelsel in die gebied van Sharpeville gedeeltelik tot 'n stilstand gebring en busbestuurders is verhoed om die dag te werk. Steun vir die protesaksie is getref en mense is aangemoedig om hulself in groot getalle by die polisie aan te meld, sonder om 'n pasboek te toon. Die aksie was daarop gemik om die uitvoering van die pasboekstelsel onmoontlik vir die polisie te maak. Die presiese katalisator van die geweld wat uitgebreek het, word tot vandag toe nog deur historici gedebatteer. Ooggetuies op die toneel beweer dat die protesgangers só onverwags deur die geweervuur betrap is dat sommige nie eers dadelik op die skote gereageer het nie. Die gebeure sou eventueel lei tot die dood van 69 mense en 180 gewondes. Die protesaksie, wat 'n poging tot vreedsame verset was, het in 'n nagmerrie ontaard.[96]

Die Sharpeville-skietery het skokgolwe deur die wêreld gestuur. Die apartheidsbeleid is opnuut gekritiseer, veral toe dit wou voorkom of die geweld voortduur. Soortgelyke protesaksies het óók tot geweld gelei. Die regering het op 8 April 1960 die PAC en die ANC onwettig verklaar, maar in daardie stadium was daar reeds 'n totaal van 83 sterfgevalle, terwyl 365 burgerlikes as gevolg van die protesaksies gewond is. Vir groot getalle wit Suid-Afrikaners was die Sharpeville-skietery 'n verwarrende gebeurtenis, maar vertroue in die NP om die rassespanning op te los, het gedurende die tyd toegeneem. Na afloop van die aanval op die eerste minister, dr. Verwoerd, tydens die Randse Paasskou op 9 April, toe hy twee keer in die gesig geskiet is en uiteindelik

---

95 B.B. Maaba, "The PAC's war against the state, 1960-1963" in South African Democracy Education Trust, *The road to democracy in South Africa. Volume 1: 1960-1970*, pp. 257-258; M. Benson, *South Africa. The struggle for a birthright*, pp. 211-225.

96 T.R.H. Davenport, "Die debakel van apartheid, 1961 – 1991" in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Hersiene uitgawe), pp. 311-312; South African history online, "Remember Sharpeville", <http://www.sahistory.org.za/pages/governence-projects/sharpeville/menu.htm>, *s.a.*; A. Reeves, "The Sharpeville Massacre - A watershed in South Africa", <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/shareve.html>, *s.a.*

volkome van die aanval herstel het, het verskeie Suid-Afrikaners die gebeurtenis as die resultaat van bonatuurlike ingryping beskou.[97]

Die NGK het gedurende hierdie tyd toenemend deur die internasionale Christelike gemeenskap onder skoot gekom weens sy aandrang op rasseskeiding in Suid-Afrika. Van 29 tot 31 Maart 1960 het leiers van die NGK in Kaapstad vergader en die situasie in Suid-Afrika, asook die internasionale reaksie, bespreek. Die predikante wat teenwoordig was, te wete A.J. van der Merwe, A.G.E. van Velden, J.D. Vorster, W.A. Landman, P.S.Z. Coetzee, Z.B. Loods, A.M. Meiring, F.E. O'B. Geldenhuys en C.B. Brink, het op 31 Maart 'n verklaring as 'Predikante van die N.G. Kerke van Suid-Afrika' uitgereik en dus nie onder die vaandel van die NGK sélf nie. Dié verklaring was baie reaksionêr van aard.[98]

Die verklaring het die kritiek teen die NGK in verband met die Koue Oorlog gebring. Dit het verklaar dat talle van die uitsprake wat deur die internasionale gemeenskap gemaak word, nie gesubstansieer kan word nie omdat die ware feite nog nie bepaal is nie. Daar is verder verklaar dat die kritiek teen Suid-Afrika en die NGK 'nie uit Christelike oortuigings nie' maar eerder uit die 'sosiale humanisme' as lewensbeskouing ontstaan het. Die 'sosiale humanisme' is volgens die verklaring daarop uit om 'die guns van Afrika' in te palm en daar is ook gewaarsku teen die 'duiwelse suggesties' wat die internasionale gemeenskap teenoor mense in Afrika maak.[99]

In reaksie op die politieke onstabiliteit in Suid-Afrika het die Cottesloe-beraad gedurende 7 tot 14 Desember 1960 plaasgevind. Die beraad was onder gesag van die Wêreldraad van Kerke (WRK).[100] Die Cottesloe-beraad was 'n verteenwoordigende beraad met verteenwoordigers van agt Protestantse kerke, waaronder die Hervormde Kerk, Presbiteriaanse Kerk, Anglikaanse Kerk en Metodiste Kerk. Die NGK is deur die NGK in

---

97 D.M. Scher, "Triumph over imperialism" in Liebenberg en Spies (reds.), pp. 368-370.

98 Lombard, pp. 193-197.

99 *Ibid.*, p. 197.

100 Die WRK is 'n internasionale gemeenskap van kerke, hoofsaaklik Gereformeerde- en Ortodokse kerke, wat eenheid en eensgesindheid onder Christene probeer bevorder. Dit is ook gemoeid met sendingwerk en die lewenskwaliteit van alle mense op aarde maar benader laasgenoemde vraagstuk met 'n Christelike lewensuitkyk. World Council of Churches, "What is the World Council of Churches?", <http://www.oikoumene.org/en/who-are-we.html>, *s.a.*

Transvaal en die Kaapprovinsie verteenwoordig.[101] Tydens die beraad is Suid-Afrika se 'kontemporêre geskiedenis vanuit Christelike perspektief' bespreek, asook die kerklike interpretasie oor 'geregtigheid, sending en samewerking' in Suid-Afrika. Aan die einde van die beraad is, met die uitsondering van die Hervormde Kerk, eenparig 'n verklaring uitgereik wat skokgolwe deur die blanke Afrikanergemeenskap gestuur het. Die afgevaardiges het onder meer besluit dat gedwonge afsonderlike aanbidding on-Christelik is, dat gemengde huwelike nie on-Bybels is nie en dat nie-blankes sowel die reg tot die besit van eiendomme as verteenwoordiging in die parlement behoort te geniet.[102]

Die Cottesloe-beraad sou uiteindelik onomwonde bevestig dat die NGK in 'n instelling verander het wat die belange van die staat dien. Sommige leiers in die NGK het byvoorbeeld gevoel dat die besluite wat by die Cottesloe-beraad geneem is nie die goeie eienskappe van die apartheidsbeleid in ag neem nie. Volgens die aktuaris van die Kaapse sinode, ds. Koot Vorster, was verkeie leiers binne die NGK lank voor die Cottesloe-beraad alreeds wantrouig teenoor die WRK en die manier waarop dié raad dikwels in Suid-Afrika se sake probeer inmeng om die NGK te probeer beïnvloed om van standpunt te verander.[103]

Indien die besluite wat tydens die Cottesloe-beraad geneem is, gemeet word aan internasionale Christelike waardes gedurende dieselfde tydperk, kan die besluite moontlik gesien word as lou-warm, maar in blanke Afrikanergeledere was die spreekwoordelike vet in die vuur. Die algemene gevoel onder verskeie leiersfigure was dat die verteenwoordigers van die NGK wat by die beraad teenwoordig was, geensins die NGK

---

101 Die verteenwoordigers van die NGK uit die Transvaal was A.M. Meiring, C.F.B. Naudé, F.E. O'B. Geldenhuys, C.B. Brink, A.B. du Preez, E.P. Groenewald, J.A. van Wyk, S.S. Team, J. Selamolela en B. le Battie. Die verteenwoordigers uit die Kaap het bestaan uit A.J. van der Merwe, W.J. van der Merwe, T.N. Hanekom, F.J.M. Potgieter, P.A. Verhoef, C.H. Badenhorst, A.P. Smith, P.E.S. Smith, A.J. van Wijk en W.A. Landman. Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 105-106.

102 Anon, "Wat het eintlik daar gebeur?" in *Vrye Weekblad*, 14.09.1991, p. 12; Anon, "Van Cottesloe tot Castro ... Die NG kerk en die WRK se veelbewoë strydpad het begin by dr. Verwoerd" in *Beeld*, 22.10.1991, p. 13; Anon, "NG kerk se isolasie het by Cottesloe begin" in *Die Burger*, 12.09.1990, p. 9; N. Steenberg, "Stofstorm rondom Cottesloe lê nog nie heeltemal nie" in *Kerkbode*, 21.09.1990, p. 12.

103 Lombard, pp. 224-225.

in sy geheel verteenwoordig het nie.[104] Hierdie standpunt is gehuldig deur byvoorbeeld die teoloog dr. Andries Treurnicht, asook die eerste minister, dr. Hendrik Verwoerd, wat gedurende sy nuwejaarsboodskap op 1 Januarie 1961 na dieselfde punt verwys het.[105]

Die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK van die Oranje-Vrystaat het op 22 Februarie 1961 op die verklaring van die verteenwoordigers by die Cottesloe-beraad gereageer en die bevindinge verwerp. Die FRK het van 22 tot 24 Maart 1961 vergader waarna die Cottesloe-beraad se bevindinge ook deur die FRK verwerp is. Beide die FRK en die Vrystaatse NGK het vervolgens 'n beroep op die Transvaalse en Kaapse kerk gedoen om uit die WRK te tree. Die Algemene Sinodale Kommissie van die Transvaalse sinode het reeds op 2 Maart 1961 verklaar dat die Cottesloe-beraad se bevindinge nie verteenwoordigend van die NGK in geheel is nie. Tydens die sinodale sitting van die Transvaalse NGK van 5 tot 14 April 1961 is die Cottesloe-beraad se bevindinge ook deur dié liggaam verwerp.[106] Die NGK in Natal het in 1961 verklaar dat "met die oog op liberale en linkse tendense in die Wêreldraad van Kerke herbevestig die Sinode sy afwysende standpunt teenoor die Wêreldraad van Kerke".[107] Daardeur het die sinode van Natal ook subtiel die uitsprake by die Cottesloe-beraad afgekeur. Die Kaapse sinode het eers in 1961 behoorlik op die gebeure gereageer toe dit in daardie jaar tydens die sinodesitting óók hulle stem toegevoeg het tot die res van die NGK se amptelike liggame deur die Cottesloe-besluite te verwerp.[108]

Die Transvaalse sinodesitting van 1961 is 'n baie dramatiese gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika. Volgens Naudé was hierdie gebeurtenis 'n 'bittere ondervinding'. Dr. Frans Geldenhuys, wat ook 'n afgevaardige na die Cottesloe-beraad was, het die sinodesitting beskryf as 'n gebeurtenis wat hy wil vergeet. Naudé het later beskryf dat

---

[104] Die Algemene Sinode van die NGK het eers in 1962 tot stand gekom dus was die vier sinodes van die NGK nog nie in een Algemene Sinode georganiseer nie. Gevolglik het die afgevaardigdes by die Cottesloe-beraad nie namens al die sinodes van die NGK besluite geneem nie. Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, p. 20.

[105] C. Villa-Vicencio, "A life of resistance and hope" in C. Villa-Vicencio en J.W. de Gruchy (reds.), *Resistance and hope. South African essays in honour of Beyers Naudé*, pp. 8-9.

[106] Potgieter, pp. 36-42.

[107] NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Agenda en verslae. Voorgelê aan die vier-en-sewentigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal op Woensdag, 5 April 1961 en volgende dae*, p. 383.

[108] Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 109-110.

die sinodesitting hom eerder aan 'n hofsaak herinner het. In sy verduideliking voor die sinode op 10 April 1961 het Naudé geargumenteer dat die bevindinge van die Cottesloe-beraad in lyn is met skriftuurlike beginsels, maar die verduideliking was tevergeefs. Naudé en die NGK se paaie het uiteindelik in 1963 geskei, nadat Naudé se aktivisme buite die NGK hom gedwing het om dié kerk te verlaat.[109]

Die Cottesloe-beraad is 'n historiese gebeurtenis wat van nasionale belang was. Dit het die NGK gedwing om ferm standpunt aangaande Suid-Afrika se rasse-situasie in te neem. Alhoewel die NGK terugskouend sal moet toegee dat dit uiteindelik die verkeerde koers ingeslaan het, getuig dié kerk se aanvanklike verdeelde reaksie op die besluite wat tydens die Cottesloe-beraad geneem is eerder van 'n kerk wat voor die politieke druk van die land geswig het as van 'n kerk wat 'n ondubbelsinnige agenda van rasseskeiding aangehang het. Alhoewel die NGK dus instrumenteel was in die ontstaan van die apartheidsbeleid, was daar reeds gedurende die 1960's leiers in die NGK wat die mislukking van dié beleid besef het. Polities was die land egter nog nie gereed vir drastiese aanpassings nie en die leierskap van veral Verwoerd het 'n groot mate van geloofwaardigheid aan die apartheidsbeleid vir NP-kiesers verskaf.

## 8. DIE NGK GEDURENDE DIE POST-COTTESLOE-ERA

Die Cottesloe-beraad het die saad van vertwyfeling en verdeeldheid gesaai, maar onder die leierskap van dr. Verwoerd het Afrikanernasionalisme 'n bloeitydperk beleef. Dit is egter reeds in hierdie tydperk dat die 'verligte'- en 'verkrampte'-groeperinge onder blanke Afrikaners te voorskyn gekom het. Die behoefte het onder verskeie leiers posgevat om die rigiede apartheidsbeleid aan te pas. Onder dr. Verwoerd se leierskap is dié beleid egter nie verslap nie. Vir sommige blanke Afrikaners was die gebeure by Sharpeville en elders juis die motivering wat hulle benodig het om die apartheidsmodel te laat slaag, en ook te verfyn deur die ontwikkeling van tuislande. In 1966 was dr. Verwoerd die slagoffer van 'n sluipmoord. Sy opvolger, B.J. Vorster, se verslapping van

---

[109] Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), *PV 632: Dr. Koot Vorster-versameling*, Lêer 1/2/14/2: "Cottesloe. Verslae".

sekere apartheidswette het uiteindelik in 1969 tot die totstandkoming van die Herstigde Nasionale Party (HNP) gelei.[110]

Ten spyte van die skynbare eensgesindheid onder blanke Afrikaners wat gedurende dr. Verwoerd se bewind aan die orde van die dag was, was daar diep verdelings onder blanke Afrikaners. Die teoloog ds. Willie Jonker het in 1962 in 'n boek oor die onderwerp van kerkeenheid 'n opskudding in die kleine veroorsaak toe hy een kerkverband oor alle rasse heen bepleit het. Die publikasie het wel tot baie kritiek gelei, veral in die vorm van briewe aan die *Kerkbode*, maar verskeie teoloë het ook met ds. Jonker se mening gesimpatiseer. As gevolg van die gebeure is Jonker vroeg reeds as 'n 'liberalis' gekritiseer, veral onder diegene wat nie die beginsel van een kerkverband vir alle rasse gesteun het nie.[111]

Die NGK het voortgegaan om die kwessie van rasseverhoudinge te bestudeer, maar het in hierdie stadium 'n rigting ingeslaan wat die toenemende isolasie van Suid-Afrika en veral die blanke Afrikaners weerspieël het. Dr. Verwoerd het in 1960 in die parlement verklaar dat rassedominansie in Suid-Afrika moes verdwyn, omdat rassedominansie die politieke stabiliteit van Suid-Afrika ondermyn. Die NGK het hierdie sentimente ge-eggo. Die Kommissie vir Rasse en Ekumeniese Aangeleenthede wat deur die NGK in die lewe geroep is om die rassevraagstuk te bestudeer, het 'n uitgebreide dokument aan die Algemene Sinode voorgelê. Die sinode, wat in 1966 vergader het, het uiteindelik opnuut bevind dat die apartheidsbeleid op teologiese oortuiging berus op grond van die verslag van die kommissie wat 'n voorloper was tot die belangrike verslag wat in 1974 aanvaar was.[112]

Die sinode het in 1966 bevind dat alle mense, ongeag ras, taal, kultuur of herkoms, voor God gelyk is, maar dat die mensdom sedert antieke tye aan 'n proses van differensiasie onderworpe is. Die bestaan van verskillende volke verteenwoordig, volgens dié teorie, die wil van die Skepper, en rasse-integrasie druis in teen die natuurlike ontwikkeling van

---

110 Kuperus, pp. 103-112.
111 Jonker, pp. 56-59.
112 P.J. Strauss, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1983), pp. 159-163.

die mensdom. Die sinode het verder bevind dat gemengde huwelike nie on-Bybels is nie, maar wel onwenslik, omdat 'n huwelik tussen twee mense van soortgelyke kulturele agtergronde moet geskied. Die sinode het die verslag rondom die trekarbeidstelsel aanvaar, kompleet met al die negatiewe kritiek aangaande die stelsel se geneigdheid om families op te breek.[113]

Tydens die sitting van die AS in 1974 is die verslag van die NGK in verband met die Kerk se standpunte ten opsigte van rasseverhoudinge aanvaar en onder die titel *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (RVN) gepubliseer. Die RVN-verslag is die resultaat van 'n kommissie onder leiding van dr. Willem Landman, wat as 'n 'verligte' in Afrikanergeledere bekend was. Die verslag is in verskeie Europese tale gepubliseer en is deur die Switserse Federasie van Protestantse Kerke en die Gereformeerde Kerk bestudeer. In hulle reaksie is die NGK van Suid-Afrika gekritiseer omdat dit deur middel van verwarring probeer om die apartheidsbeleid te verdedig.[114]

Die verslag was 'n oorwinning vir uiteenlopende Afrikanernasionaliste in die NGK. 'n Kenmerk van die verslag, is dat daar nie een enkele voorbeeld van blatante rassisme in die verslag gevind kon word nie. Die naaste wat die verslag aan 'n anti-blank-rasgemotiveerde stelling kom, is by die afkeurende houding wat die Kerk teenoor gemengde huwelike inneem, omdat dit as 'onwenslik' beskryf is. In die verslag word die stelling gemaak dat dit nie die rol van die kerk is om die staat voor te skryf nie. Ten spyte hiervan maak die verslag tog aanbevelings teenoor die regering. Die verslag het byvoorbeeld die regering versoek om die ontwikkeling van tuislande te versnel, omdat dit moontlik sou lei tot die beëindiging van die trekarbeidstelsel.[115] Dit was egter duidelik vir verskeie waarnemers en politieke ontleders dat die tuislandstelsel besig was om te misluk.

---

113 Die volledige verslag was nie onafhanklik gepubliseer nie maar is beskikbaar vir die publiek. NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Handelinge van die tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehou in Bloemfontein op Donderdag, 13 Oktober en volgende dae, 1966*, pp. 86-120.

114 J.A. Loubser, *The apartheid Bible. A critical review of racial theology in South Africa*, pp. 89-91.

115 *Ibid.*, pp. 92-100.

Binne die konteks waarin RVN ontstaan het, is dit ongetwyfeld 'n verwarrende dokument. Die dokument verklaar byvoorbeeld dat die NGK moet "waarsku wanneer onreg geskied in die implementering van landsbeleid en in die toepassing van landswette. In hierdie optrede moet die kerk sowel durf as diskresie beoefen".[116] Presies wat onder 'diskresie' bedoel word, is nie verder gespesifiseer nie. RVN is 'n verslag wat baie versigtig geformuleer was. Dit het ruimte gelaat vir 'n breë interpretasie. Dit het tekens van die groeiende druk op die NGK getoon, maar terselfdertyd nie van die NGK se bestaande beleid afgewyk nie.

Die NGK se legimitimiteit het veral gedurende die laat 1970's 'n knou gekry toe dit aan die lig gekom het dat die NGK by die Inligtingskandaal betrokke was. Die NGK was betrokke by die proses waarvolgens die staat gepoog het om Suid-Afrika se beeld in die buiteland te verbeter. Die proses het in 1974 begin toe die Departement van Inligting fondse aan die NGK beskikbaar gestel het om dié doel te bereik. Die feit dat die NGK geldelik deur die owerhede gesteun is, was slegs aan 'n klein getal leiers in die Kerk bekend. Die onthulling van dié verwantskap tussen die NGK en die regering van die dag het die beeld van die kerk baie skade berokken en die samewerking tussen die NGK en die apartheidsregering kon geensins meer ontken word nie.[117]

Die betrokkenheid van die NGK by die Inligtingskandaal het in 1978 op die lappe gekom toe die skandaal self onthul is. Alhoewel die NGK nie direkte opdragte van die Departement van Inligting ontvang het nie, was die NGK betrokke by algemene pogings om die negatiewe internasionale propaganda teen Suid-Afrika van veral die WRK teen te werk. Dit is gedoen deur die beleidsrigtings van die NGK, soos vervat in RVN te propageer. Die NGK het dus as 'n teologiese teenvoeter gedien teen veral die kritiek teen die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid. Die NGK het dus daardeur 'n rol gespeel in die pogings om die toepassing van die beleid te vergemaklik.[118]

---

116 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif*, p. 70.

117 Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 575; Van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*, pp. 212-227; Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van* ..., pp. 26-27.

118 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van* ..., pp. 26-27.

Die 1976-onluste in Soweto het ook 'n keerpunt in Suid-Afrika ingelui. Dit het duidelik geword dat die apartheidsideaal, veral soos dit aanvanklik deur dr. Verwoerd ontwikkel is, besig was om in Suid-Afrika te misluk. Ten spyte van die feit dat die regering tot 'n groot mate daarin kon slaag om die ANC, PAC en ander verwante organisasies te onderdruk, het die toepassing van apartheid toenemend 'n uitdagende taak geword. Plaaslik asook internasionaal het Suid-Afrika onder toenemende druk verkeer. Die ANC, wat in die stadium reeds buitelands georganiseer was, het die moontlikhede van 'n gewapende stryd bestudeer en ekonomies was Suid-Afrika op 'n afdraende pad. Met die uiteindelike bewindsoorname van P.W. Botha in 1978 was Suid-Afrika gereed vir veranderinge, maar die veranderinge sou steeds 'n pynvolle proses wees. Die transformasie van die apartheidsbeleid sou tot bittere onenigheid en lewensverlies lei in die dekade wat sou volg. Die veranderinge in Suid-Afrika ten opsigte van die apartheidsbeleid sou ook 'n pynlike koersverandering vir die NGK in hierdie tyd behels. Die NGK wat die apartheidsbeleid ondersteun het, moes uiteindelik die stelsel tot groot verleentheid van sowel die leierskap van die NGK as die lidmate kritiseer.

## 9. EVALUERING

Die spesiale plek wat die Bybel in wêreldletterkunde beklee, gekoppel aan die verborgenheid van die boek asook die eerbied wat Christene daarvoor het, het van die Bybel 'n handige verwysingsmeganisme vir politieke leiers in veral Christelike lande, en gevolglik dus ook in Suid-Afrika, gemaak. Politieke toesprake word dikwels deur leiers ingekleur met verwysings na Bybelse tekste, omdat die aanhoorders die analogieë kan verstaan en van toepassing maak op die hede. Die geneigdheid van politieke leiers om die Bybel as verwysing te gebruik, beteken nie noodwendig dat die aardse realiteite altyd met die buite-sintuiglike verwar word nie. Geïsoleerde gevalle mag wel 'n historiese realiteit wees, maar om sodanige gevalle tot 'n stereotipe van 'n bepaalde tyd en plek te verklaar, is veralgemening.

Dit wil voorkom of teologiese besinning en spirituele interpretasie met betrekking tot landsake eerder volg op die spore van die politieke ontwikkeling as andersom. Die Voortrekkers se geloof in God het hulle nie beïnvloed om uit die Kaapkolonie te trek nie, maar as gevolg van hulle trek uit die kolonie het die Voortrekkers ooreenkomste gesien

tussen hulle eie lot en dié van die Bybelse verhale van Israel se verbond met God. Die vele oorloë waarby die ZAR betrokke was, is meer deur politieke redes, soos byvoorbeeld onafhankliheidstrewe en ekspansionisme gemotiveer, as deur 'n selfopgelegde taak ter vervulling van Bybelse profesieë, wat verhale van 'n komplekse verhouding tussen God en mens vertel en wat eeue vantevore op 'n ander kontinent plaasgevind het.

Dieselfde argument kan oor die ontstaan van apartheidsteologie geopper word. Alhoewel parallelle met die Bybel deur verskeie blanke Afrikanerleiers getrek is, was die Bybelse regverdiging van apartheid nooit 'n natuurlike proses nie. Dit is boonop eers gedurende die eerste dekades van die 20ste eeu dat die NGK in 'n ware volkskerk ontwikkel het, gerat om die uitsluitlike belange van blanke Afrikaanssprekendes te bevorder. Die Bybelse regverdiging van apartheid word vandag as 'n misstap beskou en dit het gedurende die apartheidsjare onder geweldige kritiek van talle Christene wêreldwyd deurgeloop. Dit is ook die teologiese interpretasie van die gewelddadige en onstabiele aard van Suid-Afrika se politieke ontwikkeling wat die saad van twyfel aan die apartheidsbeleid onder verskeie blanke Afrikaners laat ontkiem het.

HOOFSTUK 3

# INTERNASIONALE EN NASIONALE VERSET TEEN DIE APARTHEIDSBELEID GEDURENDE DIE 1980's: POGINGS TOT KERKEENHEID EN DIE ISOLERING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk val die klem op kerkeenheid en die verset teen die apartheidsbeleid onder Christene, beide in Suid-Afrika asook internasionaal, gedurende die 1980's. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGK) se worsteling met eenheid in die kerk, asook in die familie van Gereformeerde kerke, word onder die soeklig geplaas. Die isolasie van die NGK nasionaal en internasionaal is 'n belangrike aspek van die hoofstuk. Vir hierdie doeleindes is dit egter noodsaaklik om die ontstaan van verskillende kerke vir verskillende rasse binne die NGK in Suid-Afrika te ondersoek. Alhoewel die kwessie van kerkeenheid steeds 'n kontemporêre vraagstuk in die NGK is, word hier slegs op die tydperk onder bespreking gefokus.

Die isolasie van Suid-Afrika op internasionale terrein gedurende die apartheidsera het grootliks daartoe bygedra dat die apartheidsbeleid onwerkbaar geword het. Die isolasie van die NGK het 'n soortgelyke rol op 'n spirituele vlak gespeel deurdat dit toenemend die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid deur die NGK gediskrediteer het. Kerke en Christene binne, sowel as buite Suid-Afrika, het die teologiese regverdiging van apartheid toenemend gekritiseer en sodoende die NGK onder druk geplaas om te hervorm. In die proses het die Christelike geloof 'n belangrike anti-apartheidsmeganisme geword vir verskeie leiers wat krities teenoor die apartheidsbeleid gestaan het. Hoewel verskeie kerke in Suid-Afrika stadig op spoed gekom het in die stryd teen die regering se beleid van rasseskeiding, het Christene buite die NGK se verwerping van die apartheidsbeleid veroorsaak dat die NGK onder geweldige druk geplaas is.

Daar word spesifiek 'n ondersoek geloods na die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) asook die NG-kerkfamilie. Ofskoon die internasionale gemeenskap 'n mate van kredietwaardigheid aan kerke in Suid-Afrika se stryd teen die beleid van rasseskeiding en apartheid verleen het, was die internasionale gemeenskap se invloed in Suid-Afrika grootliks beperk en het kerke binne die grense van Suid-Afrika 'n groter invloed op die politiek van die land uitgeoefen.

Volgens die teoloog en politikus Allan Boesak is die rol van die Christelike gemeenskap een van die mees onderskatte faktore in die stryd teen die apartheidsbeleid. Die rol van Christene en die kerkgemeenskap in Suid-Afrika in hulle verset teen die apartheidsbeleid word volgens Boesak nie genoegsaam erken en nagevors nie. Die gevaar bestaan dus dat hierdie kennis vir die opkomende geslagte verlore sal wees. Ook die SARK se rol in die stryd teen die apartheidsregime word nie na wense nagevors nie. Dit is inderdaad so dat die Christelike gemeenskap voor 1994 'n veel meer invloedryke faktor in die Suid-Afrikaanse politieke landskap was as daarna.[1]

## 2. DIE SOEKE NA KERKEENHEID EN EENSGESINDHEID IN DIE CHRISTELIKE GEMEENSKAP

Gedurende Julie 2007 het die Katolieke Kerk opslae in die media veroorsaak nadat pous Benedictus XVI 'n dokument goedgekeur het wat dié kerk as die 'enigste ware kerk' bestempel het. Die reaksie wat die dokument geniet het, is verrassend, veral gegewe die feit dat die Katolieke Kerk al baie jare reeds die mening huldig dat daar net een kerk is wat waarlik geroepe is, en dis die Katolieke Kerk. In hierdie geval was dit blykbaar die wyse waarop die Katolieke Kerk die boodskap laat deursypel het deur alternatiewe kerke te beskryf as dat dit slegs 'elements of sanctification and truth' bevat. Deur die wye media belangstelling wat die saak geniet het, kan daar met sekerheid tot die gevolgtrek-

1 A. Boesak, *The tenderness of conscience. African Renaissance and the spirituality of politics*, pp. 103-113.

king gekom word dat kerkeenheid 'n sensitiewe saak is wat Christene verdeel en selfs die pous tot onsensitiewe kommentaar kan aanspoor.[2]

Dit spreek vanself dat die verdeeldheid in die Christendom vir verskeie Christene kommerwekkend is. Die verdeeldheid ondermyn die gesag van die Christelike boodskap vir buitestaanders. Dit lei ook daartoe dat die eenvormigheid van die Christelike boodskap deels verlore gaan, omdat verskillende kerke nie die evangelie dieselfde interpreteer nie. Dit skyn tog paradoksaal te wees dat volgelinge van 'n godsdiens wat soveel klem op naasteliefde plaas so onversoenbaar met mekaar is. Ongeag of bepaalde Christene die onenigheid verwelkom of nie, is dit moeilik om te ontken dat die verdeeldheid onder Christene dié godsdiens verwarrend en ongeloofwaardig kan maak.

Dit is nie 'n maklike taak om die presiese aantal uiteenlopende geloofsgroepe en denominasies te bepaal wat onafhanklik van die Katolieke Kerk die evangelie verkondig nie. Die oudste kerk is natuurlik die Katolieke Kerk. Alhoewel verskillende groeperinge alreeds so vroeg as die eerste eeu na Christus bestaan het, was die Katolieke Kerk teen die vierde eeu die enigste erkende Christelike kerk in die wêreld. Onafhanklike Christelike groeperinge het mettertyd in Egipte en Indië ontstaan. Die Katolieke Kerk het wel in 1054 geskeur, maar die grootste skeuring in die Christendom was die hervorming onder Martin Luther gedurende die 16de eeu. Die resultaat van die hervorming is die ontstaan van die Lutherse Kerk en sedertdien het die verdelings in die Christendom toegeneem tot die punt waar daar tans duisende groeperinge bestaan.[3]

Kerkeenheid is 'n belangrike agenda van die moderne Katolieke Kerk, maar dit is onwaarskynlik dat daar ooit 'n grootskaalse hereniging van kerke sal wees. Sedert die Lutherse reformasie het groot getalle denominasies besluit dat vroue leiersfigure in die kerk mag wees en dat homoseksuele verhoudings en selfs sodanige huwelike deur die

---

2 MSNBC, "Pope: Other denominations not true churches. Bennedict issues statement asserting that Jesus established 'only one church'", <http://www.msnbc.msn.com/id/19692094/>, 10.07.2007; CBC News, "Catholic Church only true church, Vatican says", <http://www.cbc.ca/world/story/2007/07/10/vatican-church.html>, 10.07.2007.

3 B.A. Robinson, "Which, if any, is the 'true' Christian church? The fragmentation of Christianity, from one to thousands of faith groups", <http://www.religioustolerance.org/chr_true2.htm>, 27.07.2007.

kerk erken moet word. Dit is maar net twee van die ontwikkelings in sommige Gereformeerde kerke wat hoogs onversoenbaar met die Katolieke Kerk is. Ander sake wat ook hierby aansluit, is die kwessie van voorbehoedmiddels en aborsie.[4]

Terselfdertyd is kerkeenheid in die NGK 'n belangrike onderwerp, omdat die verdeeldheid in die NGK 'n lang geskiedenis omvat wat nou met apartheidsdenke verweef is. Die geïsoleerdheid van blankes in die NGK het gedurende die 20ste eeu tot talle blanke Afrikaners se unieke interpretasie van die Bybel gelei. Dit het ook veroorsaak dat die NGK gedurende die laat 20ste eeu, plaaslik sowel as internasionaal, onder geweldige druk verkeer het. Die internasionale spanning jeens die NGK se teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid het gedurende die 1980's 'n hoogtepunt bereik. Die NGK is veral gekritiseer omdat dit die NP-regering beide in teorie deur middel van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid, sowel as in praktyk deur middel van die skeiding van rasse in kerke, gesteun het. Om die verdeeldheid in die NGK te verstaan, is dit dus noodsaaklik om te kyk na die ontstaan van verskillende kerke vir verskillende rasse vanuit die NGK.

## 3. DIE TOTSTANDKOMING VAN VERSKILLENDE ONAFHANKLIKE KERKE VIR VERSKILLENDE RASSE AS DEEL VAN DIE NG-KERKFAMILIE

Dit is belangrik om daarop te let dat die NGK nie histories voorsiening gemaak het vir verskillende kerke vir mense van verkillende rasse nie. Aanvanklik was die NGK 'n kerk wat vir alle rasse oop was, hoewel moontlik nie toeganklik in alle opsigte nie. Niemand kon geweier word om die NGK se dienste by te woon op grond van ras en herkoms nie. Die NGK se impak op die samelewing was egter beperk, veral met betrekking tot nie-blankes wat slegs 'n klein hoeveelheid van die ledetal van die NGK uitgemaak het. Die NGK het gesukkel om deur sendingaksies groot getalle nie-blankes by die kerk betrokke te kry. Minimale ywer om sendingwerk te doen, het moontlik 'n rol gespeel, die setlaarsomstandighede was primitief en godsdiensaktiwiteite was beperk. Die gedagte

---

[4] T. Heneghan en G. Jones, "Pope stresses Christian unity at Lutheran church", <http://www.reuters.com/assets/print?aid=USTRE62D1U520100314>, 2.06.2010.

van 'behoordende tot die Christelike geloof' was belangriker vir die setlaars as die praktiese beoefening daarvan. Die bestaande kultuur van inheemse mense en slawe het waarskynlik ook 'n rol gespeel. Geloof is 'n belangrike kulturele funksie en mense gryp soms juis terug na die oortuigings van hulle voorouers in tye van politieke onstabiliteit. Dit is eers teen die middel van die 18de eeu wat sendingaksies noemenswaardige vordering met die verspreiding van die Christelike geloof gemaak het.[5] Boonop was die NGK histories 'n funksie van die regering en het vroeg reeds die kenmerke van 'n volkskerk getoon wat, hoewel dit nie eksklusief was nie, hoofsaaklik die belange van slegs een bevolkingsgroep gedien het.[6]

Die teoloog Nicolaas Hofmeyr het gedurende die 1850's die vraagstuk van nie-blanke lidmaatskap bestudeer en bevind dat totaal onafhanklike denominasies vir nie-blankes onwenslik is. In 1857 het die Algemene Sinode (AS) die kwessie van nie-blanke lidmaatskap bespreek. Dit is Hofmeyr wat eerste die teorie ontwikkel het van verskillende kerkgeboue vir verskillende rasse, waar dié kerke steeds in 'n soort moeder teenoor dogter verhouding by mekaar geaffilieer is. Tydens die gebeure het Hofmeyr opnuut die kwessie van evangelisasie opgehaal en mense tot kritiese denke aangespoor ten einde die boodskap te versprei. Uiteindelik het die AS besluit dat nie-blankes verkieslik in bestaande kerke opgeneem word, maar waar die 'swakheid van sommige' dit nie toelaat nie, aparte geboue opgerig moes word.[7]

Wat neerslag by dié sinode gevind het, was 'n proses wat reeds lank in die Kaap aan die gang was, naamlik rasseskeiding. Dit was teen 1857 algemene gebruik dat mense op grond van ras by sosiale interaksie geskei word. Deur die toegewing te maak, het die sinode gehoop dat die NGK nie deur 'die swakheid van sommige', met ander woorde rassisme, gekniehalter word om die Woord van God te verkondig nie. Dit was dus 'n goeie voorbeeld van hoe samelewings kerke kan verander.[8] Dit was in daardie stadium duidelik dat die kwessie van gesamentlike aanbidding 'n gewigtige uitdaging binne die NGK geword het. Die sinode se uitspraak het weliswaar die weg gebaan vir die ontstaan

---

5 F.E. O'B. Geldenhuys, *In die stroomversnellings. Vyftig jaar van die NG Kerk*, pp. 27-29.

6 H. Giliomee, "'The weakness of some'; the Dutch Reformed Church and white supremacy" in *Scriptura* 83(2), 2003, pp. 218-219.

7 *Ibid.*

8 Geldenhuys, pp. 29-30.

van verskillende kerke vir verskillende rasse, maar het ook daarop gewys dat dit nie die ideaal is nie en dat die behoefte tot afsonderlike aanbidding in der waarheid die resultaat van menslike 'swakheid' is. Dit was 'n diplomatiese manier om die diskriminasie wat binne die NGK posgevat het te probeer omseil.[9]

Dit is noemenswaardig dat die NGK by hierdie geleentheid, hoewel dit tog die toegewing gemaak het, pertinent die kwessie van rasse-differensiasie en die skeiding van rasse gekritiseer het. Hoewel die NGK in daardie stadium grootliks die belange van blanke Afrikaners gedien het, het die NGK nie 'n spesifieke volkskerk-agenda nagestreef nie. Dit is eers teen die 20ste eeu wat die NGK waarlik in 'n volkskerk verander het en ook nie sonder belangrike interne bedenkinge nie, soos wat die gebeure by die Cottesloe-beraad van 1960 sou bevestig.

Gevolglik het daar dus onafhanklike gemeentes in die NGK begin ontstaan wat slegs die nie-blankes bedien het. Hierdie gemeentes, wat as 'sendinggemeentes' bekend gestaan het, het in 1881 tot die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) ontwikkel. Dit was die gevolg van die besluite van die AS van die NGK van 1880. Die idee om 'n nuwe kerk te begin, was reeds vooraf in die omloop. 'n Beskrywingspunt wat deur ds. S. Hofmeyr van Montagu vir oorweging aan die AS gestuur is, het gelei dat "De Synode overwege de wenschlikheid om de Zendinggemeenten onzer kerk langzamerhand tot een lichaam te organiseren, en neme daartoe de vereiste maatregelen".[10] Die saak is tydens die sinode bespreek en het uiteindelik op 'n stemming uitgeloop wat die ontstaan van die NGSK bekragtig het.[11]

Dit was vermoedelik die heel eerste keer wat die gedagte om afsonderlike kerke vir verskillende rasse te ontwikkel in Suid-Afrika opgeteken is. Die stigtingsvergadering van

---

9 World Council of Churches, "Uniting Reformed Church in Southern Africa", <http://www.oikoumene.org/gr/member-churches/regions/africa/south-africa/uniting-reformed-church-in-southern-africa.html>, 01.01.2006.

10 H. Giliomee, " 'The weakness...", pp. 218-219 ; N.J. Smith *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-Missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972), p. 72.

11 C.J. Kriel, *Die eerste eeu. Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 5 Oktober 1881–5 Oktober 1981*, pp. 27-28.

die NGSK het op 5 Oktober 1881 in Wellington plaasgevind. Vir etlike dekades ná die stigting het verwarring steeds bly heers oor die onafhanklike aard van die NGSK al dan nie. Alhoewel die NGK nou by die administrasie van die NGSK betrokke was, het onversoenbaarheid tussen die twee kerke uiteindelik daartoe gelei dat die NGK in 1916 besluit het dat die NGSK voortaan heeltemal selfstandig moet funksioneer en besluite sonder die NGK se goedkeuring moet kan neem.[12]

Op hierdie wyse het die NGSK dus ontstaan. Die NGSK was gedurende die apartheidsjare bekend daarvoor dat dit grootliks die bruin mense (Kleurlinge) van Suid-Afrika bedien het, hoewel blankes ook deel van die NGSK gevorm het. Die NGSK was 'n onafhanklike en outonome instelling wat mettertyd sou ontwikkel tot 'n belangrike instrument in die stryd teen apartheid en rassediskriminasie deur onder meer die blote bestaan van onafhanklike kerke vir nie-blankes as 'n bewys aan te voer vir die rol wat die NGK in die praktiese uitvoering van die apartheidsbeleid gespeel het, 'n beleid wat deur miljoene Christene wêreldwyd as teenstrydig met die Woord van God en die Christelike lewensbeskouing gesien is. Soos die apartheidsregime toenemend meer brutaal in hulle werkswyses geword het, het hierdie verset vanuit die NGSK gegroei in 'n poging om aan die onstabiele aard van Suid-Afrika gedurende die 1980's rigting en leiding te verskaf.

Vir verskeie teoloë en leiers binne die NG-kerkfamilie, onder blankes sowel as nie-blankes, het die skeiding van rasse, veral binne die opset van die NG-kerkfamilie, veral gedurende die 1980's 'n verleentheid geword. Deur die blote bestaan van wit, swart, bruin en Indiër kerke, het die politieke invloed van die NGK op die hele Suid-Afrika 'n bron van kommer geword vir talle Suid-Afrikaners wat deur die apartheidsbeleid ontnugter is. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)[13] is byvoorbeeld "deur baie swartmense gesien as 'n staatskerk. Hulle is van mening dat die geld van die kerk van die staat kom en dat die staat langs hierdie weg besig is om die kerk te

---

[12] Smith, pp. 72-77; N. Slabbert, *Die houding en reaksie van die NGSK ten opsigte van sekere dokumente van die NGK rakende menseverhoudinge en rasse-aangeleenthede* (B.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1993), pp. 9-11.

[13] Die NGKA wat in 1925 tot stand gekom het, het die swart lede van die NG-kerkfamilie bedien. M. Lebone, "Die totstandkoming van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika: hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope vyftig jaar" in P. Coertzen (red.), *350 jaar Gereformeerd, 1652-2002*, pp. 277-278.

manipuleer. Die Ned Geref Kerk gebruik die NGKA om die jongmense te beïnvloed. Die NGKA word ook gesien as die uitvloeisel van apartheid. Die NGKA en die Ned Geref Kerk word as een kerk gesien en verantwoordelik gehou daarvoor dat die swartmense se grond van hulle af weggeneem is".[14]

By die kwessie van kerkeenheid was die legitimiteit van die NGK dus 'n belangrike oorweging. Met die groeiende agitasie jeens ras-gedifferensieërde organisasie en praktyke, was die NGK en die NG-kerkfamilie toenemend as 'n struikelblok vir rasseharmonie in Suid-Afrika gesien, sowel binne as buite die NGK. Die NG-kerkfamilie, wat intern met kwessies van sosiale geregtigheid en die apartheidsvraagstuk geworstel het, kon in die hele proses weens die verdelings nie uit een mond praat nie. Dit was ook 'n kwessie dat die NG-kerkfamilie se uitsprake aangaande rasseverhoudinge nie veel gewig onder die algemene publiek gedra het nie, weens die feit dat die persepsie bestaan het dat die NG-kerkfamilie self 'n verdelende invloed op Suid-Afrika uitgeoefen het. Dit was dus vir hierdie rede dat veral druk op die NGK uitgeoefen is om apartheid af te sweer. Die begeerte na politieke mag deur leiersfigure in die NG-kerkfamilie kan egter volgens sommige ontleders nie heeltemal buite rekening gelaat word nie.[15]

## 4. POLITIEKE AKTIVISME TEEN DIE APARTHEIDSBELEID EN DIE ISOLASIE VAN DIE NGK

Die rol wat baie Suid-Afrikaners sowel as buitelanders in hulle kapasiteit as Christene in die stryd teen apartheid gespeel het, is 'n onderwerp wat nie na wense gedokumenteer is nie. Alhoewel veranderinge in kerke stadig plaasgevind het en die kerke in Suid-Afrika dikwels in sekere gevalle bygedra het tot die polarisering van ras in Suid-Afrika, is dit veral gedurende die 1980's wat die kerke in Suid-Afrika 'n belangrike rol in die stryd teen rassediskriminasie en die apartheidsbeleid gespeel het. Verskeie kerklike instellings het 'n rol gespeel.

---

[14] NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch, *Sakelys van die vier-en-twintigste Sinode van die NG Kerk in Afrika – OVS, wat vergader te Hoopstad op 24 September 1991 E.V.D.*, p. 30.

[15] B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met P. Coertzen*, Stellenbosch, 04.05.2010.

Alhoewel die NGK geen direkte rol in die stryd teen die apartheidsbeleid gespeel het nie, het veranderinge binne die NGK 'n belangrike uitwerking op die politiek van Suid-Afrika gehad, omdat 'n NGK wat die hervormings sou teenstaan wat reeds gedurende die 1980's aan die gang was, die land selfs meer sou polariseer.[16] Behalwe vir die NG-kerkfamilie wat so 'n prominente rol in die stryd teen die apartheidsbeleid gespeel het, met natuurlik die uitsondering van die drie Afrikaanse susterskerke, het die meeste kerke die vryheidstryd in 'n mindere of meerdere mate gesteun.[17]

Vanuit die buiteland het die NGK óók onder geweldige druk verkeer om te verander. 'n Belangrike ontwikkeling in dié opsig is toe die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN)[18] en die NGK hulle bande met mekaar verbreek het. Dit was 'n besondere bitter ontwikkeling vir die NGK omdat die NGK uit die GKN gevloei het. 'n Verbreking van die bande tussen dié twee instellings het dus die einde van 'n baie lang tradisie beteken en ook as 'n soort beëindiging van die eenheid in leer tussen die twee kerke deurdat die een die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid as on-Christelik beskou het terwyl die ander dit as 'n regverdige beleid gepropageer het.[19]

Die verhoudinge tussen die NGK en die GKN het gedurende die 1970's al vinniger agteruitgegaan. Dit is veral die Soweto-onluste van 1976 wat Suid-Afrika se beeld geknou het en wêreldwyd is daar op 'n spoedige oplossing vir die konflik in Suid-Afrika gehoop. Een van die redes wat veral onmin tussen die leierskap van die NGK en die GKN gesaai het, was die GKN se indirekte befondsing van vryheidsbewegings in Suid-Afrika as deel van die Wêreldraad van Kerke (WRK) se Program ter Bestryding van Rassisme (PBR). Die NGK het daarop aangedring dat die GKN hul finansiële ondersteuning aan die PBR staak. Gemoedere is veral op die spits gedryf toe 'n predikant van die NGK, ds. H. Brand, en sy eggenote op 23 Augustus 1977 deur terroriste aangeval

---

16 *Ibid.*; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 575.

17 R.W. Johnson, *South Africa's brave new world. The beloved country since the end of Apartheid*, p. 309.

18 Die GKN het gedurende die 16de eeu na afloop van die hervorming tot stand gekom. Die GKN is veral deur die leerstellinge van Johannes Calvyn beïnvloed. Dis belangrik om daarop te let dat die Kaap vir baie jare 'n kolonie van Nederland was. Vir meer inligting aangaande die GKN sien Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons derde eeufees, 1952*, pp. 1-23.

19 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met P. Coertzen*, Stellenbosch, 04.05.2010.

en vermoor is. Die NGK en die GKN het uiteindelik in 1979 alle bande met mekaar verbreek.[20] Die NGK het reeds op 6 April 1978 besluit om bande met die GKN te staak nadat eersgenoemde die GKN voor 'n ultimatum gestel het om tussen die vryheids-bewegings in Suid-Afrika en die NGK te kies. Die GKN het in 1976 hulle steun aan die befondsing van die vryheidsorganisasies gestaak om in gesprek met die NGK te tree, maar die vergadering wat op 16 en 17 Januarie 1978 plaasgevind het, was onsuksesvol. Gevolglik het die verhoudinge tussen die GKN en die NGK versuur waarna alle kontak uiteindelik verbreek is.[21]

Alhoewel die NGK se breuk met die GKN 'n terugslag vir die NGK was, het die gevoel by sommige teoloë binne die NGK bestaan dat die GKN nie objektief oor Suid-Afrika se sake kon oordeel nie, omdat die GKN nie simpatiek genoeg teenoor die situasie in Suid-Afrika is nie. Alhoewel Nederland en Suid-Afrika 'n besondere band het as gevolg van Suid-Afrika se koloniale geskiedenis en die ontstaan van die NGK, wat histories vir die blankes as 'n fisiese bewys van hul verwantskap aan die Europese beskawing dien, was die verskille in wêreldbeskouing teen die laat 20ste eeu van so 'n aard dat daar nie noemenswaardige begrip bestaan het nie. Veral teoloë binne die NGK het 'n arrogansie bespeur in die wyse waarop die GKN met die NGK gehandel het.[22]

Die NGK het gevolglik ál meer geïsoleerd geword as deel van 'n georganiseerde poging deur veral die internasionale Christelike gemeenskap om die NGK te dwing om van koers te verander. In 1982 het die Christian Reformed Church van die VSA, die Switserse Gereformeerde kerke en die Duitse Gereformeerde Bond hulle bande met die NGK verbreek uit protes teen die NGK se teologiese regverdiging van apartheid. Ook die United Congregational Church of Southern Africa het in daardie jaar alle bande met

---

20 P.J. Strauss, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1983), pp. 462-480.

21 P. Strauss, "Toenemende isolasie deurbreek – die NG Kerk en die ekumene 1974-1998" in Coertzen (red.), pp. 384-385.

22 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010; B.J. van der Merwe Privaat versameling, *Onderhoud met C. Burger*, Stellenbosch, 19.08.2010.

die NGK verbreek. Die NGK het dus skielik binne 'n kwessie van enkele jare in 'n geïsoleerde instelling verander.[23]

Die WRK het in die dekades na afloop van die Cottesloe-beraad voortgegaan om te poog om die apartheidsbeleid tot 'n einde te bring. Behalwe vir die WRK se finansiële hulp aan die vryheidsbeweging het dié organisasie ook 'n rol in die isolasie van die NGK gespeel. Direkte konfrontasie was gedurende die 1980's egter lank reeds iets van die verlede. In 1972 het die sentrale komitee gevra dat al die lidkerke van die WRK, asook individuele Christene wêreldwyd, alle moontlike invloed sal gebruik om beleggers te ontmoedig om in Suid-Afrika te belê. Die WRK het nooit anders as krities teenoor die apartheidsbeleid gestaan nie.[24]

Ofskoon die WRK 'n belangrike rol in die isolasieproses van Suid-Afrika in die algemeen en die NGK in die besonder gespeel het, is die WRK nie 'n instelling wat 'n deurslaggewende invloed op die NGK uitgeoefen het nie. Die WRK is 'n instelling wat wydverspreid deur NGK-teoloë geïgnoreer is vanweë dié raad se oënskynlike liberale benadering ten opsigte van sake van teologiese aard. Die WRK is deur beide die regering van die dag sowel as die NGK gesien as 'n instelling wat 'n bedreiging vir Suid-Afrika inhou en wat die land nie goedgesind is nie. Dit was as't ware makliker vir leiers binne die NGK om nie die WRK se aktiwiteite ernstig op te neem nie.[25]

'n Verdere organisasie wat ook in verset teen die apartheidsbeleid die NGK gekritiseer het, is die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES).[26] Die GES het in 1983 tydens 'n vergadering in Chicago die NGK versoek om hulle steun aan die apartheidsbeleid te onttrek en binne drie jaar verslag te lewer oor hul vordering in die verband. Die NGK het in reaksie hierop hulle lidmaatskap aan die GES na afloop van die gebeure gestaak. Teen

---

23 C. Boshoff, "Verhoudinge in die Ned. Geref. Kerkfamilie" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 23(2), Junie 1983, pp. 81-90.

24 Report of the Eminent Church Persons Group, *South Africa: the sanctions mission*, pp. 19-20.

25 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

26 Die GES is 'n instelling wat elke vier tot vyf jaar vergader oor teologiese sake wat belangrik in Gereformeerde kerke wêreldwyd is. Die GES is in 1946 in die VSA gestig en het hoofsaaklik uit behoudende Gereformeerde kerke bestaan. Deur die loop van sy bestaan het die GES op gereelde basis die NGK gekritiseer weens die kerk se ondersteuning van die regering se apartheidsbeleid. Vir meer inligting sien byvoorbeeld Geldenhuys, pp. 96-102.

die middel van die 1980's was die NGK dus 'n geïsoleerde instelling wat in die spervuur gestaan het van felle kritiek dat hulle die gesag en geloofwaardigheid van die kerk in die oë van die internasionale gemeenskap grootliks ondermyn het.[27] Dit het egter ook beteken dat die invloed wat die internasionale gemeenskap van Christene op Suid-Afrika uitoefen in 'n sekere sin beperk was. Kerke kon reken op die steun van die internasionale gemeenskap, maar die internasionale gemeenskap van gelowiges was weinig direk by die debatte binne Suid-Afrika betrokke. Soos wat die vertroue tussen veral die blanke Afrikaners en die internasionale gemeenskap afgeneem het, het die geleenthede ook afgeneem vir die internasionale gemeenskap om op godsdienstige vlak direk by die situasie in Suid-Afrika betrokke te wees.

## 5. DIE 1982-VERGADERING VAN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE

1982 is in vele opsigte 'n belangrike jaar waarin die NGK verkeie terugslae beleef het. In Augustus van däárdie jaar het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK)[28] in Ottowa vergader en die NGK en die apartheidsvraagstuk was 'n belangrike onderwerp op die agenda. By die vergadering het die teoloog Allan Boesak, 'n lid van die NGSK, die vergadering gevra dat die apartheidsbeleid tot 'kettery'[29] verklaar word. Gevolglik het die WGBK in däárdie jaar die NGK as lid van dié organisasie geskors nadat apartheid as 'n 'sonde' verklaar en 'n *status confessionis* afgekondig is. Laasgenoemde het in effek geen ruimte vir onderhandeling met die NGK gelaat nie.[30]

Vir die NGK was die WBGK se 1982-vergadering van só 'n gewigtige belang dat drie van die NGK se belangrikste leiers, naamlik Kobus Potgieter, Pierre Rossouw en Johan

---

27 J.A. Heyns, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die ekumene" in P.G.J. Meiring en S.J. Joubert (reds.), *Fokus op die kerk*, pp. 66-69.

28 Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is 'n genootskap van Gereformeerde Kerke wat gemeenskaplike doelwitte nastreef. Sien World Alliance of Reformed Churches, "What we do", <http://warc.jalb.de/warcajsp/side.jsp?news_id=708&part_id=0&navi=9>, 10.05.2006.

29 Die term 'kettery' verwys na 'n leerstelling wat as strydig met die Christelike geloofsoortuiging beskou word en is onder Christene 'n ernstige aanklag.

30 A.J. Botha, *Die evolusie van 'n volksteologie. 'n Historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk met besonderse verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984), pp. 568-571.

Heyns, afgevaardig is om die NGK daar te verteenwoordig. Die drie afgevaardigdes se verdediging van die NGK se beleid het egter op dowe ore geval. Voordat die vergadering goed aan die gang was, het 'n storm losgebars toe Boesak en verskeie ander afgevaardigdes van Suid-Afrika geweier het om saam met die NGK-afgevaardigdes 'n nagmaaldiens by te woon. Boesak is ook tydens die vergadering as leier van die WBGK verkies wat aan hom toenemende gesag binne die Christelike gemeenskap wêreldwyd verskaf het.[31]

Boesak se primêre argument teen die NGK het nie soseer 'n aanklag behels wat die teologie ten grondslag van apartheid ontleed het nie. Tog het hy wél die NGK daarvan beskuldig dat dit strydig met die Bybel te werk gaan. Dit was egter veral die kwessie van die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike rasse wat volgens Boesak as bewys gedien het dat die NGK die apartheidsbeleid ondersteun en praktiese help uitbou het met 'n unieke teologie wat hierdie aksies van die NGK steun.[32] Die NGK het dus gevolglik in onguns by die WBGK verval.

## 6. DIE BELHAR-BELYDENIS EN DIE ROL VAN DIE NGSK

Meer as enige ander instelling, is dit veral die NG-kerkfamilie wat vir die NGK probleme veroorsaak het. Dit is veral die aanvaarding van die Belhar-belydenis (sien Bylae A) deur die NGSK wat vir die NGK 'n groot terugslag was.[33] Dié gebeurtenis het die NGK se beeld geweldige skade berokken deurdat dit die beleid van rasseskeiding wat in die verlede deur die NGK gepropageer is, as 'n sonde verklaar het.

Na afloop van die WBGK se vergadering in Ottowa het die NGSK se AS in September 1982 in Belhar vergader. Tydens die sinodesitting het die NGSK ook 'n *status confessionis* uitgeroep as deel van wat algemeen as die Belydenis van Belhar of die Belhar-belydenis bekend sou word. Dit is een van die belangrikste momente in die geskiedenis van Suid-Afrika se Gereformeerde kerke, omdat die NGSK die NGK openlik uitgedaag het en die apartheidsbeleid as 'n sonde verklaar het. Die NGSK het ook die NGK se rol in die ontstaan en instandhouding van die apartheidsbeleid

---

31 D. Balia, *Christian resistance to apartheid. Ecumenism in South Africa, 1960-1987*, pp. 94-97.
32 Botha, pp. 568-571.
33 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

gekritiseer en die NGK daarvan beskuldig dat dit 'n dwaalleer aanhang wat in stryd is met die Bybel en die wil van God.[34]

Die Belhar-belydenis sou mettertyd tot 'n dramatiese verbittering in die verhouding tussen die NG-kerkfamilie lei. Die belydenis het nie doekies omgedraai nie en het bepaalde implikasies vir die toekoms van Suid-Afrika sowel as die kerk daargestel. Dit het ook terugskouende implikasies ingehou, omdat 'n aanvaarding van dié dokument 'n finale en haas onuitwisbare oordeel oor die toekoms sowel as die verlede van die apartheidsbeleid vanuit 'n Gereformeerde teologiese oogpunt sou fel. Artikel 2 van die Belhar-belydenis het byvoorbeeld verklaar dat wat ook al die eenheid van die kerk bedreig "geen plek in die kerk van Christus" het nie. Artikel 3 het gedwonge skeiding as ongehoorsaamheid bestempel en dit as 'n verloëning van die evangelie beskou.[35] Deur hulself met die Belhar-belydenis te vereenselwig sou die NGK erken dat dit nie slegs gefouteer het nie, maar uit selfsug en teenstrydig met die wil van God opgetree het.

Hierdie ontwikkeling was dus 'n geweldige terugslag vir die NGK. In 1983 het die NGK verklaar: "Die NGSK [hou] die NGK in 'n groot mate verantwoordelik vir die vestiging van apartheid as staatsbeleid. Wat reeds in die bestaan van die kerk 'n werklikheid was het op aandrang van die kerk tot staatsbeleid geword".[36] Ten spyte van dié besef was die NGK traag om te reageer. Daar het dus in daardie stadium 'n baie gespanne atmosfeer tussen die NGK en die NGSK geheers. Beide instellings se leierskap was wantrouig teenoor mekaar en tog was die aandrang op samewerking juis in dáárdie stadium so noodsaaklik. Die leierskap van die NGSK kon dié besluite neem met die wete dat dit die goedkeuring en ondersteuning van al die WBGK se geaffilieerde lidkerke wegdra. Die NGSK het reeds in 1978 verklaar dat apartheid 'n 'sonde' is wat deur die NGK verwerp en gekritiseer behoort te word, maar met die Belhar-belydenis het die NGSK 'n skadu

---

34 H.H. Williams, *J.A. Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2006), p. 183.

35 P. Jonck, *'n Sosiaal-sielkundige perspektief oor kerkvereniging en die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2005), p. 9.

36 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch, *Nederduitse Gereformeerde Kerk: Skema van werksaamhede voorgelê aan die nege-en-dertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 18 Oktober 1983 om 09:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad,* p. 368.

oor die hele verlede van die NGK gegooi en het die NGK toenemend in die oë van voornemende lidmate en ook sommige leiers van die NGK kredietwaardigheid verloor.

Die Belhar-belydenis is bedoel as 'n soort getuigskrif, en dit is ook in daardie trant geskryf. Dit herinner aan ander getuigskrifte van die NGK, maar dis veral inhoudelik waar die Belhar-belydenis dramaties verskil van die bestaande getuigskrifte. Die Belhar-belydenis plaas sterk klem op die eenheid van die kerk en dié eenheid word so belangrik geag dat 'n kerk wat verdeeld is, geskets word op die wyse dat dit nie sy roeping behoorlik kan nakom nie. Die Belhar-belydenis sinspeel dus sterk op die hereniging van die NG-kerkfamilie.[37] Aangaande die apartheidsbeleid het die NGSK dit onomwonde uitgespreek met hul verklaring "dat [die] boodskap [die kerk se boodskap aan die mensdom] ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word waar dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge ver-vreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig".[38]

Die Belhar-belydenis is uiteindelik in 1986 deur die NGSK as 'n vierde belydenisskrif aanvaar naas die Dordtse Leerreëls, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidel-bergse Kategismus. Die Belhar-belydenis is ook in 1990 deur die NGKA as 'n belydenisskrif aanvaar. In die Suid-Afrikaanse konteks is die Belhar-belydenis steeds 'n gewigtige dokument omdat dit geloof in God in verband bring met noodsaaklike Suid-Afrikaanse sosiale vraagstukke soos geregtigheid en versoening.[39] Die Belhar-belydenis sou egter in die toekoms, teenstrydig met dié dokument se oogmerk om kerke te verenig, eerder 'n struikelblok in die pad van kerkhereniging word. Die aanvaarding van die dokument het mettertyd die een enkele groot rede geword waarom die NG-kerkfamilie steeds verdeeld is.[40]

---

37 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch, *Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk: Skema van werksaamhede voorgelê te word aan die drie-en-twintigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika op Woensdag, 22 September 1982 om 3:00 nm. en volgende dae in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk-sentrum, Belhar*, pp. 749-751.

38 *Ibid.*, p. 750.

39 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch, *Gesamentlike kommissie Kerk-eenheid, Agenda, 26 Maart 1996, Belhar*, pp. 1-2.

40 *Ibid.*, p. 6.

By gesprekke aangaande die hereniging van die NG-kerkfamilie, het die Belhar-belydenis mettertyd 'n bepalende faktor geword. Sedert die 1994-verkiesings het die NGSK en die meerderheid van die NGKA saamgesmelt en die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK)[41] gevorm. Die VGK se leierskap het daarop aangedring dat die Belhar-belydenis as belydenisskrif in onveranderde vorm deur alle lede van die NGK aanvaar moet word voordat die kerke kan saamsmelt. Die NGK is egter nie die enigste kerk wat nie die Belhar-belydenis in die verlede onderskryf het nie. Die Reformed Church in Africa het ook in die verlede die noodsaaklikheid om die Belhar-belydenis as 'n belydenisskrif te erken, bevraagteken.[42]

Die Belhar-belydenis bied nie net 'n noemenswaardige uitdaging aan die kerk in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal. Dit is 'n dokument wat 'n spesifieke politieke orde beveg het en is dus meer as net 'n dokument wat 'n geloofsoortuiging verwoord. Dit lewer 'n uitspraak oor die manier waarop samelewings hulself orden. Dit word gekritiseer omdat dit slegs 'n "sosiale kwessie van die dag" aanspreek en hoofsaaklik van historiese belang is. Die teoloë wonder byvoorbeeld of die kerk oor elke sosiale kwessie 'n belydenisskrif moet aanvaar en waar die streep getrek moet word.[43] Die Belhar-belydenis het dus nooit waarlik geslaag om die geskille in die proses van kerkhereniging op te los nie. Sommige teoloë bepleit ook, waarskynlik met reg, dat die hereniging van die NG-kerkfamilie, wat in sommige kringe beskou word as die NGK se praktiese bydrae tot die ontwikkeling van die apartheidsbeleid, nie 'n onnodige hipernorm in die kerk moet wees nie en dat liefde en respek die belangrikste eienskappe van 'n suksesvolle kerk is.[44]

---

41 Die Verenigde Gereformeerde Kerk bestaan uit die NGSK en die meeste voormalige gemeentes van die NGKA. Die VGK stel die Belhar-belydenis as vereiste by lidmaatskap. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 625.

42 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Bosberaad oor vereniging van die NG Kerkfamilie" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

43 *Ibid.*

44 *Ibid.*

## 7. DIE ROL VAN DIE SARK

Die organisasie wat egter veral die meeste met die vryheidstryd geassosieer word, is die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Die SARK en die leiersfigure van dié organisasie, onder meer Beyers Naudé, Desmond Tutu en Frank Chikane, het 'n noemenswaardige rol gespeel. Die SARK het 'n lang geskiedenis van verset teen die apartheidsbeleid, maar dit was veral nadat die noodtoestand in 1985 deur president P.W. Botha in Suid-Afrika afgekondig is dat die SARK toenemend belangrik in die stryd teen apartheid geword het. Die SARK is as 'n 'swart magsbasis' gesien en dus as 'n bedreiging vir die regering. Die regering kon immers nie soveel beheer oor die aktiwiteite van die kerke in Suid-Afrika uitoefen nie. Die SARK het veral 'n oorkoepelende rol gespeel omdat dit as 'n forum vir blank en nie-blank gedien het om samesprekings te hou en omdat dit al die kerke in verset teen apartheid in 'n magsblok georganiseer het. Dit het ook belangrike bande met die WRK gehad.[45]

Die SARK het aan kerkleiers 'n belangrike spreekbuis gebied om politieke uitsprake oor Suid-Afrika te kan maak. Een so 'n leier is die Anglikaanse biskop Desmond Tutu, wat van 1978-1984 as sekretaris-generaal van die SARK gedien het. Tutu is in 1984 opgevolg deur die voormalige NGK-leier Beyers Naudé wat veral bekend is vir sy werk in die Christelike Instituut (CI),[46] maar dié organisasie was uiteindelik deur die apartheidsregering verbied.[47]

Die invloed van Desmond Tutu op die SARK kan nie onderskat word nie. Tutu se kritiek teen die vele eienskappe van die apartheidsbeleid, die tuislandstelsel, die gebruik van onnodige geweld deur vryheidsvegters van die ANC, sy aandrang op meer regte vir vroue en sy oproep tot meer sanksies teen Suid-Afrika, was die hoeksteen van die SARK

---

45 J. Kinghorn, "The Churches against apartheid" in I. Liebenberg *et al.*, (reds.), *The long march. The story of the struggle for liberation in South Africa*, pp. 149-153; M. Hope en J. Young, *The South African churches in a revolutionary situation*, p. 86.

46 Die CI was 'n instelling wat veronderstel was om veral 'n platform te bied aan lidmate van die NGK wat met dié kerk se rassebeleid ontnugter geraak het. Die CI was egter veral instrumenteel in pogings om eensgesindheid onder Christene in Suid-Afrika te probeer bevorder. Die instelling is in 1966 deur die NGK tydens die AS in Bloemfontein as 'n dwaalrigting verwerp. C.F.B. Naudé, *My land van hoop. Die lewe van Beyers Naudé*, pp. 73-82; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met J. Cochrane*, Kaapstad, 20.08.2010.

47 T. Salemink en B. van Dijk, *Apartheid en Kerkelijk verzet*, p. 74.

se politieke aktivisme. Tutu het hierdie onderwerpe gereeld aangeroer in 'n poging om groter geregtigheid in Suid-Afrika te laat geskied en die SARK het vir hom die platform geskep vir sy werk. Die SARK het ook, saam met soveel ander liggame in 1982, alle bande met die NGK gestaak.[48]

'n Belangrike aspek van die SARK was dat dit 'n amptelike beleid van nie-gewelddadige verset gehad het. Hierdie verskynsel is een van die primêre redes waarom die SARK nooit verban is nie. Die SARK is in 1983 amptelik ondersoek deur die Eloff-kommissie wat uiteindelik bevind het dat die SARK geweldloosheid ondersteun. Vir die SARK en Tutu in besonder, vanweë sy prominente posisie as anti-apartheidsaktivis, was die gewelddadige aard van die vryheidstryd geweldig problematies. Volgens Tutu was die kerke en die SARK verplig om die vryheidstryd te steun, omdat dit die enigste manier was waarop die legitimiteit van die kerk vir die massas behoue kon bly. Die SARK was, in teenstelling met die WRK waarby dit geaffilieer is, nie ten gunste van geweld om rassisme te beveg nie.[49] Soos die stryd teen die apartheidsbeleid egter uitgerek geraak het, het dit volgens Tutu ook al moeiliker vir die SARK geword om geweld teen die regering te kritiseer, omdat ongeduldige anti-apartheidsaktiviste gedurende die 1980's toenemend die SARK se beleid van geweldloosheid gekritiseer het.[50]

Die SARK was ook een van die talle organisasies wat deur die regering as 'n bedreiging ervaar is, omdat dit openlik teen die regering se beleid van rasseskeiding gekant was. Toe die SARK in 1977 in geldelike nood verval waaruit dit nie kon ontsnap nie en gevolglik 'n kommissie aanstel om die finansiële krisis intern te ondersoek, het die regering sy eie kommissie tot stand gebring om die saak te ondersoek. Dit het egter aan die lig gekom dat dié kommissie, bekend as die Eloff-kommissie, se ondersoek na al die aktiwiteite van die SARK uitgekring het.[51] Die kommissie is in 1982 saamgestel om die SARK te ondersoek en het in Februarie 1984 sy bevindinge gepubliseer. In die kommissie se verslag is bevind dat die SARK revolusionêre veranderinge in Suid-Afrika steun. Daar is verder bevind dat die SARK geassosieer word met instellings wat blanke heerskappy in

---

48 Balia, pp. 90-91; B.J. Liebenberg, "Towards the end of apartheid" in B.J. Liebenberg en S.B. Spies (reds.), *South Africa in the Twentieth Century*, p. 169.

49 R. Crawford, *Journey into the heart of Apartheid*, pp. 4-6.

50 *Ibid.*

51 D. Tutu, *The rainbow people of God*, pp. 53-54.

Suid-Afrika wou ondermyn en dat die SARK 'n instelling is wat hoofsaaklik met ekonomiese, politieke en sosiale vraagstukke worstel. Die laasgenoemde bevinding impliseer dat die SARK 'n instelling is wat nie slegs by die bediening van die Woord betrokke is nie, maar ook hul invloed by die administrasie van Suid-Afrika wou laat geld.[52]

In reaksie op kritiek teen die SARK dat dit 'n instelling is wat meer belangstelling in die sosiale en politieke organisasie van Suid-Afrika as in godsdienstige aktiwiteite toon, het Tutu verskeie kritici se monde gesnoer deur sy program wat daarop uit was om klem op die suiwer godsdienstige aktiwiteite van die SARK te plaas, soos die bestudering van die Bybel deur lede van die SARK, asook gereelde gebed. Hierdie gebruike het veral die SARK se beeld in die organisasie se eie geledere bevorder, omdat groeiende kritiek teen die organisasie nie ongesiens verbygegaan het nie. Tutu was ondubbelsinnig in sy oortuiging dat "the Church exists first and foremost to praise God and it cannot be otherwise for the council of churches".[53]

Die SARK se aktivisme teen apartheid het 'n wye reeks van aktiwiteite behels. Dit het onder meer ingehou pogings om die apartheidsvraagstuk te internasionaliseer, 'n taktiek wat ook deur die ANC aangewend is. Die SARK het ook by geleentheid in direkte gesprekke met regeringsamptenare en politici getree om die regering aan te spreek oor die ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die SARK het ook met ander Christelike groepe in die land saamgewerk om 'n bewussyn rondom die onderdrukkende aard van die apartheidsbeleid bekend te maak.[54] Die SARK se anti-apartheidsaktiwiteite was vreedsaam, maar het gedurende die 1980's 'n groot verleentheid vir die regering geword omdat dié raad so baie internasionale steun geniet het. In 1988 is die hoofkantoor van die SARK, 'Khotso house', deur plofstof getref. Volgens die destydse minister van wet en orde, Adriaan Vlok, wat voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie getuig het, was die Khotso-huis ontploffings 'n direkte opdrag van president P.W. Botha.[55]

---

52 Balia, pp. 90-91.
53 J. Allen, *Rabble-rouser for peace. The authorized biography of Desmond Tutu*, p. 169.
54 *Ibid.*, pp. 189-191; Boesak, pp. 110-117; Salemink en Van Dijk, pp. 75-77.
55 M. Nuttall, *Number two to Tutu. A memoir*, p. 37.

Dit is belangrik om daarop te let dat die SARK 'n beleid van geweldlose verset probeer bevorder het. Soos elders regoor die wêreld word Christene in Suid-Afrika daarvoor gekritiseer dat hulle geweld aanhits in plaas van versoening meebring. In Suid-Afrika is die Bybel byvoorbeeld gebruik om die apartheidsbeleid te regverdig, sowel as om die gewelddadige aktiwiteite van vryheidsvegters te regverdig. Dit is daarom noodsaaklik om te let op die pogings wat daar wél bestaan het om die vloed van geweld wat gedurende die 1980's in Suid-Afrika posgevat het met geloof en God as inspirasie te verhoed.[56] Die SARK was 'n organisasie wat vir die apartheidsregering sowel as vir die NGK baie meer uitdagings ingehou het as wat dit die geval met internasionale liggame soos die WRK en die WBGK was. Die feit dat die SARK 'n verteenwoordigende organisasie is en nie-gewelddadigheid ondersteun het, het dit moeilik gemaak om die eise van dié organisasie totaal te ignoreer.[57]

## 8. DIE KAIROS-DOKUMENT

'n Voorbeeld van hoe teologie skynbaar aangewend is om die pogings van anti-apartheidsgeweld teologies te regverdig, is die verskyning van die Kairos-dokument (sien Bylae B). Waar die NGK in die verlede apartheid en onderdrukking met 'n teologiese basis goedgekeur het, het ook anti-apartheidsleiers 'n teologiese regverdiging vir gewelddadige verset verskaf. Die veel besproke Kairos-dokument moet gelees word teen die politieke onluste in Suid-Afrika, veral die noodtoestand van 1985. Die Kairos-dokument het, anders as die Belhar-belydenis, nie die verskeidenheid van kerke in Suid-Afrika as 'n struikelblok gesien nie, maar eerder die feit dat sommige kerke die staat steun en andere die staat opponeer.[58] Die Kairos-dokument, wat in September 1985 verskyn het, is deur 'n uiteenlopende groep teoloë in Soweto opgestel en deur 153 kerkleiers, teoloë en lidmate van verskeie kerke, waaronder die NGK, onderteken.[59]

---

56 D. Chidester, *Christianity. A Global history*, p. 577.

57 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

58 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Skema van werksaamhede voorgelê aan die veertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 13 Oktober 1987 om 9:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad, 1987*, pp. 510-526.

59 *Ibid.*, p. 510.

Die Kairos-dokument is op 25 September 1985 deur Beyers Naudé aan leiers van die WRK in Geneva voorgelê en was nie aan 'n spesifieke kerk gerig nie. Dit was eerder gerig aan Christene wêreldwyd as 'n uitdaging om standpunt teen Suid-Afrika se politieke situasie in te neem. Die leierskap van die WRK het die inisiatief verwelkom wat beskryf is as "a Christian, biblical and theological comment on the political crisis in South Africa".[60]

Die Kairos-dokument is 'n inisiatief van die leierskap van die Institute for Contextual Theology wat in 1980 tot stand gekom het. Dié instituut is deur sy lede beskou as 'n voortsetting van die werk van die CI wat in 1977 verban is. Alhoewel dit nie gepoog het om die CI te vervang nie, was een van die oogmerke agter die stigting van die instelling om sommige van die funksies van die CI oor te neem. Leiers van verskillende denominasies was betrokke by die Institute for Contextual Theology, onder meer Anglikane, Katolieke, Metodiste en leiers van die Apostoliese Geloofsending. Die organisasie was in Johannesburg gesetel en het ten spyte van die neutrale naam 'n sterk anti-apartheids-agenda gehad.[61]

Die Institute for Contextual Theology was egter nie slegs die uitvloeisel van die verbanning van die CI nie. Dit is ook beïnvloed deur die internasionale gemeenskap se behoefte aan 'n organisasie wat aan hulle 'n voet in die deur in Suid-Afrika kon gee wat die teologie van die streek kon help beïnvloed.[62] Dit was teen 1980, 20 jaar na afloop van die Cottesloe-beraad, nie vir die internasionale gemeenskap moontlik om op groot skaal die teologiese prosesse in Suid-Afrika te beïnvloed nie. Die instituut was ook bedoel as 'n poging om hiérdie behoefte aan te spreek.

Vermoedelik het die dokument die NGK nie noemenswaardig beïnvloed nie. Alhoewel die Kairos-dokument kennelik die NGK onder verdere druk geplaas het, was dit nie so effektief soos die Belhar-belydenis nie. Van al die kerklike kritiek teen die NGK was die Belhar-belydenis die grootste slag vir die NGK. Ten opsigte van die Kairos-dokument het die NGK se Wes-Kaapse sinode in 1987 bevind dat: "Terwyl die dokument die kerk

60 P. Beyerhaus, *The Kairos document: challenge or danger to the church?*, p. 1.
61 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met J. Cochrane*, Kaapstad, 20.08.2010.
62 *Ibid.*

in Suid-Afrika beskuldig van dienstigheid aan die een ideologie, neig dit tot dieselfde dienstigheid aan 'n ander ideologie".[63]

Volgens sommige kenners was die Kairos-dokument 'n dokument wat verskeie teologiese tekortkominge bevat het. Dit was egter in direkte konfrontasie met die teologie van die NGK. Die Kairos-dokument se doelwit was om nie slegs die regering nie, maar die hele staat as 'n orde te skets wat oor geen legitimiteit beskik nie.[64] Die Kairos-dokument het dus as't ware 'verder gegaan' as die Belhar-belydenis in die wyse waarop dit die regering gekritiseer het. Waar die Belhar-belydenis die apartheidsbeleid teologies as strydig met die wil van God geskets het, het die Kairos-dokument nie slegs die beleid van die regering as teologies ongeldig geskets nie, maar die staat as geheel ongeldig verklaar!

## 9. DIE NGK IN DIE SFEER VAN ISOLASIE

Vir die NGK wat in daardie stadium deur 'n pynlike beleidsverandering geworstel het (dit word in detail in hoofstuk 4 bespreek) was dit nie moontlik om prakties by die stryd teen die apartheidsbeleid betrokke te raak nie. Dié kerk se historiese noue band met die wit Afrikaanse Suid-Afrikaners, die sogenaamde blanke Afrikaners, het die NGK verhoed om die vryheidstryd op 'n praktiese manier te steun. Die gevolg sou wees dat die leierskap van die kerk in hegtenis geneem sou word. Die NGK het egter onder geweldige druk begin verkeer. Die spanning, geweld en die mislukking van die apartheidsbeleid is toenemend in verband gebring met die NGK se historiese aandrang op dié beleid in Suid-Afrika.

Vir die uiteenlopende kerke en leiers in Suid-Afrika wat in die stryd teen die apartheidsbeleid en rassisme saamgewerk het, was hulle pogings, hoewel nie altyd vrugtevol in die sin dat dit dadelik verandering teweeg gebring het nie, 'n baken van hoop, veral vir diegene wat in daardie stadium vertroue in die Christelike geloof begin verloor het. Dit

---

63 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Skema van werksaamhede voorgelê aan die veertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 13 Oktober 1987 om 9:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad, 1987,* p. 527.

64 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met J. Cochrane,* Kaapstad, 20.08.2010.

was egter 'n bitter pil om te sluk vir talle dat die NGK in die proses so geïsoleerd geword het en nie in die eensgesindheid van die ander kerke kon deel nie. Een waarnemer het gedurende die 1980's tereg opgemerk: "The DRC holds the key to much of the change required in South Africa".[65] Dit sou egter meer behels as 'n blote verandering van die beleid van die NGK om met die NGK se verlede te kon versoen. Vir baie lede van die NGK sou 'n totale nuwe lewenswyse en denkpatroon by hulle moes posvat, iets wat nie oornag kon gebeur nie.

'n Algemene opvatting bestaan onder verskeie waarnemers binne sowel as buite die NGK dat die NGK gedurende hierdie tyd die hele rassedebat grootliks geïgnoreer het en 'n soort stille diplomasie jeens die staat gehandhaaf het. So 'n opvatting is van alle waarheid gestroop. Ofskoon verskeie teoloë binne die NGK soos onder meer Beyers Naudé, P.J. Dumas, Bennie Keet en Ben Marais sedert die 1960's teologiese besware teen die teologiese regverdiging van apartheid geopper het, was daar gedurende die 1980's 'n wydverspreide vrees wat onder blanke Afrikaners posgevat het rakende die uitdaging wat rasseverhoudinge in die land ingehou het. Baie min blanke Afrikaners het algehele magsoorgawe aangehang. Vir die meeste blanke Afrikaners het die politieke debat gewentel rondom die behoud, al dan nie van Verwoerdiaanse apartheid as alternatief tot die hervormings wat skynbaar, weens al die geweld, nie gewerk het nie.[66]

Die NGK se lidmate was dus gedurende die 1980's polities nie meer 'n eensgesinde groep mense nie. Die situasie het so ontwikkel dat ongeag watter koers die NGK sou inslaan, 'n gedeelte van die lidmate in verset teen die kerk sou kom. Die feit dat die NGK uiteindelik die teologiese steun gestaak het wat dit aan die beleid van rasseskeiding en apartheid verleen het, het egter die indruk gewek dat die NGK meewerk aan die regering se proses van hervorming. Selfs hierdie stap sou die NGK se beeld verder verswak in die oë van dié kerk se kritici.

65 Crawford, p. 156.

66 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

## 10. DIE NOODSAAKLIKHEID, AL DAN NIE, VAN KERKEENHEID BINNE DIE NG-KERKFAMILIE

Die invloed van godsdienstige eensgesindheid op die politieke orde van 'n streek of samelewing is enorm. Hierdie feit is alreeds sedert antieke tye, en moontlik al in pre-antieke samelewings, bekend aan leiers.[67] Daar is reeds in hoofstuk een verwys na die verband tussen die ontstaan van antieke Israel en die Judaïsme. Godsdiens is ten nouste verwant aan die gemeenskaplike strewe en ideale van die aanhangers daarvan. Suid-Afrika se spirituele verlede is geen uitsondering nie. Die bestaan van verkillende kerke vir verskillende rasse getuig van die land se historiese differensiasieproses waaraan alle lede van die samelewing teen wil en dank in die verlede onderwerp was.

Vir groot getalle lidmate van die NG-kerkfamilie spreek dit vanself dat daar uiteindelik groter eenheid moet ontstaan en dat die kerk as't ware na sy wortels moet terugkeer. Hierdie besef spruit nie bloot uit die behoefte van mense nie, dit omsluit ook 'n teologiese vraagstuk, naamlik wat is die wil van God vir Sy volgelinge asook vir al die volke en individue van die aarde? Is dit God se wil vir die mensdom om grense tussen groepe mense te trek en 'n spirituele normalisering van hierdie grense daar te stel, of is dit genoeg om as politieke gelykes naasmekaar te leef?

Vir die NGK is hierdie vraagstuk selfs méér relevant, omdat die NGK meer as 20 jaar na afloop van die vrylating van Nelson Mandela en die ontbanning van die vryheids-organisasies hoofsaaklik steeds een kulturele groep in Suid-Afrika bedien. Hoewel die ontvolking van die platteland 'n noemenswaardige rol in die agteruitgang van die NGK speel, is dit ongetwyfeld ook so dat die NGK se relevansie vir die moderne blanke Afrikaner, wat die uitdagings van 'n multi-kulturele Suid-Afrika vierkantig in die gesig moet staar, toenemend aan die taan is. Daar kan selfs geargumenteer word dat die NGK in sy huidige vorm, met sy geskiedenis van die teologiese regverdiging van 'n bepaalde beleid, moontlik gesien kan word as 'n uitgediende instelling. Die verlede is vol van voorbeelde van hoe godsdienstige ordes saam met politieke ordes ontstaan en getaan het,

---

[67] Sien byvoorbeeld W. Esterhuyse, *God en die gode van Egipte. In die voetspore van die onsienlike*, Wellington, 2009.

en ook uiteindelik verdwyn het. Die beeld van God wat vir lank aan die blanke Afrikaners voorgehou is, as 'n God wat die bestaan van verskillende volke gewil het en van die mens verwag om dit in stand te hou, word huidiglik grootliks bevraagteken. Hoewel die NGK sy teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid laat vaar het, is die sigbare 'andersheid' van die NGK nie werklik duidelik nie en funksioneer die Kerk bykans as 'n oorblyfsel wat die vorige orde gedien het.

Die Belhar-belydenis speel binne hierdie konteks 'n belangrike rol. Voorstelle om die Belhar-belydenis as 'n vertrekpunt vir die opstel van 'n nuwe beleidsdokument te gebruik, is in die verlede deur teoloë van die VGK afgeskiet.[68] Die NGK kon dus nie tot op hede die breuk tussen dié instelling en die VGK herstel nie. Die Belhar-belydenis is veral histories 'n belangrike struikelblok in die proses, maar dié dokument is gewis nie die enigste uitdaging in die pad van kerkhereniging nie.

Die wyse waarop die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie daarin slaag om 'n ondubbelsinnige boodskap aan die mense van Suid-Afrika in die gesprekke rondom kerkeenheid te kan verskaf nie, getuig in 'n sekere sin van die gebrek aan suksesvolle leierskap. Dit getuig egter meer van die manier waarop die kerk dikwels die gemeenskap in die steek laat. In 'n ander opsig getuig dit vermoedelik ook van die krimpende politieke aspirasies van die blanke Afrikaners, wat deur die NGK vergestalt word. In hierdie verband kan daar verwys word na die 'pragmatiese' manier waarop die NGK van die apartheidsbeleid afskeid geneem het (vergelyk hoofstuk vier), maar ook na die feit dat die NGK "'n volkskerk, 'n kerk vir wit Afrikanermense, gebly [het]".[69]

Dit is egter so dat kritiese stemme nie geïgnoreer kan word nie. In die geskiedenis van die kerk het dit dikwels gebeur dat 'n kerklike ideaal verander het in 'n dogmatiese leerstelling wat as 'n hipernorm binne die kerk funksioneer; die NGK se bevordering van die apartheidsbeleid is 'n voorbeeld hiervan. Kritiek teen die manier waarop die proses van kerkhereniging in die verlede benader is, is dus nie ongegrond nie. So het 'n verteenwoordiger van die Reformed Church in Africa (RCA), ds. P.J.P. de Beer, by

---

[68] B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Bosberaad oor ..." in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

[69] Giliomee, *Die Afrikaners ...*, p. 625.

geleentheid getuig van "die toegewydheid van die RCA aan die kerkverenigingsproses, maar beklemtoon dat die waarheid van die Bybel en die belydenisskrifte en dan ook wedersydse liefde en respek vir die RCA van grootste belang is".[70] Dit gaan dus daaroor dat daar gewaak moet word dat die ideaal van kerkeenheid nie ten alle koste nagejaag moet word nie – 'n baie subtiele maar kragtige waarskuwing.

Die vraag wat hier geopper kan word, is wat is hierdie 'waarheid'? Is die hereniging van die NG-kerkfamilie 'n opdrag van God, of is dit bloot 'n kerklike ideaal? Indien dit bloot 'n ideaal is, hoe gaan die kerk te werk met lede en leiers wat, omdat hulle nie verplíg voel nie, die ideaal kniehalter? En wat is die rol van die gewone lidmaat in hierdie proses? Die feit dat hierdie vraagstuk eintlik teologies van aard is, maak dit gewis nie makliker om die hele debat te verstaan nie. Wanneer daar gepraat word van wat God se wil vir die mense is, is dit te verwagte dat daar meningsverskille sal ontstaan omdat die mens se verstaan en ervaring van die spirituele subjektief van aard is.

Die NGK het in die verlede drie pertinente redes verskaf aangaande die vraag wáárom daar slegs een kerk behoort te wees. Dit gaan waarskynlik vir gelowiges eerstens om die 'eer' van God. "In plaas daarvan dat hulle [die Christene] 'n weerspieëling van die eenheid van God was ... het Christene egter deur die eeue, deur hulle onenigheid en verskeurdheid, 'n skadu oor hulle eie belydenis gewerp".[71] Dit gaan dus hier oor pligsbesef en die beperkinge wat die strewe na eiebelang op die verkondiging van die evangelie plaas. Dit is dus 'n gewigtige saak. Dit sluit aan by die tweede punt, naamlik die getuienis van gelowiges. "Die verdeeldheid in die NG Kerkfamilie, die verskillende monde waaruit ons soms gepraat het, het dit nie vir die wêreld maklik gemaak om in die liefde van God, in die versoening wat Jesus aan die kruis bewerk het, te glo nie. Inteendeel!"[72]

Die hereniging van die NG-kerkfamilie is egter ook 'n proses wat 'ter wille van die kerk self' van belang is. "'n Verdeelde, onversoende kerk is 'n gevaar vir homself, maar wanneer broers en susters in geloof en liefde oor grense heen mekaar se hande neem, kan

---

70 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Bosberaad oor ..." in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

71 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "'Sodat almal een kan wees ...' Amptelike inligtingstuk van die Ned. Geref. Kerk, 31.03.1995" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

72 *Ibid.*

selfs die poorte van die doderyk die kerk nie oorweldig nie".[73] Dit vraag bly egter steeds staan, is één kerklike denominasie vir álle mense die wil van God vir die mensdom? Dit is op hierdie kwellende vraag waarop die leierskap van die NG-kerkfamilie skynbaar in die verlede nie eenstemmig antwoorde aan lidmate verskaf het nie.

Hierdie stand van sake is eintlik onaanvaarbaar en 'n klap in die gesig van die lidmate van die NG-kerkfamilie. Dit wil voorkom asof leierskap dikwels eerder konfrontasie vermy, in plaas daarvan om daadwerklike leiding te gee. Dit wil verder voorkom asof die oorgrote meerderheid van lidmate binne die NG-kerkfamilie 'n positiewe gevoel jeens die hereniging van die NG-kerkfamilie handhaaf.[74] Hoewel lidmate van die VGK in 'n groter mate positief is as lidmate van die oorblywende gemeentes van die NGKA, wat op hulle beurt 'n groter mate van bereidwilligheid toon as die gemiddelde lidmaat van die NGK om te herenig,[75] kan dié stand van sake nie uitgebuit word nie en bly die NG-kerkfamilie tot op hede 'n verdeelde familie wat getuig van Suid-Afrikaners se ras-gepolariseerde verlede.

Terselfdertyd wil dit voorkom asof kultuur ook 'n belangrike rol in die herenigingsproses van die NG-kerkfamilie speel. Taalverskille is een voorbeeld. Die behoud van Afrikaans en die reg op die aandrang van moedertaal in instellings van enige aard is 'n regverdige eis van die Afrikaanse gemeenskap. Afrikaans as taal word bedreig deur die nuwe politieke orde wat ná 1994 tot stand gekom het. Die verwagting bestaan dan ook dat Afrikaans uiteindelik ondergeskik in die kerk sal wees indien die NGK sou ophou om voort te bestaan.[76] 'n Verdere rede wat voorgehou word en wat die hereniging van die Gereformeerde kerke skynbaar kniehalter, is die verwagting wat lidmate van verskillende kulture van hul leraars koester, met byvoorbeeld Sotho-sprekers wat "waarskynlik verkies dat prediking aktueel van toepassing is op 'n dinamiese samelewing ten einde die kerk relevant te hou in 'n Suid-Afrika met soveel vrae en uitdagings. 'n Herenigde kerk sal met groter gesag misdaad, armoede, korrupsie, MIV/vigs asook rassisme kan

---

73 *Ibid.*

74 Jonck, pp. 30-31.

75 *Ibid.*

76 *Ibid.*; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Handelinge van die vyftigste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein*, 03.11.2005.

aanspreek. Die NG Kerk kan effektief gemeenskappe dien. 'n Gereformeerde Kerk in Afrika vir Afrika".[77] Die behoefte van veral Afrikaanse lidmate verskil skynbaar hiervan.

In sy geheel gesien is die kwessie van kerkhereniging 'n komplekse vraagstuk, wat talle uitdagings aan die kerk bied. Die verskynsel dat die Belhar-belydenis vir sommige ononderhandelbaar by kerkhereniging is, terwyl ander weier om die dokument te aanvaar, het 'n bose kringloop in die kerk geword. Twee van die grootste besware teen die Belhar-belydenis, is dat die belydenis grootliks 'n herhaling van bestaande belydenisskrifte se inhoud is, asook dat dit skynbaar teologiese aannames oor sosiale geregtigheid in die wêreld maak.[78]

'n Verdere argument teen die Belhar-belydenis is dat dit 'n belydenisskrif is wat slegs binne 'n bepaalde situasie gewig gedra het, naamlik in Suid-Afrika gedurende die apartheidsera. Alhoewel die belydenis erkenning in sekere kerke geniet, word die dokument nog nie wêreldwyd onder groot getalle Gereformeerde kerke aanvaar nie. Daar word verder geargumenteer dat die Belhar-belydenis 'n geskrif is wat 'n bepaalde politieke orde steun, naamlik die kommunisme, en dat dit onaanvaarbaar is vir die kerk om dus so 'n dokument te ondersteun.[79]

Ten spyte van hierdie stand van sake bied die Belhar-belydenis ook belangrike geleenthede aan teoloë. Die Belhar-belydenis met sy sterk klem op sosiale geregtigheid was weliswaar in die verlede 'n twispunt, maar dié belydenisskrif kan ook 'n nuwe dimensie aan die kerk se rol en impak op die wêreld verskaf.[80] Alhoewel die belydenis sy ontstaan in 'n bepaalde politieke situasie gehad het, spreek dit uitdagings vir gelowiges aan wat nie gebonde aan die grense van tyd is nie.

Die proses van kerkhereniging van die NG-kerkfamilie is 'n proses wat, indien daar uiteindelik wel daartoe besluit gaan word, verwesenlik sal moet word ten koste van diegene wat nie daarmee gemaklik is en wil meewerk nie. Dit is immers 'n praktiese

77 Jonck, pp. 30-31.
78 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met B. Kock*, Colesberg, 20.09.2010.
79 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Handelinge van die vyftigste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat Bloemfontein*, 03.11.2005.
80 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met B. Kock*, Colesberg, 20.09.2010.

voorbeeld van hoe die kerk leiding in die gemeenskap kan neem. In die geval van diegene wat ongemaklik is daarmee sal daar aanvaar moet word dat die besluit tot so 'n stap deels geneem sal moet word uit die vermoede van wat God se wil vir die kerk is, en deels weens die kollektiewe persoonlike oortuiging van Christene in die NG-kerkfamilie. Dit gaan dus uiteindelik eerder deur die wil van mense bepaal word of die NG-kerkfamilie herenig al dan nie. Die NGK het reeds iets hiervan laat blyk toe verklaar word: "Hoewel een kerkverband nie die enigste uitdrukkingsvorm van kerkeenheid is nie, en die Skrif (die Bybel) nie 'n spesifieke model vir kerkeenheid voorskryf nie, *het die Algemene Sinode geoordeel dat een kerkverband die beste manier is om aan die eenheid van die NG kerkfamilie uitdrukking te gee*".[81] Potensieel is die feit dat die NGK in die verlede nie die proses van kerkhereniging as 'n opdrag van God beskou het nie, die grootste enkele struikelblok in die proses van die kerkhereniging van die NG-kerkfamilie.

## 11. EVALUERING

Vir kerke in Suid-Afrika asook Christene het die stryd teen die apartheidsbeleid 'n perfekte platform gebied om hulle geloof in God prakties ten toon te stel. Dit was 'n kans om die spreekwoordelike wêreld te verander, met as inspirasie die Christelike godsdiens. Die kerke se betrokkenheid by die vryheidstryd is deur talle Christene ervaar as 'n geestelike roeping. Alhoewel dikwels vasgevang tussen die uitdaging van geweld aan die een kant en die noodsaaklikheid van sosiale geregtigheid aan die ander kant, het die kerke in Suid-Afrika 'n belangrike platvorm vir Christene geskep waarmee die apartheidsbeleid beveg is.

Die NGK is in die proses gemarginaliseer en sou 'n nuwe koers moes inslaan indien dit die veranderinge in die land wou oorleef. Dié kerk sou verlief moes neem met die feit dat dit gefouteer het en 'n beleid teologies gesubstansieer het wat deur meeste Christene wêreldwyd as 'n 'sonde' beskryf is. Die NGK moes in die proses aanvaar dat dié kerk as

81 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "'Sodat almal een kan wees ...' Amptelike inligtingstuk van die Ned. Geref. Kerk, 31.03.1995" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010. Die kursivering is nie in die oorspronklike dokument aanwesig nie en is aangebring om die klem op die spesifieke woorde te plaas.

gevolg van dieselfde rede 'n geïsoleerde instelling geword het wat dikwels kwalik geneem is vir die ontstaan van die apartheidsbeleid. Dit alles sou moes gebeur terwyl die NGK terselfdertyd daarin sou moes slaag om nie al sy lidmate te vervreem nie.

In die stryd teen die apartheidsregering het Christene en teoloë wêreldwyd hulle stem laat hoor. Alhoewel die Kerk teen die 1980's die teologiese regverdiging van die beleid van rasseskeiding laat vaar het, het die NGK nie die standpunt gehuldig dat apartheidsbeleid strydig met die wil van God is nie. Hierdie standpunt het veroorsaak dat die NGK grootliks geïsoleerd geraak het. Die NGK se invloed het dus getaan, ook onder blanke Afrikaners wat met die kerk ontnugter geraak het, alhoewel daar steeds 'n belangrike invloed op blanke Afrikaners uitgeoefen is deur die Kerk. Die NGK het grootliks die druk van die internasionale gemeenskap sowel as van ander kerke binne Suid-Afrika geïgnoreer. Die WRK het nooit weer soortgelyke suksesse soos dié van die Cottesloeberaad bereik nie. Die SARK het 'n belangrike rol by bewusmaking gespeel, maar die familie van NG-kerke, spesifiek die NGSK, was die suksesvolste om die NGK te beïnvloed om die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid te laat vaar.

Die soeke na een enkele kerkverband bly egter steeds slegs 'n ideaal. 'n Komplekse netwerk van uitdagings het die proses van kerkhereniging in die wiele gery. Die grootste hiervan is waarskynlik die ontstaan van die Belhar-belydenis wat die hele geskiedenis van die NGK en die rol wat dié kerk in die ontstaan en instandhouding van die apartheidsbeleid gespeel het, benadruk. Ten spyte van die onvermoë van die NG-kerkfamilie om te integreer bly die strewe na 'n enkele kerk vir die NG-kerkfamilie inderdaad 'n belangrike besprekingspunt.

## HOOFSTUK 4

# ONTWIKKELINGE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA IN AANLOOP TOT DIE EINDE VAN DIE APARTHEIDSBELEID, 1980-1990

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGK) se worsteling met die veranderinge aan die apartheidsbeleid gedurende die 1980's in Suid-Afrika bespreek. Dit word gedoen deur 'n ondersoek te doen na die verslapping van sekere apartheidswette en die totstandkoming van die Driekamer Parlement. Waar blanke Afrikaners gedurende die 1960's en 1970's grootliks verenig was in hulle strewe om die apartheidsbeleid te laat slaag, was die 1980's gekenmerk aan 'n groter fragmentasie onder blanke Afrikaners ten opsigte van politieke oorwegings.

Soos reeds aangedui, het die regering gedurende die 1980's ook internasionaal onder geweldige druk verkeer. Nasionaal sou daar ook verskeie prosesse plaasvind wat verdere druk en spanning sou meebring. Die totstandkoming van die Konserwatiewe Party (KP) was die grootste skeur in blanke Afrikaner-eenheid sedert die bewindsoorname van die Nasionale Party (NP) in 1948. Hierdie ontwikkelinge sou ook op die NGK inwerk. Met die veranderinge wat in die land op politieke gebied aan die gang was, het vrae ontstaan rondom die ondersteuning wat die NGK aan die regering gebied het deur middel van die teologiese regverdiging van apartheid. Stemme het opgegaan dat die NGK se 1974-dokument insake rasseverhoudinge in Suid-Afrika herroep moes word. Daar word in hierdie hoofstuk gefokus op dié gebeure, asook op verskeie rolspelers wat direk of indirek by die debat in die NGK betrokke was. Daar word ook gefokus op rolspelers wat die proses probeer teëwerk het.

Die NGK was teen die 1980's vasgevang in die unieke situasie dat ongeag die koers wat dit sou inslaan, die eindresultaat onafwendbaar onsamehorigheid en onenigheid sou wees. Daar word hier in oënskou geneem hoe die NGK in hierdie tyd daarin kon slaag

om soveel as moontlik toe te gee aan die druk op die Kerk as gevolg van politieke veranderinge in die land sonder om die oorgrote meerderheid van sy lidmate te verloor.

## 2. 'AANPAS OF STERF': DIE NASIONALE PARTY ONDER LEIDING VAN P.W. BOTHA EN DIE STRYD OM POLITIEKE OORLEWING

Voordat die NGK se rol binne die politieke arena verder ondersoek word, is dit belangrik om 'n breë algemene indruk van Suid-Afrika se politieke stand gedurende die 1980's te verkry. Die beleid van 'aanpas of sterf' was een van die sleutelmaniere waarop die NP-beheerde regering onder president P.W. Botha effektief daarin kon slaag om die volskaalse beëindiging van die apartheidsbeleid uit te stel en sodoende mag te behou. Met die slagspreuk 'aanpas of sterf' is die dualistiese benadering van die NP goed verwoord. Vir die Afrikaners om staande te bly in Suid-Afrika, is daar geargumenteer dat blanke dominansie nie onderhandelbaar is nie, maar dat die *status quo* ook nie kon voortgaan nie. In effek het dit beteken dat apartheid as politieke model sou kon voortbestaan mits 'sigbare' veranderinge aan die sisteem aangebring word – veranderinge wat uiteindelik tot 'n gewigtige skeur in Afrikanereenheid sou lei.[1] Daar is dus verkondig dat die apartheidsbeleid, en by implikasie dus blanke dominansie in Suid-Afrika, kon voortbestaan indien sekere sleutelveranderinge aan die manier hoe dit in daardie stadium toegepas is, aangebring word.

Met die aanvang van Botha se termyn as eerste minister van Suid-Afrika in 1978 het die politieke situasie in Suider-Afrika egter al heelwat anders daar uitgesien as wat meeste van sy voorgangers ooit sou kon voorspel. Die onafhanklikheidswording van Angola en Mosambiek in 1975 het 'n nuwe era ingelui vir Suid-Afrika. Blanke beheer in dié twee state, asook in Zimbabwe (voorheen bekend as Rhodesië tot en met onafhanklikheidswording in 1980), het die politieke mag van die NP aangehelp omdat dit verseker het dat geen regionale druk op die NP in die vorm van sanksies en politieke steun aan die vryheidsbewegings[2] van Suid-Afrika verskaf was nie. Suid-Afrika se

---

[1] G. Arnold, *Africa. A modern history*, pp. 724-730.

[2] Suid-Afrika se vryheidstryd het grootliks bestaan uit die aktiwiteite van die African National Congress (ANC) en die Pan-Africanist Congress (PAC) wat beide deur die NP-regering in 1960 verban is. Gedurende die 1980's was die United Democratic Front (UDF) as 'n frontorganisasie van die ANC op die voorgrond in die vryheidstryd.

buitelandse beleid gedurende die tyd het dus dramaties verander. Botha se visie vir Suid-Afrika as 'n belangrike pion in die wêreldwye stryd tussen kapitalisme en kommunisme het toenemend in die regering se politieke diskoers met die mense van Suid-Afrika, asook met die res van die wêreld, begin figureer.[3] In die proses was enige teenstanders van enige beleid van die regering dikwels onnodig as kommuniste afgemaak waarteen in belang van staatsekuriteit gewaak moes word.

Terwyl staatsekuriteit toenemend 'n belangrike rol begin speel het, het die regering egter ook begin om die apartheidsbeleid stelselmatig te hervorm. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die hervorming nie plaasgevind het met die oog op die uiteindelike beëindiging van die apartheidsbeleid nie, maar eerder met die oog op die behoud daarvan. In 1979 het die regering byvoorbeeld veranderinge aan arbeidswette aangebring na afloop van die aanbevelings van 'n kommissie onder leiding van prof. N. Wiehahn. Die wetgewing wat uiteindelik deur die parlement goedgekeur is, het werksreservering tot 'n einde gebring. Dit het ook voorsiening gemaak vir vakbonde om te kon registreer en sodoende wetlike legitimiteit aan vakbonde te verskaf, hoewel dié toegewing nie deur alle rolspelers verwelkom is nie.[4]

Die regering het verskeie wette herroep op aanbeveling van kommissies wat in die lewe geroep is. Dit het geskied as deel van president P.W. Botha se Twaalf Punt Plan. Die herroeping van hierdie wette het Suid-Afrika onherroeplik op die koers van verandering geplaas. Die idee daaragter was vir die regering om ontslae te raak van wette wat as 'onnodig' beskryf is. Daar is ook groter klem op die ekonomiese interafhanklikheid van blank en nie-blank in Suid-Afrika gelê – 'n realiteit wat vir baie dekades in Suid-Afrika nie na wense deur politici benadruk is nie.[5]

Twee belangrike wette wat byvoorbeeld deur die regering herroep is, was die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike. President Botha het reeds in 1979 aangedui dat daar volgens sy wete geen Bybelse gronde vir dié twee wette bestaan nie, hoewel seksuele verhoudinge in die verband volgens hom 'onwenslik' is. Die twee wette het dikwels bekende Suid-Afrikaners in die sop met die owerhede laat beland. Die manier waarop

---

3 W. Beinart, *Twentieth-Century South Africa*, pp. 215-227.
4 L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 224-225.
5 C. Alden, *Apartheid's last stand. The rise and fall of the South African security state*, p. 122.

Suid-Afrika se regering in die natuurlike ontwikkeling van gemeenskappe ingegryp het, het die land se beeld skade berokken en die twee wette is uiteindelik in 1985 deur die regering herroep.[6]

Die regering het in 1986 wetgewing deurgevoer wat 'n einde aan toestromingsbeheer gebring het. Dit was die einde van 'n lang geskiedenis van die ontkenning van swart Suid-Afrikaners se identiteit. Dit het ook finaal 'n einde gebring aan die beperkinge wat op die beweging van swart Suid-Afrikaners geplaas is.[7] Hierdie ontwikkeling was in eie reg 'n bewys dat die tuislande wat deur die regering ontwikkel is, misluk het en nie ekonomies lewensvatbaar is nie.

Alhoewel die regering dus belangrike eienskappe van die apartheidsbeleid laat vaar het, was die belangrikste gevolg van die apartheidsbeleid, naamlik blanke dominansie, steeds aan die orde van die dag. Die regering se hervormings het egter ontevredenheid onder regse Afrikaners laat groei, terwyl 'verligte' Afrikaners dit as noodsaaklike ontwikkelinge beskou het vir die behoud van Afrikanermag. Vanweë die onstabiele aard van politiek, was dit makliker vir die regering om aanpassings te maak as vir byvoorbeeld die NGK. 'n Nuwe leier kon slegs gedeeltelik verantwoordelik gehou word vir die beleid van sy of haar voorganger en nuwe beleidsrigtings is 'n algemene verskynsel in meeste politieke dispensasies. In die NGK was die proses van verandering baie stadiger, maar die politieke prosesse wat in die land aan die gang was het, blanke Afrikaners verdeel. Die groot katalisator vir die uiteindelike skeuring was die ontstaan van die Driekamer Parlement.

Gedurende die 1980's het die rol van Kleurlinge[8] en Indiërs in Suid-Afrika se politieke dispensasie 'n kritieke stadium bereik. Nagenoeg 2,4 miljoen Kleurlinge en 700 000 Indiërs was teen 1976 in die Republiek woonagtig, met geen stem in die politieke

---

6 D. Welsh, *The rise and fall of apartheid*, pp. 215-216.

7 *Ibid.*

8 Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika was 'n besondere uitdaging vir die apartheidsregering. Hoewel hierdie groep mense tot 'n ander ras as die blankes behoort het, bestaan daar verskeie gemeenskaplike kulturele eienskappe tussen Kleurlinge en blankes. Hulle praat byvoorbeeld gemeenskaplike tale en groot gedeeltes van die Kleurlingbevolking beoefen ook die Christelike geloof. In sekere streke is Kleurlinge en blanke Afrikaners se lewens op so 'n besonderse wyse verweef dat families oor geslagte heen dieselfde geskiedenis meegemaak het. Goeie voorbeelde van dié verskynsel is byvoorbeeld te vind in J.C. Steyn, *Die 100 jaar van M.E.R.*, Kaapstad, 2004; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met L. Pieters*, Bloemfontein, 08.07.2010.

sisteem nie. In 1977 is die plan om 'n nuwe grondwet die lig te laat sien deur die NP goedgekeur. Die Grondwet, wat in 1983 in werking getree het, sou een regering vir die hele Suid-Afrikaanse bevolking wat deur die staat erken is, naamlik blankes, Kleurlinge en Indiërs, daarstel. Vir elke vier wit verteenwoordigers in die parlement sou daar twee Kleurlinge en een Indiër wees, dus 178 blankes, 85 Kleurlinge en 45 Indiërs. Elke ras se verteenwoordigers sou ook oor 'eie sake' beleid kon formuleer, 'n eie kabinet saamstel en oor 'n eie begroting beskik.[9]

Die rol van P.W. Botha in hierdie ontwikkelinge kan nie onderskat word nie. Hoewel die totstandkoming van die nuwe grondwet slegs 'n hervorming van die apartheidsbeleid was, het die nuwe grondwet simbolies van die mislukking van die apartheidsbeleid geword. Die Transvaalse leier van die NP, dr. Andries Treurnicht, was die belangrikste stem wat die 'verkrampte' NP-kiesers in die parlement verteenwoordig het en wat die totstandkoming van die Driekamer Parlement geopponeer het. Vir Botha en sý volgelinge was die nuwe grondwet 'n belangrike prioriteit, maar die voormalige eerste minister, adv. B.J. Vorster, het in 'n ongewone stap in 'n verklaring sy steun aan dr. Treurnicht geopenbaar. Die finale breuk het op 20 Maart 1982 gevolg toe die Konserwatiewe Party (KP) in Pretoria onder leiding van dr. Treurnicht gestig is.[10]

## 3. GROOT- EN KLEIN-APARTHEID: DIE VERREIKENDE IMPLIKASIES VAN LANDSBESTUUR VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID

In die proses om die NGK se omgang met kwessies van rasseskeiding, diskriminasie en die apartheidsbeleid gedurende die 1980's te interpreteer, is dit belangrik om daarop te let dat die apartheidsbeleid soos wat dit gedurende die 1980's in Suid-Afrika toegepas is, verskil van hoe dit onder Verwoerd toegepas is. Op sy beurt is Verwoerdiaanse apartheid ideologies ook vêr verwyder van die apartheidsbeleid soos wat dit onder dr. D.F. Malan daar uitgesien het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die vorm van apartheid wat die NGK gedurende die 1930's en 1940's bepleit het, hoewel dit sommige

---

9 H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, pp. 557-559; B.J. Liebenberg, "Apartheid at the crossroads" in B.J. Liebenberg en S.B. Spies (reds.), *South Africa in the twentieth century*, pp. 472-479.

10 *Ibid.*

ideologiese ooreenkomste getoon het, tog verskil het in die manier waarop dit toegepas was en gevolglik ook die eindresultaat daarvan.[11]

Gedurende die 1950's, onder D.F. Malan en J.G. Strijdom, was die beleid van tuislande nog nie ontwikkel nie. Alhoewel 'n reeks wette wat veral sosiale kontak tussen blank en nie-blank reguleer in die tyd ontstaan het, was die burgerskap van nie-blankes nie in gedrang nie. Apartheid is toegepas hoofsaaklik met die oog daarop om rasse te skei, nie om die nasionale identiteit van veral swart Suid-Afrikaners, soos wat mettertyd die geval sou wees, te beëindig nie.[12] Hierdie vorm van apartheid staan as klein-apartheid bekend.

Hierdie toedrag van sake het egter verander met die verkiesing van dr. H.F. Verwoerd as leier van die NP. Onder sy leierskap is die tuislandstelsel ontwikkel. Verwoerd het baie vertroue met sy akademiese agtergrond en sy beredenerende benadering tot staatskunde ingeboesem. Onder groot getalle nasionaliste het Verwoerd se beleid 'n 'revolusie' veroorsaak. Dit is gesien as 'n belangrike ontwikkeling op die spoor van apartheid soos dit sedert 1948 sy ontstaan gekry het. Die tuislandstelsel is gesien en bedoel as 'n finale oplossing vir die kwessie van rassespanning in Suid-Afrika. Deur die ontstaan van tuislande sou Suid-Afrika in 'n land verander wat slegs uit blankes bestaan. Die regering het ook 'n nuwe retoriek aan Suid-Afrikaners verkoop. Onder Verwoerd het politici diegene wat die regering se beleid as 'rassisties' afgemaak het, uitgedaag om "te noem waar 'n politieke leier in onlangse tye gesê het dat swart mense 'n minderwaardige ras vorm of mindere skepsels van God is".[13]

Die sukses van die apartheidsbeleid, veral gedurende die era van Verwoerd, kan daaraan toegeskryf word dat die apartheidsbeleid, ten spyte van die ongelykhede wat dit in die samelewing geskep het, buitengewoon 'goed' gewerk het. Werksgeleenthede was volop en die ekonomie het 'n buitengewone groeikoers getoon. Die regering het grootliks daarin geslaag om politieke onstabiliteit tot 'n einde te bring. Die eksperiment van tuislande was egter van meet af aan gedoem. Alhoewel dit voorgekom het of daar onder

---

11 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met L. Pieters*, Bloemfontein, 08.07.2010.
12 H.B. Tohm, *D.F. Malan*, pp. 249-271.
13 Giliomee, p. 471.

Verwoerd geen afwykings aan die oorspronklike beleid geduld sou word nie, was dit toenemend duidelik dat die situasie onvolhoubaar was.[14]

Verwoerd se ferm leierskap was voordelig vir Afrikanernasionalisme. Die NP sou egter na die sluipmoord op Verwoerd nooit weer dieselfde wees nie. Die party het na die moord in die bestek van 14 jaar twee keer geskeur, beide kere na regs op die politieke spektrum met die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP) in 1969 en die KP in 1982. Gedurende die 1980's was die NP se beleid van politieke magsvertoon aan die een kant en toegewings om die apartheidsbeleid te verslap aan die ander kant bloot 'n vorm van krisisbestuur met die oog daarop om mag te behou. Gedurende die tydperk 1984-1987 het die regering byvoorbeeld deur noodtoestande gepoog om die apartheidsbeleid te laat slaag. Hierdie noodtoestande was dramatiese voorbeelde van hoe die regering se beleid gefaal het. Anders as onder Verwoerd en sy voorgangers, was geweld nou 'n alledaagse verskynsel en die regering kon, ten spyte van spesiale maatreëls, die spoor van geweld nie werklik beheer nie.[15]

Dit was in blank Suid-Afrika vir die man op straat maklik om hierdie tendense te ignoreer. Rasseskeiding was vir baie Suid-Afrikaners 'n natuurlike historiese gegewe in die land, wat nie uitgedaag word nie. Hoewel dit duidelik geword het dat die politieke stelsel in verskeie opsigte misluk het, kon leierskap, veral in 'n instelling soos die NGK, daarop wys dat dit nie die kerk se taak is om by landsake betrokke te raak nie, maar dat die kerk se hooftaak die 'geestelike' bediening van mense is. Dit was ironies gesien in die lig van die NGK se betrokkenheid gedurende die 1930's en 1940's by landsake. Tog was daar ook onder lidmate sowél as teoloë binne die NGK uitsonderings sodat 'n veralgemene stelling in hierdie verband nie waarlik water kan dra nie. Diegene wat egter wel hervorming teengestaan het, was dikwels in denke van die vroeëre suksesse van die apartheidsbeleid vasgevang, veral soos dit onder dr. Verwoerd uitgesien het. Teen die 1980's was apartheid, soos wat Suid-Afrikaners dit leer ken het, geensins meer die beleid wat dit gedurende die 1960's was nie, veral nie in die praktyk nie.

---

14 *Ibid.*, pp. 492-494.

15 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Die nasionale noodtoestand*, uitgegee deur die Buro vir Inligting, Johannesburg, Junie 1987.

Gedurende die 1980's was die NGK, net soos Suid-Afrika in geheel, in vele opsigte in 'n oorgangsfase. Dit was stelselmatig besig om minder gelyklopend met die regering te word. Teen die 1980's was dit nie meer so duidelik of die NGK die 'NP in gebed' is nie, soos wat dit veral gedurende die 1930's tot 1970's die geval was. Kritiese denke aangaande die Kerk se rol in landsake, veral histories, het begin posvat.[16] Terwyl die hoop bestaan het dat die Kerk as 'n agent vir verandering in sommige kringe sou dien, het die NGK egter in vele opsigte ook 'n behoudende funksie vervul wat nie spoedig sou verander nie.

Die politieke fragmentasie van die NP en die totstandkoming van die KP onder dr. Treurnicht het hierin 'n belangrike rol gespeel. Na afloop van die 1982-skeuring van die NP het die redakteur van die *Kerkbode*, Tappies Möller, op 3 Maart 1982 gewaarsku dat die politieke verdeeldheid ook na die Afrikaanse kerke sou oorspoel. Hy het gemeen dat "die gesindhede en verskilpunte wat tussen politieke opponente ontstaan, in mindere of meerdere mate ook die kerklike lewe ingedra word ... Dit kan daarop uitloop dat selfs kerkraadsverkiesings later langs politieke lyne verloop".[17]

Ook die Breë Moderatuur van die NGK se Algemene Sinode (AS) het lidmate gemaan om verdraagsaamheid en liefde teenoor politieke opponente te betoon.[18] Polities was die tafel gedek vir 'n magstryd onder blanke Afrikaners soos daar in baie dekades tevore nie was nie. In die proses het die NGK ook 'n speelveld geword vir politieke aspirasies. Te midde van die politieke verdeeldheid onder blanke Afrikaners het die NGK se leierskap voor een van die grootste toetse tot in daardie stadium te staan gekom en wat die voortbestaan van dié kerk in 'n groot mate sou bepaal.

Die 1982-skeuring word tereg as lotsbepalend beskou vir die NGK. Dit het die verbreking van die noue band tussen die NP en die NGK tot 'n einde gebring. Vanweë die verdeeldheid van die NGK se lidmate sou 'n direkte konfrontasie tussen die NGK en die regering voortaan 'n ernstige bedreiging inhou. In die praktyk het dit beteken dat die NGK tot 'n gematigde instelling gereduseer is. Hoewel dit mettertyd versigtig kritiese

---

16 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

17 A. Ries en E. Dommisse, *Broedertwis. Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party*, p. 156.

18 *Ibid.*

uitsprake teen die regering se beleid gemaak het, was die NGK gedurende die 1980's grotendeels 'n stagnante Afrikaner-instelling.[19]

## 4. DIE MISLUKKING VAN DIE BELEID VAN 'AANPAS OF STERF'

Alhoewel die regering deur middel van aanpassings aan die apartheidsbeleid gepoog het om Suid-Afrika polities meer stabiel te maak, asook om die beeld van die land plaaslik en internasionaal te verbeter, het die situasie teen 1984 drasties agteruit gegaan en was die apartheidsbeleid ál meer uit verskillende fronte onder skoot. Teen 1984 het geweld wydverspreid in informele nedersettings voorgekom. Die regering het desperaat gepoog om die geweld onder beheer te kry. Botsings tussen ondersteuners van die Inkatha Vryheidsparty (IVP) en die United Democratic Front (UDF) het ál meer dikwels voorgekom. Swart polisiemanne is veral geteiken deur die anti-apartheidsaktiviste wat dit ten doel gehad het om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.[20]

Die regering se strategie van *divide et impera* (verdeel en heers) was besig om te misluk. Meer as ooit tevore het mense van uiteenlopende kulturele agtergronde teen die apartheidsbeleid saamgespan. Tussen 1984 en 1986 het meer as 3 000 burgers in konflikte gesterf, met nagenoeg 30 000 polisie-aanhoudings wat uit die politieke aktivisme gespruit het. Die geweld het ook die infrastruktuur van die land skade laat lei en die ekonomie 'n knou gegee. Polities-gelaaide begrafnisse van gestorwe anti-apartheidsaktiviste het gereeld die emosies laat opvlam en veroorsaak dat Suid-Afrika opslae in die buitelandse media gemaak het.[21]

Terwyl die NGK en die NP-regering gewikkel was in 'n oorlewingstryd, was dit vir verskeie waarnemers duidelik dat verdere aanpassings aan die apartheidsbeleid noodsaaklik was, omdat die Driekamer Parlement en die grondwet nie die gewenste resultate gelewer het nie. Dit het al meer duidelik geword dat onderhandelinge op die lang duur die enigste moontlike en haalbare alternatief geword het. Waar die meeste kerke in Suid-Afrika egter die regering vooruit was, het die NGK steeds geworstel met die

19 T. Kupersus, *State, civil society and apartheid in South Africa: An examination of Dutch Reformed Church-State relations*, pp. 132-133.
20 R.G. Crawford, *Journey into apartheid*, pp. 69-71.
21 Arnold, pp. 730-731.

veranderinge wat reeds aan die apartheidsbeleid aangebring is. Die regering was egter in so 'n mate in 'n oorlewingstryd gewikkel dat die belange van blanke Afrikaners sekondêr geword het. Die oorlewing van die regering deur middel van politieke hervorming en gewelddadige onderdrukking was die primêre oorweging. Die regering het egter gedurende die 1980's volhard met die beleid dat swart Suid-Afrikaners nie deel mag vorm van die parlement nie. President Botha het hardnekkig bly klou aan mag in sy oortuiging dat Suid-Afrika 'n belangrike pion in die stryd tussen kommunisme en kapitalisme was. Jare na sy laaste termyn as president het hy steeds volgehou dat "In the eighties the onslaught against South Africa was bigger than before. It was an onslaught that manifested itself in South Africa, in Angola, in the fall of the Portuguese regions and was inflamed by international powers".[22]

In Augustus 1985 het die minister van buitelandse sake, Pik Botha, die hoop laat opvlam dat die regering moontlik die apartheidsbeleid gaan laat vaar met sy uitsprake dat president Botha moontlik nuwe hervormings in sy komende toespraak op 15 Augustus gaan aankondig. Suid-Afrika was in daardie stadium polities só onstabiel, dat 'n aankondiging dat die regering 'n einde aan die apartheidsbeleid gaan maak waarskynlik minder verrassend sou gewees as op 2 Februarie 1990 toe so 'n aankondiging uiteindelik wél gemaak is. Die geweld in Suid-Afrika het só 'n stap geregverdig en die media het in daardie stadium wild gespekuleer oor die president se komende toespraak. In die proses het die verwagtinge van miljoene mense, ook in die buiteland, opgevlam, maar Botha sou uiteindelik met sy Rubicon-toespraak teleurstelling meebring vir baie van die hoopvolle aanhoorders.[23]

Die spekulasies rondom die aankondigings wat Botha tydens sy toespraak sou maak, was buitensporig. Dit het boonop die president ontstel dat dié gerugte die ronde doen. Die regering het wel beplan om sekere aankondigings aangaande burgerskap van swart Suid-Afrikaners te maak, sowel as die noodsaaklikheid van konstitusionele aanpassings met

---

[22] J-A. Stemmet, "Botha's Babylon and the big brawl: Reflections on the way that the regime of P.W Botha viewed the international anti-apartheid campaign" in *Journal for Contemporary History*, 30(3), Desember 2005, p. 17.

[23] B.J. Liebenberg, "Towards the end of apartheid" in Liebenberg en Spies (reds.), pp. 509-510.

die oog op die akkommodasie van swart Suid-Afrikaners, maar die regering het inderwaarheid nooit beplan om die apartheidsbeleid totaal te laat vaar nie.[24]

Op 15 Augustus het president Botha in Durban, danksy die krag van televisie, sy toespraak ten aanskoue van 'n geraamde 300 000 000 mense gelewer - 'n verstommende getal waarnemers. Botha was op die kruin van sy politieke mag, maar oornag het hy in die harte van baie mense verander van 'n ongewilde man na 'n gehate man, veral internasionaal. Botha het by dié geleentheid verklaar dat Suid-Afrika se probleme deur Suid-Afrikaners opgelos sou word. In sy toespraak het hy uitdagend voorgekom. Vir diegene wat na drastiese aanpassings uitgesien het, was dit 'n bittere teleurstelling.[25]

President Botha se toespraak het nie gehelp om die situasie in Suid-Afrika te ontlont nie. Dit was eerder 'n geval van vet op die vuur. Alhoewel vertroue in die NP om die apartheidsvraagstuk op te los die party van 'n oorwinning by die stembus tydens die algemene verkiesing van 1987 verseker het, was beroeringe in die party aan die orde van die dag. In 1986 het F. Van Zyl Slabbert, leier van die Progressiewe Federale Party (PFP) wat die amptelike opposisie in daardie stadium was, die parlement verlaat in 'n poging om die kredietwaardigheid van dié instelling te ondermyn.[26] Ten spyte van die hervorming wat president Botha onderneem het, het die parlement se relevansie in die politieke sake van Suid-Afrika 'n laagtepunt bereik. Te midde van kwynende getalle NP-ondersteuners het die KP uiteindelik in 1987 onder leiding van dr. Treurnicht die amptelike opposisie geword.[27]

Alhoewel die regering onder Botha dikwels gekritiseer is vir die stadige pas van hervorming, moet daar in ag geneem word dat Suid-Afrika reeds in 'n transisionele era was. Die rol van P.W. Botha in die totstandkoming van volslae demokrasie in Suid-Afrika is al deur uiteenlopende waarnemers opgemerk. Die Britse joernalis Simon Jenkins het in 1988 verklaar: "What [P.W.] Botha did was no mean feat – State of

---

[24] J-A. Stemmet en S.L. Barnard, "PW Botha's Rubicon speech of 15 August 1985: A river too wide and a bridge too far" in *Journal for Contemporary History*, 27(1), April 2002, pp. 119-135; Welsh, pp. 231-232; Giliomee, p. 569.

[25] Stemmet, pp. 27-28.

[26] T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, p. 438.

[27] Thompson, pp. 237-238.

Emergency or not. It demands every bit of pragmatism as a leader".[28] Hy het verder daarop gewys dat hoewel Suid-Afrika gedurende die 1980's baie gewelddadig was, die aantal lewensverliese grootliks beperk is. Boonop het daar ook in die tyd 'n noemenswaardige herverspreiding van rykdom in Suid-Afrika plaasgevind. Meer as ooit tevore het wit Suid-Afrikaners se welvaart na nie-blankes oorgespoel.[29] Daar sal waarskynlik altyd op 'n ambivalente wyse aan president Botha se termyn as leier van Suid-Afrika teruggedink word. Hierdie feit kan goed geïllustreer word deur 'n opmerking van president Jacob Zuma tydens sy Staat van die Nasie-toespraak op 11 Februarie 2010 toe hy verklaar het: "It was he [Botha] who initiated the discussion about the possible release of political prisoners".[30] Die 1980's was dus 'n belangrike voorspel waardeur Suid-Afrika moes worstel om tot by die punt te kom wat dit moontlik sou maak om die oorgang na volwaardige demokrasie te bewerkstellig. Vir die NGK was dié tydperk ewe belangrik in die voortbestaan van dié instelling.

## 5. OPPONERENDE GROEPERINGE IN DIE NGK

Teen die einde van die 1970's het die ideologie van beide die NGK en die NP-beheerde regering begin verander. Toenemende druk op Suid-Afrika om die rassevraagstuk op te los, het hiertoe aanleiding gegee. Volgens De Villiers het die eenvormigheid tussen die regering en die NGK gedurende die 1980's progressief afgeneem en teen die einde van die 1980's was dit wankelrig.[31] Hoewel dramaties was politieke fragmentasie onder Afrikaners gedurende die 1980's vergemaklik deur die feit dat regerings nie verantwoordelikheid hoef te neem vir die spirituele welvaart van die samelewing nie. Hulle kon dus nie gekonfronteer word met die behoud of beëindiging van beleidsrigtings wat in die verlede as die wil van God gepropageer is nie. In die NGK met sy geskiedenis van die teologiese regverdiging van apartheid was die proses van verandering meer pynvol.

---

28 H. Giliomee, "De Klerk toespraak het 'wêreld oornag verander'" in *Volksblad*, 02.02.2010, p. 2.
29 *Ibid.*
30 Times Live, "Jacob Zuma's State of the Nation speech – full text", <http://blogs.timeslive.co.za/hartley/2010/02/11/jacob-zumas-state-of-the-nation-speech-full-text>, 11.02.2010.
31 E. de Villiers, "The influence of the Dutch Reformed Church on public policy during the late 80's and 90's" in W. Weisse en C. Anthonissen (reds.), *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa*, pp. 223-234.

Ten spyte van die veranderinge in die NGK gedurende die 1980's, die skynbare skeiding tussen die regering en die NGK en veral die amptelike beëindiging van die teologiese regverdiging van apartheid deur dié kerk, kan daar ook geargumenteer word dat daar 'n sterk ooreenkoms tussen die beleidsrigtings van die NGK en die regering van die dag was. In dieselfde mate as wat die regering sommige toegewings gemaak het sonder om totaal beheer oor te gee, het die NGK sy posisie van teologiese ondersteuning vir die apartheidsbeleid laat vaar, maar wel met bepaalde kwalifikasies. Hoewel die NGK gedurende die 1980's dramatiese veranderinge ondergaan het, was die NGK in die geheel beskou stadig om te transformeer. Soos dikwels die geval in state waar ingrypende politieke veranderinge aan die orde van die dag is, het die teologiese en spirituele herinterpretasie van die NGK gevolg op die voetspore van die politieke herorganisasie, en nie andersom nie. Ten spyte hiervan was daar wel leiers binne die NGK wat die tyd vooruit was en vroeg reeds 'n kopskuif weg van die apartheidsbeleid gemaak het.

Volgens Kuperus was daar in die 1980's ten minste drie duidelike groeperinge binne die NGK, naamlik die 'verligtes', die liberales en die konserwatiewes. Liberale Afrikaners was gewoonlik nie nasionaliste nie. Binne die NP was daar sowel 'verligtes' as konserwatiewes, maar na afloop van die ontstaan van die KP het die NP aansienlike getalle konserwatiewe steun verloor. Die NGK was gedomineer deur verligte leiers wat veranderinge aan die apartheidsbeleid, soos dit deur die regering aangepas is, verwelkom het. Konserwatiewe leiers en lidmate binne die Kerk het hierdie veranderinge wantrou. Daar word geraam dat die konserwatiewe groepering in die NGK nie minder nie as 15% van die NGK se leierskap uitgemaak het en nooit meer as 30% nie. Dit was dus 'n gerekende magsblok binne die NGK wat noemenswaardige invloed op die Kerk kon uitoefen. Die konserwatiewe leierskap het die aanpassings in die apartheidsbeleid verwerp en hierdie verskynsel het ook daartoe bygedra dat daar 'n groter mate van vervreemding tussen die NGK en die regering ontstaan het.[32]

In verband met die getal liberale lidmate in die NGK gedurende dié tyd kan daar hoogstens gespekuleer word. Liberale Afrikaners was regdeur die geskiedenis van die Afrikaners 'n wesenlike realiteit. Dit was geensins ongewoon om liberale Afrikaners aan

---

[32] Kuperus, pp. 128-136.

te tref nie, maar as 'n reël was Afrikaners óf 'verkramptes' óf 'verligtes'. 'n Bekende liberale Afrikanerleier wat gedurende die 1980's pal in die politiek bedrywig was, was die PFP-leier Frederik van Zyl Slabbert wat gedurende sy jare as LP 'n kwetsende kritikus van die apartheidsbeleid was. Die NP was die oorgrote meerderheid van blanke Afrikaners se politieke tuiste, met 'n minderheid wat links op die politieke spektrum gelê en die PFP gesteun het, terwyl 'n ander minderheid wat regs van die NP geposisioneer was die HNP ondersteun het. Dit was eers met die stigting van die KP in 1982 wat die situasie wesenlik verander het. Onder die lidmate van die NGK was daar dus ongetwyfeld ook liberales wat waarskynlik ook verandering in die Kerk sou steun.

## 6. DIE NGK WORSTEL MET DIE APARTHEIDSBELEID

Die apartheidsbeleid soos wat dit sedert 1948 bestaan het toe dié beleid deur die NGK gesteun is, was teen 1980 iets van die verlede. Hierdie ontwikkeling het 'n ernstige bedreiging ingehou vir die eenheid binne die NGK. Dit het ook die outoriteit van die NGK benadeel. Dit was skielik noodsaaklik dat die NGK óók 'aanpas of sterf'. Die vraag was hoe kon die NGK aanpas sonder om dié kerk se lidmate te vervreem en 'n vertrouensbreuk te vermy. Dit was nie van meet af die plan om veranderinge aan te bring soos in die politieke debat nie, maar teen die middel van die 1980's het die NGK 'n kritieke stadium bereik wat dié kerk kon maak of breek.

In Oktober 1980 het agt lidmate[33] van die NGK, wat almal verbonde aan verskillende universiteite was, 'n verklaring uitgereik. Dié verklaring, bekend as die Hervormingsdag-Getuienis of Getuienis 1980, het die behoefte aan verandering in die NGK uitgespreek. Die Getuienis 1980 het verklaar dat die geïnstitusionaliseerde kerk nie daarin slaag om versoening in Suid-Afrika voort te bring nie. Dit het kerkeenheid bepleit en die hoop uitgespreek dat die NGK 'n belangrike rol sou speel in die proses om Suid-Afrika te 'hervorm'. Die Getuienis 1980 het beslis 'n nuwe era probeer bewerkstellig en die

---

[33] Dié betrokke lidmate was J.A. Heyns, W.D. Jonker, B.A. Müller, C.F.A. Borchardt, H.J.B. Combrink, H.W. Russouw, W.P. Esterhuyse en A.B. du Toit. H.H. Williams, *J.A. Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2006), p. 167.

verklaring het die debat aangaande hervorming oopgegooi, met hewige teenkanting sowel as lof vir die verklaring hoofsaaklik vanuit die NGK se eie geledere.[34]

Die Getuienis 1980-verklaring het nie die teologiese regverdiging van apartheid gekritiseer nie. Dit was dus nie 'n teologiese dokument nie, maar 'n besinning rakende die praktiese uitvoerbaarheid van die apartheidsbeleid en die rol van die NGK in die hantering van konflik in Suid-Afrika.[35] Dit is juis om hierdie rede dat die verklaring soveel kritiek uitgelok het. Hoewel dit nie as 'n revolusionêre gebeurtenis beskryf kan word nie, is die verklaring wel belangrik omdat die reaksie daarop 'n aanduiding kan wees van die onenigheid in die NGK in daardie stadium. Volgens een van die ondertekenaars, Johan Heyns, wat later 'n prominente rol in die hervorming van die NGK se teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid gespeel het, was die Getuienis 1980 'n deurslaggewende faktor in die uiteindelike aanpassing van die NGK se beleid aangaande rasseaangeleenthede.[36]

'n Veel meer ernstige uitdaging van die apartheidsbeleid, asook die NGK se teologiese regverdiging daarvan, is die publikasie van 'n boek in 1981 getiteld *Storm-kompas. Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. In die boek is daar onder meer kritiek teenoor die Afrikaner-Broederbond (AB) uitgespreek. Dit het in daardie stadium al duideliker geword dat die NGK dikwels deur die AB beïnvloed word met die oog op nie-godsdienstige doeleindes en dat die NGK, met sy ongeveer 750 predikante wat lid van die AB was, 'n bepaalde lyn van ontwikkeling gevolg het wat nie afhanklik van Afrikanernasionalisme gestaan het nie.[37]

In teenstelling met die Getuienis 1980 was die publikasie van *Storm-kompas* 'n meer gewigtige gebeurtenis. Dit het die teologie agter apartheid bevraagteken en was

---

34 *Ibid.*, pp. 167-171.

35 A.J. Botha, *Die evolusie van 'n volksteologie. 'n Historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk met besonderse verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984), p. 538.

36 Williams, pp. 167-171.

37 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van die Ned. Geref. Kerk se reis met apartheid, 1960-1994: 'n getuienis en 'n belydenis*, pp. 31-32; R. de Saintonge, *Outside the gate. A biography of Nico Smith*, pp. 133-141.

omvattend en ook meer verteenwoordigend. *Storm-kompas*[38] bestaan uit artikels wat deur verskeie teoloë en leiers binne die NGK geskryf is, onder wie Nico Smith, Johan Heyns en F.E. O'B. Geldenhuys. Agter in die boek het 'n lys van 44 stellings verskyn wat die rol van die NGK 'in die huidige Suid-Afrikaanse konteks' belig. So lui stelling 34: "Die samelewingsisteem wat uit 'n gedwonge staatkundige beleid van skeiding van mense in die samelewing na vore kom, gee daartoe aanleiding dat die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas word. Omdat deur sodanige beleid één bevolkingsgroep in Suid-Afrika, naamlik die wittes, bevoorreg word, voldoen dit nie aan die evangeliese eis dat geregtigheid moet geskied nie. Vandaar dat die kerk hom nie met sodanige beleid kan vereenselwig nie en dit allermins teologies kan regverdig, motiveer of verdedig".[39]

Die outeurs het egter verder gegaan as die blote kritisering van die apartheidsbeleid. Stelling 36 het die NGK daarvan beskuldig dat dit "gefaal [het] om die Christelike boodskap konsekwent te verkondig ten opsigte van onder andere die kwetsende gevolge van die Groepsgebiedewet, grootskeepse verskuiwings van mense en die Bybels onverantwoorde Wet op Gemengde Huwelike".[40] Stelling 38 het die NGK gewaarsku dit moet "... sy lidmate voorberei op die feit dat die witman klaarblyklik nie onbepaald in Suid-Afrika alleen sal kan heers nie ..."[41]

Dit was duidelik dat daar onder verskeie leiers van die NGK 'n nuwe vlaag van bevraagtekening ten opsigte van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid posgevat het. Alhoewel die publikasie van die werk geensins die amptelike goedkeuring van die NGK geniet het nie, was dit vir die eerste keer duidelik dat daar blanke Afrikaner-teoloë is wat skynbaar met die heersende kultuur in die NGK ontevrede was. Dit het die hoop laat opvlam dat die NGK dalk besig is om te herbesin, maar hoewel dit die geval was, moes daar nog baie water onder deur die brug vloei. Engelse koerante soos die *Sunday Express* en die *Rand Daily Mail* het die publikasie van die boek verwelkom. Dit is veral die manier waarop die skrywers 'n oproep op blanke Afrikaners

---

38 *Storm-kompas* het 'n wye reeks van onderwerpe aangespreek, maar die klem het deurlopend geval op die politieke invloed van die NGK in Suid-Afrika. Sien N.J. Smith, *et al.*, (reds.), *Storm-kompas. Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*, Kaapstad, 1981.

39 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van ...*, p. 31.

40 *Ibid.*, pp. 31-32.

41 *Ibid.*, p. 32.

gedoen het om nie nét die apartheidsbeleid te verwerp nie, maar ook om dit te beveg, wat waarnemers uit verkeie oorde laat regop sit het. In reaksie op die publikasie het die voorsitter van die AB, Carel Boshoff, die beweringe aangaande die AB verwerp. Op 14 Desember, vyf weke ná die publikasie van die boek, het prof. Nico Smith na jare lange ontnugtering met die NGK by die kweekskool in Stellenbosch bedank om uiteindelik 'n gemeente in die swart woonbuurt Mamelodi te begin bedien.[42]

## 7. 'OMDAT ONS MEDEAANDADIG IS': DIE 'OPE BRIEF' VAN 1982

Na afloop van die publikasie van *Storm-kompas* het 'n volgende groot storm in die NGK losgebars wat finaal die onenigheid in dié kerk bevestig het. Dit was die publikasie van die 'Ope Brief' wat op 9 Junie 1982 op die voorblad van die *Kerkbode* verskyn het. Die 'Ope Brief' is opgestel in aanloop tot die sitting van die Algemene Sinode (AS) van die NGK in 1982. Hoewel die dokument aan die Moderatuur voorgelê is om 'n besprekingspunt ten tye van die AS te wees, is dit nie aanvaar nie waarna dit in die *Kerkbode* gepubliseer is.[43]

Wat die 'Ope Brief' so 'n belangrike gebeurtenis gemaak het, is die feit dat dit onderteken is deur 123 teoloë wat 'n ernstige beroep op die NGK gedoen het om oor die Kerk se benadering tot maatskaplike en sosiale geregtigheid te herbesin. Die groot getal ondertekenaars het aan die 'Ope Brief' 'n outoriteit verleen wat nie botweg geïgnoreer kon word nie. 'n Ander faktor was die tydsberekening. Sedert 1980 was die NGK ál meer onder skoot vanuit die Kerk se eie geledere. So was daar dr. F.E. O'B. Geldenhuys, een van die eertydse afgevaardigdes na die Cottesloe-beraad en dus 'n ondertekenaar van die veelbesproke Cottesloe-verklaring, wat na afloop van sy uittrede as hoof-uitvoerende amptenaar van die NGK kritiese geluide oor die NGK se rassebeleid gemaak het.[44] 'n Ander voorbeeld is die kongres wat in Januarie 1982 onder die titel 'Die kerk in die

---

42 De Saintonage, pp. 138-141.

43 A. Rosenfeld, "Structural unity of the Dutch Reformed Churches. The discourse in die *Kerkbode* as a reflection of the white DRC's role in the political transformation process in South Africa (1975-1989)" in Weisse en Anthonissen (reds.), pp. 156-157.

44 F.E. O'B. Geldenhuys vertel sy verhaal aangrypend in F.E. O'B. Geldenhuys, *In die stroomversnellings. Vyftig jaar in die NG Kerk*, Kaapstad, 1982.

tagtigerjare' plaasgevind het en waar die noodsaaklikheid van aanpassings in die NGK óók bespreek is.[45]

Die 'Ope Brief' het plaaslik sowel as internasionaal aandag getrek. Met betrekking tot die apartheidsbeleid het dié brief verklaar dat groepsgebiede, rasseklassifikasie en die verbod op gemengde huwelike Suid-Afrikaners van mekaar vervreem en 'nie skriftuurlik verdedig kan word nie'. Met die oog op die toekoms het die ondertekenaars verklaar dat daar aan 'n 'nuwe samelewingsbestel' gewerk moes word wat alle mense betrek wat lojaal aan Suid-Afrika is en dié land as hulle vaderland beskou.[46] Die 'Ope Brief' het die kwessie van kerkeenheid benader deur 'n skulderkentenis aan God "omdat ons self ook die eenheid van die kerk van Christus nie voldoende uitleef nie en medeaandadig is aan baie van die maatskaplike wantoestande wat ons aangedui het".[47]

## 8. DIE ALGEMENE SINODE VAN 1982 EN DIE WES-KAAPSE SINODE VAN 1983

Te midde van groeiende druk op die NGK binne eie geledere sowel as van kritici buite die NGK het die Algemene Sinode (AS) van die NGK in Oktober 1982 vergader. 'Verligtes' binne die NGK het met afwagting uitgesien na dié sinode, want daar is gereken dat die NGK die kwessie van rasseskeiding in heroënskou sou neem. Die politieke eenheid van die blanke Afrikaners het vroeër dié jaar met die stigting van die KP formeel tot 'n einde gekom. Daar was dus alreeds in daardie stadium kritiese verskille in die wyse hoe verskillende Afrikaners na hulle toekoms gekyk het. Die AS het egter nie aan die verwagtinge van die 'verligtes' voldoen nie. Terwyl die regering dus die noodsaaklikheid van aanpassing besef het, het die NGK in 1982 nog nie formeel die eerste emosionele tree wég van die apartheidsbeleid geneem nie.[48] Die AS het wel

---

45 N. Slabbert, *Die houding en reaksie van die NGSK ten opsigte van sekere dokumente van die NGK rakende menseverhoudinge en rasse-aangeleenthede* (B.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1993), pp. 42-43; A. Lückhoff en W. Nicol, "Historiese perspektief op die Ope Brief" in D.J. Bosch, *et al.*, (reds.), *Perspektief op die Ope Brief*, pp. 24-25.

46 S.W. Albertyn *et al.*, "'n Ope Brief aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die volledige teks" in Bosch, *et al.*, (reds.), pp. 13-20.

47 *Ibid.*, p. 16.

48 W. Jonker, *Selfs die kerk kan verander*, pp. 161-166.

besluit dat "... Ras, Volk en Nasie (RVN) indringend in die lig van die Skrif hersien word vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode".[49]

'n Belangrike keerpunt in die geskiedenis van die NGK was die sinode van die Wes-Kaapse NGK in Oktober 1983. In aanloop tot die sinode het 'n predikant wat baie bekend was vir sy liberale sienswyses en sy kritiek teen die apartheidsbeleid, ds. Herbie Brand, 'n reeks radikale besprekingspunte ingestuur wat tydens die sinode bespreek sou moes word. Die mislukking van die regering se beleid was 'n vurige besprekingspunt. Hoewel daar gereken is dat die regering nie spoedig die stelsel in sy geheel sou afskaf nie, het die gevoel begin posvat dat die NGK 'n kritiese standpunt móés inneem.[50]

Tydens die sinode is 'n reeks besluite geneem wat strydig was met die manier hoe die NGK rasseaangeleenthede tot in daardie stadium benader het. Alhoewel die sinode nie die apartheidsbeleid as staatsvorm in sy geheel verwerp het nie, is die verband tussen die apartheidsbeleid en die bestaan van rassisme deur die sinode uitgesonder vir kritiek, omdat rassisme deur die Kerk as 'sonde' geklassifiseer is. Belangriker nog is die feit dat die sinode bevind het dat daar geen Bybelse of teologiese regverdiging vir die apartheidsbeleid kon bestaan nie. Dit was dus die eerste keer in meer as drie dekades dat 'n amptelike liggaam van die NGK tot so 'n gevolgtrekking gekom het.[51]

In verband met die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet het die sinode opnuut verklaar dat die Bybel nie enige verhoudinge oor die kleurgrens verbied nie. Dié besluit stem egter ooreen met die 1974-beleidstuk van die NGK *Ras Volk en Nasie*. 'n Nuwe ontwikkeling betreffende dié saak was die feit dat waar die NGK in die verlede seksuele verhoudinge oor die kleurgrens nie as strydig met die Bybel bevind het nie, dit wel gewaarsku het dat sulke verhoudinge ongewens is en die maatskaplike orde van die samelewing bedreig. By die Wes-Kaapse sinode van 1983 is egter bevind dat die Kerk

[49] NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Handelinge van die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Pretoria, 12–22 Oktober 1982*, p. 1182.

[50] B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

[51] A. Luckhoff, "Teoloë kap na regses. Sinode by diepkant in teen twee wette" in *Rapport*, 30.10.1983, p. 4; Anon, "Mixed Marriages, Immorality Acts denounced by Cape NGK. Church apartheid rejected with immediate effect" in *The Citizen*, 29.10.1983, p. 10; Anon "NG kerkgeboue is oop, sê sinode" in *Kerkbode*, 02.11.1983, p. 3.

nie bevoeg is om te oordeel oor die wenslikheid van seksuele verhoudinge tussen mense van verskillende rasse nie.[52]

Die belangrikste besluit wat die sinode egter geneem het, het betrekking op die kwessie van toegangsbeheer tot die NGK gehad. Waar die NGK in die verlede nie gesamentlike aanbidding toegelaat het nie, het die sinode aanbeveel dat nie-blankes voortaan onder geen omstandighede verhoed mag word om kerkdienste by te woon nie. Nie-blankes sou dus voortaan as gelykes beskou moes word en kon slegs op grond van geldige redes, wat ook op blankes van toepassing was, toegang tot eredienste geweier word. Die sinode het waarnemers herinner aan die besluite wat meer as twintig jaar tevore tydens die Cottesloe-beraad geneem is. Dit het die hoop laat opvlam dat die NGK nou 'n aktiewe rol in die beëindiging van die apartheidsbeleid sou begin speel, maar 'n bittere stryd wat die NGK se eenheid bedreig het, het in die jare wat sou volg die aandag van die NGK se leierskap opgeneem.[53]

Die effek van hierdie besluite op die regering en die NP was nie radikaal nie. Dit was in daardie stadium algemeen onder blanke Afrikaners om uiteenlopende menings aangaande die kwessie van ontug en gemengde huwelike te koester.[54] Die belangrikste gevolg van hierdie besluite wat geneem is, was dat dit konserwatiewe lidmate binne die NGK toenemend geïsoleer het. Opsigself was dit 'n belangrike ontwikkeling. Groot getalle lidmate van die Kerk was stagnant in hulle politieke beskouinge, terwyl die Afrikaners as geheel lank nie meer eenstemmig oor landsake gedink het nie.

## 9. LEIERS EN LIDMATE VAN DIE NGK WORSTEL MET LANDSBELEID OP INFORMELE GRONDSLAG

Gedurende die 1980's was die NGK waarlik nie meer 'die NP in gebed' nie, hoewel daardie benaming steeds lank aan die Kerk sou bly kleef. Die Afrikaner-Broederbond het steeds die saak van die NP bevorder en gevolglik dus minder ophef van eksklusief

52 Anon, "Diepe kommer oor koers van die NG Kerk" in *Die Afrikaner*, 09.11.1983, p. 8; Anon, "NGK and apartheid" in *Financial Mail*, 22.11.1983, p. 19.

53 W. Nicol, "Nuwe tekens van hoop in NG Kerk" in *Beeld*, 08.11.1983, p. 12; J. Froneman, "'n Waterskeidingsinode" in *Kerkbode*, 02.11.1983, p.1; T. Wiese, "NG besluit ''n wonderwerk'" in *Die Burger*, 24.11.1983, p. 27.

54 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

Afrikanerbelange gemaak, maar die NGK het 'n groter mate van onafhanklikheid bereik.[55] Die gevolg was dat groot getalle leiersfigure binne die NGK vir die eerste keer in dekades krities na Suid-Afrika en die apartheidsbeleid begin kyk het. Hierdie kritiese denke het gevolglik ook op sinodes en in die algemene uitsprake van leiers binne die NGK gestalte gekry.

Die NGK se amptelike beleid was egter teen die begin van die 1980's steeds een van rasseskeiding op grond van God se wil vir die mense van Suid-Afrika. Dit is eers in 1983 tydens die Wes-Kaapse sinode wat dit onder die algemene publiek se aandag begin kom het in hoe 'n mate teoloë binne die NGK se sieninge rondom die apartheidsbeleid reeds verander het. Daar het dus binne die NGK 'n situasie ontstaan waarvolgens die Kerk as amptelike liggaam nog 'n konserwatiewe standpunt gehandhaaf het, terwyl groot getalle leiers 'n 'verligte' en selfs kritiese standpunt jeens die apartheidsbeleid gehandhaaf het.[56]

Vanweë die NGK se amptelike stilswye aangaande die apartheidsregime se geïnstitusionaliseerde magsvergrype, is dit minder bekend in hoe 'n mate leiersfigure binne die NGK met die regering se beleid geworstel het. 'n Verskynsel wat veral in die stedelike gebiede van Suid-Afrika begin posvat het, is die ontstaan van informele besprekingsgroepe, ook bekend as gespreksgroepe. Een van die groot voorstanders van die informele besprekingsgroepe was prof. Nico Smith. In 'n brief (sien Bylae C) wat hy aan die ondertekenaars van die 'Ope Brief' gestuur het, moedig hy al die ondertekenaars van dié brief aan om "inisiatief te neem vir die sameroeping van 'n gespreksgroep óf om samewerking te verleen waar so 'n groep reeds gevorm is. As eerste taak vir die groepe is besluit dat die konsep-belydenis van die NG Sendingkerk bestudeer moet word ... Die gedagte is dat die verskillende groepe wat gevorm sal word, na bestudering van die belydenis, hulle kommentaar daarop aan dr. Johan Louw sal deurstuur".[57]

In die Wes-Kaap het so 'n informele besprekingsgroep reeds bestaan. Ten einde groter perspektief op die situasie in Suid-Afrika te verkry het teoloë ontwikkelinge op die gebied van landsake en die kerk se rol binne die ontwikkelinge bespreek. Daar was

---

55 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met C. Burger*, Stellenbosch, 19.08.2010.
56 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.
57 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, Januarie 1983" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

gewaak om nie 'n geheim van die besprekingsgroepe te maak nie, omdat dit sou herinner aan die geheimhouding van die AB. Sodoende het 'n belangrike platform ontstaan waarmee begrip vir en insig in die politieke situasie in Suid-Afrika bevorder is.[58]

Die besprekingsgroep wat in die Wes-Kaap bestaan het, het 'n sleutelrol gespeel in die gebeure wat uiteindelik uitgeloop het op die belangrike sinode van die Wes-Kaap van 1983, waar die NGK veral uitsprake rakende die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike gelewer het. In daardie geval het die informele besprekingsgroep wat bestaan het, 'n betekenisvolle platform vir dinkskrums oor dié bepaalde sake gebied. Die besprekingsgroep het daarna egter stoom verloor, maar het weer vanaf 1985 gereeld samesprekings gevoer.[59]

Die besprekingsgroepe het bestaan uit teoloë, sowel as gewone lidmate. Daar is getuig van 'n 'onrus' wat in die gemoedere van baie NGK-lidmate posgevat het en wat die besprekingsgroepe geregverdig het. Daar is gemaan om "seker te maak dat die doel van u groep 'n baie nederige en eerlike soeke is na wat die Woord vir ons in ons tyd sê, en dus gewillig te wees om biddend deeglike Bybelstudie te doen [en] praktiese maniere te soek om, binne die gemeentes waarin die lede van u groep woon, te getuig aangaande wat die Woord vir ons sê ... Ons kan alleen sien hoe ander mense ons sien deur met hulle oë na onsself te kyk. Daarom moet ons Christene van oorkant die verskillende kleurgrense leer ken".[60] Daar was dus 'n klem op die verbetering van rasseverhoudinge.

Deur die ontstaan van hierdie informele besprekingsgroepe is daar 'n platform vir interaksie geskep wat nie op daardie tydstip bestaan het nie. Daar is terselfdertyd gewigtige doelstellings gemaak. Op een so 'n samekoms ontstaan die vraag wat die eintlike doel agter die besprekingsgroep moet wees, "moet die groep hom toelê op die uitwerk van strategieë wat uiteindelik sal lei tot die neem van besluite op rings-, kerkraads- en sinode-vlak, of moet die aandag val op die besinning oor die rol van die NG Kerk in die problematiek van die Suid-Afrikaanse politieke en sosio-ekonomiese

58 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

59 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Informele Besprekingsgroep, 12 April 1985" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

60 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Informele Besprekingsgroepe" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

situasie. Na 'n bespreking word konsensus bereik dat beide doelstellings nagestreef moet word".[61]

Die besprekingsgroepe het uiteindelik, behalwe vir die feit dat dit 'n platform vir bespreking geskep het, verskeie ander funksies gehad. Dit het byvoorbeeld morele ondersteuning gebied aan politici van die NP wat apartheidswette tydens NP-kongresse gekritiseer het, soos die Groepsgebiedewet.[62] Daar is dus openlik gepoog om hervorming voor te staan en inisiatiewe wat daarmee verband hou aan te moedig om uiteindelik reg en geregtigheid aan te moedig.

In die proses is daar ook meegewerk om begrip tussen die NG-kerkfamilie te bevorder. Gedurende die 1980's het die kritiek van die NG-kerkfamilie, spesifiek dié van die NGSK, dikwels tot misverstande gelei, wat op sy beurt weer verhoudings versuur het. Daar is dikwels gepoog om van hierdie misverstande en die posisie van die sogenaamde 'dogterkerke' op te klaar.[63]

In 1987, toe 'n groot groep akademici, kunstenaars en politici samesprekings met leiers van die ANC in die stad Dakar in Senegal gevoer het, het die teoloë verbonde aan die besprekingsgroep in die Wes-Kaap hulle seën aan een van die afgevaardigdes, die teoloog ds. Theuns Eloff, toegesê.[64] Die Dakar-ekspedisie was vir baie Suid-Afrikaners 'n omstrede ontwikkeling, maar daar is verklaar dat "dit vandag in Suid-Afrika juis die Christene se taak is om vir vrede en geregtigheid te werk".[65]

'n Noemenswaardige kenmerk van die besprekingsgroepe was dat daar tydens die kontaksessies dikwels van gassprekers gebruik gemaak is. Die gasspreker was gewoonlik 'n prominente persoon in die Suid-Afrikaanse politiek. 'n Wye verskeidenheid van politieke leiers het aan daardie gesprekke deelgeneem, soos Frederik van Zyl Slabbert,

---

61 *Ibid.*

62 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, 4 Oktober 1985" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

63 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, 26 Julie 1985" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

64 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, 28 Augustus 1987" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

65 *Ibid.*

Wynand Malan en Mangosuthu Buthelezi.[66] Dit was 'n belangrike manier waarop insigte in die landsituasie van Suid-Afrika verkry is. 'n Element van intellektuele kruisbestuiwing was dus 'n belangrike motivering agter die informele gespreksgroepe. By uitstek was die vernaamste eienskap van hierdie informele gespreksgroepe die feit dat dit debat gestimuleer het. Die onderwerpe waaroor daar gedebatteer is, was uiteenlopend. Amptelike besluite en standpunte van die NGK was 'n gewilde onderwerp. Landswette wat strydig met die Bybel is, was 'n ander gewigtige onderwerp. Daar is ook geredeneer oor kwessies soos aanhouding sonder verhoor, die taak van die kerk in die wêreld en die beeld van die NGK onder Christene nasionaal sowel as internasionaal.[67]

Tydens sommige van die besprekings is toekomsprojeksies gemaak. Teen die middel 1980's was Suid-Afrika baie onstabiel. Daar was oor die algemeen 'n duister prentjie geskilder. Min mense het verwag dat die vryheidsbeweging ooit daarin sou kon slaag om die regering militêr omvêr te werp. Juis daarin het die bedreiging gelê vir die land – 'n eindelose en uitsiglose spiraal van konflik met die vryheidsbeweging wat toenemend effektief sou word. Die magteloosheid van die NG-lidmaat het juis daarin gelê dat die Kerk "geen beslissende rol gaan speel in die toekomstige politieke ontwikkeling in Suid-Afrika nie".[68]

Daar is geworstel met vrae soos 'wat is die rol van die NGK by die oplossing van die konflik?' in 'n poging om sin te maak van die politieke wanorde wat in die land geheers het. Een lid van die besprekingsgroep getuig by geleentheid "vroeër het ek gedink, was dit nodig om die NG Kerk tot ander insigte te bring, sodat die NG Kerk met die regering kon praat en so die regering tot ander insigte kon bring en die regering dan stappe kon doen wat die politieke situasie kon red. Dit, glo ek nou, is nie meer 'n realistiese moontlikheid nie".[69] Die wanhoop in daardie tyd onder Suid-Afrikaners, maar veral onder blanke Afrikaners, skemer besonder goed deur in hierdie verklaring.

---

66 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

67 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Informele Besprekingsgroep" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

68 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Informele Besprekingsgroep, 18 April 1986" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

69 *Ibid.*

Talle lidmate het vasgevang gevoel in 'n Kerk wat nie meer relevant in die wêreld is nie. Die beeld van die NGK vir buitestaanders was ook een van die belangrike besprekingspunte. Die NGK, so is daar uitgewys, het 'n selfgenoegsame beeld, met ander woorde dit skep die indruk van 'n gemeenskap wat 'ander nie nodig' het nie. Dit is 'n instelling wat geïsoleerd geraak het. Dit kan vanweë sy verbondenheid aan een kultuur nie waarlik uitreik en die Woord ten volle verkondig nie.[70]

Tydens een so 'n byeenkoms in die Wes-Kaap het die gasspreker, prof. Willie Jonker, 'n toespraak gehou met die titel 'Die geestelike toestand van die NG Kerk'. Tydens sy toespraak het hy verwys na die invloed wat die 'maatskaplike nood van die Afrikaner' op die NGK uitgeoefen het. In die proses het die NGK as 'n instelling, volgens Jonker, 'gefassineer' geraak met die lot van die blanke Afrikaners. Die uitdaging in dié kerk is om persepsies te verander omdat die "NG kerk 'n logge liggaam van mense saamdra wat nie geloofsekerheid het nie en wat nie weet wat dit beteken om vir die Koninkryk van God te leef nie".[71]

Met die noodtoestand in 1985 is 'n verklaring opgestel. Die moderamen van die Wes-Kaapse NGK het 'n verklaring[72] namens die Kerk uitgereik aangaande die noodtoestande, en in reaksie daarop was die verklaring geamendeer "aangesien hierdie besluit namens ons uitgereik is, maar dit nie ons diepste oortuigings vertolk nie".[73] In die 'nuwe' verklaring wat uitgereik is, skets die opstellers 'n Kerk wat verantwoordelikheid neem vir die situasie in die land en van voorneme is om 'n sleutelrol in die normalisering van rasseverhoudinge in Suid-Afrika te speel.[74]

'n Baie aktuele vraagstuk gedurende die 1980's, wat veral ook later van tyd 'n krisisvraagstuk in Suid-Afrika tydens die sittings van die Waarheids-en-Versoeningskommissie geword het, was die kwessie van die balans tussen versoening en geregtigheid. Die kerk het beide 'n profetiese rol in die samelewing, met ander woorde

---

70 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Informele Besprekingsgroep" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.
71 *Ibid.*
72 Die oorspronklike verklaring is op bladsy 10 van die *Kerkbode* van 21 Augustus 1985 gepubliseer.
73 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Verklaring van lidmate en predikante" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.
74 *Ibid.*

om ongeregtighede uit te wys, maar die kerk moet ook versoening verkondig. Versoening en geregtigheid is dus twee belange wat in konflik met mekaar is, omdat versoening nie ten koste van geregtigheid moet geskied nie.[75]

Tesame met die kerk se rol en taak in die land wat ook ten nouste met die kwessies van geregtigheid en versoening saamhang, is die oorhoofse visie wat Suid-Afrikaners vir en van die kerk het. Dit blyk dat daar twee algemene opvattings in die verband ontwikkel het. Die een opvatting, wat gedurende die apartheidsera grotendeels met die 'onderdrukkers' geassosieer is, is dat die kerk en godsdiens dit ten doel moet hê om bestaande waardes wat van een geslag na die volgende oorgedra word, moet bestendig. Die ander opvatting staan in skrille kontras hiermee en is gedurende die apartheidsera eerder met die 'onderdruktes' geassosieer, naamlik dat die kerk en godsdiens die *status quo* moet transendeer.[76]

Deur die totstandkoming van die informele besprekingsgroepe het lede van die NGK 'n platform geskep wat 'n gerekende funksie vervul het - 'n funksie wat eintlik veronderstel was om deur die NGK in sy amptelike strukture gevul behoort te gewees het. Desnieteenstaande weerlê die bestaan van hierdie informele besprekingsgroepe die mite dat al die NGK se lidmate en leiers die politieke situasie in Suid-Afrika totaal geïgnoreer het en nie die situasie in die lig van hul geloofsoortuigings beoordeel het nie.

## 10. DIE AFRIKANER-BROEDERBOND EN DIE NGK

Alhoewel die Afrikaner-Broederbond (AB) se rol en invloed op die NGK uiteenlopende menings tot gevolg het, kan hierdie instelling se ontwikkeling nie geïgnoreer word nie, omdat dit 'n goeie aanduiding gee van wat gedurende die 1980's polities met die blanke Afrikaners aan die gebeur was. Terwyl sommige beweer dat die AB weinig invloed op die NGK in die verlede uitgeoefen het,[77] is dit vandag algemene kennis dat die AB 'n invloed by teologiese kweekskole en die aanstellings van akademici gehad het.[78] Teen

75 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Nota, 10 Mei 1985" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

76 *Ibid.*

77 Sien byvoorbeeld A.C. Cloete, *Die Ned. Geref. Kerk en die Afrikaner-Broederbond* (M.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1981).

78 N. Smith, *Die Afrikaner-Broederbond. Belewinge van die binnekant*, pp. 137-164.

die 1980's was die AB egter, soortgelyk as die NP, gekenmerk aan 'n groter mate van 'verligte' denke en nie meer ten volle toegewyd aan die instandhouding van die apartheidsbeleid nie. Tog het die AB, wie se ledetal uit groot getalle teoloë van die NGK bestaan het, 'n emosionele saak gebly vir kritici van die NGK.[79]

Die geheimsinnige aard van die AB het waarskynlik die grootste rol gespeel in die verwarring wat rondom dié organisasie ontstaan het. Indien die AB op 'n vertroulike in stede van 'n geheime basis te werk gegaan het, soos wat verskeie instellings gedoen het en steeds doen, sou die spekulasies rondom die AB waarskynlik minder gewees het. In stede daarvan het die AB voortgegaan om onder streng geheimhouding te opereer. Terwyl sommige teoloë, soos prof. Willie Jonker, geweier het om by die AB betrokke te raak en dit as strydig met Christelike waardes beskou het om aan 'n geheime instelling te behoort, het ander tereg gemeen dat die AB "van dinge beskuldig word waaraan hy in der waarheid geen skuld het nie".[80]

Die 'dinge' waarna hier verwys word, is natuurlik die bevordering van 'n Christelik-nasionaal volkseie agenda op alle terreine van die samelewing, en daarmee saam die beleid van rasseskeiding en apartheid. Die AB het ongetwyfeld die belange van die blanke Afrikaners as 'n groep probeer bevorder, maar in hoe 'n mate hierdie invloed in die amptelike ordening van die NGK weerspieël het, is 'n onderwerp waaroor daar geensins akademiese konsensus bestaan nie.

Die politieke onstabiliteit in Suid-Afrika gedurende die 1970's, veral die gebeure in Soweto en elders in 1976, het 'n belangrike invloed nie net op die NP nie, maar ook op die AB gehad. Hierdie invloed het ook na die NGK deurgewerk. Die AB het reeds gedurende die 1970's begin om lede te werf wat minder konserwatiewe opvattinge gehad het. Dit is duidelik dat die behoud van die AB, sowel as die NP, dus daarin gelê het om 'n nuwe geslag leiers te bevorder wat nie stagnant in hulle politieke sieninge was nie.[81]

Gedurende die 1970's en 1980's was die AB grootliks 'n nie-reaksionêre instelling. Dit was egter ongetwyfeld 'n instelling wat die NP gedien het. Onder die leierskap van

---

79 Welsh, pp. 198-201.
80 Geldenhuys, p. 59.
81 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met C. Burger*, Stellenbosch, 19.08.2010.

konserwatiewe leiers soos Piet Meyer en dr. Andries Treurnicht, was die AB getrou aan dié instelling se roeping om die belange van die blanke Afrikaners te bevorder. Dr. Treurnicht is in 1974 deur prof. Gerrit Viljoen opgevolg. Viljoen sou bekend word vir sy verligte denke en was van mening dat nasionalisme nie voorkeur bo 'Christelike waardes' moet geniet nie.[82]

Organisatories het dit duidelik geword dat die AB gedurende die 1980's 'n nuwe koers ingeslaan het. Die teoloog prof. Carel Boshoff, 'n blanke Afrikaner wat nie as 'n ultra-regse beskryf kan word nie maar wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling slaafs aangehang het, het in 1980 voorsitter van die AB geword. Net soos in die geval van die NP was die AB verdeeld oor die kwessie van die 1983-konstitusie wat aan Kleurlinge en Indiërs toegang tot die parlement gegee het. Boshoff het, soos verskeie individue en instellings, waaronder die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede, die voorgestelde konstitusie teengestaan. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat hy as voorsitter van die AB bedank het.[83]

Dit was duidelik dat die AB Suid-Afrika se situasie in dieselfde lig as die oorgrote meerderheid van die NP se leiers beskou het, naamlik dat aanpassings aan die apartheids-beleid onafwendbaar geword het. Die oogmerke van die AB was steeds dieselfde, maar die manier waarop daar gereken is te werk gegaan moes word, het verander - net soos die geval van die NP. Alhoewel die AB se beleid dikwels met dié van die NP ooreengekom het, was die AB in teorie nie aan enige party gekoppel nie. Die besluit om die 1983-konstutisie te steun, het by sommige leiers die indruk laat ontstaan dat die AB deur die voorkeur wat die instelling aan NP beleid toon, nie meer álle blanke Afrikaners se belange op die hart dra nie. Dit was een van die deurslaggewende redes waarom prof. Boshoff dié instelling verlaat het.[84]

Volgens sommige kenners het die AB egter ook ander uitdagings in die gesig gestaar deurdat dié instelling se invloed teen die 1980's grootliks deur die algehele politieke onstabiliteit in Suid-Afrika ingekort is. President P.W. Botha se gewelddadige

---

82 Welsh, pp. 198-201.
83 South African history online, "Professor Carel Boshoff 1927 –", <http://www.sahistory.org.za/pages/people/bios/boshoff-pc.htm>, *s.a.*
84 Welsh, pp. 200-201.

onderdrukking van die vryheidsbeweging het gevolge ingehou vir die AB in terme van die invloed wat dit op landsake kon uitoefen. Politici en die parlement se magte was beperk, veral in die lig van sensuur wat deur die regering toegepas is. Daar is gedurende Botha se termyn 'deur die loop van die geweer' regeer. Daar word geargumenteer dat die AB, as teenvoeter vir die geweld, die instellings wat na bewering verantwoordelik was vir meeste van die apartheidsbestel se gruwelikste wandade, se magte ingekort wou sien. Hiervoor was die regte 'klimaat' nodig.[85]

Daar kan tereg geargumenteer word dat die AB, net soos die NGK, deur die NP 'gekaap' is. Polities was die NGK egter meer reaksionêr van aard as die AB, ten spyte van die groot getal leiers wat in albei hierdie liggame gelyktydig gedien het. Die oogmerke van al drie die instellings was steeds dieselfde, naamlik die bevordering van blanke Afrikaner-belange, maar die rigting wat ingeslaan moes word om hierdie oogmerke te bereik, was nie meer eenvormig nie. Die AB beweer vandag dat dié instelling 'n sleutelrol in die totstandkoming van demokrasie in Suid-Afrika gespeel het. Die AB verklaar byvoorbeeld in die nuwe bedeling: "Vanaf 1983 het die AB hom aan die kant van hervorming geskaar en die grondwet is gelê met die dokument 'basiese staatkundige voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaners', wat in Junie 1986 die AB se visie vir grondwetlike hervormings gestel het. Hiermee is die basis gelê vir vernuwende denke en idees binne die regering van daardie tyd".[86]

Die AB was dus, volgens sy eie siening, op die voorpunt om die regering se beleid van politieke oplossings, in stede van militêre oplossings, vir die uitdagings in Suid-Afrika te ondersteun. Die voorsitter van die AB na Boshoff se uittrede, prof. P.J. de Lange, het selfs samesprekings met leiers van die ANC gevoer.[87] Polities was dit derhalwe makliker vir groot getalle Afrikaners om gedurende die 1980's kopskuiwe te maak aangaande Suid-Afrika se beleid van rasseskeiding. Dit was erger op die spirituele vlak baie meer

---

[85] De W. Potgieter, *Totale aanslag. Apartheid se vuil truuks onthul*, pp. 200-201.

[86] Die Afrikanerbond, "Die Afrikanerbond – 'n bondige oorsig oor meer as 90 jaar", <http://www.afrikanerbond.org.za/>, *s.a.*

[87] Potgieter, p. 198. Prof. De Lange het met verskeie leiers van oor die rassespektrum gekonsulteer, veral diegene wat 'binne' die politieke sisteem van die tyd geopereer het. In 1986 het De Lange samesprekings met die prominente ANC-leier Thabo Mbeki in New York gevoer - 'n eerste vir enige voorsitter van die AB. Welsh, pp. 200-201.

pynlik, omdat die teologie wat die apartheidsbeleid gesteun het nog baie lewendig in die harte van groot getalle lidmate van die NGK was.

Die AB het steeds 'n belangrike invloed op die NGK gehad, maar die AB was nie meer in beginsel dieselfde instelling wat dit gedurende die era van Verwoerd en vóór dit was nie. Waar die AB, waarvan nagenoeg 60% van alle NG-predikante sowel as talle kerkraadslede deurlopend lid was, in die verlede slegs blanke Afrikaner-belange bevorder het, het die AB toenemend die NP gedien. Dit was inderdaad so dat predikante wat in ongewildheid by nasionaliste verval het, gesukkel het om beroep te word, maar teen die 1980's het die 'verligtes' binne die NP sélf meer en meer krities teenoor die regering se beleid gestaan. Gevolglik was dit vir leiers binne die AB sowel as die NGK makliker om kritiek teen die regering se beleidsrigtings uit te spreek.[88] In welke mate 'n predikant krities teenoor die regering was al dan nie, het van gemeente tot gemeente gewissel na gelang van faktore soos die leraar se persoonlike oortuiging en bereidwilligheid om kritiek in verband met die apartheidsbeleid uit te spreek.

## 11. DIE ALGEMENDE SINODE VAN 1986: DIE NGK NEEM AFSKEID VAN DIE APARTHEIDSBELEID

In Oktober 1986 het die NGK se Algemene Sinode (AS) in Kaapstad vergader. Vanweë die NGK se voortgesette bestudering van die kwessie van sosiale geregtigheid en die politieke model van Suid-Afrika, het waarnemers die sinode met belangstelling gevolg. Die politieke veranderinge wat Suid-Afrika ondergaan het, het reeds die aard van die land onherroeplik verander en Suid-Afrika progressief al verder van Verwoerdiaanse apartheid laat wegbeweeg. Dit was slegs 'n kwessie van tyd voordat die NGK ook finaal sou móés verander, selfs al was nie alle lidmate gereed vir hierdie veranderinge nie.

In teenstelling met die AS van 1982 was die AS van 1986 baie meer gemoeid met die kwessies van rasseverhoudinge en die verhoudinge binne die NG-kerkfamilie. Die NGK was onder geweldige druk, veral vanuit die NG-kerkfamilie, om die apartheidsbeleid as

---

88 Welsh, pp. 188-189.

'n sondige beleid en in stryd met die Bybel en die wil van God te verklaar.[89] Daar was terselfdertyd groot getalle lidmate van die NGK wat van dié kerk verwag het om die apartheidsbeleid op te sê, sowél as lidmate wat verwag het dat die NGK aan sy besluite van vroeër sal vashou. Daar sou dus ontevredenheid wees ongeag wát die AS sou besluit. Die uiteindelike besluite wat tydens die AS geneem is, sowel as die reaksie daarop, het egter die onenigheid wat in die NGK aanwesig was, duidelik geïllustreer.

Alhoewel die besluite wat by die AS van 1986 geneem is nie alle kritici van die apartheidsbeleid van die NGK se onttrekking van steun aan dié beleid oortuig het nie, het dit 'n storm in die NGK en onder blanke Afrikaners ontketen. Die NGK het nie in daardie jaar die apartheidsbeleid as 'n onwenslike staatsbeleid verwerp nie, wat waarskynlik die grootste enkele rede was waarom die besluite wyd deur kritiese buitestaanders gekritiseer is. Wat die NGK bevind het, was dat daar geen teologiese grondslag vir die bestaan van dié beleid kan wees nie.[90]

In beginsel het die NGK egter nie die apartheidsbeleid verwerp nie omdat die AS bevind het dat dit nie 'n bepaalde politieke stelsel aan die regering kan voorskryf nie. Daar moes eerder krities met regeringsmodelle te werk gegaan word.[91] Die NGK het egter verder gegaan as om die apartheidsbeleid as 'n teologiese voorskrif te verwerp deur die toepassing van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika te kritiseer. So het die AS byvoorbeeld gevind dat "die Ned. Geref. Kerk is oortuig dat *die hantering van*[92]apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelike-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas".[93]

Alhoewel die uitsprake van die NGK deur verskeie kritici nie as genoegsaam teen die apartheidsbeleid ervaar is nie, het 'n spreekwoordelike bom in die NGK gebars oor die

89 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Agenda vir die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Kaapstad, Dinsdag 14-Saterdag 25 Oktober 1986*, pp. 20-35.

90 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van ...*, p. 42.

91 *Ibid.*, p. 43.

92 Tydens die sitting van die Wes-Kaapse sinode van 1987 is die gedeelte wat hier in kursief geskryf is, weggelaat. Onder opskrif 4.13 word die onderwerp meer breedvoerig bespreek.

93 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van ...*, p. 42.

aanvaarding van die beleidstuk *Kerk en Samelewing* (KES) tydens die sitting van die AS. KES het die NGK se AS se besluite rakende die 'oop' lidmaatskap en die apartheidsbeleid vervat en ook Skriftuurlik verwoord. Die dokument KES is opgestel deur 'n hersieningskommissie wat in opdrag van die AS van 1982 die beleidstuk RVN hersien het.[94]

Sommige leiers het die NGK geloof vir dié ontwikkeling. Die IVP-leier, Mangosuthu Buthelezi, het die NGK se uitsprake as 'n teken beskou van die veranderende gees wat onder blankes posgevat het en dit ook gesien as 'n bewys daarvan dat die NP-leierstruktuur nie die werklike behoefte van die blankes in wetgewing kon weergee nie. Die HNP-leier, Jaap Marais, het egter die NGK se aanvaarding van KES gekritiseer deur daarop te wys dat dit die beleid van die NP eggo.[95]

Hoewel die HNP slegs 'n klein groepie regse blanke Afrikaners verteenwoordig het, was hulle uitspraak teen die NGK dat dit die NP teologies steun teen die middel van die 1980's 'n wydverspreide aanklag teen die Kerk deur konserwatiewe en liberale Suid-Afrikaners, blankes sowel as swart mense. Hoewel die NGK se koersverandering verwelkom is, was dit vir sommige dus te min en vir ander weer te veel. Die meeste kritici was ontevrede, veral omdat die NGK nie die apartheidsbeleid onomwonde verwerp het nie.[96] Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) se sekretaris vir getuienisaksie, ds. Johan Botha, wat as waarnemer by die NGK se AS van 1986 teenwoordig was, het die NGK krediet gegee vir die aanpassings, maar het opgemerk dat die nuwe rigting van die NGK meer as 'n kompromis voorkom as 'n ware beleidsverandering.[97]

Die NGK was gedurende die tydperk ook veral onder skoot vanuit die familie van Gereformeerde kerke. Die NGK is veral ook deur akademici gekritiseer. Die teoloog Allan Boesak het byvoorbeeld verklaar dat die NG-kerkfamilie verwag het "dat die

---

94 Williams, pp. 190-198. Die hersieningskommissie het bestaan uit J.E. Potgieter, G.S.J. Möller, D.C.G. Fourie, D.J. Viljoen, J.A. Heyns, D.A. du Toit, C.W.H. Boshoff, D.S. Snyman, A.B. du Toit, P.A. Verhoef, P.B. van der Watt, P. Smith, M.M. Nieuwoudt en P. Russouw.

95 Anon, "NGK-belydenis dat apartheid fout was reaksie uiteenlopend" in *Die Burger*, 24.10.1986, p. 2.

96 Anon, "Apartheid 'n fout" in *Volksblad*, 23.10.1986, p. 14.

97 Anon, "Sendingkerk: 'Nog nie só gepraat'. Waardering, kritiek ná kerkbesluit" in *Die Burger*, 23.10.1986, p. 2.

Nederduits (sic) Gereformeerde Kerk die integriteit sou hê om 'n radikale streep deur *Ras, Volk en Nasie* te trek, in plaas daarvan om 'n publikasie die lig te laat sien wat alleen maar aksentverskille bevat. 'n Gemodifiseerde, stroombelynde, gekamoefleerde weergawe van dieselfde ou apartheidswaardes, is nog geen afskeid daarvan nie".[98]

Kritiek het egter ook van binne die NGK gekom. Sommige teoloë het, net soos Boesak, gewaarsku dat KES "eerder 'n subtiele bevestiging van die ou orde as 'n deurbraak van 'n nuwe [is]".[99] KES was dus geensins 'n oortuigende dokument nie. Dit kon op verskillende wyses geïnterpreteer word. Dit was dus nie 'n duidelike ondubbelsinnige dokument nie. Daar is voorts daarop gewys dat KES, indien dit rég geïnterpreteer word "die begin van 'n deurbraak [kan] wees".[100] (Sien Bylae D).

'n Groot teleurstelling vir verskeie waarnemers het gewentel rondom die kwessie van kerkeenheid. Die sinode het eers bevind dat die verkryging van kerkeenheid 'n uiters noodsaaklike aktiwiteit van die Kerk moes wees. Daar is selfs bevind dat die bestaan van verskillende kerke 'sonde' is. Agterna is daar tot die gevolgtrekking gekom dat "die Bybel ons slegs oproep tot, maar nie vereis nie dat die eenheid van die NG Kerkfamilie steeds duideliker tot uitdrukking sal kom".[101] Die ontnugtering was selfs groter toe die sinode die hereniging van die Afrikaanse susterskerke as 'n hoër prioriteit ag as hereniging met die NG-kerkfamilie.[102]

Die NGK se aanvaarding van die beleidsdokument KES is 'n fassinerende stuk geskiedenis, omdat die reaksies op die beleidsdokument op so 'n treffende wyse die verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse samelewing illustreer. Die resultaat van KES was dat baie min lidmate volkome tevrede was, 'verligte' sowel as 'verkrampte' Afrikaners, terwyl KES ook weinig simpatie van buite die NGK geniet het. Dit is waarskynlik die raakste beskrywing dat KES vanuit die oogpunt van 'n buitestaander "'n klein stappie,

---

98 W.A. Boesak, "Algemene kommentaar op 'Kerk en Samelewing' vanuit die Nederduits Gereformeerde kerkfamilie" in Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Instituut vir Reformatoriese Studie, Reeks F3, *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'*, pp. 95-96.

99 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "'n Evaluering van 'Kerk en Samelewing'" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

100 *Ibid.*

101 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, 5 November 1986" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

102 *Ibid.*

maar van binne ... 'n reuse teologiese stap [was]".[103] Die dokument is vandag 'n getuigskrif van die NGK se teologiese mistasting en hoe die Kerk in die verlede 'n spesifieke leer aangehang en verkondig het, wat later van tyd skynbaar na gelang van omstandighede verander is.

## 12. 'N BITTER STRYD WOED VOORT: VERDELINGS IN DIE NGK EN DIE STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (APK)

Vir dié lidmate van die NGK wat die apartheidsbeleid as 'n lewensvatbare politieke stelsel gesien het, het die Kerk se aanvaarding van die beleidsdokument KES 'n onaanvaarbare pad vorentoe ingelui. Dat die NGK uiteindelik sou skeur, het haas onafwendbaar geword. Die NGK se skielike herroeping van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid het 'n dramatiese reeks gevolge veroorsaak wat uiteindelik tot 'n skeuring in die NGK sou lei. 'n Duidelike poging het in daardie stadium binne die NGK ontstaan om die Kerk te dwing om nie dié nuwe koers in te slaan nie. Hierdie proses het voortgegaan selfs nádat die Kerk geskeur het.

Die eerste drukgroep het reeds agt dae na afloop van die sinode op 1 November 1986 in Verwoerdburg (Centurion) vergader. 'n Interimkomitee, bekend as die Studiekomitee, is aangewys wat 'n omvattender samekoms op 28 November 1986 moes lei. Op dié dag het sowat 3 000 lidmate van die NGK in die Skilpadsaal by die skougronde van Pretoria vergader. Die beswaarde lidmate was oortuig daarvan dat daar eerder gepoog moes word om die NGK onder druk te plaas as om 'n nuwe kerkgroep te begin en die strategie sou wees om met die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) oor die onenigheid in gesprek te tree. 'n Tydlimiet is egter gestel, naamlik 30 Junie 1987. Die komitee, wat voortaan as die Voortsettingskomitee (VK) bekend sou wees, sou dan daarna uitgedien wees.[104] Die leier wat die sterkste met hierdie eerste drukgroep, wat uiteindelik sou afstig, geassosieer is, was dr. Willie Lubbe, 'n voormalige moderator van die Natalse sinode, predikant in die NGK en lid van die HNP.[105]

---

[103] B.J. van der Merwe Privaatversameling, "'Kerk en Samelewing': 'n historiese keerpunt" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

[104] G. Lamprecht, *Afskeiding geregverdig? 'n Kerkhistories–kerkregtelike vergelyking tussen die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1959 en die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1997), pp. 98-108.

[105] P.B. van der Watt, "Kerkskeuring: Die Afrikaner se kos!" in *Insig*, Augustus 1987, p. 14.

Die VK het uiteindelik 'n beswaarskrif die lig laat sien, getiteld *Geloof en Protes – 'n antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van Kerk en Samelewing. Opgestel deur die Voortsettingskommissie* (GEP) (sien Bylae E). GEP is 'n dokument wat die konserwatiewe karakter van 'n aansienlike groep lidmate versinnebeeld het. Dit het die NGK daarvan beskuldig dat dit die apartheidsbeleid uitsonder en nie die tekortkominge van ander politieke modelle uitwys nie. Dit het ook die aanspraak van die NGK dat die wyse waarop die apartheidsbeleid in Suid-Afrika toegepas word strydig met die wil van God is en dus sonde is, verwerp. Dit het voorts die reg van volke tot selfbeskikking beklemtoon deur die apartheidsbeleid teologies te regverdig.[106]

Die ASK het uiteindelik gereageer op GEP deur die publikasie van *Antwoord van die Ned. Geref. Kerk op Geloof en Protes*. Daarin het die NGK GEP verwerp. Die VK en die ASK het voortgegaan met gesprekke. Die VK het 'n buitengewone vergadering van die AS geëis, met die hoop dat die besluite wat tydens die 1986-sinode geneem is, herroep sou word. Die VK het 'n antwoord voor 15 Junie 1987 geëis, maar die ASK het gewaarsku dat dit nie vóór 22 Junie sou kon antwoord nie. Op Maandag 22 Junie 1987 het die twee partye saam van 11:00 tot 15:30 vergader. Tydens die geleentheid het die ASK egter opnuut die versoeke van die VK afgekeur en so die weg gebaan vir die uiteindelike skeuring wat sou volg.[107]

Op Saterdag 27 Junie 1987 het die 'beswaarde NG-lidmate' vir 'n laaste keer in Pretoria vergader. Die VK het gerapporteer dat die NGK nie aan hulle versoeke wou voldoen nie. Die vergadering het uiteindelik op 'n verkiesing uitgeloop. Aanwesiges is gevra om te kies tussen drie opsies: KES moes onvoorwaardelik aanvaar word; voortgesette debat met die NGK moes plaasvind; of daar word verkies om "'n nuwe kerk te help stig, 'n kerk wat staan by die Bybel as God se onfeilbare Woord, 'n kerk wat ook staan by die Belydenisskrifte as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel".[108] 83% van die aanwesiges was ten gunste van die stigting van 'n nuwe kerk. Gevolglik het die

---

[106] Nederduitse Gereformeerde Kerk, "Faith and Protest (1987)", <http://www.ngkerk.org.za/abid/dokumente/amptelikkestukke/Faith%20and%20Protest%201987.pdf>, *s.a.*

[107] Lamprecht, pp. 98-108.

[108] *Ibid.*, p. 109.

Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) na afloop van die stemmery tot stand gekom.[109] Hierdie stap sou tot die grootste skeuring in die Kerk se geskiedenis lei met meer as 40 000 lidmate en ongeveer 100 predikante wat die NGK verlaat en deel van die APK geword het.[110]

Die ontstaan van die APK het 'n geweldige uitdaging vir die NGK ingehou. Die APK is in karakter baie soortgelyk aan die NGK. Dit is 'n instelling wat eintlik maar net voortgebou het op dit wat die NGK vir dekades reeds verkondig het, naamlik rasse-skeiding op alle terreine van die menslike bestaan. Vir blanke Afrikaners wat nog vertroue in die ideologie van apartheid gehad het, het die APK 'n morele hoë grond gehad. Dit was immers die NGK wat van standpunt verander het, nie die leiers van die APK nie, en dit was immers 'n standpunt wat, so is daar geglo, op Bybelse waarhede en God's wil berus. Vir die leierskap van die NGK was die ontstaan van die APK egter nie die enigste uitdaging wat as gevolg van die NGK se aanvaarding van die beleids-dokument KES ontstaan het nie.

Die NGK was ook onder druk geplaas deur 'n ander drukgroep in die Kerk, naamlik die NG Bond wat deur die teoloog en voormalige voorsitter van die AB, prof. Carel Boshoff, gelei is. Die NG Bond was 'n drukgroep binne die NGK wat gepoog het om die Kerk se besluite wat tydens die AS van 1986 geneem is, te herroep. Die NG Bond het nie gedreig om die Kerk te verlaat nie, maar die leierskap van die NGK het die legitimiteit van die NG Bond in twyfel getrek. Die NG Bond was 'n minderheidsgroep wat nie by die besluite van die AS wou berus nie, besluite wat Skriftuurlik geformuleer is en waarmee die meerderheid van die NGK se leierskap tevrede was.[111]

Prof. Boshoff het reeds sedert die vroeë 1980's dikwels koppe met leidende figure in die NP, veral 'verligtes', gestamp weens sy verwerping van die 1983-grondwet. Prof. Boshoff het homself ook dikwels in groot ongewildheid by leiers van die NGK laat verval weens sy openlike simpatisering met ondersteuners van die KP. Hy was dus 'n

---

109 *Ibid.*
110 P. Hurter, "Twintig jaar na 'Kerk en Samelewing" in *Kerkbode*, 17.9.2010, p. 12.
111 E. Wessels, "Onward the Christian soldiers" in *Business Day*, 04.09.1987, p. 6.

leier met 'n klein, maar tog genoegsame invloed.[112] Die NG Bond kon egter nie op die lange duur 'n noemenswaardige invloed op die NGK uitoefen nie.

Die belangrikste rede waarom die NG Bond nie daarin kon slaag om deurslaggewende druk op die NGK te kon uitoefen nie, is die feit dat die NG Bond geen bestaansreg binne die strukture van die NGK gehad het nie en dus gerieflikheidshalwe deur die leierskap van die NGK geïgnoreer kon word. Boonop het die NG Bond die GEP-beleidstuk van die APK gesteun, wat vir die NGK onaanvaarbaar was. Dit het beteken dat die NG Bond daarop uit was om die amptelike teologie van die NGK, en dus die wyse waarop dié kerk God verstaan en aan die wêreld wil verkondig, te beïnvloed.[113]

Die invloedryste Afrikanerleier wat egter in opstand teen KES was, was dr. Andries Treurnicht. Hy was vir verskeie redes 'n gewigtige politieke stem. Voordat hy leier van die KP geword het, het hy sleutelposisies in die regering, sowel as in die NP beklee en was onder meer die Transvaalse leier van die NP. Alhoewel hy geensins 'n charismatiese leier was nie, was Treurnicht 'n gerekende teoloog. Hy was voor sy toetrede tot die politiek 'n predikant en leiersfiguur in die NGK, 'n posisie wat tradisioneel vir enige iemand 'n noemenswaardige invloed oor mede-Afrikaners kon besorg. Teen 1987 kon Teurnicht ook daarop roem dat hy die leier van die amptelike opposisie in die parlement geword het.

Die omstredenheid wat in September 1987 rondom dr. Treurnicht losgebars het, het gehandel oor 'n dokument wat deur Treurnicht in reaksie op die beleidstuk KES geskryf is. Dr. Treurnicht se dokument het dit ten doel gehad om KES te kritiseer met die oog op die streeksinodes van die NGK wat 'n jaar na afloop van die AS sou plaasvind. Die dokument van Treurnicht is wyd onder lidmate versprei en het veral die 1986-besluite rakende 'oop' lidmaatskap en KES se uitsprake rakende die eenheid van die Kerk gekritiseer.[114] Dr. Treurnicht moes later in reaksie op 'n vraag oor in watter hoedanigheid

[112] L. Bekker, "NGK is set to crack down on maverick prof. Enough is enough!" in *Sunday Tribune*, 30.10.1983, p. 24.

[113] J. van Tonder "Deterministiese houding. 'Onuithoudbare situasie met Bond'" in *Volksblad*, 15.09.1987, p. 4; F. van der Watt, "Die Ned. Geref. Bond – quo vadis?" in *Kerkbode*, 09.09.1987, p. 7.

[114] Anon, "Beleidstuk onder skoot in regse dokument. Dr. T. bearbei NG sinodes" in *Beeld*, 14.09.1987, p.1.

hy dié dokument opgestel het, erken dat hy dit opgestel het "... as lidmaat en as politikus. Ek het nie 'n verdeling gemaak tussen die twee rolle nie en gesê nóú is dié een aan die word en nou dié een nie".[115]

Op die lange duur wil dit voorkom asof die gebeure die KP egter skade aangedoen het. Dr. Treurnicht is daarvan beskuldig dat hy die beleid van die KP binne die strukture van die NGK probeer bevorder. Een kommentator het onder andere verklaar dat die gebeure 'n beklemtoning is van "... die uiterstes waartoe hy [Treurnicht] en sy partygenote sal gaan om hulle koppige sin te kry. Hulle kan dit nie vat dat hulle beleid van wensdenkery geen oplossings vir die landsprobleme bied nie. Ook nie dat hulle op kultuurgebied op 'n eiland beland het, waar hulle nie die moed het om, met die behoud van die eie, by veranderinge aan te pas en te beweeg nie".[116]

Die publikasie van KES het tot groot onenigheid en verwarring binne die NGK gelei. Terwyl sommige lidmate van die Kerk dit as verraad gesien het, was ander verlig. Die NGK kon daarin slaag om veral die gematigde lidmate en leiers se steun te behou. Dit het die Kerk reggekry deur 'n soortgelyke benadering as die regering van aanpassings aan die een kant en reaksionêre behoud aan die ander kant. Die veranderinge wat wél plaasgevind het, het enersyds tot skeuring gelei, terwyl dit, volgens kritici, andersyds nie genoegsaam kritiek teen die apartheidsbeleid gelewer het nie. Die NGK het egter dikwels tekort geskiet in die leiding wat dit verskaf het.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die Vereeniging-beraad van Maart 1989. Die beraad was 'n poging om die NG-kerkfamilie met mekaar te harmoniseer. Ten spyte daarvan het elke geleentheid wat hom voorgedoen het vir hierdie doel skynbaar uiteindelik die teenoorgestelde effek gehad en eerder die kerk gepolariseer. Tydens die Vereeniging-beraad is die apartheidsbeleid opnuut as 'sonde in al sy vorms' gebrandmerk. Die NGK se afgevaardigdes het tydens dié beraad verklaar dat die ideologie van apartheid "strydig is met die diepste betekenis van versoening, naasteliefde en geregtigheid".[117] Toe die

---

115 Anon, "Treurnicht-stuk in NGK versprei" in *Die Burger*, 14.09.1987, p. 1.
116 Anon, "KP en NGK" in *Beeld*, 15.09.1987, p. 11.
117 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van ...*, pp. 46-47.

ASK egter in reaksie op die Vereeniging-beraad vergader het, het dit dié stelling as strydig met die beleidsdokument KES verklaar.[118]

Tydens die beraad is daar belangrike besluite rakende die eenheid van die NG-kerkfamilie en die kwessie van geregtigheid in Suid-Afrika geneem, maar die NGK se afgevaardigdes het besluit om nie die besluite te steun nie. Dit het felle kritiek in sommige kringe ontlont en is ook as 'n reaksionêre gebeurtenis gesien. Lede van die NGK wat oor die gebeure uitgepraat het, het gewaarsku dat "apartheid 'n sonde [is] wat die Suider-Afrikaanse samelewing uitteer en wat ook deur Christene beveg moet word. Die Ned. Geref. Kerk moet sy aandeel aan hierdie sonde bely en dan ook deelneem aan die heling en bevryding van ons samelewing".[119] Die NGK het dikwels gesukkel om 'n ondubbelsinnige boodskap die wêreld in te stuur wat ongekwalifiseerde leiding aan die mense van Suid-Afrika sou verskaf.

## 13. DIE WES-KAAPSE SINODE VAN 1987

Die NGK het met die AS van 1986 amptelik afskeid van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid geneem. Dit het tot gevolg gehad dat die NGK geskeur het en dat die APK tot stand gekom het. Desnieteenstaande het die NGK dikwels onder skoot gekom, omdat daar gereken is dat die NGK slegs dié bepaalde toepassing van die apartheidsbeleid soos dit in Suid-Afrika voorgekom het afgesweer het en nie die beginsel van apartheid as 'n staatkundige model in sy totaliteit veroordeel het nie.

Die kritiek teen die NGK was 'n teologiese vraagstuk. Sommige Christene wou hê dat die NGK die apartheidsbeleid as 'n sonde verklaar. Die AS van 1986 het nie toegegee nie. In 1987 het die Wes-Kaapse sinode vergader. Hoewel die Wes-Kaapse sinode toe nie soveel opslae in die media gemaak het as die Wes-Kaapse sinode van 1983 nie, was dit 'n baie belangrike sinode, omdat die NGK tydens dié sinode die apartheidsbeleid as 'n sonde verklaar het.[120]

---

118 *Ibid.*,p. 47.

119 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Konsepverklaring" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

120 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.

Die sinode het veral geworstel met die terme 'afsonderlike ontwikkeling' en 'apartheid', sowel as die verskil tussen gesonde volksliefde en rassediskriminasie. In 'n verslag aan die sinode is bevind: "Selfliefde is alleen legitiem binne die driehoeksverhouding waarin die mens met God en sy naaste verkeer. Die self word dan belangrik nie ter wille van sigself of opsig self nie, maar ter wille van die verhouding van oorgawe en diens aan God en die naaste. Enige isolering van die self uit hierdie betrokkenheid op God en die naaste bring 'n perversering van die mens se verhouding tot homself mee, sodat sy selfliefde afgodies word".[121]

Die sinode het uiteindelik bevind dat die Kerk die besluite van die AS van 1986 rakende oop lidmaatskap onderskryf. Na afloop van 'n proses van onderhandeling het 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind.[122] Deur die bewoording van een van die paragrawe te verander, het die sinode uiteindelik 'n belangrike uitspraak aangaande die regering se apartheidsbeleid gemaak. Die besluit is deur die sinode aanvaar en dit is as 'n beskrywingspunt na die volgende AS van die NGK deurgestuur. Die finale paragraaf wat tydens die sinode van 1987 aanvaar is, het verklaar: "Die Ned. Geref. Kerk is oortuig dat apartheid, as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas".[123]

## 14. DIE AS VAN 1990 EN DIE INTER-KERKLIKE RUSTENBURG-KONFERENSIE: SKULDBELYDENIS WORD BEPLEIT EN AANGEBIED

Die AS het weer in 1990 vergader. Tydens dié geleentheid het die NGK 'n hersiene weergawe van KES as beleidsdokument van die NGK aangaande ras- en

---

121 NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein, *Skema van werksaamhede voorgelê aan die veertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 13 Oktober 1987 om 9:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad, 1987*, p. 507.

122 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Nota, Oktober 1987" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

123 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Besluite van die sinode van die NG Kerk in SA (Wes-Kaapse sinode) 13–22 Oktober 1987, Kaapstad" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

volkereverhoudinge aanvaar. Dit het opnuut die teologiese grondslag van die apartheidsbeleid verwerp, maar weereens nie die apartheidsbeleid onvoorwaardelik as onchristelik en sondig verklaar, soos so baie Christene en denominasies plaaslik sowel as internasionaal gedoen het nie. In stede daarvan het dié beleidsdokument van die NGK die suksesse van die apartheidsbeleid as bewys aangevoer dat verskeie kritici van die apartheidsbeleid 'onbillik' is.[124]

Nietemin het die beleidsdokument erken dat die NGK die apartheidsbeleid as 'n Bybelse opdrag voorgehou het en dat die Kerk daardeur steun gegee het aan 'n beleid wat tot diskriminasie gelei het.[125] Die beleidstuk het verder, deels met reg, verklaar dat "Apartheid began to function in such a way that the largest part of the population of the country experienced it as an oppressive system".[126] Daar kan geargumenteer word dat die vorm van apartheid wat in die eerste helfte van die 20ste eeu deur die NGK bepleit is, verskil het van die apartheidsbeleid soos wat dit in die tweede helfte van die 20ste eeu toegepas is. Dit is so dat die NGK met die totstandkoming in die 1960's van die tuislandstelsel sekere eienskappe van die apartheidsbeleid gekritiseer het, soos die trekarbeidstelsel. Die NGK se kritiek teen die ongewenste eienskappe van die lewensomstandighede van trekarbeiders het egter geen praktiese gevolge ingehou nie. 'n Groot leemte word gelaat deur die afwesigheid van 'n bespreking oor die redes vir die Kerk se stilswye ten opsigte van die vele ongeregtighede van die apartheidsbestel.

Die AS is egter ook vir 'n ander rede belangrik. Dit is die heel eerste AS wat na die oorspronklike standpunt van die NGK meer as 'n eeu tevore teruggekeer het deurdat dit die bestaan van verskillende kerke vir verkillende rasse as 'n struikelblok vir die Kerk aanvaar het. Die bestaan van sodanige kerke het veral gedurende die 1980's tot geweldige spanning en tweespalt gelei en het ewe skielik onprakties voorgekom vir verkeie leiers in die NGK.[127] Die AS het die NGK dus opnuut in die kollig geplaas en was 'n belangrike voorspel tot die Rustenburg-konferensie wat kort na afloop van die AS sou plaasvind.

---

124 Dutch Reformed Church, *Church and Society. A testimony of the Dutch Reformed Church. Approved by the General Synod of the Dutch Reformed Church, October 1990*, pp. 38-39.
125 *Ibid.*, pp. 38-40.
126 *Ibid.*, p. 39.
127 Jonker, pp. 198-199.

Die Rustenburg-konferensie is gehou nadat die president van Suid-Afrika, F.W. de Klerk, 'n komitee saamgestel het met dr. Louw Alberts en pastoor Frank Chikane as voorsitters. President De Klerk se doel was om die kerke in Suid-Afrika se gesamentlike mening oor die situasie in Suid-Afrika te bepaal. Die komitee wat gelei is deur Chikane en Alberts het 80 kerke gekry om verteenwoordigers te stuur na wat bekend sou word as die inter-kerklike Rustenburgse-konferensie. Die konferensie het in November 1990 plaasgevind. Die NGK se afgevaardigdes was dr. P. Russouw, dr. D.J. Hattingh en dr. F.M. Gaum.[128] Die konferensie was bedoel as 'n soort rigtingwyser aan Suid-Afrika vanuit die kerklike perspektief, aangesien Suid-Afrikaners toe reeds op koers was om 'n nuwe politieke model te aanvaar.

Die verskeidenheid van kerkleiers wat die Rustenburg-konferensie bygewoon het, is verrassend. Die nuwe gees van optimisme wat in Suid-Afrika na afloop van die vrylating van Nelson Mandela en die ontbanning van die ANC en die PAC in Februarie 1990 posgevat het, het waarskynlik hiertoe bygedra, maar alhoewel sommige leiers bereid was om die strydbyl te begrawe, was ander minder te vinde hiervoor. In die openingseremonie het Desmond Tutu die kerkleiers gewaarsku dat hulle nie Suid-Afrika sou kan lei indien daar onderlinge onenigheid onder die kerkleiers self bestaan nie. Tutu het onder meer op die geleentheid gesê: "Those who have wronged must be ready to say, 'we have hurt you by this injustice, by uprooting you from your homes, by dumping you in poverty-stricken homeland resettlement camps ... and denying you fundamental rights. We are sorry, forgive us'".[129]

Alhoewel Tutu later gekritiseer sou word vir die eenvoudige aard van sy uitnodiging tot skuldbelydenis, het die gebaar uiteindelik tot 'n dramatiese skuldbelydenis deur 'n prominente leier binne die NGK gelei. Alhoewel hy nie 'n lid van die NGK se amptelike afvaardiging was nie, het prof. Willie Jonker in reaksie op Tutu se uitnodiging gereageer deur te verklaar: "Ek bely voor u en voor die Here nie net my eie sonde en skuld, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, maatskaplike, ekonomiese en strukturele onregte wat teenoor baie van u gepleeg is en die gevolge waarvan u en ons

128 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van ...*, p. 55.
129 J. Allen, *Rabble-rouser for peace. The authorized biography of Desmond Tutu*, p. 342.

hele land nog onder ly nie, maar plaasvervangend – waag ek dit ook om dit in die naam van die NGK te doen waarvan ek 'n lidmaat is, en namens die Afrikanervolk in sy geheel".[130]

Ten spyte van die kritiek wat op die skuldbelydenis van prof. Jonker van beide anti-apartheidsaktiviste sowel as apartheid-bittereinders gevolg het, sal die Rustenburg-konferensie altyd as 'n inspirerende gebeurtenis onthou word. Dit verg besonderse leierskap om foute te erken, maar dieselfde geld ook by die aanvaarding van so 'n skuldbelydenis. Terwyl sommige Afrikaners moontlik tereg gevoel het dat prof. Jonker se skuldbelydenis nie álle Afrikaners verteenwoordig nie, het sommige kerkleiers aan die ander kant van die spektrum gevoel dat die skuldbelydenis slegs 'n seremoniële gebeurtenis sonder veel praktiese waarde was. Dit was veral verteenwoordigers van die NGSK wat nie vir die skuldbelydenis te vinde was nie, onder meer die voormalige NGK-predikant prof. Nico Smith.[131]

Die feit dat 'n leiersfiguur van die NGK egter die vrymoedigheid gehad het om 'n belydenis van só 'n aard te kon maak, spreek boekdele van die lang pad wat die NGK in minder as 'n dekade gestap het. Oor die opregtheid van die belydenis kan waarlik eindeloos gedebatteer word, veral in ag genome dat die belydenis namens die Afrikaners en die NGK in geheel gemaak is. Oor die sin van staatmanskap wat tydens die geleentheid geopenbaar is, kan daar egter nie veel verskil word nie. Tutu het enkele oomblikke na afloop van die belydenis die mikrofoon geneem en gesê dat vergifnis, volgens die wyse hoe hý die Christelike geloof verstaan, nie slegs die plig van 'n Christen is nie maar die wil van God vir mense is.[132] Dit was, soos wat dikwels in die geskiedenis al gebeur het, 'n rare moment waartydens mense vir 'n oomblik kon vergeet van eiebelang en vir 'n wyle deur 'n groter werklikheid van Christelike eenheid en nasieskap meegevoer kon raak.

Vir sommige blanke Afrikaners wat hulle lewens daaraan gewy het om die apartheidsbeleid te laat slaag, was Jonker se skuldbelydenis egter een té veel. Van die

---

130 Anon, "Die sonde van apartheid – Dit is wat die NG Kerk besluit en bely het" in *Beeld*, 16.11.1990, p. 7.
131 Jonker, pp. 206-207.
132 *Ibid.*, p. 205.

prominente leiers wat Jonker oor die kole gehaal het vir sy belydenis, was Jaap Marais (HNP-leier) en die leier van die amptelike opposisie, dr. Andries Treurnicht. Die feit dat die skuldbelydenis in dieselfde jaar plaasgevind het as wat die vryheidsbeweging ontban is, het opnuut die verwyte die ronde laat doen dat die NGK slegs die NP se beleid bevorder.[133] Ook gewone lidmate het van hulle laat hoor. Baie lidmate het hulle leiers direk gekonfronteer weens hulle ontevredenheid. Daar was egter ook verligting en dankbaarheid onder verskeie Afrikaners oor die stap wat deur prof. Jonker geneem is.[134] Dit is duidelik dat baie blanke Afrikaners nie ten gunste van so 'n verklaring was nie, wat dit des te meer manmoedig van prof. Jonker gemaak het om op te staan vir dit waaraan hy geglo het reg was, ongeag wat sy kritici daaroor te sê het – 'n eienskap van ware leierskap. Die Kerk het na vele dekades toegegee dat die apartheidsbeleid géén skriftuurlike basis bevat nie en dat dit verkeerd was van die Kerk om só 'n beleid te kon goedpraat, veral met die Bybel onder die arm. Hierdie stand van sake het dit vir die eerste keer in baie jare vir leiers in die NGK moontlik gemaak om uit te reik en die behoeftes van meer as net hulle eie lidmate aan te spreek.

Ten spyte van die dramatiese gebeure tydens die Rustenburg-konferensie het die NGK se standpunt rondom die apartheidvraagstuk dié kerk egter stééds verhoed om aan die verwagtinge van verskeie kritici daarvan te voldoen. Die gebeure by dié konferensie was, met die uitsondering van prof. Jonker se skuldbelydenis, kenmerkend aan 'n patroon wat dikwels in die NGK herhaal het. Die Kerk het ook tydens dié geleentheid nie apartheid as 'n sonde veroordeel nie en kon daarom nie die verklaring wat tydens die konferensie deur die meeste van die verteenwoordigers onderskryf is, ongekwalifiseerd steun nie.[135]

Die NGK sou egter gedurende die post-apartheidsera steeds deur die spoke van apartheid geteister word. In sy verklaring rakende die AS van 1990 en die daaropvolgende Rustenburg-kerkberaad het die ASK van die NGK hom teen Desember 1990 soos volg uitspreek: "Die Algemene Sinode het daarop gewys dat daar ook eerlike en opregte bedoelings ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisie was, en dat dit onbillik sou wees om alles wat binne die

---

133 J. Loader, "Groot dilemma ... kerklike standpunte staan binne partypolitiek in *Beeld*, 20.11.1990, p. 10.

134 Anon, "Gróót woelinge in NGK oor belydenis" in *Vrye Weekblad*, 16.11.1990, p. 18.

135 Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode, *Die verhaal van* ..., pp. 55-56.

politieke bestel van apartheid plaasgevind het as verkeerd en sleg te bestempel ... In sy belydenis oor apartheid, het prof. Jonker hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep, ofskoon hy nie die hele verband van die sinode se besluite vermeld het nie".[136] Met hierdie stap het die NGK twee dinge bereik. Dit het stilswyend prof. Jonker se belydenis goedgekeur deur dit nié te kritiseer nie, maar dit het ook bevestig dat die NGK geensins gereed is om die apartheidsbeleid in alle opsigte te verwerp nie. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe die NGK, net soos die regering gedurende die tydperk 1980-1990, nie bereid was om ondubbelsinnig 'n koers van óf revolusionêre leiding óf reaksionêre leiding aan die blanke Afrikaners te bied nie. Dit is hierdie stand van sake wat nie net die NGK nie, maar ook groot getalle van die Kerk se lidmate in 'n identiteitskrisis laat dompel het.[137]

## 15. PROGRESSIEWE EN REAKSIONÊRE FIGURE IN DIE NGK

Alhoewel die NGK as 'n instelling ten nouste betrokke by die ontwikkeling en die instandhouding van die apartheidsbeleid was, weerspieël 'n studie van leiersfigure binne die Kerk in 'n groot mate die uiteenlopendheid van Afrikaner-denke oor baie dekades. Die bekendste figuur in terme van kerklike verset is ongetwyfeld Beyers Naudé,[138] wat gedurende die jare van die Rivonia-verhoor reeds felle kritiek teen die apartheidsbeleid gelewer het. Akademici soos Bennie Keet en Ben Marais het reeds gedurende die 1950's hul bedenkinge oor die Bybelse grondslae vir die apartheidsbeleid bekend gemaak.

Die praktiese onuitvoerbaarheid van die apartheidsbeleid was op die lange duur die belangrikste rede waarom dit nie kon slaag nie. Tog het talle blanke Afrikaners onverbiddelik aan die uitvoerbaarheid van dié beleid bly glo. Gedurende die 1980's was 'verligtes' egter deurslaggewend op alle terreine van die blanke Afrikaners se openbare lewe. Die NP was immers aan die stuur en verandering was hoog op die agenda. In die geheel beskou, was die NGK traag om met die realiteite van Suid-Afrika te versoen.

---

136 Anon, "Rustigheid in NG Kerk ná verklaring van die Algemene Sinodale Kommissie" in *Kerkbode*, 14.12.1990, p. 1.

137 R. Greef, "Ondersoek NG lidmate in opstand" in *De Kat*, Julie 1990, p. 66.

138 Sien byvoorbeeld C.F.B. Naudé, *My land van hoop. Die lewe van Beyers Naudé*, Kaapstad, 1995. Die werk van Beyers Naudé word outomaties gekoppel aan die kerklike verset, maar word in die studie slegs in beperkte vorm aangebied, omdat Naudé reeds gedurende die 1960's met die NGK gebreek het en verskeie akademiese werke oor Beyers Naudé se rol in dié verband reeds verskyn het.

Individuele predikante binne die NGK het wel teen die *status quo* uitgepraat,[139] maar die formele NGK het gesukkel om die geleenthede aan te gryp. 'n Terugblik op van die enkele belangrikste figure skets die beeld van 'n verdeelde Kerk wat, veral vanweë die onenigheid wat bestaan het, gesukkel het om van die verlede afskeid te neem.

### 15.1 Die rol en invloed van prof. Johan Heyns

Gedurende die 1980's het 'n verskeidenheid van faktore daartoe meegewerk dat die NGK formeel van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid afskeid kon neem. Alhoewel die NGK lank na afloop van die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika steeds as 'n reaksionêre instelling beskou is, was dié kerk se afskeid in 1986 van die apartheidsbeleid as 'n Bybelse opdrag aan die mense van Suid-Afrika 'n dramatiese gebeurtenis wat 'n dekade tevore nie moontlik sou wees nie. Kritiese uitsprake teen die beleid van die regering deur leiers binne die Afrikanergemeenskap het gereeld aandag geniet. Hierdie stand van sake, sowel as die oorheersende 'verligte' stroming binne die NP en die AB wat ook 'n bepalende invloed op die NGK uitgeoefen het, het aan die dramatiese klemverskuiwings binne die NGK meegewerk.

Die belangrikste figuur in die NGK in hierdie tyd is ongetwyfeld die teoloog Johan Heyns, wat gedurende die 1980's as die moderator van die NGK gekies is. Alhoewel Heyns gedurende sy leeftyd dikwels as 'n liberale Afrikaner gestereotipeer is, was die teendeel eintlik waar van hom. As 'n historiese figuur is Heyns al in die verlede met oudpresident F.W. de Klerk vergelyk. Net soos De Klerk was Heyns ook 'n blanke Afrikaner wat die apartheidsbeleid gesteun het, maar uiteindelik by die hervorming daarvan betrokke geraak het.[140]

Prof. Heyns was sy lewe lank aan die NGK en die AB lojaal en waarskynlik dus ook aan die NP. Dit het hom in staat gestel om verandering van binne dié instellings te bewerkstellig. Ten tye van sy afsterwe was Heyns die vise-voorsitter van die AB – 'n rol

---

[139] Voorbeelde hiervan is Pieter Dumas, Herbie Brand en Lindo Pieters. A. Lake "Ds. Brand gaan die bul by die horings pak" in *Rapport*, 03.09.1989, p. 1; S. Sussens "Race row dominee fired" in *The Sunday Star*, 15.11.1987, p. 9; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met L. Pieters*, Bloemfontein, 08.07.2010.

[140] C. Rickard, "Obituary. Johan Heyns" in *Sunday Times*, 13.11.1994, p. 19.

wat hy te midde van felle kritiek blý speel het. Dit is waarskynlik Heyns se besonderse redenasievermoë wat hom gedurende 'n baie wispelturige termyn in staat gestel het om die NGK te lei. Heyns was een van die ondertekenaars van die Getuienis 1980. In 1979 is Heyns tot die moderatuur van die NGK verkies. Tydens die AS se sitting van 1982 het Heyns, tot groot ontsteltenis van konserwatiewe leiers in die NGK, beswaar teen die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet gemaak. Sy verkiesing as moderator van die Noord-Transvaal sinode in 1983 was 'n verrassing vir waarnemers vanweë Heyns se skynbare 'verligte' oortuigings. In 1986 is Heyns verkies tot moderator van die AS.[141]

Prof. Heyns het gedurende die 1980's die versinnebeelding van 'verligte' Afrikaners binne die NGK geword. Sommige waarnemers beweer dat sy invloed so bepalend was omdat hy, in teenstelling met byvoorbeeld Nico Smith, nie die NGK verlaat het nie. Na afloop van die AS in 1982 se sitting was prof. Heyns deel van die hersieningskommissie wat saamgestel is om die beleidstuk *Ras Volk en Nasie* te hersien. Dié kommissie was grootliks verdeeld oor die kwessie van skuldbelydenis, hoewel daar eenstemmigheid bestaan het oor die rol wat die NGK in die totstandkoming van die apartheidsbeleid gespeel het.[142]

Die hersieningskommissie se verdeeldheid kan geklassifiseer word as bestaande uit 'n reaksionêre groepering en 'n progressiewe groepering. Hierdie twee groeperinge kan beskryf word as die Heyns- en die Potgietergroep na aanleiding van die leiers wat die sterkste met 'n bepaalde groepering geassosieer was. 'n Belangrike figuur in die proses was prof. Carel Boshoff wat bekend was vir sy konserwatiewe politieke opvattings. Die kommissie se finale verslag sou uiteindelik aanleiding gee tot die beleidstuk KES, wat deur die AS in 1986 aanvaar is. Dit word algemeen aanvaar dat die Heyns-groep uiteindelik die kommissie se belangrikste insette gelewer het wat sou uitloop op die bekende AS van 1986 wat uiteindelik 'n skeuring in die NGK veroorsaak het. Tydens die AS is Heyns op verrassende wyse tot moderator verkies, waarna hy opgemerk het dat die AS aan ''n nuwe Suid-Afrika' moet help bou.[143] Vir reaksionêre figure binne die NGK

141 H. Serfontein, "The man who helped prise the NG Kerk away from apartheid" in *Business Day*, 07.11.1994, p. 10.
142 Williams, pp. 185-200.
143 *Ibid.*, pp. 191-210.

was hierdie ontwikkeling 'n geweldige terugslag en baie tyd en energie is daaraan spandeer om die besluite van die AS teen te werk.

Na afloop van die NGK se AS van 1986 het Heyns 'n belangrike rol daarin gespeel om die NGK se standpunt aan die wêreld oor te dra en dit te verdedig. Die NGK het steeds dikwels onder skoot gekom en is veral deur die NG-kerkfamilie, asook deur belangrike wêreldliggame soos die Wêreldraad van Kerke en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, gekritiseer. Ten spyte van die kritiek dat die NGK se beleidsdokument KES slegs 'n aangepaste weergawe van die RVN van 1974 was, het Heyns kritici probeer oortuig van die NGK se nuwe koers, 'n koers waarin hy vas geglo het.[144]

Te midde van felle kritiek van alle kante teen die NGK, was Heyns moderator van dié instelling. Dit het van hom 'n belangrike transisionele figuur gemaak. Hy was nie 'n radikale Afrikaner nie, hoewel hy te verlig na verkeie blanke Afrikaners se smaak was. Die kombinasie van die behoudende sowel as die toegeeflike, het veroorsaak dat hy 'n man was wat vertroue kon inboesem. Dit het ongetwyfeld bygedra tot sy verkiesing as moderator van die NGK. Sy termyn as moderator sal altyd herroep word as een van die mees stormagtigste eras in die geskiedenis van die NGK.

Na afloop van die NGK se aanvaarding van die beleidsdokument KES en die gevolglike ontstaan van die APK het Heyns toenemend onder doodsdreigemente gebuk gegaan. Hy sterf op 5 November 1994 in 'n sluipmoord. Mandela het Heyns na afloop van die moord as 'n 'soldaat vir vryheid' beskryf. Ten spyte van talle leidrade sowel as 'n beloning van R100 000 is die moord op Heyns nooit opgelos nie, maar volgens verskeie kenners, onder meer 'n forensiese profileerder, is die grootse waarskynlikheid dat prof. Heyns deur regse ekstremiste vermoor is.[145]

### 15.2 Die werk en invloed van prof. Nico Smith

"I must really say that I have never ever expected that what I was trying to do, the open letter and other things, will make a change to the Afrikaner society. I've mentioned it ...

---

144 M. Hartnack, "We've changed, NGK leader tells reformed synod" in *Business Day*, 08.06.1988, p. 3; I. van der Linde "Politieke ontvlugting nou in kerk te bespeur" in *Insig*, April 1990, p. 1.

145 C. Karsten, *Unsolved. No answers to heinous South African crimes*, pp. 60-72.

my aim was just to, to raise a prophetic voice for those that came behind us, that at least when they study history, that they will say well, at least the gospel cannot be silenced completely. There were people who raised a voice and said, it's wrong..."[146] – Nico Smith

Prof. Nico Smith was 'n teoloog wat 'n wye verskeidenheid van reaksies by waarnemers ontlok het. Hy was 'n protesfiguur binne sowel as buite die NGK. Smith het sy teologie prakties uitgeleef en deur sy optrede nie slegs die NGK nie, maar die samelewing as geheel uitgedaag. Deur sy optredes het Nico Smith nie net lof ontvang uit verkeie oorde nie, maar ook deur sy volharding in sy saak het hy respek by sy felste kritici afgedwing. Smith sal onthou word vir sy progressiewe denke wat hy op praktiese maniere probeer uitleef het.

Smith was vir baie jare 'n dosent aan die Universiteit Stellenbosch (US) se teologiese skool. Dit word algemeen aanvaar dat Smith weens sy betrokkenheid en lidmaatskap van die AB voorkeur behandeling by sy aanstelling as dosent ontvang het. Namate die reaksionêre invloed van die AB op die bedrywighede van die kweekskool vir hom duidelik geword het, het Smith ontnugter geword. Nadat lede van die AB verplig was om lojaliteit aan die NP te betoon, en die HNP in die proses af te sweer, het hy uiteindelik in 1973 uit die AB bedank. Volgens Smith was hy beswaard oor die feit dat die AB nie langer die belange van alle Afrikaners gedien het nie, maar hoofsaaklik die belange van die NP.[147]

Prof. Smith was bekend daarvoor dat hy die teologie meer prakties op die wêreld van toepassing wou maak. As dosent het hy ook die rol van die kerk in die politieke en sosiale sake van die dag benadruk. Dit was volgens Smith die taak van die kerk om uit te reik en nie te stagneer nie. Hierdie benadering wat hy gevolg het, kan as radikaal beskou word gegewe die tydperk waarin hy doseer het. Hoewel hy as dosent 'n invloedryke rol in die opleiding van teoloë gespeel het en sy radikale idees wyd aanklank by vele

---

146 W. Weisse en C. Anthonissen (reds.), "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Present challenges in the light of the past" in *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa*, CD 1, no. 4.

147 Smith, *Die Afrikaner-Broederbond ...*, pp. 181-207.

studente gevind het, was Smith uiteindelik ook iemand wat sy oortuiginge prakties wou uitleef. Dit is in daardie verband wat Smith voor sy grootste karaktertoets beland het.[148]

Gedurende Smith se tydperk as dosent het politici veral geworstel met die Kleurlingvraagstuk. Grootskaalse hervestigings het voorgekom. Families is uitmekaar geskeur en wonings vernietig. Dit was van die donkerste jare van die apartheidsera. Die verskuiwing van plakkers was 'n belangrike besprekingspunt van sommige studente aan die kweekskool. Na aanleiding van 'n voorstel deur een van Smith se studente, Benjamin Kock, is 'n studie in 1981 onderneem om die omstandighede van diegene wat deur die verskuiwings geraak is, te bepaal.[149]

Die studie het besigtigingstoere na plakkerskampe, onder meer in Langa en Gugulethu, behels. Die ondersoek het tot felle bespreking gelei en later na 'n besoek aan die Ciskei deur Smith uitgekring. Toe hy terugkeer is 'n onderhoud met die *Sunday Times* gevoer. Die onderhoud het Smith se beeld as 'n radikale figuur eens en vir altyd gevestig. Hoewel die radikaalste uitsprake nie deur Smith self gemaak is nie, is dit so in die media voorgestel.[150] Dit was uiteindelik hierdie ontwikkelinge en Smith se pogings om sy teologie toenemend meer en meer prakties uit te leef wat tot sy uiteindelike breuk met die NGK aanleiding sou gee.

Smith se rol in die gebeure het roeringe in die rustige Stellenbosch-omgewing veroorsaak. Hy het oornag verander van 'n onafhanklike denker na 'n struikelblok in die pad van nasionaliste, omdat daar 'n kousale verband tussen die situasie in die plakkerskampe en die beleid van die regering bestaan het. Smith is deur die dekaan van die fakulteit beveel om nie langer die situasie in die plakkerskampe tydens sy lesings te bespreek nie. Hieraan het hy gehoor gegee, maar in sy persoonlike hoedanigheid het Smith 'n verklaring uitgereik waarin hy die kwessie van trekarbeiders fel gekritiseer het en die Kerk aanbeveel het om uitspraak te lewer en ook trekarbeid te kritiseer. Dit het nasionaal opslae gemaak.[151]

---

148 De Saintonge, pp. 126-127.
149 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met B. Kock*, Colesberg, 20.09.2010.
150 *Ibid.*
151 De Saintonge, pp. 131–133.

Nico Smith het aan die Kerk 'n besondere uitdaging gestel wat verder as sy ondersoeke na die stand van nie-blankes in informele woonbuurte gestrek het. Smith se uittrede uit die AB het van hom 'n geïsoleerde man gemaak. Sy betrokkenheid by die publikasie van die boek *Storm-kompas*, sowel as sy rol in die 'Ope Brief' van 1982, het hom verder in ongewildheid laat verval.[152] Die tafel was gedek vir hernude konflik tussen Smith en die kweekskool.

Die 'Ope Brief' wat Smith onderteken het, was 'n belangrike gebeurtenis in sy loopbaan. In 'n bedankingsbrief aan al die ondertekenaars van dié brief, het Smith opgemerk dat "... niemand [eintlik] bedank hoef te word vir sy bereidheid om te teken nie. Dit was immers slegs 'n verantwoordelikheid wat ons teenoor die kerk van Christus waartoe ons genadiglik behoort, nagekom het. Elke ondertekenaar het sekerlik ook wel een of ander 'prys' betaal vir sy bereidheid. Ons vertrou dat niemand wat geteken het as gevolg van die 'prys' wat dit gekos het, enige berou oor sy handtekening ontwikkel het nie".[153] (Sien Bylae C.) Sy aktivisme was dus in 'n groot mate gebaseer op gewetensbesware oor die NGK waarvan hy in daardie stadium deel was.

Nico Smith het uiteindelik in 1982 amptelik sy bande met die NGK gebreek. In daardie jaar het Smith 'n beroep na 'n gemeente van die NGKA in die informele woonbuurt Mamelodi aanvaar. Op daardie wyse het Smith op 'n praktiese manier gedemonstreer wat Suid-Afrika op die langtermyn te doen staan. Hy het ook polities 'n rol probeer speel. In 1985 het hy gepoog om samesprekings met die ANC in Lusaka aan te knoop, maar die regering het dit verhoed. Hy was dus in vele opsigte sy tyd vooruit. Smith het in April 1994 'n belangrike rol in die samesmelting van die NGSK en die NGKA gespeel, maar het tot aan die einde van sy loopbaan 'n felle kritikus van die NGK gebly.[154] Dit het van hom 'n persoon gemaak wat geliefd sowel as gehaat was.

By sy afsterwe is Smith beskryf as 'n 'nodige doring' in die NGK se vlees. Die wyse waarop hy die veilige lewe van 'n akademikus in Stellenbosch opgegee het om sy teologiese oortuiginge prakties uit te leef, het geweldige gesag by sy tydgenote

---

152 Smith, *Die Afrikaner-Broederbond ...*, pp. 230-243.

153 B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, Januarie 1983" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

154 N. Jackson, "Nico Smith tree môre af en lewer afskeidspreek" in *Beeld*, 11.06.1994, p. 4.

afgedwing. Met sy uitsprake het Smith dikwels die leierskap van die NGK 'smoorkwaad' gelaat. Nico Smith se verwerping van die skuldbelydenis van Willie Jonker tydens die Rustenburg-beraad in 1990 was 'n enorme klap in die gesig van leiers en lede van die NGK.[155] Dit is onder meer as gevolg van hierdie gebeurtenis dat Smith tot en met sy afsterwe nooit volkome met die leierskap van die NGK versoen het nie.

### 15.3 Die rol van prof. Willie Jonker

Ten spyte van sy lang loopbaan waarin hy dikwels onder skoot van reaksionêre figure binne sowel as buite die NGK gekom het, sal prof. Willie Jonker waarskynlik die beste onthou word vir die dramatiese skuldbelydenis wat hy in 1990 in Rustenburg ten aanskoue van vele teoloë namens die NGK gemaak het en wat tydens die AS van die NGK van daardie jaar onderskryf is. Dit is 'n belydenis wat die blanke Afrikaners en hulle leiers verdeeld gelaat het, sommige selfs woedend, omdat dit op so kragtige spirituele wyse die blanke Afrikaners se apartheidsverlede as 'n teologiese mistasting beklemtoon het.[156]

Prof. Jonker is egter lank voor die Rustenburg-beraad gereken as 'n teoloog met 'n 'verligte' benadering tot politieke sake. Hy was egter geensins 'n radikale Afrikaner soos Nico Smith nie. Dit is trouens bekend dat Smith vir Jonker soms oor die kole gehaal het omdat eersgenoemde gemeen het dat Jonker homself nie genoeg van die besluite van die NGK gedistansieer het nie. Reeds in 1962 het Jonker kerkeenheid bepleit, 'n aandrang wat hom tóé reeds in ongewildheid laat verval het. Ten spyte van die kritiek teen sy standpunt het prof. Jonker gehou by sy oortuiging en aangehou om die strukturele eenheid van die NG-kerkfamilie te bepleit.[157]

Jonker was 'n sentrale figuur in die diskoers rondom die teologiese regverdiging van bepaalde apartheidswette en het in daardie verband 'n belangrike leierskaprol in die NGK vervul. In die vurige debatte wat tydens die Wes-Kaapse sinode van 1983 plaasgevind het, het prof. Jonker vurig gedebatteer teen die Bybelse regverdigbaarheid van die Ontugwet en die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike. Dit was 'n

---

155 F. Gaum, "Nico Smith was 'n nodige doring in NG vlees" in *Kerkbode*, 16.06.2010, p. 28.
156 F. Gaum, "Die lang reis van Cottesloe na Rustenburg" in *Kerkbode*, 16.11.1990, p. 6.
157 Jonker, pp. 144-161.

dramatiese sinode waartydens besluit is dat dié wette nie Skriftuurlik verdedig kon word nie.[158]

Hy het ook 'n belangrike invloed gehad op teoloë wat by die kweekskool in Stellenbosch opgelei is.[159] Hy het die mening gehuldig dat teoloë wat krities teenoor die apartheidsbeleid en rasseskeiding gestaan het, groter sukses sou behaal deur deel van die NGK te bly in plaas daarvan om die kerk te verlaat. Vir Jonker het sy posisie as dosent 'n ideale platform in hierdie verband gebied. Hoewel hy nie direk oor landsake in sy lesings gepraat het nie, het Jonker gepoog om studente te help om 'teologies korrek te dink'. Hy het dus subtiel te werk gegaan deur veral klem te plaas op die eenheid van die kerk, sowel as die kritiese noodsaaklikheid van naasteliefde in 'n veelrassige land.[160]

In 1985, 'n jaar voor die AS van 1986 wat die beleidstuk KES aanvaar het en wat uiteindelik gelei het tot die ontstaan van die APK, het prof. Jonker gewaarsku dat die NGK voor 'n kruispad gekom het. Hy het gewaarsku dat belangrike besluite vir die NGK voorlê en voorts gewaarsku dat die besluite wat geneem moes word die NGK onherroeplik gaan verander. Die NGK het in daardie stadium toenemend geïsoleerd geraak vanweë die Kerk se standpunt aangaande rasseverhoudinge en die saak het dringende aandag geverg indien die NGK daarop sou hoop om weer deur die nasionale en internasionale kerkgemeenskap aanvaar te word.[161]

Behalwe vir Jonker se dramatiese skuldbelydenis in 1990 asook sy akademiese loopbaan, sal hy waarskynlik ook veral daarvoor onthou word dat hy te midde van die frustrasies en uitdagings wat die NGK aan 'verligtes' gebied het sy lewe lank 'n lojale lid van die NGK gebly het. Jonker het nie soos baie van sy tydgenote die beleid van rasseskeiding as 'n Bybelse opdrag beskou nie maar waar die NGK dit so verwoord het, het hy nie die sinode se besluite direk gekonfronteer nie. Hy was eerder 'n leier wat die oortuiginge wat hy koester subtiel uitgeleef het, en sodoende 'n blywende impak op die NGK van binne die Kerk se eie geledere uitgeoefen.

---

158 Anon, "Sonde net sonde 'as God dit sê'" in *Die Burger*, 28.10.1983, p. 22.
159 B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met B. Kock*, Colesberg, 20.09.2010.
160 Jonker, p. 131; B.J. van der Merwe Privaatversameling, *Onderhoud met F. Wessels*, Belville, 16.08.2010.
161 S. Mosterd, "NGK at crossroads" in *Weekend Argus*, 21.09.1985, p. 7.

## 15.4 Die invloed van dr. Andries Treurnicht en prof. Carel Boshoff

Dr. Andries Treurnicht, leier van die amptelike opposisie gedurende die laat 1980's, het vir die NGK 'n groot bedreiging ingehou. As 'n voormalige predikant van die NGK en redakteur van die *Kerkbode* was Treurnicht 'n gerekende leier onder blanke Afrikaners. Hy is dikwels daarvan beskuldig dat hy partypolitieke oortuiging met godsdienstige oortuiging gemeng het. Hierdie verskynsel het waarskynlik beide tot Treurnicht se voordeel sowél as sy nadeel gewerk.[162]

In 1986, na afloop van die AS van die NGK waartydens dié kerk besluit het dat geen gemeente voortaan persone van kleur toegang tot kerkgeboue of dienste mag weier nie, het dr. Treurnicht skerp gereageer op die NGK se besluite. Hy het in reaksie 'n skryfstuk aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gestuur. Daarin het dr. Treurnicht die besluite rakende 'ope'-lidmaatskap van die NGK gekritiseer, asook die gedagte van strukturele eenheid. Hierdie kritiek het hy opgevolg met 'n brief aan die *Kerkbode* waarin hy 'n hersiening van die NGK se beleidsdokument KES bepleit het.[163]

Daar was dus 'n duidelike poging van die opposisie se kant af om die beleid van 'n bepaalde party binne die strukture van die NGK te bevorder. Die leierskap van die NGK het egter by sy besluite gestaan. Dr. Treurnicht het nie sy lidmaatskap van die NGK opgeskort nie, hoewel hy in 'n gespanne verhouding met die leierskap en talle van die 'verligte' lidmate van die NGK gestaan het. Só gespanne was die verhouding tussen Treurnicht en die Kerk, dat die teoloog Kobus Potgieter na afloop van die stigting van die APK opgemerk het dat "as Treurnicht na die APK toe sou gaan, gaan die hele KP saam met hom".[164]

Dr. Treurnicht se stryd met die NGK het lank na afloop van die sinode van 1986 voortgeduur. Weens sy spesifieke benadering het sy botsings met die NGK hom waarskynlik op die lange duur polities meer skade aangedoen as wat dit 'n positiewe

162 Ries en Dommisse, pp. 175-177; B. Mthombothi, "Soulless monster stumbles" in *The Star*, 05.03.1988, p. 10.
163 Williams, p. 226.
164 *Ibid.*

effek op sy loopbaan as politikus gehad het. Sy uitdagende houding teenoor die NGK en sy oortuiging van sy saak het waarskynlik ook sy volgelinge beïndruk, maar dr. Treurnicht het soms voorgekom asof hy nie die gesag van die Kerk wil aanvaar nie. Hy het mettertyd die NGK openlik aangemoedig om hom, vanweë sy en sy volgelinge se politieke beleid van rasseskeiding op alle terreine van die menslike lewe, onder kerklike tug te plaas. Dit was 'n bitter stryd waarin niemand wou kopgee nie. Dit was ook, soos wat sommige waarnemers opgemerk het, geensins 'n teologiese debat nie, maar 'n politieke debat, omdat die NGK sinvolle teologiese argumente kon aanvoer vir die nuwe koers wat dit ingeneem het.[165]

Die NGK se leierskap het geweier om dr. Treurnicht of enige lede van die KP onder kerklike tug te plaas op grond van hulle ondersteuning van die apartheidsbeleid. Die doel van kerklike tug, so is daar geargumenteer, is nie om lidmate te straf nie. Dit is eerder 'n liefdeshandeling met die oog daarop om 'n lidmaat wat van die regte koers afgedwaal het, terug daarop te kry. Daarom sou pogings van die Kerk om lidmate onder tug te plaas vanweë hul politieke oortuiging in daardie stadium misluk, omdat dit nie die gewenste uitwerking van wedersydse begrip sou bevorder nie.[166] Dr. Treurnicht was dus 'n belangrike kritikus van die NGK se beleidstuk KES en vanweë sy politieke mag as leier van die KP was hy waarskynlik ook die gewigtigste én mees omstrede. Hoewel Treurnicht 'n voormalige predikant van die NGK was, was hy egter teen 1986 'n gewone lidmaat.

'n Ander leier wat ook intiem betrokke by die NGK in daardie stadium was, is prof. Carel Boshoff. Benewens sy betrokkenheid by die opstel van KES, was prof. Boshoff ook 'n bekende akademikus en hoogleraar in die sendingwetenskap. Hy was verbonde aan die Universiteit van Pretoria, wat naas Stellenbosch die belangrikste kweekskool vir teoloë van die NGK opgelewer het.[167]

---

165 N. Jackson, "ASK wil gesprek met APT hervat" in *Beeld*, 07.11.1991, p. 4; A. Mische, "Treurnicht gaan nie kopgee ... en NGK bly by sy apartheidsoordeel" in *Rapport*, 27.10.1991, p. 2.

166 N. Jackson, "APT 'moet van beter weet'. Lidmate wat apartheid steun is 'die slegte skuld van die kerk" in *Beeld*, 19.10.1991, p. 2.

167 Anon, "Boshoff-aanbeveling verwerp" in *Die Burger*, 22.10.1986, p. 5.

Ten spyte van sy eie rol in die samestelling van KES was prof. Boshoff in eie reg 'n belangrike kritikus van dié dokument. Boshoff is bekend daarvoor dat hy die blanke Afrikaners se regte as 'n minderheidsgroep gepropageer het op grond waarvan hy algehele rasseskeiding bepleit het. Met die aanvaarding van die beleidsdokument KES het die NGK effektief die noodsaaklikheid van die skeiding van rasse verwerp, wat aanleiding tot Boshoff se kritiek teen KES gegee het. Ook Boshoff is daarvan beskuldig dat hy 'n politieke agenda in die NGK probeer bevorder.[168]

Boshoff se worsteling met die NGK was uiteindelik ook dramaties met die totstandkoming van die NG Bond. Pogings om die NGK van koers te laat verander, was egter futiel. Hoewel die NGK in praktyk nog 'n volkskerk was, het die veranderinge in Suid-Afrika meegewerk om dié kerk in sy amptelike hoedanigheid die uitgesproke eensgesindheid met die apartheidsbeleid te laat vaar. Vir konserwatiewe leiers in die NGK was dit belangrik om hierdie ontwikkeling van binne die NGK teen te werk. Die APK, wat in reaksie op die NGK se aanvaarding van KES afgestig en steeds die skeiding van rasse as 'n Bybelse opdrag verkondig het, het ten spyte van sy dramatiese ontstaan slegs 'n minderheid van blanke Afrikaners verteenwoordig het.[169]

## 16. DIE NGK IN SUID-AFRIKA SEDERT 1990

Vir die NGK was die ontbanning van die vryheidsvegters en die uiteindelike geboorte van die 'nuwe Suid-Afrika' in 1994 nie die einde van die uitdagings wat die nalatenskap van die apartheidsbeleid aan die Kerk gebied het nie. Behalwe vir die pynlike besef dat die Kerk 'n beeld van God verkondig het met geen ware erkende basis in die Bybel nie, het die kwessie van strukturele kerkeenheid 'n verleentheid geword omdat kerkherenigingsprosesse telkens misluk en sodoende die beeld uitstraal van 'n instelling wat nog nie waarlik van die verlede afskeid geneem het nie.

Alhoewel die veranderinge wat in Suid-Afrika se politieke verdeling gedurende die periode onder bespreking plaasgevind het geensins revolusionêr was nie, was oorgang in Suid-Afrika van 'n minderheidsregering na 'n demokrasie internasionaal as 'n

[168] *Ibid.*
[169] Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Kerkspieël IV. Verslag van die vierde wetenskaplike opname van die Ned. Geref. Kerk in Maart 1993 in opdrag van die Algemene Sinode*, pp. 9-11.

revolusionêre manier van konflikhantering beskou waar leiers bewustelik besluit het om die onbekende op gelyke voet te betree. Die NGK het in die proses 'n evolusionêre maar noodsaaklike uitwerking op blanke Afrikaners se denke uitgeoefen.[170] Die feit dat die NGK egter die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid moes laat vaar, het veroorsaak dat dit 'n groot mate van gesag ingeboet het.

Die NGK het gedurende post-apartheid Suid-Afrika voortgegaan om 'n klein maar substansiële invloed op blanke Afrikaners uit te oefen. Soos in die verlede word die Kerk steeds gekenmerk aan gematigde leiers wat grootliks nie dramatiese uitsprake oor die aard van Suid-Afrika se samelewing lewer nie. Die onvermoë van die Kerk om die proses van kerkhereniging te laat slaag, wek die indruk dat die leierskap daarvan waarskynlik steeds grotendeels gematig op die politieke spektrum staan, maar nie gemaklik is met algehele integrasie nie. Verskeie ander faktore speel egter ook 'n rol by kerkhereniging, soos die teologiese gewig van die Belhar-belydenis. Die meer konserwatiewe aard van die NGK kan dus nie die enigste faktor wees wat die proses van kerkhereniging in die wiele ry nie, hoewel dit soms voorkom of 'n faktor soos die Belhar-belydenis as 'n verskoning gebruik word om nie te herenig nie.

## 17. EVALUERING

Gedurende die 1980's het die NP-regering hervormings aan die apartheidsbeleid aangebring. Die regering het egter geweier om dié beleid totaal te hervorm deur polities steeds aan die mag vas te klou. Die gevolg was groeiende politieke onstabiliteit en die regering het deur middel van 'n reeks noodtoestande gesag afgedwing. Dit is in hierdie tyd dat die noue band wat tussen die NGK en die regering van die dag bestaan het, begin verbrokkel het. Alhoewel dit mag voorkom of die NGK die regering in vele opsigte nagepraat het deur veranderinge binne die Kerk aan te bring in reaksie op die regering se beleidsveranderinge, het die regering en die NGK se oogmerke begin verander in die sin dat beide eksklusiewe blanke Afrikaner-belange toenemend meer opsy geskuif het.

---

[170] Sien byvoorbeeld D.Welsh, *The rise and fall of apartheid*, Jeppestown, 2009 aangaande die invloed van evolusionêre pro-hervormde denke van blanke Afrikaners op die totstandkoming van demokrasie in Suid-Afrika.

Die NGK se koersverandering, hoe minimaal dit ook al was, het teen 'n prys gekom. Vir duisende NGK-lidmate wat hulle lewens op so 'n wyse ingerig het dat apartheid moes slaag, en boonop in die vertroue geleef het dat hulle lewenswyses op Bybelse waardes berus en dus die goedkeuring van God wegdra, was die koersverandering van die NGK eenvoudig onaanvaarbaar. Die NGK het in die proses noemenswaardige legitimiteit verloor wat tot op hede steeds by die Kerk bly spook. Belangrike vrae wat in hierdie verband gevra kan word, is hoekom die NGK eers 26 jaar ná die Cottesloe-beraad sy deure onvoorwaardelik oopgemaak het vir mense van alle rasse en wat sou gebeur het indien die NGK die aanbevelings van die beraad aanvaar het?

Dit is onwaar dat die leierskap en die lidmate van die NGK in hulle kapasiteit as Christene die situasie in Suid-Afrika stilswyend aanvaar het. Dit is wel so dat die NGK in die 1980's 'n hoogs verdeelde instelling geword het. Die polarisasie binne die NP sowel as skeuring van die party en die daaropvolgende totstandkoming van die KP het tot die verdeeldheid binne die NGK meegewerk. Alhoewel beide die partye se ondersteuners in hierdie jare nie te vinde was vir algehele magsoorgawe nie, was die grootliks gedeelde toekomsvisie van die blanke Afrikaners daarmee heen. Polities was hierdie ontwikkelinge pynlik, maar dit was veral in die NGK waar die onenigheid 'n bittere nasmaak sou laat.

Vir die NGK was daar, net soos vir die regering, uiteindelik geen ander opsie as om hulle steun aan die apartheidsbeleid te laat vaar nie. In die proses het die NGK in die geheel nie daarin geslaag om duidelike ongekwalifiseerde leiding aan dié instelling se lidmate te verskaf nie. Hoewel die apartheidsbeleid soos wat die NGK dit vroeg in die 20ste eeu help ontwikkel het, verskil het van die manier hoe die apartheidsbeleid in later jare toegepas is, het die NGK deurlopend min kritiese geluide laat hoor. Weens die NGK se isolasie en die politieke druk wat op die Kerk bestaan het, het dié kerk die aansporing van hulle mede-gelowiges plaaslik sowel as internasionaal om die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid te laat vaar, vir baie jare geïgnoreer.

# HOOFSTUK 5

# EVALUERING

Die doel van hierdie studie is om die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrka (NGK) en die apartheidsbeleid te ondersoek. Die studie toon duidelik aan hoe die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika gedurende die 1980's die NGK beïnvloed het. Daar is gefokus op die pynlike proses waarvolgens die NGK van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid moes afstand doen. Daar is ook gefokus op leiersfigure binne die NGK wat die proses om die teologiese regverdiging van apartheid te laat vaar, verdedig het, sowél as op figure wat die proses wou ontspoor. In 'n poging om die rol van die NGK in Suid-Afrika beter te begryp, is dit noodsaaklik om op die volgende te let.

Die leefwêreld van die moderne Christen staan in skrille kontras met dié van antieke en Middeleeuse Christene. Die ontploffing in kennis van die natuurwetenskappe, wat tot so baie tegnologiese en medisinale ontwikkelinge en geleenthede gelei het, het ook 'n striemende effek op die spiritualiteit van talle Christene uitgeoefen. Die wetenskap het vir baie Christene 'n simbool van 'n vreesaanjaende gedagte geword, naamlik dat die mensdom uiteindelik alleen is en dat die buite-sintuiglike 'n konseptuele fantasievlug is met geen wettige aanspraak in die dag-tot-dag bestaan van mense nie. Die groot uitdaging in verband met spiritualiteit in verhouding tot moderne mense is die verskynsel dat godsdiens dikwels gemoeid is met finale antwoorde oor die aard van die menslike toestand en die doel agter menslike bestaan. Teenoor godsdienstige beskouing staan die wetenskaplike interpretasie van die wêreld dikwels in konflik met godsdiens, omdat finale gevolgtrekkings grootliks ongehoord is in wetenskaplike metodes van kennisgenerering waar die moontlikheid van veranderlike faktore altyd in gedagte gehou moet word.

Aan die einde van die 20ste eeu kon 'n sterk filosofiese saak egter uitgemaak word deur te argumenteer dat die wetenskap die mensdom in verskeie opsigte gefaal het. Die

bedreiging van kernwapens[1] het toe 'n daaglikse realiteit vir mense wêreldwyd geword. Hongersnood[2] kom wydverspreid voor, veral in Derdewêreldlande. Natuurrampe kon slegs gedeeltelik deur menslike ingryping verlig word. Selfs diegene wat gelukkig genoeg was om die vrugte van die wetenskap te pluk, is gekonfronteer met die skynbare 'leegheid' van die heelal.[3]

Die 'mislukking' van die wetenskaplike metode ter bevordering van kennis, veral met die oog op die verbetering van die materiële welstand van alle mense, is 'n belangrike faktor wat die spirituele hoop van groot getalle gelowiges, en veral Christene, lewendig hou. So ook speel Christene se kulturele erfenis 'n rol in die voortbestaan van die Christelike geloof. Christene is bewus daarvan dat hulle aardse bestaan die resultaat van hulle voorouers se besluite is, voorouers wat skynbaar ten diepste van God se werking in hulle eie lewens asook oorlewing bewus was.

In hierdie studie is nie gepoog om die waarheidsaansprake van godsdiens in die algemeen en die Christelike geloof in besonder te bevraagteken nie. Die studie is 'n poging om aan te dui in welke mate gemeenskappe se geloof in God praktiese implikasies inhou vir die wyse waarop selforganisasie in samelewings plaasvind, al dan nie. Aan die hand daarvan word die vraag gestel: Speel godsdiens 'n wesenlike rol in die politiek van 'n streek/land?

Alhoewel elke politieke aktiwiteit op meriete beoordeel moet word, is daar in hierdie studie aangetoon dat 'n kousale verband bestaan tussen politieke en spirituele ontwikkeling. Persone wat hulself bemoei met die teologie word gewoonlik outomaties, as gevolg van hulle skynbare intieme kennis van God en die wil van God vir die mense,

---

1 Volgens een berekening is militêre konflikte verantwoordelik vir 4,4%, of nagenoeg 2400 000 000 000 Amerikaanse dollars, van die wêreldekonomie. Die totale begroting van die VN is gelykstaande aan slegs 1,8% van die totale begroting van regerings wêreldwyd aan militêre aktiwiteite. A. Shah, "World military spending", <http://www.globalissues.org/article/75/world-military-spending>, 13.09.2009.

2 Volgens berekeninge van die VN se wêreldvoedselprogram lei hongersnood en toestande verwant daaraan tot die dood van een kind onder die ouderdom van vyf jaar elke ses sekondes op aarde. Meer as 60% van die wêreld se ongeveer 1000 000 000 kroniese honger mense op aarde is vroue. World food programme, "Hunger stats", <http://www.wfp.org/hunger/stats?gclid=CMHA142i3Z8CFZBb4wodWXGlGw>, *s.a.*

3 Die Franse digter Paul Vallery het na bewering verklaar dat God die wêreld uit niks (*ex nihilo*) geskep het, maar dat die 'niksheid' in alle materie sigbaar is. The quotations page, "Quotation details", <http://www.quotationspage.com/quote/941.html>, *s.a.*

as leiersfigure in verskeie samelewings beskou. Godsdienstige eensgesindheid is voorts bevorderlik vir die politieke samehorigheid van 'n bepaalde groep wat 'n bepaalde geloof aanhang. Godsdiens beïnvloed mense se dag-tot-dag besluite en gedrag, maar terselfdertyd word godsdienste ook deur die lewensbeskouing van die aanhangers van 'n bepaalde godsdiens beïnvloed.

In die geval van die NGK is dit duidelik dat die unieke geloofsoortuiging wat deur die leierskap van die NGK ontwerp is, naamlik dat die apartheidsbeleid op Bybelse waardes berus, nie slegs blanke Afrikaners se spirituele eensgesindheid in die algemeen bevorder het nie, maar ook hulle politieke eensgesindheid. Godsdiens kan dus 'n bepalende invloed hê op die manier waarop gemeenskappe en individue hulself orden. Godsdiens speel 'n rol in die kollektiewe besluitneming van gemeenskappe, asook in die wyse waarop mense daardie besluite wat hulle geneem het prakties uitleef en in stand hou. Daarvan spreek die NGK en die ontstaan van die apartheidsbeleid gedurende die 1930's en 1940's in Suid-Afrika boekdele.

Alhoewel die geneigdheid tot rassepolarisasie, diskriminasie op grond van ras, onafhanklike ontwikkeling en gevolglik rasseskeiding 'n baie ou verskynsel in die Suid-Afrikaanse politieke, sosiale en maatskaplike ontwikkeling is, het apartheid gedurende die 20ste eeu tot 'n unieke rasse-ideologie in Suid-Afrika ontwikkel. Voorheen, dit wil sê sedert die vestiging van blanke setlaars in die Kaapkolonie in 1652, was die proses waarvolgens rasse geskei is 'n meer natuurlike proses as gedurende veral die tweede helfte van die 20ste eeu. Dit het meegebring dat kontak tussen blank en nie-blank, hetsy op sosiale, kerklike en selfs seksuele vlak, geensins ongewoon was nie. Selfs huwelike tussen blankes en nie-blankes het algemeen voorgekom voordat dit stelselmatig 'n taboe onder blanke Afrikaners geword het.

Aanvanklik het die blanke setlaars dus geen fiksasie met ras getoon nie. Vir hierdie mense wat die voorouers van die Afrikaners is en waarvan die meeste Nederland as hulle ware moederland gekoester het, was ras grootliks nie 'n bepalende faktor in hul politieke oortuiging nie. Van veel groter belang was 'n persoon se kulturele agtergrond en by name die godsdienstige aktiwiteit van 'n persoon. Vir hierdie beoordeling is die Christelike geloof soos wat die setlaars dit in daardie stadium geken het, as norm gebruik. Voldoen 'n persoon aan die standaarde wat die gemeenskap gestel het om as 'n

‘Christen’ te kwalifiseer, dan is jy as ‘n gelyke beskou, ongeag jou kleur of herkoms. Hierdie kwalifikasie het intiem saamgehang met ‘n persoon se kennis van die Bybel, asook die persoon se deelname aan kerklike aktiwiteite.

Namate blanke Afrikaners ‘n eie identiteit as volk en ‘n onafhanklikheidstrewe begin ontwikkel het, het die meeste setlaars se sieninge rondom ras ook verander. Dit was reeds met die Groot Trek van 1838 duidelik dat sommige families ongelukkig oor die ‘gelykstelling’ van alle rasse deur die Britse owerhede was en dat dié rede een van verskeie redes was wat aangevoer is om die Groot Trek te regverdig.

Suid-Afrika is gedurende die 19de eeu gevorm. Ekonomiese ontwikkelinge soos die ontdekking van diamante, maar verál die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, het stede soos Kimberley en Johannesburg oornag laat opskiet. Die gebied wat vandag Suid-Afrika heet, het oornag getransformeer van ‘n streek met landbou as primêre bron van ekonomiese aktiwiteit na ‘n geïndustrialiseerde land met mynbou as die nommer een bron van inkomste. Meer as ooit tevore het die blanke en nie-blanke inwoners van Suid-Afrika se lewens ekonomies van mekaar begin afhang. Suid-Afrika was ‘n bron van goedkoop swart arbeid en hierdie stand van sake is uitgebuit.

Blanke Engelssprekende Suid-Afrikaners het ekonomies die meeste by die *status quo* van die tyd gebaat. Blanke Afrikaners was as ‘n reël swak geskoolde landbouers en grondeienaars. Die ekonomiese ontwikkelinge het die skeiding van rasse aangehelp. Britse amptenare in die kolonie Natal het die eerste wette wat rasse sou skei deur die parlement gejaag. Die NGK het egter vroeg reeds meegewerk om die skeiding van rasse in Suid-Afrika te normaliseer toe die Algemene Sinode (AS) van die NGK in 1859 beslis het dat aparte geboue vir anderskleuriges in gebruik geneem moes word waar ‘die swakheid van sommige’, met ander woorde rassisme, gemeenskaplike aanbidding ontwrig.

In die proses het daar uiteindelik verskillende afsonderlike kerke ontstaan vir verskillende rasse en wat mettertyd as die NG-kerkfamilie bekend sou staan. Die eerste van hierdie ‘dogterkerke’ wat ontstaan het, is die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) wat in 1881 tot stand gekom het en dié mense bedien het wat in die algemene spreektaal as Kleurlinge bekendstaan. Daar het ook kerke ontstaan vir swart mense, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA), asook vir

Indiërs in die vorm van die Reformed Church in Africa (RCA). Alhoewel lidmaatskap van blanke kerke dus beperk was, is daar geredeneer dat daar egter steeds aan alle bevolkingsgroepe se geestelike behoeftes binne die groter NGK voorsien word waarvolgens elke groep in sy eie taal en kulturele gebruike dieselfde God aanbid.

Gedurende die 20ste eeu het Afrikanernasionalisme voortgeleef en sou blanke Afrikaners uiteindelik Suid-Afrika polities beheer deur middel van 'n beleid wat in die algemene spreektaal as 'apartheid' bekend sou word. Die apartheidsbeleid, hoewel dit as 'n selfstandige ideologie getipeer word, het verskil van een generasie na die volgende in die toepassing daarvan. Die NGK was ten nouste betrokke by die ontwikkeling van die apartheidsbeleid as deel van dié kerk se pogings om die 'armblankevraagstuk' van die 1930's op te los. Leiers van die NGK het, as deel van die oplossing van die grootskaalse armoede onder Afrikaners, by die regering aangedring op die algehele skeiding van rasse in 'n poging om die skynbare dalende lewenskwaliteit van blanke Afrikaners teen te werk.

Die ontwikkeling van 'n teologie wat die politieke beleidsrigtings van die Nasionale Party (NP) gesteun het, was 'n kunsmatige proses. Dit was 'n verbreking van 'n eeue oue tradisie binne die Kerk waar ras geen bepalende rol gespeel het in die wyse hoe die Kerk in die wêreld gefunksioneer het nie. Die teologiese oortuiging wat onder talle blanke Afrikaners se leiersfigure posgevat het, dat rasse in isolasie moes leef, is die resultaat van 'n kombinasie van faktore waaronder die belangrikste waarskynlik die armblanke-vraagstuk. Suid-Afrika is dus duidelik 'n geval waar 'n bepaalde spirituele interpretasie op die ekonomiese ontwikkelinge in die streek gevolg het en sou beleidstoepassings gemaak word op grond van politieke besluite in die land en nie op Bybelse regverdiging nie. Wat eens as 'die swakheid van sommige' beskryf is, sou mettertyd ontwikkel tot wat as die 'swakheid van die meerdere' ervaar is, naamlik selfverryking en onderdrukking in die naam van volkseie ontwikkeling.

In 1948 het die NP onder leiding van dr. D.F. Malan gehoor aan die eise van onder meer die NGK gegee en 'n reeks wette ingevoer wat dit ten doel gehad het om elke aspek van mense se interaksie met persone van ander rasse as blankes te beheer. Hierdie ontwikkeling het Suid-Afrika onherroeplik verander en 'n era ingelui wat uiteindelik op 'n fiksasie met ras uitgeloop het en waarvan die land nooit weer waarlik sou herstel nie.

Apartheid het egter selfs méér implikasies as menslike interras-interaksie ingehou. Die beleid sou uiteindelik bepaal waar 'n individu mag woon en werk en waar nie.

Daar was uit die staanspoor opposisie teen die apartheidsbeleid onder Afrikaners. Sommige akademici soos proff. Ben Marais en Bennie Keet het die teologiese rasionaal agter die beleid krities bevraagteken. Leiers van die Verenigde Party (VP) was ook nie ondersteuners van die apartheidsbeleid nie. Die African National Congress (ANC), wat sedert sy ontstaan in 1912 in Bloemfontein aanvanklik 'n veldtog van vreedsame verset teen die algemene tendens van rassediskriminasie en aparte ontwikkeling in Suid-Afrika gevoer het, is deur die regering onderdruk toe die aktiwiteite van onder andere Nelson Mandela en die militêre arm van die ANC, Umkhonto we Sizwe (MK), aan die lig gekom het.

Onder die leierskap van dr. Hendrik Verwoerd is 'n 'nuwe soort' apartheid ontwikkel waarvolgens die nasionale identiteit van spesifiek swart Suid-Afrikaners sonder hulle amptelike goedkeuring verander is. In een van die grootste prosesse van sosiale ingenieurskap in die geskiedenis van Suid-Afrika, het die regering onder Verwoerd daarin geslaag om in die teorie Suid-Afrika in 'n 'witmansland' te verander. Dit was 'n tydperk van voorspoed vir Suid-Afrika in die algemeen en vir blanke Afrikaners in die besonder. Dit was egter ook 'n tyd van grootskaalse verskuiwings van gemeenskappe wat hulself bevind het in gebiede wat slegs vir blankes gereserveer is. Dit was dus 'n tyd van ongekende trauma en identiteitsverlies. Die politieke stabiliteit het ekonomiese vooruitgang meegebring, maar veral een gebeurtenis het vroeg reeds 'n skadu oor die sukses van Suid-Afrika se apartheidsbeleid gewerp.

Op 21 Maart 1960 het die polisie in die woonbuurt Sharpeville op lede van die nuut-gestigte Pan-Africanist Congress (PAC) losgebrand. Hulle het in protes teen die gebruik van die pasboekstelsel hulself vrywilliglik op onbeheerbare skaal sonder hul pasboeke by die polisie aangemeld. Die gebeure en die dodetal het skokgolwe deur die hele wêreld gestuur. Dit is ook as gevolg hiervan dat die bekende teoloog en anti-apartheidsaktivis dr. Beyers Naudé se paaie met die NGK geskei het. Veranderinge in die wêreld en ook spesifiek in Suid-Afrika in die tweede helfte van die 20ste eeu sou die NGK al meer in 'n unieke posisie plaas wat gedurende die 1980's in beleidsaanpassings sou kulmineer.

Na afloop van die Sharpeville-skietery het die Wêreldraad van Kerke (WRK) 'n konferensie in Cottesloe, 'n voorstedelike gebied naby Johannesburg, gehou. Tydens die konferensie, bekend as die Cottesloe-konferensie, het afgevaardigdes van die Transvaalse en Kaapse NGK die besluite onderteken wat later as 'n direkte uitdaging van die regering se apartheidsbeleid beskou is. Die besluite het onder meer behels dat tydens 'n erediens geen persoon op grond van sy of haar velkleur die deur gewys mag word nie. Die vier sinodes van die NGK sou egter uiteindelik die besluite van die Cottesloe-beraad verwerp, ten spyte van die NGK se verteenwoordigers wat die besluite gesteun het.

Die verwerping van die Cottesloe-beraad se besluite het in die NGK 'n presedent geskep. Die beraad was as't ware 'n waterskeidingsmoment in die NGK. Die Kerk het in die jare na afloop van dié beraad toenemend die regering se beleid van rasseskeiding en apartheid gesteun, met die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid as basis van die Kerk se benadering tot landsbestuur. Alhoewel die NGK reeds lank vóór die Cottesloe-beraad die praktyk van rasseskeiding bepleit het, was dit eers gedurende die 1960's wat die Kerk 'n unieke teologie in dié verband ontwikkel het en dus die 'NP in gebed' geword het.

Dit is gedurende die 1960's wat die NGK volwaardig opgehou het om as 'n algemene Christelike kerk te funksioneer en die finale sprong in die rigting van 'n volkskerk gegee het. In 1966 is die eerste volwaardige verslag voorgelê aan die Algemene Sinode (AS) wat gepoog het om die apartheidsbeleid Skriftuurlik te formuleer. Dié verslag, bekend as *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif* (RVN), is hersien en in sy finale vorm in 1974 deur die AS aanvaar. RVN is vandag 'n testament van die donkerste dae van Suid-Afrika se apartheidsjare en die NGK se rol in die uitbou van die apartheidsideologie. RVN was 'n openlike poging om 'n spesifieke politieke orde te steun deur die misbruik van Christene se belangrikste bron van kennis aangaande God, te wete die Bybel.

In die lig van die NGK se skendings van teologiese waarheid, het die Kerk toenemend geïsoleerd begin word. Die NGK het 'n patroon gevolg wat mettertyd kenmerkend van Suid-Afrika se regering geword het, naamlik die pad van isolasie. Namate blanke Afrikaners se onbereidwilligheid om van die apartheidsbeleid afskeid te neem al meer duidelik geword het, het al meer Christene hul rug op die NGK gekeer. Wêreldliggame

soos die Wêreldraad van Kerke (WRK), asook die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK), het hierin 'n belangrike rol gespeel.

Daar kan gedebatteer word of die isolasie van die NGK deur die internasionale gemeenskap van Christene die logiese benadering in hulle pogings was om die NGK onder druk te plaas weens dié kerk se standpunt aangaande rasseskeiding. Deur dié stap het die internasionale gemeenskap van Christene hulle misnoeë met die NGK duidelik weergegee en met die verbreking van bande was die doel om die NGK te laat besin oor die implementering van apartheid in die Kerk. Dit wil tog voorkom of die NGK op 'n direkte wyse aanvanklik minder deur dié isolering geraak is.

Internasionale isolasie het dus 'n beperkte invloed op die NGK gehad. Die Cottesloe-beraad en daaropvolgende gebeure het die grondslag gelê vir die manier waarop die NGK die internasionale druk sou hanteer. Die feit dat die blanke Afrikaners polities verenig was, het hiertoe bygedra. Blanke Afrikaners was onder Verwoerd optimisties oor die haalbaarheid van die apartheidsbeleid. Die regering het vertroue ingeboesem en die land het stabiel ten spyte van die Sharpeville-skietery voorgekom. Dit is eers teen die 1980's wat die eenheidsgevoel onder dié groep Afrikaners grootliks daarmee heen was en dat blanke Afrikaners verdeeld geraak het oor die geslaagdheid, al dan nie, van die apartheidsbeleid soos dit onder Verwoerd daar uitgesien het.

Leiers van die NGK kon grootliks die druk van die WRK ignoreer, omdat laasgenoemde deur verskeie blanke Afrikaners, sowel as deur die regering, gewantrou is. Die liberale aard van die WRK het dié neiging van blanke Afrikanerleiers verder vergemaklik. Met die WBGK se klassifikasie van die apartheidsbeleid as 'kettery' in 1982 het die internasionale veldtog teen die apartheidsbeleid egter 'n welkome meevaller gekry. In dieselfde jaar het die WBGK Allan Boesak, die bekende teoloog en latere leier van die United Democratic Front (UDF), 'n frontorganisasie van die ANC gedurende die 1980's, tot president van die WBGK verkies.

Die WBGK se besluit en die verkiesing van Allan Boesak as president daarvan het 'n groot mate van legitimiteit aan die NG-kerkfamilie se eie stryd teen die apartheidsbeleid verskaf. Dit was die ideale omstandighede vir die totstandkoming van een van die grootste uitdagings vir die apartheidsbeleid, naamlik die Belhar-belydenis. Dié

belydenis, wat uiteindelik as 'n vierde belydenisskrif van die NGSK aanvaar is, het die bestaan van verskillende kerke vir verskillende rasse as strydig met die wil van God verklaar. Dit het 'n hele nuwe dinamika aan die stryd teen die apartheidsbeleid verleen. Dit het die manier waarop die NGK se kunsmatige totstandkoming van verskillende kerke vir verskillende rasse ontbloot as 'n bepalende faktor in die ontwikkeling en instandhouding van die apartheidsbeleid. Die Belhar-belydenis was dus meer as net die verwoording van 'n teologiese oortuiging wat by talle Suid-Afrikaners posgevat het. Dit was 'n klap in die rigting van Afrikanernasionalisme en blanke Afrikaners se identiteit. Dit het die wyse waarop blanke Afrikaners hulself polities, sosiaal, ekonomies, maatskaplik en veral kultureel téénoor die res van Suid-Afrika opgestel het, benadruk. Boonop was die blanke Afrikaners se geskiedenis as 'n weersinwekkende verlede geskets met 'n algehele waninterpretasie van wat tradisioneel die blanke Afrikaners se grootste enkele bewys van hulle kulturele verbondenheid aan 'n ander orde en kontinent aangedui het, naamlik die wil van God vir die wêreld.

Christene in Suid-Afrika wat gedurende die 1980's in opstand teen die apartheidsbeleid was en die kerk as platform gebruik het om hulle ontevredenheid te kenne te gee, was verdeeld oor die presiese wyse waarop daar te werk gegaan moes word. Sommige Christene was gemaklik daarmee om die gewelddadige pogings van vryheidsbewegings soos die ANC en PAC te steun. Die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) het byvoorbeeld vryheidsbewegings finansieel gesteun. Dit het daartoe bygedra dat verhoudinge tussen die NGK en die GKN versuur het. Ander het gevoel dat die gebruik van geweld onder geen omstandighede geduld kan word nie. Een instelling wat krities teenoor die gebruik van geweld was, is die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK).

Die pad van isolasie het die NGK geweldig geskaad. 'n Kruisbestuiwing van idees was daarmee heen en die NGK het gedurende die apartheidsjare in 'n instelling verander wat grootliks die regering nagepraat het. Binnelandse druk op die NGK het 'n groter invloed daarop gehad as internasionale druk. Behalwe vir die NG-kerkfamilie was die SARK 'n belangrike stem in protes teen die apartheidsbeleid. Dit het aan verkeie leiers 'n platform gebied waarvan hulle op vreedsame wyse die regering kon uitdaag en die regering het die SARK deeglik gemonitor.

Na afloop van die Soweto-onluste in 1976 het 'n nuwe vlaag van 'verligte' denke deur die leiers en ondersteuners van die NP gespoel. Ook die Afrikaner-Broederbond (AB) het 'n 'verligte' karakter begin kry. Pogings om die apartheidsbeleid te hervorm, is toenemend gesien as die oplossing vir die uitdagings in Suid-Afrika. Daar het trouens alreeds onder die leierskap van die destydse eerste minister, John Vorster, aanpassings aan Suid-Afrika se sportbeleid plaasgevind wat in 1969 aanleiding tot 'n klein skeuring in die NP gegee het. Die Herstigte Nasionale Party (HNP) wat eers deur dr. Albert Herzog en later deur Jaap Marais gelei is, sou voortaan 'n klein, maar knaende kritikus van die regering se hervormingsgesinde inisiatiewe bly.

Na afloop van die Inligtingskandaal, 'n proses waarmee gepoog is om Suid-Afrika se beeld op kunsmatige wyse deur direkte befondsing van die regering te poets en waarin ook die NGK 'n rol gespeel het, het P.W. Botha, wat in 1978 die eerste minister van Suid-Afrika geword het, 'n grootskaalse proses van hervorming van stapel gestuur. Dit het onder meer behels die aanvaarding van 'n nuwe Grondwet, die skrap van 'onnodige' apartheidswette soos ander meer die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike en die totstandkoming van 'n stelsel wat direkte verteenwoordiging aan Kleurlinge en Indiërs in hulle eie parlemente voorsien het. Die skadukant van die hervormings onder Botha was die toenemende misbruik van mag en die gewelddadige onderdrukking van politieke opponente waaraan dié tydperk gekenmerk is.

Die totstandkoming van die Konserwatiewe Party (KP) onder leiding van dr. Andries Treurnicht was een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van Afrikanernasionalisme. Dit was die eerste keer sedert 1948 dat blanke Afrikaners op só 'n groot skaal polities verdeeld was. Die politieke samehorigheid was skielik daarmee heen en die blanke Afrikaners het ál meer en meer gefragmenteer en gepolariseer voorgekom. Hierdie verskynsel het ook na die NGK deurgewerk.

Die pogings van die regering om die geweld onder beheer te bring, het telkens misluk. Inisiatiewe van die regering om die geweld onder beheer te bring, soos die noodtoestande wat veral gedurende die middel van die 1980's geheers het, het slegs 'n korttermynoplossing vir die groeiende vlakke van geweld gebied. Dit was boonop gekenmerk aan gruwelike magsvergrype deur sowel die regering as die vryheidsbewegings soos die ANC, PAC en UDF - die verslag van die Waarheids-en-

Versoeningskommissie sou dit uitwys. Gedurende die 1980's het dit vir groot getalle leiers sowél as volgelinge van die NP duidelik geword dat die apartheidsbeleid, soos wat dit in daardie stadium daar uitgesien het, 'n mislukking is en hervorm moes word. Tuislande het weinig potensiaal getoon om te groei en blank en nie-blank se ekonomiese verlede en toekoms was boonop só verweef dat die politieke skeiding wat daar wel bestaan het geen meriete waardig was nie.

Vir die NGK was dit swaarder as vir die regering om hierdie realiteit te laat insink. Die apartheidsbeleid, so is daar geglo, is 'n regverdige beleid wat op Bybelse beginsels gegrond is en wat dus die goedkeuring van God wegdra. Verligte stemme binne die NGK het egter vroeg in die 1980's reeds opgegaan. Alhoewel verskeie individuele predikante openlik op die kansel téén die apartheidsbeleid uitgepraat het, het die NGK eers formeel in September 1986 afskeid van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid geneem. In daardie jaar het die NGK 'n hersiene weergawe van sy beleidsdokument RVN, onder die titel *Kerk en Samelewing - 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk* (KES) aanvaar. Hierdie gebeurtenis het 'n storm in die NGK veroorsaak en uiteindelik in 1987 tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gelei.

Was die NGK se aanpassing van die teologie wat aangehang is 'n opregte herevaluering van dié kerk se siening van die Bybel? Of was die besluite wat deur die Kerk geneem is en wat aanleiding tot die ontstaan van die APK gegee het bloot 'n reaktiewe ontwikkeling op die politieke rigting waarin die land beweeg het? Dit is waarskynlik 'n kombinasie van die twee. Alhoewel die NGK, vanweë die stadige pas waarteen verandering binne die Kerk plaasgevind het, gedurende die 1980's grotendeels 'n reaksionêre instelling in Suid-Afrika was, het teoloë en lidmate binne die Kerk gereeld geworstel met die politieke onstabiliteit in Suid-Afrika teen die agtergrond van hulle godsdienstige beskouings. Die Kerk se rol in die ontstaan en instandhouding van die apartheidsbeleid is vroeg reeds deur talle leiers en lidmate van die NGK besef en gebeure soos die Hervormingsdaggetuienis, die 'Ope Brief' en die publikasie van die boek *Storm-kompas* het bewussyn rondom die saak mettertyd bevorder.

Ten spyte van die skeuring binne die NGK het 'n bittere stryd om die hart en siel van die kerk voortgewoed. Die belangrikste leiers in dié verband was prof. Carel Boshoff en dr. Andries Treurnicht wat gepoog het om die NGK te dwing om die besluite van die AS

van 1986 te herroep. Dr. Treurnicht, die leier van die KP, het 'n taktiek gevolg waarvolgens hy die gesag van die Kerk uitgedaag het. Beide die twee leiers en hulle volgelinge het 'n spesifieke politieke beleid binne die NGK probeer bevorder, maar die Kerk se leierskap het daarin geslaag om ten spyte van noemenswaardige steun binne die Kerk vir beide die leiers, die aanslag af te weer.

Terwyl sommige lidmate volgens hulle eie oortuiging dié leiers gevolg het, het die meerderheid lidmate van die NGK hulself by die Kerk se herroeping van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid berus. Vir groot getalle lidmate was 'n lewe van rasseskeiding al waaraan hulle hul hele lewe lank gewoond was. Die feit dat hulle Kerk 'n sentrale rol gespeel het in die ontwikkeling en instandhouding van die apartheids-beleid wat eers as 'n Bybelse opdrag voorgehou is en toe skielik nie meer nie, moes 'n bitter pil gewees het - selfs vir diegene wat by die Kerk se besluite berus het. 'n Sekere deel van die Kerk se lidmate was waarskynlik ook verlig dat die NGK uiteindelik daarin kon slaag om, ten minste in teorie, 'n groot tree weg van die apartheidsbeleid te gee.

Die ontwikkelinge in die NGK in daardie stadium onderstreep twee belangrike verskynsels. Die blanke Afrikaners is nie 'n homogene groep mense nie. In terme van hulle politieke sieninge is hul gefragmenteer. Vir 'n paar dekades, veral gedurende die 1950's en 1960's, was die blanke Afrikaners waarlik vir die eerste keer grootliks 'n politiese magsblok, maar sedert die sluipmoord op dr. Verwoerd het die blanke Afrikaners al meer en meer polities verdeeld geword. 'n Ander belangrike feit wat deur die ontwikkelinge in die NGK gedurende die 1980's onderstreep word, is dat die eerste ware demokratiese verkiesing in Suid-Afrika voorafgegaan is deur 'n grootskaalse desentralisasie van mag in die land, beginnende by die skeuring van die NP en die totstandkoming van die KP in 1982. Die NGK het met sy verwerping van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid 'n rol gespeel wat nie oor- of onderskat moet word nie. Vir 'n blanke Afrikaanse persoon wat gedurende die laat 1980's verward oor die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika en 'n lid van die NGK was, sou dit hoofsaaklik duidelik geword het dat 'n beleid van rasseskeiding beslís nie 'n Bybelse opdrag is nie. Dit is onwaarskynlik dat dié insigte geen invloed op die toekomstige besluite van blanke Afrikaners sou uitoefen nie.

Vir groot getalle van die NGK se lidmate was die verandering in die Kerk se standpunt rakende rasseaangeleenthede egter 'n skok en was dit dus eintlik te verwagte dat die Kerk uiteindelik sou skeur. Alhoewel van die lidmate onverhoeds deur die aanvaarding van die beleidsdokument KES betrap is, het die Kerk se AS reg gehandel deur die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid te laat vaar, ten spyte van die skeuring wat gevolg het. Hoewel die NGK te lank geneem het om die teologiese regverdiging van apartheid te laat vaar, en ongeag of die motief daaragter eerbaar was of nie, wil dit tog voorkom of dit die regte besluit deur die AS was. Daarbenewens was dit in lyn met wat die Kerk in sy geheel, verwysende na die internasionale gemeenskap sowél as die nasionale kerklike verset teen die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare, verkondig het.

Hoewel die NGK die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid laat vaar het, was die Kerk egter huiwerig om dit as 'n 'sonde' te verklaar. Die klem is daarop geplaas dat die *toepassing* van die apartheidsbeleid wel strydig met die Bybel is, maar nie die beleid as sodanig nie. Hierdie huiwering van die NGK het 'n bitter smaak gelaat in die monde van die NGK se felste kritici wat wou hê dat die Kerk die apartheidsbeleid tot 'n 'sonde' verklaar wat indruis teen die wil van God vir die mensdom.

Die NGK het dus in aanloop tot die vrylating van Nelson Mandela egter nooit sovêr gekom nie. Die naaste wat die Kerk wél daaraan gekom het, was met die Wes-Kaapse sinode van 1987 toe daar bevind is dat die apartheidsbeleid in sy geheel 'n negatiewe beleid is wat Suid-Afrika slegs skade berokken het. Dié besluit is aanbeveel by die AS, maar die finale weergawe van KES het die positiewe eienskappe van die apartheidsbeleid geloof en benadruk dat dit slegs die bepaalde toepassing van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika was, en nie dié beleid in beginsel nie, wat strydig met die Christelike geloof is. Dit is hierdie soort uitsprake wat die NGK 'n ongewilde instelling gemaak het, want weinig van die apartheidsbeleid se kritici sou daarmee saamstem en talle Christene het die NGK se standpunt as 'n belediging vir die Christendom beskou deurdat dit 'n leuen aan die wêreld verkondig het.

Die tafel was nietemin gedek vir 'n dramatiese nadraai van die NGK se formele verwerping van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid. Na Nelson Mandela se vrylating en die ontbanning van die vryheidsbewegings, vind in 1990 'n verteen-

woordigende inter-kerklike konferensie in Rustenburg plaas. Tydens die gebeure staan een van die nie-amptelike verteenwoordigers van die NGK, prof. Willie Jonker, op en vra onvoorwaardelik verskoning namens die NGK en blanke Afrikaners vir die jare lange onderdrukking van nie-blankes deur blankes in Suid-Afrika. Konferensiegangers was verdeeld oor die belydenis. Prof. Nico Smith, 'n voormalige predikant van die NGK en lid van die NGKA se afvaardiging, verwerp die belydenis, terwyl onder andere Desmond Tutu prof. Jonker se verskoning aanvaar. Die NGK sou later die belydenis van prof. Jonker onderskryf.

Prof. Willie Jonker se skuldbelydenis was 'n merkwaardige gebeurtenis. Hy was een van die heel eerste Afrikaners wat op 'n openbare platform skuld bely het vir sy en sy Kerk se aandeel in die ontstaan en instandhouding van die apartheidsbeleid. 'n Skuldbelydenis is egter ook 'n erkenning dat jy verkeerd is, 'n oortuiging waarmee talle Afrikanerleiers nie kon saamstem nie. Prof. Jonker het dus met sy skuldbelydenis namens sy mede-Afrikaners leiding geneem waar die moed van talle hulself in die steek sou laat. Met sy skuldbelydenis het hy meer as net verskoning gevra. Hy het apartheid gekritiseer en geïmpliseer dat 'verkrampte' Afrikaners 'n beleid aanhang wat nie bloot die regte van nie-blankes ondermyn nie, maar ook strydig met God se wil en dus sondig is. Dié belydenis was een te veel vir talle blanke Afrikaners wat hulle lewens daaraan gewy het om die apartheidsbeleid te laat slaag, maar die spreekwoordelike koeël was deur die kerk. Die NGK het prof. Jonker se verskoning onderskryf en só bevestig dat die Kerk nie weer van plan is om die ou weë te bewandel nie.

Die skuldbelydenis van prof. Jonker blyk 'n gepaste gebaar te wees. Die feit dat die belydenis nie deur alle kerkleiers aanvaar is nie, is miskien te verstane, maar nie in die gees van versoening wat van gelowiges verwag word nie en beslis nie 'n goeie voorbeeld vir volgelinge nie. Die feit dat die NGK geweier het om die apartheidsbeleid tot 'n sonde te verklaar, het beslis 'n demper op die skuldbelydenis van prof. Jonker geplaas, maar die belydenis bly op sy eie 'n merkwaardige en rigtinggewende gebeurtenis. Die gees van versoening wat Jonker geopenbaar het, was miskien nie gewild en verteenwoordigend nie, maar dit spreek van ware leierskap om besluite te kan neem, nié op grond van wat die wil van die mense rondom jou of selfs jou eie wil is nie, maar op grond van 'n vaste oortuiging dat 'n saak 'reg' of 'verkeerd' benader kan word. In daardie opsig verdien prof. Jonker lof vir sy optrede tydens die Rustenburg-konferensie.

Die feit dat die NGK nie die apartheidsbeleid as 'n 'sonde' verklaar het nie, en die korrektheid van die besluit al dan nie, is in wese 'n teologiese vraagstuk. Presies waarom die NGK nie tot dié stap wou oorgaan nie, is debatteerbaar. Die feit dat die stap nie tydens die sinode van 1986 geneem is nie en wat tot skeuring in die NGK gelei het, het waarskynlik verhoed dat dit op 'n latere stadium wél sou gebeur. Die moontlikheid sou dan nie uitgesluit gewees het nie dat so 'n verklaring dié kerk opnuut sou laat skeur. Die NGK het steeds talle lidmate van die KP gehad wat so 'n skeuring sou kon bewerkstellig. Die Jonker-skuldbelydenis het waarskynlik ook in die proses 'n rol gespeel, maar die weiering van die Kerk om die apartheidsbeleid as sonde te verklaar en sy verwerping van die Belhar-belydenis laat tog die vraag ontstaan of daar nie 'n kousale verband tussen dié twee verskynsels bestaan nie. Dit is nodig om daarop te wys dat die Kerk histories nié rasseskeiding binne die kerk toegelaat het nie en dat die 1986-besluite van die AS as 'n terugkeer na die Kerk se historiese standpunt gesien kan word. Die gefragmenteerdheid wat in die NGK ontstaan het as gevolg van dié kerk se jarelange aandrang op rasseskeiding duur egter nog in die praktyk voort.

Alhoewel die NGK se leiers en lidmate nie totaal van die politieke debat weggeskram het nie, wek die NGK se jarelange stilswye aangaande die mislukking van die apartheidsbeleid en die Kerk se standpunt wat in kontras staan met meeste ander kerke in die wêreld die moontlike indruk dat die NGK nie 'n kerk is wat genoegsaam standpunt inneem of 'n sterk profetiese rol in die samelewing vervul nie. Hierdie opvatting agtervolg die NGK vandag nog soos 'n skaduwee.

Die NGK is sedertdien weer tot die internasionale gemeenskappe se inter-kerklike liggame toegelaat. Ofskoon die Kerk nie meer die teologiese regverdiging van apartheid steun nie, kan dit tog nie van die apartheidspoke ontslae raak nie. 'n Kombinasie van faktore plaas die NGK steeds in 'n onbenydenswaardige posisie. Kerkhereniging van die NG-kerkfamilie word deur talle lidmate in die NGK sowel as die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK), wat ingevolge die Belhar-belydenis tot kerkhereniging verbind is, as die belangrikste toets voorgehou vir die NGK se bereidwilligheid om finaal die apartheidsverlede te laat vaar. Die proses van kerkhereniging lei egter telkemale skipbreuk en die Belhar-belydenis is 'n belangrike struikelblok in die proses.

Die politieke aard van die Belhar-belydenis en die noodsaaklikheid van die Belhar-belydenis as 'n vierde beleidsdokument word bevraagteken. Die vraag wat egter waarskynlik in die harte van talle opduik, is óf die belydenis deur die NGK verwerp word as gevolg van die feit dat dit die apartheidsbeleid as sonde verklaar, in teenstelling met die NGK se eie beleidsdokumente wat slegs die toepassing van die apartheidsbeleid gedurende die apartheidsera in Suid-Afrika as strydig met die Bybel verklaar het, en óf die NGK die Belhar-belydenis as 'verskoning' gebruik om nie te herenig nie. Vrees vir die onbekende speel skynbaar ook 'n rol. Sommige lidmate is byvoorbeeld onseker oor die toekoms van Afrikaans in die kerk. Daar word gevrees dat as deel van 'n proses van hereniging Afrikaans die onderspit sal delf op dieselfde manier waarop dié taal in verkeie instellings in post-1994 Suid-Afrika nie meer gehoor word nie. Indien nie een van die partye in die toekoms gaan skiet gee nie, gaan die droom van een kerk waarskynlik vir baie jare nog 'n droom bly.

Die NGK se historiese verbintenis met die apartheidsbeleid en die apartheidsregering word telkens deur die bostaande stand van sake benadruk. Alhoewel die Kerk se deur nie meer vir nie-blankes gesluit is nie en daar trouens tálle nie-blank lidmate in die NGK voorkom, bly dit die teiken van kritiek. Die teoloog prof. Nico Smith het byvoorbeeld tot die dag van sy afsterwe sy voormalige Kerk daarvoor kwalik geneem dat dit hoofsaaklik 'n kerk vir blankes gebly het en nog steeds in sy apartheidsverlede vasgevang is. Die kwessie van kerkhereniging bly dus 'n belangrike uitdaging vir die NGK. Indien die Kerk eendag daarin kan slaag om te herenig, kan dié kerk moontlik 'n belangrike bydrae lewer tot die versoening en die integrasie van Suid-Afrika se gemeenskappe wat 16 jaar na die eerste demokratiese verkiesing stééds deur die land se duister verlede van rasseskeiding, diskriminasie en geweld geteister word.

Watter lesse hou die aktiwiteite van godsdienstige leiers en hulle volgelinge in die debat rondom die apartheidsbeleid in? Wat vertel die gebeure van veral die 1980's ons van die verhouding tussen die kerk, die regering en die samelewing? Dit is opvallend in hoe 'n mate gelowiges verskil in die wyse hoe hulle landsake teen die agtergrond van hul geloof in God beoordeel het. Die Kairos-dokument het byvoorbeeld revolusionêre veranderinge in Suid-Afrika aangehang en dié argument gegrond op beweringe dat die Suid-Afrikaanse regering van die 1980's geen legitimiteit op grond van die Bybel geniet nie. Die Belhar-belydenis daarenteen is meer gematig en het die eenheid van die mensdom

benadruk en slegs die beléíd van rasseskeiding as on-Bybels afgemaak. In teenstelling daarmee het die NGK met KES slegs die bepaalde toepassing van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gekritiseer en volstaan daarby dat die Bybel geen samelewingsmodel vir Christene voorskryf nie. Die stigters van die APK het egter met *Geloof en Protes* (GEP) geargumenteer dat die apartheidsbeleid 'n Bybelse opdrag omvat wat die verskeidenheid in die skepping beskerm.

Die belangrikste rol wat godsdienstige leiers in die beskerming en uitbou van menseregte kan vervul, is om 'n kritiese stem teen diskriminerende praktyke in die samelewing te wees. Die kerk moet dus 'n profetiese rol vervul indien dit op 'n praktiese wyse mense se lewens wil verander en in sy doelwitte wil slaag. In die proses is dit onwenslik dat die regering die kerk probeer reguleer soos wat dikwels gedurende die apartheidsjare die geval met byvoorbeeld die Eloff-kommissie was. Die kerk moet, net soos die regering, sy eie regulatoriese meganismes in plek stel, maar meer belangriker nog, gehoor aan daardie meganismes gee. Die NGK het in 1960 so 'n geleentheid met die verwerping van die Cottesloe-beraad se besluite deur sy vingers laat glip en só uiteindelik 'n groot mate van legitimiteit by sowel voorstanders as teenstanders van die Kerk ingeboet.

Vir die doel van die beskerming en uitbouing van menseregte kan die kerk nie 'n stagnante instelling wees nie. In die lig van 'n veranderende wêreld is dit noodsaaklik dat die kerk 'n mate van kontinuïteit behou met breë beginsels soos naasteliefde en verdraagsaamheid, maar die kerk moet ook deurlopend herbesin oor presies wat die verskil tussen reg en verkeerd is. Die kerk moet dus nie bloot krities teenoor die wêreld staan nie, maar veral ook selfkrities te werk gaan indien dit in die 21ste eeu 'n relevante instelling wil bly.

Die NGK se lang reis met die Bybelse regverdiging van die apartheidsbeleid het veroorsaak dat die kerk in die algemeen en die NGK in besonder kredietwaardigheid ingeboet het. Die wyse hoe die vertroue in die kerk herstel kan word, is 'n ope vraag. Wat nodig is, is dat die NGK as instelling sy 'eie stem' sal ontwikkel en met outoriteit en geloofwaardigheid 'n leidende rol aan sy lidmate sal verskaf, sonder om bepaalde politieke denkstrome te akkommodeer en/of te implementeer. Een saak is egter seker, solank as wat die NGK nie terugkeer na sy aanvanklike staat en 'een Kerk' word waarin alle lede van die NG-kerkfamilie gemaklik deel kan vorm nie, sal die afsonderlike voortbestaan van die NGK steeds dié kerk se rol in die ontstaan en instandhouding van die aparheidsbeleid benadruk.

# BYLAE A

Die Belhar Belydenis, 1986

**1.** "Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

**2.** Ons glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié Ef 2:11-22
kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling
met mekaar versoen is;

dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én Ef 4:1-16
opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods
Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek
moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet
word; Joh 17: 20, 23

dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;

dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van Fil 2:1-5
maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat 1 Kor 12:4-31
ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en Joh 13:1-17
beoefen; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van 1 Kor 1:10-13
mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, Ef 4:1-6
een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, Ef 3:14-20

van een Gees deur drenk is, van een brood eet en uit een beker drink, 1 Kor 10:16-17
met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, 1 Kor 11:17-34
vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en Gal 6:2
breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou 2 Kor 1:3-4
word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder Rom 12:3-8
dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, 1 Kor 12:1-11
agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en Ef 4:7-13
kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot Gal 3:27-28
wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; Jak 2:1-13

dat die ware geloof In Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

Daarom verwerp ons enige leer wat òf die natuurlike verskeidenheid òf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie, wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;

wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as ‘n kosbare gawe na te jaag sonde is,

wat uitgesproke of onuitgesproke voorgee dat afkoms of enige ander

menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur 2 Kor 5:17-21
Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van Matt 5:13-16
die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem Matt 5:9
word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad 1 Pet 3:13
getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid Open 21-22
woon;

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde Efes 4:17-6:23
en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en Rom 6
vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Kol 1:9-14
Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat Kol 2:13-19
ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan Kol 3:1-4:6
bring;

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van

krag beroof.

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;

Deut 32:4
Luk 2:14
Joh 14:27
Efes 2:14
Jes 1:16-17
Jak 1:27
Jak 6:1-6

dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hom reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;

Luk 1:46-65
Luk 6:20-26
Luk 7:22
Luk 16:19-31
Ps 146
Luk 4:16-19
Rom 6:13-18

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;

Amos 5

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van verontregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die

Ef 4:15-16
Hand 5:29-33

owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

1 Pet 2:18-25
1 Pet 3:15-18

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

EENHEID
VERSOENING
GEREGTIGHEID
GEHOORSAAMHEID"

Bron: NG Kerkargief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch, *Handelinge van die vier-en-twintigste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 24 September tot 8 Oktober 1986*, pp. 718-720.

# BYLAE B

The Kairos theologians, *The Kairos document. Challenge to the Church. A theological comment on the political crisis in South Africa* (Hersiene 2de uitgawe), Hoofstuk 5: 'Challenge to action'

**5.1 "God Sides with the Oppressed**

To say that the Church must now take sides unequivocally and consistently with the poor and the oppressed is to overlook the fact that the majority of Christians in South Africa have already done so. By far the greater part of the Church in South Africa is poor and oppressed. Of course it cannot be taken for granted that everyone who is oppressed has taken up their own cause and is struggling for their own liberation. Nor can it be assumed that all oppressed Christians are fully aware of the fact that their cause is God's cause. Nevertheless it remains true that the Church is already on the side of the oppressed because that is where the majority of its members are to be found. This fact needs to be appropriated and confirmed by the Church as a whole.

At the beginning of this document it was pointed out that the present crises has highlighted the divisions in the Church. We are a divided Church precisely because not all the members of our Churches have taken sides against oppression. In other words not all Christians have united themselves with God "who is always on the side of the oppressed" (Ps 103:6). As far as the present crisis is concerned, there is only one way forward to Church unity and that is for those Christians who find themselves on the side of the oppressor or sitting on the fence, to cross over to the other side to be united in faith and action with those who are oppressed. Unity and reconciliation within the Church itself is only possible around God and Jesus Christ who are to be found on the side of the poor and the oppressed.

If this is what the Church must become, if this is what the Church as a whole must have as its project, how then are we to translate it into concrete and effective action?

**5.2 Participation in the Struggle**

Christians, if they are not doing so already, must quite simply participate in the struggling for liberation and for a just society. The campaigns of the people, from consumer boycotts to stayaways, need to be supported and encouraged by the Church.

Criticism will sometimes be necessary but encouragement and support will be also necessary. In other words the present crisis challenges the whole Church to move beyond a mere 'ambulance ministry' to a ministry of involvement and participation.

### 5.3 Transforming Church Activities

The Church has its own specific activities: Sunday services, communion services, baptisms, Sunday school, funerals and so forth. It also has its specific way of expressing its faith and its commitment, that is, in the form of confessions of faith. All of these activities must be re-shaped to be more fully consistent with a prophetic faith related to the KAIROS that God is offering us today. The evil forces we speak of in baptism must be named. We know what these evil forces are in South Africa today. The unity and sharing we profess in our communion services or Masses must be named. It is the solidarity of the people inviting all to join in the struggle for God's peace in South Africa. The repentance we preach must be named. It is repentance for our share of the guilt for the suffering and the oppression in our country.

Much of what we do in our Church services has lost its relevance to the poor and the oppressed. Our services and sacraments have been appropriated to serve the need of the individual for comfort and security. Now these same Church activities must be reappropriated to serve the real religious needs of all the people and to further the liberating mission of God and the Church in the world.

### 5.4 Special Campaigns

Over and above its regular activities the Church would need to have special programmes, projects and campaigns because of the special needs of the struggle for liberation in South Africa today. But there is a very important caution here. The Church must avoid to becoming a 'Third Force', a force between the oppressor and the oppressed. The Church's programmes and campaigns must not duplicate what the people's organisations are already doing and, even more seriously, the Church must not confuse the issue by having programmes that run counter to the struggles of those political organisations that truly represent the grievances and demands of the people. Consultation, co-ordination and co-operation will be needed. We all have the same goals even when we differ about the final significance of what we are struggling for.

### 5.5 Civil Disobedience

Once it is established that the present regime has no moral legitimacy and is in fact a tyrannical regime certain things follow for the Church and its activities. In the first place *the Church cannot collaborate with tyranny.* It cannot or should not do anything that appears to give legitimacy to a morally illegitimate regime. Secondly, the Church should not only pray for a change of government, it should also mobilise its members in every parish to begin to think and work and plan for a change of government in South Africa. We must begin to look ahead and begin working now with a firm hope and faith for a better future. And finally the moral illegitimacy of the apartheid regime means that the Church will have to be involved at times in *civil disobedience.* A Church that takes its responsibilities seriously in these circumstances will sometimes have to confront and disobey the State in order to obey God.

### 5.6 Moral Guidance

The people look to the Church, especially in the midst of our present crisis, for moral guidance. In order to provide this the Church must first make its stand absolutely clear and never tire of explaining and dialoguing about it. It must then help people to understand their rights and their duties. There must be no misunderstanding about the *moral duty* of all who are oppressed to resist oppression and to struggle for liberation and justice. The Church will also find that at times it does need to curb excesses and to appeal to the consciences of those who act thoughtlessly and wildly.

But the Church of Jesus Christ is not called to be a bastion of caution and moderation. The Church should challenge, inspire and motivate people. It has a message of the cross that inspires us to make sacrifices for justice and liberation. It has a message of hope that challenges us to wake up and to act with hope and confidence. The Church must preach this message not only in words and sermons and statements but also through its actions, programmes, campaigns and divine services."

Bron: The Kairos theologians, *The Kairos document. Challenge to the Church. A theological comment on the political crisis in South Africa* (Hersiene 2de uitgawe), pp. 28-30.

# BYLAE C

Dankbetuigingsbrief van N.J. Smith na aanleiding van die 'Ope Brief'

Bron: B.J. van der Merwe Privaatversameling, "Briewewisseling, Januarie 1983" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

Geagte mede-Ope Brief-ondertekenaar

Eerstens wil ek u graag hartlik bedank dat u gewillig was om die Ope Brief te onderteken. Eintlik hoef niemand bedank te word vir sy bereidheid om te teken nie. Dit was immers slegs 'n verantwoordelikheid wat ons teenoor die Kerk van Christus waartoe ons genadiglik behoort, nagekom het. Elke ondertekenaar het sekerlik ook wel een of ander "prys" betaal vir sy bereidheid. Ons vertrou dat niemand wat geteken het as gevolg van die "prys" wat dit gekos het, enige berou oor sy handtekening ontwikkel het nie.

Van 'n organisasie wat hulle beywer om christene oor die wêreld heen te bemoedig in hulle getuienis vir Christus en sy Kerk, naamlik Christian Solidarity International, het ek meer as twee duisend poskaarte van individuele lede van die organisasie ontvang waarin hulle ons bedank vir die getuienis wat ons deur die Ope Brief gelewer het en ons bemoedig om met dié getuienis voort te gaan. Ek sou graag aan elkeen van u 'n aantal van die poskaarte wou stuur, maar administratief is dit net eenvoudig onmoontlik. Ek wil net graag dat u kennis sal dra van hierdie gebaar van mede-gelowiges vanuit verskillende lande in Europa.

Ek skryf aan u om te vra vir u samewerking in verband met 'n besluit wat deur 'n aantal ondertekenaars van die Ope Brief hier in Pretoria geneem is. Die besonderhede word in die uiteensetting van die besluit wat hierby aangeheg word, verstrek. Ons vertrou dat elke ondertekenaar van die Ope Brief bereid sal wees óf om inisiatief te neem vir die saamroeping van 'n gespreksgroep óf om sy samewerking te verleen waar so 'n groep reeds gevorm is. As eerste taak vir die groepe is besluit dat die konsep-belydenis van die N G Sendingkerk bestudeer moet word. Voorgestelde Bybelstudie-materiaal vir dié doel kan by dr Johan Louw aangevra word. Die gedagte is dat die verskillende groepe wat gevorm sal word, na bestudering van die belydenis, hulle kommentaar daarop aan dr Johan Louw sal deurstuur. Ons sal bly wees om dié kommentaar voor die einde van Junie 1983 D V te ontvang. Daarna sal aan leraars en lidmate van die ander drie kerke in die Nederduitse Gereformeerde kerkfamilie die geleentheid gebied word om, indien hulle daartoe bereid sou wees, hulle gesamentlike instemming met dié belydenis teenoor die N G Sendingkerk te betuig. Ons sal u ná Junie-maand meer breedvoerig hieromtrent inlig.

Ek bid u graag sterkte toe vir u roeping om steeds 'n getroue getuie van Christus Jesus onse Here te wees.

Geheel in Hom

NICO SMITH

Jan 1983

# BYLAE D

F. Wessels: 'n Evaluering van 'Kerk en Samelewing', 28 November 1986

Bron: B.J. van der Merwe Privaatversameling, "'n Evaluering van 'Kerk en Samelewing', 28 November 1986" in *Dokumentasie ontvang van F. Wessels*, 15.08.2010.

'N EVALUERING VAN "KERK EN SAMELEWING"

28 NOVEMBER 1986

INLEIDING

Ek wil diegene wat praat van die Alg. Sinode van 1986, en veral die dokument KERK EN SAMELEWING (KS) as 'n historiese keerpunt, graag gelyk gee dat daar baie dinge in staan, waarvan 'n mens vier jaar gelede nie die geringste hoop gehad het dat dit wel deur die NGK gesê sou word nie. Tog wil ek ook 'n [illegible] woord van waarskuwing laat hoor. Wat gaan mense van KS onthou? Waaraan dink mense almal nou wanneer van KS gepraat word? M.i. nie aan die hele dokument nie, maar enkele kardinale besluite daarin vervat. Indien dit so is, meen ek dat 'n mens, in 'n evaluering van KS, nie die volledige dokument moet probeer beoordeel nie, maar dat 'n mens jou aandag moet toespits op dié enkele kardinale besluite — en vra hoe hulle verstaan word, en watter uitwerking hulle gaan hê.

Uit die debat met ander lede van die NGK-familie, het dit reeds geblyk dat daar 3 besluite is waaraan hulle KS meet, nl.:

- die besluit oor oop lidmaatskap (§ 278–282)
- die besluit oor een kerkverband (§ 267–2[illegible]1, veral § 270)
- die besluit oor apartheid (§ 319–322).

Spits 'n mens jou aandag toe op hierdie drie besluite, wil ek die volgende stelling as my eerste maak:

I DIE BESLUITE — SOOS ~~REEDS~~ GEFORMULEER — IS EERDER 'N SUBTIELE BEVESTIGING VAN DIE OU ORDE AS 'N DEURBRAAK VAN 'N NUWE

Van die drie besluite het slegs een geval soos die res van die NGK-familie dit wou gehad het — nl. dié oor oop lidmaatskap. Ongelukkig is dit ook die minste belangrike van die drie besluite. Dit is 'n belangrike konsessie, prinsipiële deurbraak, maar in praktyk raak dit min mense — slegs die enkele bruin/swart lidmate van die NGK wat van een wit gemeente na 'n ander verhuis. Vóór die besluit was daar alreeds 'n klein groepie bruin/swart NGK-lidmate. Die besluit sal, soos prof. Heyns tereg aanvoer, slegs 'n geringe effek in die praktyk hê.

Die ander twee besluite het geval soos die konserwatiewe minderheid in die sinode dit wou gehad het.

T.o.v. die <u>besluit oor één kerkverband</u>: Die twee versigtig geformuleerde amendemente van die twee professore Du Toit is doelbewus verwerp, omdat die sinode seker wou maak dat hy <u>nie</u> sê dat een kerkverband noodsaaklik is nie. Die sinode het die sinsnede "roep ons op om die eenheid ... duideliker tot uitdrukking te bring", <u>beslis nie</u> (soos die KERKBODE suggereer), verstaan as "<u>beveel</u> ons om, waar enigsins moontlik <u>een kerkverband</u> te vorm" nie. Die sinode het die uiteindelike besluit só verstaan dat die eenheid wel duideliker tot uitdrukking gebring moet word.

maar dat dit nie noodwendig een kerkverband vereis nie. Waarskynlik was — en is — die meeste van die sinodegangers oortuig dat die eenheid (wat volgens hulle "wesenlik" reeds bestaan — vgl. §267) voldoende tot uitdrukking gebring kan word deur ad hoc gesamentlike byeenkomste.

'n Uitspraak vir een kerkverband was baie belangrik vir die res van die NGK-familie. Dit is nie so dat hulle dit as 'n voorskrif uit die hoogte sou ervaar nie. Hulle wou juis gehad het dat die NGK hom ten gunste van een kerkverband uitspreek. Dit spreek tog vanself dat oor die hoe en die wanneer van die vorming van een kerkverband daar met mekaar onderhandel moes word. Die NGKA, die RCA en die NGSK kan die huiwering of weiering van die NGK om hom ten gunste van een kerkverband uit te spreek, slegs op een manier verstaan — al ~~só ver kon~~ dan die NGK darem nie só ver wou gaan ~~hoe~~ nie. Die besluit moet vir hulle 'n groot teleurstelling wees.

T.o.v. die besluit oor apartheid: Iemand het dié besluit die hoogtepunt van die sinode genoem. Of dit so is, weet ek nie — wel dat dit 'n meesterstuk in dubbelsinnigheid is. As biskop Tutu maar net geweet het hoe subtiel die Afrikaner kan wees... Hier is 'n besluit wat tans op twee byna teenoorgestelde maniere geïnterpreteer word — en tereg so geïnterpreteer kan word. Dit geld veral vir § 320.

Kan dié een kant van §320 gelees word as 'n baie duidelike verwerping van apartheid as 'n sisteem wat mense verontreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, en dus in stryd met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid is — 'n beleid wat die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is (verontregte en bevoorregte!) aantas. (Dit klink soos Moltmann wat hier praat — die bevryding van die onderdrukte én die onderdrukker!) Sterker kan 'n mens dit moeilik stel. Só sal baie buitelanders, wat nie so fyn ingestel is om die apartheidsretoriek te ontleed nie, die besluit waarskynlik lees. So lees TIME dit, en so het die Duitse prof. dit vertaal, en so het ook H.L. du Plessis (KERKBODE 24/11/86) en dr. A.P. Treurnicht dit verstaan — tot lg. se groot ontsteltenis.

Daar is egter 'n ander lesing van §320 moontlik. Daarvolgens is dit nie die apartheidstelsel as sodanig wat mense "verontreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel" nie, maar slegs die hantering van apartheid. En die woorde van RVN . [illegible] toegepas word. Só verstaan — en dit is hoe moderator Heyns en sekundant Boshoff en redakteur Grein dit verstaan — sê die besluit baie dieselfde as wat RVN gesê het, net net "beter geformuleer". Inderdaad — subtieler geformuleer.

My gevolgtrekking is dus dat hierdie besluit — soos ook die een oor een kerkverband —, soos dit geformuleer staan, eerder 'n bevestiging van die ou orde as 'n historiese deurbraak verteenwoordig.

Dit is egter nie die einde van die storie nie. Daarom 'n tweede stelling:

II ~~DIE~~ "KERK EN SAMELEWING" — REG GEÏNTERPRETEER — KAN WEL DIE BEGIN VAN 'N DEURBRAAK WEES.

In die hermeneutiek, die uitlegkunde, leer ons dat tekste, soos bv. KtS, wanneer eenmaal geformuleer, nie meer die besitting van die formuleerder is nie, maar gemeengoed is. Anders geformuleer: wanneer 'n teks klaar geformuleer is, verkry dit 'n lewe van sy eie. Dan het die skrywer of formuleerder nie meer beheer oor die teks nie, dan kan hy nie meer sê: só of só is dit eintlik bedoel nie. Dan staan die teks as 't ware op sy eie voete, en word deur ander geïnterpreteer. Sommige literatuurwetenskaplikes stel dit selfs so skerp dat hulle sê dat die interpreteerder of leser as 't ware saam skryf aan die teks. Daarmee word bedoel dat die lees- of interpretasieproses 'n aktiewe proses is. Die leser gee sin aan 'n teks deur dit op 'n bepaalde manier te verstaan. Dikwels is tekste dubbelsinnig — per ongeluk of aspris. Twee of meer interpretasies is moontlik. Die interpreteerder "skryf mee" die teks deur te bepaal watter interpretasie die korrekte een is. Daarom dat gesê kan word dat die

werklike betekenis van 'n teks eers bepaal word deur sy "Wirkungsgeschichte", d.w.s. deur die geskiedenis van sy interpretasie. Ons verstaan eers wat 'n teks regtig sê as ons weet hoe die meeste ander lesers die teks lees. Dit beteken dus dat die interpreteerders van die teks ook 'n sê het oor hoe die teks eintlik verstaan moet word.

Toegepas op KS, beteken dit dat die ware betekenis van KS nie net bepaal word deur te vra hoe die formuleerders (d.w.s. die sinode) dit bedoel het nie, maar dat ook gevra moet word hoe die interpreteerders (d.w.s. ons) dit verstaan.

Dié perspektief bied hoop, want dit beteken dat ook ons (wat immers ook nie op die sinode sitting gehad het nie) 'n sê het in wat die besluite eintlik beteken. In 'n sekere sin kan 'n mens sê dat die besluite nou eers finaal geformuleer word — wanneer beslis moet word watter interpretasie die regte een is.

Om prakties te wees: wat die sinode oor apartheid gesê het, word nou eers finaal bepaal — wanneer die besluit geïnterpreteer word, wanneer beslis moet word watter van prof Boshoff of dr Treurnicht se interpretasies die regte een is. Wie besluit daaroor? Nie die moderatuur of moderature nie — maar hulle en ons. Ons almal kan dus so'n ware invloed aan die besluite wanneer ons in die kerklike debat, in sinodesittings, ringsittings, kerkrade en gemeentes KS

interpreteer.

Mag ek met 'n voorbeeld illustreer: in ons interpretasie van die kerkverband-besluit in die brief aan die KERKBODE het ons m.i. die besluit swak geïnterpreteer. Ons het presies gesê wat die sinode oor een kerkverband wou sê: nl. dat 'n groter eenheid bevorder moet word, maar dat een kerkverband nie noodsaaklik is nie. Hieroor was ons verontrus en het ons geprotesteer. In sy antwoord aan ons het die KERKBODE toe die besluit so geïnterpreteer dat die sinode wel ten gunste van een kerkverband ~~was~~, maar dit net in ander woorde as "vereis" omskryf het. Ons sou hierop kon antwoord en sê: nee, dit is nie wat die sinode wou sê nie (en hierin sou ons m.i. reg wees.) Ons sou selfs so die argument kon voer. Maar ek sou eerder voorstel dat 'n mens die KERKBODE se interpretasie met blydskap moet aanvaar as die amptelike en gesaghebbende uitleg. Dit beteken dat as 'n mens, met vrymoedigheid in die gemeente kan sê dat een kerkverband amptelik as langtermyndoelwit aanvaar is, en dat nog ~~met~~ oor die fyner detail uitgewerk moet word. So geïnterpreteer is die besluit in §§ 267 – 270 beslis 'n historiese deurbraak. Op hierdie stadium is dit egter nog nie die aanvaarde uitleg nie. Dit sal eers die aanvaarde uitleg word indien 'n beduidende aantal interpreteerders dit so interpreteer. Hier lê dan m.i. iets wat vir ons 'n konkrete doelstelling behoort te word: om lg. besluit so te interpreteer in die pastorale gesprek en die kerklike debat teen Oktober 1987, wanneer die Wes-Kaap sinode sit, die aanvaarde uitleg is, en dat die sin

kom dan minder dubbelsinnig daaroor kan uitspreek.

Die beswaar word dikwels gelug dat ons so 'n debat as predikante met 'n papiergeveg besig is. Ons stoei met voorstelle en amendemente, maar dit bly alles beperk tot die papier waarop dit geskryf is. Die mense — ons lidmate — word nie daardeur verander nie. Om dié doodloopstraat te vermy, behoort ons twee dinge in gedagte te hou:

Eerstens, KS moet onder gemeentelede bekendgemaak word. KS moet herbraad toe, gemeente toe. Prof. König het onlangs in 'n KERKBODE-artikel daarop gewys dat daar selfs in RVA magtige besluite ~~oor~~ oor die bevordering van kerkeenheid geskryf is, maar dat die gemeentes dit verontagsaam het, of, nog erger, nooit gehoor het nie. Dit mag nie met KS gebeur nie.

Tweedens moet onthou word dat gedrag dikwels houdings verander. ~~Ek~~ Al wat ek van Sielkunde III onthou, is die verskynsel ~~teorie~~ van kognitiewe dissonansie, waarin prof. Betsie Nel 'n deskundige is. Volgens dié verskynsel ~~verander~~ is mense geneig om hulle menings te verander as hulle iets waarin hulleself oorspronklik nie geglo het nie, oor 'n lang tyd aan ander mense moet verdedig. Daar is die beroemde eksperiment van 'n polisiesersant in die USA wat aan 'n groep studente die wettiging van die gebruik van dagga ~~as nie gewoontevormend~~ moes verdedig. Hy was onder die indruk dat hy ná die eksperiment aan hulle sy ware mening oor kan verduidelik, nl. dat die gebruik van dagga nie gewettig moet word nie. Hy ~~het~~ is egter nooit die kans gegee nie.

- 1 -

Ná 'n tydperk het dit geblyk dat, hoewel hy nog altyd teen die gebruik van dagga was, sy teenkanting meer gematig was. Sy houding teenoor dagga is deur sy optrede gewysig. Dié verskynsel het kon ook na die Wes-Kaapse sinode van 1983 waargeneem word: tydens die sinode was baie afgevaardiges voor en teen die opheffing van die Wet op Gemengde Huwelike. Nadat hulle egter medepligtig gemaak is aan die sinodebesluit daartoe, en dit as die amptelike besluit moes aanvaar, en selfs moes verdedig, het baie hulle opvatting daaroor gewysig. Dit kan ook — en behoort m.i. — te gebeur met die besluite oor apartheid en een kerkverband, soos hulle geïnterpreteer behoort te word. As net genoeg lidmate en predikante die interpretasie wat ek voorheen beskryf het, daaraan kan heg, en dit as die regte uitleg aanvaar, moet hulle ook dié besluite aanvaar en hulle eie maak. Dit moet ook 'n uitwerking op hulle opvattings hê.

Konkreet gestel: as ons die NGK so ver kan kry dat dit oral so aanvaar word dat een kerkverband die amptelike beleid van die NGK is (of mense nou daarmee saamstem of nie), dat dit so aanvaar is dat dit nie meer 'n debatspunt is, dat nog net oor die hoe en die wanneer gepraat word — dan sal ons kan sê dat die Alg. Sinode van 1986 tog wel 'n historiese keerpunt in die geskiedenis van die NGK was.

# BYLAE E

Die Voortsettingskomitee, *Geloof en Protes. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*, Hoofstuk 9: 'Apartheid'

## "ONS GLO

9.1 **Ons glo**, met nederige erkenning teenoor God as vrymagtige Gewer van alle gawes, dat mense en volke geroepe is om bepaalde grense te handhaaf (Gal. 2:3-5; Hand. 17:26). Daardeur sal hulle hul Godgegewe gawes ten beste kan ontwikkel, en God en mekaar met die gawes kan dien, met die nodige respek vir mekaar as beelddraers van God.

9.2 **Ons glo** dat dit Bybels is dat mense by hulle eie volksgenote aansluit en andere so uitsluit deur 'n samehorigheidsgevoel en volksbewussyn wat die volkseie, insluitende die eie taal en kultuur, wil behou en wil uitbou (Rom. 10:1; 9:1-3; Hand. 22:3; 20:26; KES 113).

9.3 **Ons glo** dat hierdie trekkragte, waardeur mense by hulle eie volksgenote aansluit en andere uitgesluit word, nie hoef te beteken dat volke in vyandskap teenoor mekaar te staan kom nie (Ef. 2:14), maar gewaardeer moet word in die lig van Openb. 21:26: "Die mense sal die skatte en die rykdom van die nasies daarheen (na die nuwe Jerusalem) bring". Hieruit blyk dat gelowiges uit elke volk werksaam mag wees aan volkseie skatte en rykdomme wat nie beperk is tot die aardse en tydelike nie.

9.4 **Ons glo** dat, om reg te laat geskied aan bogenoemde verrykende gawes en kragte by verskillende volke, daar die nodige afstande en afgrensinge moet bestaan; met ander woorde, die nodige geestelike en fisiese grense. Ingeboude geesteswaardes moet byvoorbeeld verhoed dat gelowiges en ongelowiges in dieselfde juk trek (2 Kor. 6:14), dat man en vrou wat nie mekaar se gelyke is nie (wat nie bymekaar pas nie – Gen. 2:18 – 1933 vertaling) met mekaar trou. Gebeur dit nie, word iets van die anti-Christelike wêreldryk in Dan. 2:43 sigbaar: "Dat u gesien het dat die yster met klei gemeng is: daar sal ondertrouery tussen die mense wees, maar hulle sal nie 'n eenheid word nie, net soos yster nie met klei meng nie".

9.5 **Ons glo** dat die voortbestaan van 'n volk ten nouste saamhang met sy gehoorsaamheid aan God. Telkens waar 'n volk of stad of gemeente se

voortbestaan bedreig of beëindig is, is dit blykens die Skrif 'n strafgerig van God oor sonde; byvoorbeeld Sodom en Gomorra (Gen. 18-19); Nineve (Jona 3); die volke in Kanaän (Lev. 18:25; Deut. 9:4-5); Israel (Lev. 26; 2 Kon. 17:18 vv); Jerusalem (Matt. 23:37-38); Efese (Openb. 2:5).

9.6 **Ons glo** dat volgens die Skrif, volke tot in die hiernamaals onder God se genadige beskikking hulle volkseie as gawe van God behou, en hulle dus vir hulle volkseie moet beywer (Openb. 7:9, 21:3, 24 en 26).

9.7 **Ons glo** dat aan die volke van Suider-Afrika elke 'n bodem en grense toekom soos wat aan die volke van Europa en elders gegun word (Hand. 17:26).

9.8 **Ons glo** dat ons die volledige Skriftuurlike beeld van die huwelik, die leiding van God deur gesin, familie en volksverband as van allergrootste belang moet hanteer. Die verontagsaming van hierdie fundamentele verbande met gepaardgaande kulturele en ander spanninge moet ten sterkste afgewys word (Neh. 13:23 e.v.).

9.9 **Ons glo** dat veral die Afrikanervolk wat onder Gods beskikking en seën hier op Afrikaanse bodem gegroei het, juis vir sover die grense in die verlede gehandhaaf is, 'n stabiliserende faktor in Suider-Afrika was, want deur die besondere bydrae van dié volk:

9.9.1 is die evangelie in Afrika verkondig met 'n ryke oes tot gevolg;

9.9.2 is verhoed dat deur stamoorloë verskillende swart volke sekere swakkere volke uitgewis het;

9.9.3 is werkgeleenthede geskep wat aan miljoene swartmense in Afrika leeftog voorsien het;

9.9.4 is hospitale en skole, ensovoorts daargestel en onderhou wat in die behoeftes van net soveel miljoene voorsien het;

9.9.5 is verskeie volke reeds op 'n eie bodem gevestig om daar 'n God-gewilde bestaan te voer.

## ONS VERWERP

9.10 **Ons verwerp** die diskriminerende wyse waarop KES "apartheid" as politieke model behandel deur van alle politieke modelle slegs "apartheid" te behandel, en dan slegs die mees negatiewe vorm van "apartheid" uit te sonder vir veroordeling (KES 306).

9.11 **Ons verwerp** die sonde belydenis oor die aandeel van die kerke aan die lyding van mense as gevolg van onder meer apartheid (KES 307). Dié sondebelydenis vind plaas binne die konteks van politieke, kommunistiese en kerklike aandrang op integrasie en die veroordeling van apartheid.

*Dit is ook 'n vraag of hierdie sondebelydenis voortspruit uit 'n ware sondebesef of voortspruit uit 'n begeerte om sekere kerke of dalk 'n bepaalde politieke party terwille te wees, en sodoende n kunsmatige skuldbesef te wek.*

*Die Sinode se siening van "apartheid wat veronreg" en die koers wat hiermee ingeslaan word, blyk duidelik uit die volgende:*

- *die verwerping deur die Algemene Sinode van amendemente waardeur gepoog is om hierdie valse sondebelydenis en kunsmatig gekweekte skuldbesef ter syde te stel;*
- *die verwerping deur die Algemene Sinode van amendemente waardeur gepoog is om reg te laat geskied aan die voordele van afsonderlike ontwikkeling;*
- *die besluite waardeur die Sinode voortgaan om afwysend te staan teenoor enige skeidingsmaatreëls, soos byvoorbeeld blyk uit die oopstelling van die lidmaatskap van die kerk (KES 270), die wedersydse beroepbaarheid van leraars (KES 272), die aanbeveling van gesamentlike byeenkomste (KES 278), die aandrang op gelyke werksmoontlikhede vir alle mense (KES 352), ope arbeidskeuse (KES 354), die aanvaarding van rasgemengde huwelike (KES 368), die propagering van 'n wêrelddiakonaat (KES290).*

9.12 **Ons verwerp** die bewering (KES 111) "dat kwessies soos volkerebeleid of die handhawing en opheffing van volksidentiteit nie 'n punt van diskussie in die Bybel is nie" met die implikasie dat 'n volk, deur die prysgawe van die beginsel van afsonderlike ontwikkeling, maar kan vervloei in 'n groter geheel en so sy unieke volksbestaan beëindig.

9.13 **Ons verwerp** die kerkbegrip in KES wat nie konsekwent duidelik voorsiening maak vir die natuurlike verbande van gesin, familie en volk as van God gegewe én van die allergrootste belang vir die "effektiewe bediening van die Woord" nie (KES 116, 118).

9.14 **Ons verwerp** die standpunt (KES 12.2.4) dat in die strukturering van die kerk

voorsiening gemaak “kan” word (i.p.v. “moet” word) vir taal- en kultuurverskille omdat dié standpunt strydig is met die vyfde gebod (HK 104), en strydig is met die verbondsgedagte (Doopformulier).”

Bron: Die Voortsettingskomitee, *Geloof en Protes. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*, pp. 23 -25.

# BRONNELYS

## I. Primêre bronne

### A. Argivale bronne

#### 1. Nederduitse Gereformeerde Kerkargief en Bestuursinligtingsdienste (ABID) Bloemfontein en Stellenbosch: Sinode- en Kommissiestukke

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Handelinge van die agtiende vergadering van die Raad van die Kerke gehou op Bloemfontein op 31 Maart 1943 en volgende dae.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Agenda en verslae. Voorgelê aan die vier-en-sewentigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal op Woensdag, 5 April 1961 en volgende dae.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Handelinge van die tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehou in Bloemfontein op Donderdag, 13 Oktober en volgende dae, 1966.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch. *Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk: Skema van werksaamhede voorgelê te word aan die drie-en-twintigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika op Woensdag, 22 September 1982 om 3:00 nm. en volgende dae in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk-sentrum, Belhar.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Handelinge van die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Pretoria, 12–22 Oktober 1982.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch. *Nederduitse Gereformeerde Kerk: Skema van werksaamhede voorgelê aan die nege-en-dertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 18 Oktober 1983 om 09:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch. *Handelinge van die vier-en-twintigste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 24 September tot 8 Oktober 1986.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Agenda vir die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Kaapstad, Dinsdag 14 - Saterdag 25 Oktober 1986.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Bloemfontein. *Skema van werksaamhede voorgelê aan die veertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Dinsdag, 13 Oktober 1987 om 9:30 vm. en volgende dae in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad, 1987.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch. *Sakelys van die vier-en-twintigste Sinode van die NG Kerk in Afrika – OVS, wat vergader te Hoopstad op 24 September 1991 E.V.D.*

NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste (ABID), Stellenbosch. *Gesamentlike kommissie Kerkeenheid, Agenda, 26 Maart 1996, Belhar.*

## 2. Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA). *PV 107: D.J. Potgieter-versameling*. Lêer 150: "Verslag van die Volkskongres oor die armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934".

Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA). *PV 632: Dr. Koot Vorster-versameling.* Lêer 1/2/14/2: "Cottesloe. Verslae".

Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA). *PV 632: Dr. Koot Vorster-versameling.* Lêer 1/1/1/1/6: "Federale Raad van Kerke: Verslae".

**3. B.J. van der Merwe Privaatversameling**

Buro vir Inligting. *Die nasionale noodtoestand.* Johannesburg, Junie 1987.

Dokumentasie ontvang van F. Wessels:

* Besluite van die sinode van die NG Kerk in SA (Wes-Kaapse sinode), 13-22 Oktober 1987, Kaapstad.

* Bosberaad oor vereniging van die NG Kerkfamilie.

* Briewewisseling, Januarie 1983.

* Briewewisseling, 26 Julie 1985.

* Briewewisseling, 4 Oktober 1985.

* Briewewisseling, 5 November 1986.

* Briewewisseling, 28 Augustus 1987.

* 'n Evaluering van 'Kerk en Samelewing', 28 November 1986.

* 'Kerk en Samelewing': 'n historiese keerpunt.

* Nota, 10 Mei 1985.

* Nota, 10 September 1987.

* Nota, Oktober 1987.

* Informele Besprekingsgroepe.

* Informele Besprekingsgroep, 12 April 1985.

* Informele Besprekingsgroep, 18 April 1986.

* Konsepverklaring.

* 'Sodat ons almal een kan wees ...' Amptelike inligtingstuk van die Ned. Geref. Kerk, 31 Maart 1995.

* Verklaring van lidmate en predikante.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Handelinge van die vyftigste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 3 November 2005.*

## B. Amptelike publikasies

### 1. Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika

Republiek van Suid-Afrika. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.* Wet 108 van 1996, Artikel 31.

## C. Onderhoude

Burger, C. - Stellenbosch, 19 Augustus 2010.

Cochrane, J. - Kaapstad, 20 Augustus 2010.

Coertzen, P. - Stellenbosch, 4 Mei 2010.

Kok, B. - Colesberg, 20 September 2010.

Pieters, L. - Bloemfontein, 8 Julie 2010.

Vosloo, R. - Stellenbosch, 19 Augustus 2010.

Wessels, F. - Belville, 16 Augustus 2010.

## II. Sekondêre bronne

### A. Boeke

Alden, C. *Apartheid's last stand. The rise and fall of the South African security state*. Londen, 1996.

Allen, J. *Rabble-rouser for peace. The authorized biography of Desmond Tutu*. New York, 2006.

Armstrong, K. *A history of God. From Abraham to the present: the 4000-year quest for God*. Londen, 1999.

Armstrong, K. *The battle for God. Fundamentalism in Judaism, Christianity and Islam*. Londen, 2004.

Arnold, G. *Africa. A modern history*. Londen, 2006.

Balia, D. *Christian resistance to apartheid. Ecumenism in South Africa, 1960-1987*. Braamfontein, 1989.

Beinart, B. *Twentieth-century South Africa*. Kaapstad, 1994.

Benson, M. *South Africa. The struggle for a birthright*. Londen, 1988.

Beyerhaus, P. *The Kairos document: challenge or danger to the church?* Kaapstad, 1987.

Biko, S. *I write what I like*. Johannesburg, 2009.

Blainey, B. *A short history of the 20^th^ century*. Johannesburg, 2005.

Boesak, A. *Running with horses. Reflections of an accidental politician*. Kaapstad, 2009.

Boesak, A. *The tenderness of conscience. African Renaissance and the spirituality of politics*. Stellenbosch, 2005.

Böeseken, A.J. *Die nuusbode*. Elsiesrivier, *s.a.*

Boraine, A. *A country unmasked. Inside South Africa's Truth and Reconciliation Commission*. Kaapstad, 2000.

Bosch, D.J. *et al.* (reds.). *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad, 1982.

Brits, J.P. *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*. Pretoria, 1994.

Cairns, E.E. *Christianity through the centuries. A history of the Christian church*. Grand Rapids, 1981.

Cameron, T. en S.B. Spies (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Hersiene uitgawe). Kaapstad, 1991.

Cassidy, M. *The passing summer. A South African pilgrimage in the politics of love*. Londen, 1989.

Chidester, D. *Christianity. A global history.* Londen, 2000.

Cochrane, J. *et al.* (reds.). *Facing the truth. South African faith communities and the Truth and Reconciliation Commission.* Kaapstad, 1999.

Coertzen, P. (red.). *350 jaar Gereformeerd, 1652-2002.* Bloemfontein, 2002.

Coetzer, P.W en J.H. le Roux (reds.). *Die Nasionale Party. Deel Vier: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934–1940.* Bloemfontein, 1986.

Cole, W.O. (red.). *Six world faiths.* New York, 2000.

Crawford, R.G. *Journey into the heart of Apartheid.* Londen, 1989.

Darwish, N. *Cruel and usual punishment. The terrifying global implications of Islamic law.* Nashville, 2008.

Davenport, T.R.H. *South Africa: a modern history.* Johannesburg, 1997.

Davis, R.H.C. *A history of medieval Europe. From Constantine to Saint Louis* (2de uitgawe). New York, 1970.

Davies, A. *Infected Christianity. A study of modern racism.* Kingston, 1988.

Dawkins, R. *The God delusion.* Londen, 2007.

De Gruchy, J.W. *The church struggle in South Africa* (2de uitgawe). Londen, 1986.

Dekker, G. *De mens en zijn godsdienst: beschouwingen over de functies van godsdienst en kerk voor mens en sameleving.* Bilthoven, 1975.

De Saintonge, R. *Outside the gate. A biography of Nico Smith.* Londen, 1989.

Du Preez, A.B. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens. Die hoop van Suid-Afrika.* Kaapstad, 1959.

Dussel, E. *A history of the church in Latin America. Colonialism to liberation (1492-1976).* Grand Rapids, 1981.

Dutch Reformed Church. *Church and Society. A testimony of the Dutch Reformed Church. Approved by the General Synod of the Dutch Reformed Church, October 1990.* Bloemfontein, 1990.

Esterhuyse, W. *God en die gode van Egipte. In die voetspore van die onsienlike.* Wellington, 2009.

Fensham, F.C. (red.). *Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch. Drie eeue van genade.* Kaapstad, 1986.

Gascoigne, B. *The Christians.* Londen, 1977.

Geldenhuys, F.E. O'B. *In die stroomversnellings. Vyftig jaar van die NG Kerk.* Kaapstad, 1982.

Giliomee, H. *Die Afrikaners. 'n Biografie.* Kaapstad, 2004.

Giliomee, H. *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, 1795-1803.* Stellenbosch, 1971.

Giliomee, H. en B. Mbenga (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad, 2007.

González, J.L. *Church history. An essential guide.* Nashville, 1996.

González, O.E. en J.L. González. *Christianity in Latin America. A history.* New York, 2008.

Hanson, E.O. *The Catholic Church in world politics.* Princeton, 1987.

Hastings, A. (red.). *A world history of Christianity.* Londen, 1999.

Heyns, J.A. *Denkers deur die eeue.* Elsiesrivier, 1967.

Heywood, A. *Politics* (2de uitgawe). New York, 2002.

Hope, M. en J. Young. *The South African churches in a revolutionary situation.* New York, 1981.

Hunsinger, G. (red.). *Karl Barth and radical politics.* Philadelphia, 1976.

Johnson, R.W. *South Africa's brave new world. The beloved country since the end of Apartheid.* Londen, 2010.

Johnson, R.W. *South Africa. The first man, the last nation.* Jeppestown, 2006.

Jonker, W. *Selfs die kerk kan verander.* Kaapstad, 1998.

The Kairos theologians. *The Kairos document. Challenge to the church. A theological comment on the political crisis in South Africa* (Hersiene 2de uitgawe). Braamfontein, 1990.

Kapp, P.H. *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel III: Ons volksfeeste.* Kaapstad, 1974.

Karsten, C. *Unsolved. No answers to heinous South African crimes.* Kaapstad, 2007.

Kemp, K. *Carel Boshoff en sy Afrikanerdenke.* Pretoria, 1984.

Kinghorn, J. (red.). *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg, 1986.

Kinghorn, J. *'n Tuiste vir almal. 'n Sosiaal-teologiese studie oor 'n gesamentlike demokrasie in Suid-Afrika.* Stellenbosch, 1990.

Kinnaman, D. en G. Lyons. *UnChristian. What a new generation really thinks about Christianity and why it matters*. Grand Rapids, 2008.

Koerner J.L. *The reformation of the image*. Londen, 2004.

Kriel, C.J. *Die eerste eeu. Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 5 Oktober 1881–5 Oktober 1981*. Goodwood, 1981.

Krüger, D.W. *The making of a nation. A history of the Union of South Africa*. Johannesburg, 1969.

Kuperus, T. *State, civil society and apartheid in South Africa. An examination of Dutch Reformed Church-State relations*. New York, 1999.

Lakhoff, G. en M. Johnson. *Metaphors we live by*. Chicago, 1980.

Leach, G. *The Afrikaners. Their last great trek*. Johannesburg, 1989.

Liebenberg, B.J. en S.B. Spies (reds.). *South Africa in the twentieth century*. Pretoria, 1993.

Liebenberg, I. *et al.* (reds.). *The long march. The story of the struggle for liberation in South Africa*. Pretoria, 1994.

Liebman, R.C. en R. Wuthnow (reds.). *The new Christian Right. Mobilization and legitimation*. New York, 1983.

Lombard, R.J.T. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek. Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*. Silverton, 1981.

Loubser, J.A. *The apartheid Bible: a critical review of racial theology in South Africa*. Kaapstad, 1987.

Luxmoore, J. en J. Babiuch. *The Vatican and the red flag. The struggle for the soul of eastern Europe*. New York, 1999.

MacMullen, R. *Christianizing the Roman Empire, (A.D. 100-400).* Londen, 1984.

Marrow, J.H. *Passion iconography in Northern European art of the late Middle Ages and early Renaissance. A study of the transformation of sacred metaphor into descriptive narrative*. Kortrijk, 1979.

Marty, M.E. *A short history of Christianity* (2de uitgawe). Philadelphia, 1989.

McGonigle, T.D. en J.F. Quigley. *A history of the Christian tradition. From it's Jewish origins to the Reformation.* New York, 1988.

McGuire, M.B. *Religion. The social context* (5de uitgawe). Londen, 2002.

Meiring, P. *Kroniek van die Waarheidskommissie. Op reis deur die hede en die verlede na die toekoms van Suid-Afrika*. Vanderbijlpark, 1999.

Meiring, P.G.J. en S.J. Joubert (reds.). *Fokus op die kerk.* Vereeniging, 1992.

Meredith, M. *Diamonds, gold and war. The making of South Africa*. Jeppestown, 2007.

Moorrees, A. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873.* Kaapstad, 1937.

Muller, C.F.J. *Die oorsprong van die Groot Trek.* Kaapstad, 1974.

Nash, R.H. *Social justice and the Christian church.* Milford, 1984.

Naudé, C.F.B. *My land van hoop. Die lewe van Beyers Naudé*. Kaapstad, 1995.

Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode. *Die verhaal van die Ned. Geref. Kerk se reis met apartheid, 1960-1994: 'n getuienis en 'n belydenis*. Wellington, 1997.

Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode. *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif.* Kaapstad, 1975.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Kerk en Samelewing. 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.* Bloemfontein, 1986.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons derde eeufees, 1952.* Kaapstad, 1952.

Nuttall, M. *Number two to Tutu. A memoir.* Pietermaritzburg, 2003.

Olsen, G.W. *Beginning at Jerusalem. Five reflections on the history of the church.* New York, 2004.

O'Meara, D. *Forty lost years. The apartheid state and the politics of the National Party, 1948-1994.* Randburg, 1996.

Parsons, N. *A new history of Southern Africa* (2de uitgawe). Johannesburg, 1993.

Pelser, A.N. *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar.* Kaapstad, 1979.

Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Instituut vir Reformatoriese Studie, Reeks F3. *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'.* Potchefstroom, 1989.

Potgieter, De W. *Totale aanslag. Apartheid se vuil truuks onthul.* Kaapstad, 2007.

Rausch, D.A. en C.H. Voss. *World religions. Our quest for meaning.* Minneapolis, 1993.

Ries, A. en E. Dommisse. *Broedertwis. Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party.* Kaapstad, 1982.

Rothe, S. *Kerken in Zuid-Afrika.* Baarn, 1989.

Salemink, T. en B. van Dijk. *Apartheid en Kerklijk verzet*. Amersfoort, 1989.

Scarfe, A. en P. Sookhdeo (reds.). *Christianity and Marxism*. Kaapstad, 1982.

Smith, K. en F.J. Nöthling. *Afrika noord van die Limpopo. Die imperiale wedervaringe sedert 1800*. Pretoria, 1985.

Smith, N. *Die Afrikaner-Broederbond. Belewinge van die binnekant*. Pretoria, 2009.

Smith, N.J. *et al.* (reds.). *Storm-kompas. Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Kaapstad, 1981.

Sordi, M. *The Christians and the Roman Empire* (vertaal deur A. Bedini uit Italiaans), Londen, 1994.

South African Democracy Education Trust. *The road to democracy in South Africa. Volume 1: 1960-1970*. Kaapstad, 2004.

Spangenberg, S. *Jesus van Nasaret*. Kaapstad, 2009.

Steyn, J.C. *Die 100 jaar van M.E.R.* Kaapstad, 2004.

Sundermeier, T. (red.). *Church and nationalism in South Africa*. Johannesburg, 1975.

Swart, M.J. en P.H. Zietsman. *Die Westerse ontplooiing. Grepe uit die algemene geskiedenis tot 1650*. Stellenbosch, 1983.

Thompson, L. *A history of South Africa*. Sandton, 1990.

Timmers, J.J.M. *Christelijke symboliek en iconografie* (2de hersiene druk). Bussum, 1974.

Tohm, H.B. *D.F. Malan*. Kaapstad, 1980.

Treurnicht, A.P. *Credo van 'n Afrikaner*. Kaapstad, 1975.

Truth and Reconciliation Commission. *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report*. Vol. 4, Kaapstad, 1998.

Turner, D. *Marxism and Christianity*. Oxford, 1983.

Tutu, D. *The rainbow people of God*. Londen, 1995.

Van Aswegen, H.J. *Geskiedenis van Afrika. Van die vroegste tye tot onafhanklikheid*. Kaapstad, 1980.

Van Aswegen, H.J. *History of South Africa to 1854*. Pretoria, 1990.

Van den Bergh, G.N. *Die Middeleeue*. Durban, 1983.

Van der Merwe, P.J. *Trek. Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*. Kaapstad, 1945.

Van der Watt, P.B. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1862-1962*. Kaapstad, 1975.

Van der Watt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652-1824*. Pretoria, 1976.

Van der Watt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1834-1866*. Pretoria, 1977.

Van der Watt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1824-1905*. Pretoria, 1980.

Van der Watt, P.B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1905-1975*. Pretoria, 1987.

Venter, A. (red.). *South African government and politics. An introduction to it's institutions, processes and policies*. Johannesburg, 1989.

Villa-Vicencio C. en J.W. de Gruchy (reds.). *Resistance and hope. South African essays in honour of Beyers Naudé*. Kaapstad, 1985.

Voortsettingskomitee. *Geloof en Protes. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van 'Kerk en Samelewing'*. Pretoria, 1987.

Walker, E.A. *The Great Trek*. Londen, 1970.

Weisse, W. en C. Anthonissen (reds.). *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa*. New York, 2004.

Welsh, D. *The rise and fall of apartheid*. Jeppestown, 2010.

Wilkins, I. en H. Strydom. *The super-Afrikaners. Inside the Afrikaner Broederbond*. Johannesburg, 1978.

**B. Vaktydskrifartikels**

Bentley, W. "Karl Barth's definition of church in politics and culture: growth points for the church in South Africa" in *Hervormde Teologiese Studies* 63(4), 2007, pp. 1643-1661.

Boshoff, C. "Verhoudinge in die Ned. Geref. Kerkfamilie" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 23(2), Junie 1983, pp. 81-90.

Botman, R. "Belhar and the white Dutch Reformed Church: changes in the DRC, 1974-1990" in *Scriptura* 76(1), 2001, pp. 33-42.

Coertzen, P. "The relationship between church and state in a democracy with guaranteed freedom of religion" in *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 49(1 & 2), Maart & Junie 2008, pp. 221-231.

Coetzee, C.F.C. "Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die verhouding tot die owerheid" in *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 43(1 & 2), Maart & Junie 2002, pp. 197-205.

De Klerk, P. "Die verband tussen apartheid en nasionaal-sosialisme - 'n historiografiese oorsig" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 30(2), September 2005, pp. 1-18.

Du Bruyn, D. en A. Wessels. "Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika tydens die eerste dekade van die apartheidsera, 1948-1958" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 32(2), Desember 2007, pp. 78-94.

Du Toit, A. "No chosen people: the myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalism and radical ideology" in *The American Historical Review* 88(4), Oktober 1983, pp. 920-952.

Giliomee, H. "'The weakness of some': the Dutch Reformed Church and white supremacy" in *Scriptura* 83(2), 2003, pp. 212-244.

Giliomee, H. "'Wretched folk, ready for any mischief': the South African state's battle to incorporate poor whites and militant workers" in *Historia* 47(2), November 2002, pp. 601-653.

Groenewald, A.J. "Karl Barth's role in church and politics from 1930 to 1935" in *Hervormde Teologiese Studies* 63(4), November 2007, pp. 1613-1641.

Korf, L. "Podium and/or pulpit? D.F. Malan's role in the politicisation of the Dutch Reformed Church, 1900-1959" in *Historia*, 52(2), November 2007, pp. 214-238.

Meyer, R.A. "Beyers Naudé as an icon: reflections on his role towards a new South Africa" in *Practical Theology in South Africa* 21(3), Desember 2006, pp. 122-138.

Oche, O. "Religion and politics" in *Conflict Trends* Issue 3, 2000, pp. 28-31.

Stemmet, J-A. "Botha's Babylon and the big brawl: reflections on the way that the regime of P.W. Botha viewed the international anti-apartheid campaign" in *Journal for Contemporary History* 30(3), Desember 2005, pp. 16-35.

Stemmet, J-A. en S.L. Barnard. "PW Botha's Rubicon speech of 15 August 1985: a river too wide and a bridge too far" in *Journal for Contemporary History* 27(1), April 2002, pp. 119-135.

Van de Beek, A. "Church and politics - a Reformed approach" in *Dutch Reformed Theological Journal / Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 49(3 & 4), September-Desember 2008, pp. 317-325.

Van Wyk, I.W.C. "The political responsibility of the church: on the necessity and boundaries of the theory of the two kingdoms" in *Hervormde Teologiese Studies* 61(3), 2005, pp. 647-681.

Weisse, W. "The DRC's role in the context of transition in South Africa: background of a research project and questions from a German perspective" in *Scriptura* 76(1), 2001, pp. 1-16.

**C. Tydskrifte**

Greef, R. "Ondersoek NG lidmate in opstand" in *De Kat*, Julie 1990, pp. 66-67.

Hammond, P. "Geloftedag ... en die Slag van Bloedrivier" in *Juig!*, Desember 2009, pp. 50-54.

Van der Linde, I. "Politieke ontvlugting nou in kerk te bespeur" in *Insig*, April 1990, p. 1.

Van der Spuy, C. "Is kerk en politiek pasmaats?" in *Vrouekeur*, 14 Augustus 2009, pp. 12-13.

Van der Spuy, C. "Ons lewe in 'n township" in *Vrouekeur*, 4 September 2009, pp. 56-57.

Van der Watt, P.B. "Kerkskeuring: Die Afrikaner se kos!" in *Insig*, Augustus 1987, p. 14.

Van Rensburg, R. "Godsdiens in skole: die vurige debat" in *Huisgenoot*, 1 Mei 2003, pp. 144-146.

Wessels, A. "Trauma tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902. Enkele historiese perspektiewe" in *Knapsak*, 20(2), Augustus 2008, pp. 20-30.

## D. Koerante

*Die Afrikaner*, 09.11.1983.

*Beeld*, 08.11.1983; 14.09.1987; 15.09.1987; 16.11.1990; 20.11.1990; 19.10.1991; 22.10.1991; 07.11.1991; 11.06.1994.

*Die Burger*, 28.10.1983; 24.11.1983; 22.10.1986; 23.10.1986; 24.10.1986; 14.09.1987; 12.09.1990.

*Business Day*, 04.09.1987; 08.06.1988; 07.11.1994.

*The Citizen*, 29.10.1983.

*Financial Mail*, 22.11.1983.

*Kerkbode*, 02.11.1983; 21.08.1985; 09.09.1987; 16.11.1990; 14.12.1990; 21.09.1990; 09.03.2007; 16.06.2010; 17.09.2010.

*Rapport*, 30.10.1983; 03.09.1989; 27.10.1991; 20.09.2009; 11.10.2009.

*The Star*, 05.03.1988.

*The Sunday Star*, 15.11.1987.

*Sunday Times*, 13.11.1994.

*Sunday Tribune*, 30.10.1983.

*Volksblad,* 23.10.1986; 15.09.1987; 24.03.2009; 20.10.2009; 02.02.2010.

*Vrye Weekblad*, 16.11.1990; 14.09.1991.

*Weekend Argus*, 21.09.1985.

## E. Elektroniese bronne (Internet)

Adams, W.L. "Christians and atheists battle in London bus wars", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,1877658,00.html>, 08.02.2009 (geraadpleeg 24.08.2009).

African National Congress. "What is the African National Congress?", <http://www.anc.org.za/about/anc.html>, *s.a.* (geraadpleeg 15.02.2010).

Die Afrikanerbond. "Die Afrikanerbond - 5 Junie 1918-2008. 'n Bondige oorsig oor 90 jaar", <http://www.afrikanerbond.org.za/index.php?pg=87>, *s.a.* (geraadpleeg 24.08.2009).

All about Jesus Christ. "Origin of the Easter Egg", <http://www.allaboutjesuschrist.org/printable-origin-of-the-easter-egg-faq.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 20.10.2009).

American Atheist. "About American Atheist", <http://www.atheist.org/about>, *s.a.* (geraadpleeg 24.08.2009).

American Atheist. "Judaism and Christianity", <http://www.atheist.org/religion/judaism_and_christianity>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

The Anglican Church. "Church history", <http://anglican.org/church/ChurchHistory.html>, *s.a.* (geraadpleeg 22.06.2009).

Armstrong, K. "The true, peaceful face of Islam", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,1000907,00.html>, 01.10.2001 (geraadpleeg 08.07.2001).

BBC News. "Man refuses to drive 'No God' bus", <http://news.bbc.co.uk/go/pr/fr/-/2/hi/uk_news/england/hampshire/7832647.stm>, 16.01.2009 (geraadpleeg 24.08.2009).

BBC News. "Muhammad cartoon row intensifies", <http://news.bbc.co.uk/go/pr/fr/-/2/hi/europe/4670370.stm>, 01.02.2006 (geraadpleeg 26.08.2009).

Blue world gardener. "The pagan history of the Christmas tree", <http://www.blueworldgardner.co.uk/articles/xmas_tree_pagan.html>, *s.a.* (geraadpleeg 20.10.2009).

CBC News. "Catholic Church only true church, Vatican says", <http://www.cbc.ca/world/story/2007/07/10/vatican-church.html>, 10.07.2010 (geraadpleeg 15.07.2010).

COSATU. "Brief history of COSATU", <http://www.sacp.org.za/index.php>, *s.a.* (geraadpleeg 8.08.2010).

The Department of Water Affairs, Republic of South Africa. "Vaalhartz weir", <http://www.dwaf.gov.za/orange/Vaal/vaalhart.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

Dictionary of African Christian biography. "Malan, Daniel Francois 1874 to 1959; Dutch Reformed Church South Africa", <http://www.dacb.org/stories/southafrica/malan_daniel.html>, *s.a.* (geraadpleeg 04.05.2009).

Ekklesia. "Dutch Reformed Church should repent of apartheid, says world body", <http://www.eklesia.co.uk/node/6049>, 30.10.2007 (geraadpleeg 04.05.2009).

Federal research division of the Library of Congress. "South Africa. The Great depression and the 1930's", <http://www.country-data.com/cgi-bin/query/r-12093.html>, *s.a.* (geraadpleeg 7.02.2010).

Friedrich, O. and P. Hawthrone. "White among blacks", <http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,967792,00.html?iid=chix-sphere>, *s.a.* (geraadpleeg 03.07.2009).

Goodstein, L. "Faith has role in politics, Obama tells church", <http://www.nytimes.com/2007/06/24/us/politics/24obama.html?_r=&pagewanted=print>, 24.06.2007 (geraadpleeg 09.01.2010).

Gospel Mysteries. "Demonic possession", <http://www.gospel-mysteries.net/demonic-possession.html>, *s.a.* (geraadpleeg 14.01.2010).

Grundlingh, A. "Chapter 3 – Afrikaner Nationalism in the 1930's and 1940's", <http://www.sahistory.org.za/pages/libraryresources/online%20books/turningpoints/bk4/chapter3.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 7.02.2010).

Guardian. "Europe's far right", <http://www.guardian.co.uk/gall/0,,711990,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 14.01.2010).

Henegan, T. en G. Jones. "Pope stresses Christian unity at Lutheran church", <http://www.reuters.com/assets/print?aid=USTRE62D1U520100314>, 2.06.2010 (geraadpleeg 23.10.2010).

History World. "History of Jesus Christ", <http://historyworld.net/wrldhis/PlainTextHistories.asp?historyid=as34>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

History World. "Muhammad, prophet of Islam", <http://history-world.org/islam2.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 18.01.2010).

Hope of Israel Ministries. "'Should Christians celebrate 'Christmas'? The shocking Pagan origin of Christmas", <http://hope-of-israel.org/cmas1.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 20.10.2009).

Human Sciences Research Council. "Attitudes toward the role of religion in politics. South African social attitudes survey", <http://hsrc.ac.za/Media_Release-372.phtml>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

Kreis, S. "The history guide. Lectures on early modern European history. Lecture 3: The Protestant Reformation", <http://www.historyguide.org/earlymod/lecture3c.html>, 03.08.2009 (geraadpleeg 15.10.2009).

Lemonick, M.D. *et al.* "Are the Bible stories true?", <http://time.com/time/printout/0,8816,983854,00.html>, 18.12.1995 (geraadpleeg 24.08.2009).

McCullough, M.E. "Religiosity may be a factor in long life", <http://www.selfhelpmagazine.com/article/node/1049>, 08.10.2009 (geraadpleeg 03.12.2009).

McDonnough, M. en M. Oliver. "British Muslims protest over cartoons", <http://www.guardian.co.uk/world/2006/feb/03/religion.uk/print>, 03.02.2006 (geraadpleeg 26.08.2009).

Mitchell, E. en D. van Biema. "In search of Moses", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,989815,00.html>, 14.12.1998 (geraadpleeg 24.08.2009).

MSNBC. "Pope: Other denominations not true churches. Bennedict issues statement asserting that Jesus established 'only one church'", <http://www.msnbc.msn.com/id/19692094/>, 10.07.2007 (geraadpleeg 15.07.2010).

Mydans, S. "Churches attacked in Malaysian 'Allah' dispute", <http://www.nytimes.com/2010/01/09/world/asia/09malaysia.html>, 08.01.2010 (geraadpleeg 14.01.2010).

Nelson, J. "The role the Dutch Reformed Church played in the rise and fall of apartheid", <http://guweb2.gonzaga.edu/againsthate.Journal2/GHS104.PDF>, 08.08.2003 (geraadpleeg 04.05.2009).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. "Dutch Reformed Church and apartheid' theology", <http://www.ngkerk.org.za/VGKSA/documents/BelharHistory.doc>, *s.a.* (geraadpleeg 04.05.2009).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. "Faith and protest (1987)", <http://www.ngkerk.org.za/abid/dokumente/amptelikestukke/Faith%20and%20Protest%101987.pdf>, *s.a.* (geraadpleeg 08.08.2010).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. "Kort geskiedenis", <http://www.ngkerk.org.za/geskiedenis.asp>, *s.a.* (geraadpleeg 15.10.2009).

Nobel Prize. "Mother Teresa. The Nobel peace prize 1979. Biography", <http://nobelprize.org/nobel-prizes/peace/laureates/1979/teresa-bio.html>, 09.09.2009 (geraadpleeg 23.10.2010).

Nobel Prize. "The Nobel Prize in literature 1962. John Steinbeck", <http://nobelprize.org/nobel_prizes/literature/laureates/1962/steinbeck-bio.html>, *s.a.* (geraadpleeg 08.08.2010).

Pavlac, B.A. "Ten common errors and myths about the Witch Hunts, corrected and commented", <http://departments.kings.edu/womens_history/witch/werror.html>, 15.04.2009 (geraadpleeg 18.01.2010).

The quotations page. "Quotation details", <http://www.quotationspage.com/quote/941.html>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

Reeves, A. "The Sharpeville Massacre - a watershed in South Africa", <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/shareve.html>, *s.a.* (geraadpleeg 02.02.2010).

Robinson, B.A. "Controversy over the use of 'CE/BCE' or AD/BC' dating notation", <http://www.religioustolerance.org/ce.htm>, 20.04.2009 (geraadpleeg 18.01.2010).

Robinson, B.A. "The cardinal doctrines of Protestant Christianity", <http://www.religioustollerance.org/chrcarddoc.htm>, 11.11.2008 (geraadpleeg 14.01.2010).

Robinson, B.A. "Which, if any, is the 'true' Christian church? The fragmentation of Christianity, from one to thousands of faith groups", <http://www.religioustolerance.org/chr_true2.htm>, 27.07.2007 (geraadpleeg 23.10.2010).

Shah, A. "World military spending", <http://www.globalissues.org/article/75/world-military-spending>, 13.09.2009 (geraadpleeg 6.02.2010).

South African Communist Party. "About the SACP", <http://www.sacp.org.za/index.php>, *s.a.* (geraadpleeg 11.06.2010).

South African government information. "Public holidays", <http://www.info.gov.za/aboutsa/holidays.htm>, 12.01.2010 (geraadpleeg 31.01.2010).

South African history online. "Professor Carel Boshoff 1927-", <http://www.sahistory.org.za/pages/people/bios/boshoff-pc.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 11.09.2010).

South African history online. "Remember Sharpeville", <http://www.sahistory.org.za/pages/governence-projects/sharpeville/menu.htm>, *s.a.* (geraadpleeg 02.02.2010).

Sweney, M. "Let there be adverts: Christians hit back at the atheist bus", <http://www.guirdian.co.uk/world/2009/feb/05/atheist-bus-christian-response/print>, 05.02.2009 (geraadpleeg 24.08.2009).

Taylor, P.S. "Where did 'Easter' get it's name? Where did the concept of an Easter egg and bunny originate?", <http://www.christiananswers.net/q-eden/edn-t020.html>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

Tierney, J. "For good self-control, try getting religious about it", <http://www.nytimes.com/2008/12/30/science/30tier.html_r=1&pagewanted=print>, 30.12.2008 (geraadpleeg 23.10.2010).

Time. "Religion: Karl Barth declares war", <http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,849472,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Time. "Northern Ireland: Britain gambles on peace", <http://time.com/time/printout/0,8816,903397,00.html>, 03.04.1972 (geraadpleeg 26.08.2009).

Time. "Northern Ireland / In the shadow of the gunmen", <http://time.com/time/printout/0,8816,877570,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 26.08.2009).

Time. "Religion: Political predikants", <http://time.com/time/printout/0,8816,889483,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Time. "Religion: South Africa's conscience", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,895231,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Time. "South Africa: United no more", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,964243,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Time. "South Africa: white man's god", <http://www.time.com/time/magazine/article/,9171,825178,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Time. "The case for teaching the Bible", <http://time.com/time/printout/0,8816,1601845,00.html>, 22.03.2007 (geraadpleeg 24.08.2009).

Time. "The churches influence on secular society", <http://www.time.com/time/printout/0.8816,843581,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 08.07.2009).

Time. "Witness to an ancient truth", <http://www.time.com/time/printout/0,8816,873557,00.html>, *s.a.* (geraadpleeg 29.07.2009).

Times Live. "Jacob Zuma's State of the Nation speech - full text", <http://blogs.timeslive.co.za/hartley/2010/02/11/jacob-zumas-state-of-the-nation-speech-full-text>, 11.02.2010 (geraadpleeg 30.07.2010).

Van Rooyen, R. "Bail Rhema's Ray out of debt", <http://www.timeslive.co.za/sundaytimes/article165051.ece>, 24.08.2009 (geraadpleeg 14.01.2010).

Vatican. "Mother Teresa of Calcutta (1910-1997)", <http://www.vatican.va.news_services/liturgy/saints/ns_lit_doc_20031019_madre-teresa_en.html>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

Verkuyl, J. "The Dutch Reformed Church in South Africa and the ideology and practice of apartheid", <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/verkuyl.html>, *s.a.* (geraadpleeg 04.05.2009).

World Alliance of Reformed Churches. "What we do", <http://warc.jalb.de/warcajsp/side.jsp?news_id=708&part_id=0&navi=9>, 10.05.2006 (geraadpleeg 02.11.2010).

World Council of Churches. "Uniting Reformed Church in Southern Africa", <http://www.oikoumene.org/gr/member-churches/regions/africa/south-africa/uniting-reformed-church-in-southern-africa.html>, 01.01.2006 (geraadpleeg 01.09.2010).

World Council of Churches. "What is the World Council of Churches?", <http://www.oikoumene.org/en/who-are-we.html>, *s.a.* (geraadpleeg 23.10.2010).

World food programme. "Hunger stats", <http://www.wfp.org/hunger/stats?gclid=CMHA142i3Z8CFZBb4wodWXGlGw>, *s.a.* (geraadpleeg 06.02.2010).

**F. Ongepubliseerde proefskrifte**

Botha A.J. *Die evolusie van 'n volksteologie. 'n Historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk met besonderse*

*verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984.

Bücher, P. *"'n Dankdag soos 'n Sabbat" – Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die herdenking van die Gelofte van 1838.* Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993.

Cloete, A.C. *Die Ned. Geref. Kerk en die Afrikaner-Broederbond.* Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1981.

Jonck, P. *'n Sosiaal-sielkundige perspektief oor kerkvereniging en die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2005.

Lamprecht, G. *Afskeiding geregverdig? 'n Kerkhistories–kerkregtelike vergelyking tussen die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1959 en die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1997.

Potgieter, J. *Cottesloe: keerpunt in die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ds. Beyers Naudé.* Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1991.

Slabbert, N. *Die houding en reaksie van die NGSK ten opsigte van sekere dokumente van die NGK rakende menseverhoudinge en rasse-aangeleenthede.* Ongepubliseerde B.Th.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1993.

Smith, N.J. *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-Missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972.

Strauss, P.J. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1983.

Van Niekerk, A.C.J. *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse sosiale etiek: 'n vergelykende ondersoek na 'the Kairos document', die 'Evangelical Witness', 'Die Belydenis 1986', en 'Kerk en Samelewing'.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989.

Williams, H.H. *J.A. Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2006.

**G. Verslae**

Albertyn, J.R. *et al. Kerk en stad. Verslag van die kommissie van ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.* Stellenbosch, 1947.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Kerkspieël IV. Verslag van die vierde wetenskaplike opname van die Ned. Geref. Kerk in Maart 1993 in opdrag van die Algemene Sinode. S.l.*, 1993.

Report of the Eminent Church Persons Group. *South Africa: the sanctions mission.* Geneva, 1989.

**H. Oudio-visuele materiaal**

Weisse, W. en C. Anthonissen (reds.). "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Present challenges in the light of the past" in *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa.* CD 1, no. 4, New York, 2004.

# OPSOMMING

Die menslike geloof in God is 'n invloedryke praktyk wat ook die materiële en politieke keuses van mense beïnvloed. Godsdiens bied aan groot getalle mense 'n basiese regverdiging vir hulle lewens en kan ook 'n bepalende invloed uitoefen op hoe gemeenskappe hulself in die geheel orden. Gelowiges, en vir die doel van hierdie studie spesifiek Christene, wil sien dat hulle geloof in God die wêreld waarin hulle verkeer prakties beïnvloed en hoop aan die mensdom bring. Daarom bring verskille in politieke sieninge uiteenlopende interpretasies van die wil van God vir die mensdom mee.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGK) is 'n baie ou en invloedryke Kerk. Hoewel die NGK histories 'n besondere band met die blanke Afrikaanssprekende mense van Suid-Afrika getoon het, was dit veral gedurende die 20ste eeu wat die NGK ontwikkel het tot 'n volkskerk wat die apartheidsbeleid van die Nasionale Party (NP) met 'n teologiese regverdiging bedien het, asook die proses van apartheid in stand gehou het deur die ontwikkeling van afsonderlike kerke vir afsonderlike rasse.

Die NGK het veral teen die 1980's onder geweldige druk verkeer vanuit die buiteland, asook nasionaal, om te hervorm. Aktivisme teen die apartheidsbeleid het vele vorme aangeneem. Kritiek teen die NGK se teologie was 'n belangrike manier om die NGK sowel as die regering te dwing om die apartheidsbeleid te hersien. Hoewel die proses lank geneem het, is die 1980's gekenmerk aan die grootskaalse hervorming van die apartheidsbeleid op politieke terrein wat blanke Afrikaners verdeeld gelaat het en die NP met die totstandkoming van die Konserwatiewe Party (KP) laat skeur het.

Die NGK het in 1986 deur die aanvaarding van die beleidsdokument *Kerk en Samelewing* besluit dat die apartheidsbeleid op geen waardige teologiese oproep berus nie. Die Kerk het egter geweier om die apartheidsbeleid tot 'n 'sonde', en dus strydig met die wil van God, te verklaar. Groot getalle Christene wêreldwyd het die apartheidsbeleid egter in daardie lig beskou. Die NGK se weiering om dieselfde stap neem, het veroorsaak dat dit steeds deur talle waarnemers as 'n reaksionêre krag in die Suid-Afrikaanse samelewing beskou word.

Die NGK se besluit om die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid te laat vaar, was direk verantwoordelik vir die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) in 1987. Die verdeeldheid in die NGK aangaande die besluite van 1986 het egter voortgeduur, omdat dié besluite die weg gebaan het vir wit en swart Suid-Afrikaners om op ingrypende wyse met mekaar om te gaan wat vir baie jare nie in Suid-Afrika moontlik was nie. Gevolglik is die sosiale en politieke soewereiniteit van die blanke Afrikaners, sowel as die magsbalans, in Suid-Afrika bedreig. Dit het meegebring dat belangrike leiersfigure in die NGK die Kerk se besluite van 1986 uitgedaag het.

Alhoewel die NGK langsamerhand by die veranderinge in die land aangepas het, het verskeie teoloë en verligte leiers binne die NGK leiding in die debat gegee. Op sinodale vlak is invloedryke besluite gedurende die 1980's deur die NGK geneem, maar die feit dat die NG-kerkfamilie in die algemeen en die NGK in besonder nie daarin kon slaag nie om weer een kerk te word, soos wat histories die geval was, reflekteer negatief op die Kerk en weerhou die Kerk daarvan om 'n ware krag van versoening en integrasie in Suid-Afrika te wees.

'n Studie van bogenoemde bied nie slegs insigte in die oorgang van 'n minderheidsregering in Suid-Afrika na 'n demokrasie nie, maar ook in die komplekse wisselwerking tussen die NGK en die voormalige NP-regering.

SLEUTELTERME

- Godsdiens
- Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Apartheidsbeleid
- Nasionale Party
- Kerkhereniging
- Algemene Sinode
- *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif*
- Isolasie
- Hervorming
- Afrikaanse Protestantse Kerk
- *Kerk en Samelewing*
- Belhar-belydenis

# SUMMARY

The human faith in God is an influential practice which also influences the material and political choices of humans. Religion provides large numbers of people with a basic justification for their lives and can also have a determining influence on the way in which communities put themselves in order as a whole. Believers, and for the purpose of this study specifically Christians, want to experience that their faith practically influence the world in which they live and that it brings hope to mankind. For this reason differences in political views bring along divergent interpretations of the will of God for mankind.

The Dutch Reformed Church (DRC, i.e. the Nederduitse Gereformeerde Kerk, NGK) of South Africa is a very old and influential church. Although the DRC historically has a special tie with the white Afrikaans-speaking people of South Africa, it was especially during the 20$^{th}$ century that the DRC developed into a national church which provided a theological justification for the apartheid policy of the National Party (NP) and which also maintained the process of apartheid by the development of separate churches for separate races.

Especially during the 1980s the DRC experienced enormous pressure from overseas, as well as nationally, to reform. Activism against the apartheid policy took on various forms. Criticism against the theology of the DRC was an important way in which to force the DRC, as well as the government to review the apartheid policy. Although the process took a long time, the 1980s was characterised by the extensive transformation of the apartheid policy in the political arena which caused division among white Afrikaners and the schism of the NP with the establishment of the Conservative Party (CP).

In 1986 the DRC, by accepting the policy document *Church and Society,* decided that the apartheid policy did not rest with any worthy theological appeal. The Church however refused to declare the apartheid policy to be a sin, and therefore contrary to the will of God. Large numbers of Christians across the world did however view the apartheid policy in that light. The refusal of the DRC to take similar steps caused it to still be regarded by numerous observers as a reactionary force in the South African society.

The decision of the DRC to abolish the theological justification of the apartheid policy was directly responsible for the establishment of the Afrikaans Protestant Church (APC, i.e. the Afrikaanse Protestantse Kerk, APK) in 1987. The division in the DRC regarding the resolutions of 1986 however continued as these resolutions paved the way for white and black South Africans to associate with each other in a radical way which for many years had not been possible in South Africa. Consequently the social and political sovereignty of the white Afrikaners, as well as the power balance in South Africa, were threatened. This caused important leaders in the DRC to challenge the 1986 resolutions of the Church.

Although die DRC gradually adapted to the changes in the country, several theologians and enlightened leaders within the DRC took the lead in the debate. On synodal level influential decisions were taken by the DRC during the 1980s, but the fact that the DRC church family in general and the DRC in particular could not succeed in becoming one church as had been the case historically, reflects negatively on the Church and restrains the Church in becoming a real force for reconciliation and integration in South Africa.

A study of the above-mentioned not only provides insights into the transition from a minority government in South Africa to a democracy, but also into the complex interaction between the DRC and the former NP government.

KEY TERMS

- Religion
- Dutch Reformed Church
- Apartheid policy
- National Party
- Church reunification
- General Synod
- *Human relations and the South African scene in the light of Scripture*
- Isolation
- Reformation
- Afrikaans Protestant Church
- *Church and Society*
- Belhar Confession



UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY